

JEREMIA

Inleiding

Die boek dra die naam van die profeet wie se profesieë volgens oorlewering daarin opgeneem is. Die naam Jeremia beteken 'die HERE het gegrondves'. Hy was van priesterlike afkoms en 'n verre nakomeling van Eli, wie se nageslag na Anatot verban is (1 Kon 2:26-27).

Die boek *Jeremia* is in die Joodse kanon en Hebreuse Bybel deel van die Latere Profete, wat verdeel word in groot en klein profete. *Jeremia* is die tweede van die drie sogenaamde groot profete. In die Protestantse kanon is *Jeremia* ook deel van die profeteboeke.

Die begin van Jeremia se optrede as profeet word gedateer in die voorjaar van 626 vC (vgl Jer 1:1), en hy tree in Juda op tot ná die val van Jerusalem in 586 vC (vgl Jer 41:1). Die ontstaan van die boek *Jeremia* is grootliks aan Barug te danke, wat teen die einde van 605 vC van Jeremia opdrag gekry het om, op diktaat van die profeet, sy profesieë op te teken (vgl Jer 36:1-32). Daarna het Barug klaarblyklik boekgehou van verdere gebeure en profesieë van die profeet. Die eerste lesers van die boek was waarskynlik Judeërs wat in Babilonië in ballingskap was.

Die boek is saamgestel uit verskillende literatuursoorte. Naas profesieë in die vorm van poësie en prosa, waarin simboliese taalgebruik, vergelykings en gelykenisse 'n belangrike rol speel, is daar biografiese vertellings (bv Jer 38:4-28; 39:1-14; 40:2-16), verhale in prosavorm (bv Jer 52) en klaagliedere (bv Jer 12:1-4).

Die boek *Jeremia* gaan oor God se worsteling met sy volk in Juda en Jerusalem wat deur hulle ongehoorsaamheid aan Hom op 'n ramp afstuur. Terugkeer na God is een van die sentrale temas in die boek. Die oordele wat God by monde van die profeet uitspreek, was bedoel om hulle tot hulle sinne te bring en hulle na Hom terug te bring (vgl Jer 36:2-3). God se liefde word nie beëindig deur die ontrou van mense nie (vgl Jer 31:2-4); dit is die rede vir Jeremia se roeping as profeet.

Jeremia kan soos volg ingedeel word:

- 1 — 6 Beginjare
- 7 — 15 Verdere konflik
- 16 — 25 Konflik met almal
- 26 — 29 Jeremia en die valse profete
- 30 — 33 Troos en herstel
- 34 — 39 Profesieë teen Juda
- 40 — 45 Jeremia se laaste lotgevalle
- 46 — 51 Profesieë teen die volke
- 52 Historiese aanhangsel

1

Roeping van Jeremia as profeet

¹ Die woorde van Jeremia, seun van Hilkia, uit die priestergeslag in Anatot, in die gebied van Benjamin. * ² Die woord van die HERE het tot hom gekom in die dae van Josia, seun van Amon, * die koning van Juda, in die dertiende jaar van sy regering,^a ³ en ook in die dae van Jojakim, seun van Josia, * die koning van Juda, tot aan die einde van die elfde

* **1:1 Anatot ... Benjamin:** Jos 21:18; 1 Kon 2:26; Jer 11:21; 29:27; 32:7-9

* **1:2 Josia ... Amon:** 2 Kon 21:24 — 23:30; 2 Kron 33:35 — 35:27; Matt 1:10

^a**1:2 Josia ... regering:** 626 vC.

* **1:3 Jojakim ... Josia:** 2 Kon 21:24 — 24:6; 2 Kron 36:4-8

regeringsjaar van koning Sedekia,* seun van Josia, die koning van Juda, tot met die wegvoering van Jerusalem^b in die vyfde maand.*

⁴ Die woord van die HERE het tot my gekom:

⁵ * “Nog voordat Ek jou gevorm het
in die baarmoeder,
het Ek jou geken;
nog voordat jy uitgegaan het
uit die moederskoot,
het Ek jou geheilig.
As profeet vir die nasies
het Ek jou bestem.*”

⁶ * Daarop het ek gesê: “Ag, my Heer, die HERE, kyk, ek weet nie hoe om te praat nie, want ek is nog 'n kind.”^c ⁷ * Maar die HERE het vir my gesê: “Moenie sê, ‘Ek is 'n nog 'n kind’ nie, want na wie ook al Ek jou stuur, moet jy gaan, en wat ook al Ek jou beveel, moet jy sê. ⁸ Jy moet nie vir hulle bang wees nie, want Ek is by jou om jou te red,” is die uitspraak van die HERE.

* **1:3 koning Sedekia:** 2 Kon 24:17 — 25:30; 2 Kron 36:10-21

^b **1:3 tot met ... Jerusalem:** 586 vC.

* **1:3 wegvoering ... maand:** Jer 52:12,15

* **1:5** Ps 139:3; Jes 49:1,3,5; Rom 8:29; Gal 1:15

* **1:5 As ... bestem:** Jer 25:15-26

* **1:6** Eks 4:10; 6:29

^c **1:6 'n kind:** Die Hebreeuse woord dui iemand aan wat nog nie in die openbaar mag optree nie. Dit kan ook na volwassenes, soos slawe, verwys wat nie die reg het om in die stadspoort aan gesprekke deel te neem nie.

* **1:7-8** Eseg 2:6; Matt 28:20; Hand 18:9-10; 26:17

⁹*Die HERE het toe sy hand uitgesteek en my mond aangeraak. Die HERE het vir my gesê: “Kyk, Ek lê my woorde in jou mond. ¹⁰*Let op, Ek stel jou vandag aan oor nasies en koninkryke om uit te ruk en af te breek, om ten gronde te laat gaan en plat te slaan, om te bou en te plant.”

¹¹ Die woord van die HERE het tot my gekom: “Wat sien jy, Jeremia?” Ek het geantwoord: “Ek sien die tak van 'n amandelboom.” ¹² Toe sê die HERE vir my: “Jy het goed gekyk, want Ek is bedag daarop^d om my woord uit te voer.*”

¹³*Die woord van die HERE het 'n tweede keer tot my gekom: “Wat sien jy?” En ek het geantwoord: “Ek sien 'n stomende pot — sy inhoud kook van die noordekant af oor.^e” ¹⁴ Toe sê die HERE vir my: “Uit die noorde sal die onheil losbreek oor al die inwoners van die land. ¹⁵ Want kyk, Ek gaan al die familiegroepe van die koninkryke in die noorde oproep,” is die uitspraak van die HERE, “en hulle sal kom en hulle sal elkeen sy troon neersit by die ingang van Jerusalem se poorte,^f en by al haar stadsmure reg rondom, en by al die dorpe van Juda. ¹⁶*Ek sal my oordele oor hulle uitspreek^g weens al hulle boosheid — omdat hulle My

***1:9** 2 Sam 23:2; Jes 6:6-7; 59:21; Eseg 3:1-3

***1:10** Jer 18:7; 31:28; 45:5; Hos 6:5; Sir 49:7; Op 10:11

^d**1:12 bedag daarop:** Die woord vir “amandelboom” en “bedag wees” kom in Hebreeus van dieselfde stam.

***1:12 Ek is ... voer:** Jes 55:10-11; Eseg 12:28; Dan 9:14

***1:13-16** Jer 4:5-31

^e**1:13 sy inhoud ... oor:** Letterlik ‘sy oppervlak is van die noordekant af’.

^f**1:15 by ... poorte:** Die konings wat oorwin het, het as regters opgetree en besluit wie van die inwoners van 'n stad moet sterf en wie nie.

***1:16** Eks 20:3; Hand 7:41

^g**1:16 Ek ... uitspreek:** Die oordele wat die konings uitspreek, is in werklikheid God se oordele.

verlaat het, vir ander gode offers verbrand het en voor hulle handewerk in aanbidding gebuig het. ¹⁷ *Maar jy, jy moet jou heupe omgord,* gereedmaak en vir hulle alles gaan sê wat Ek jou beveel. Moenie vir hulle bang wees nie, anders gee Ek jou 'n rede om vir hulle bang te wees. ¹⁸ *En Ek, kyk Ek maak jou vandag 'n versterkte stad, 'n ysterpilaar en 'n koper stadsmuur^h teen die hele land — die konings van Juda, Jerusalem se hoë amptenare,ⁱ haar priesters en die volk van die land.^j ¹⁹ Hulle sal teen jou veg, maar sal nie die oorhand oor jou kry nie. Want Ek is by jou,” is die uitspraak van die HERE, “om jou te red!”

2

Ontrou van Israel en Juda

¹ *Die woord van die HERE het tot my gekom: ² “Gaan roep uit ten aanhore van Jerusalem, ‘So sê die HERE:

“Ek onthou jou —
die trou van jou jeug,
die liefde van jou bruidstyd,*

***1:17** Jer 1:7-8; Eseg 3:9

***1:17** jy moet ... omgord: Luk 12:35

***1:18-19** Jer 15:20

^h**1:18** 'n koper stadsmuur: Verskeie Hebreeuse mss en die vroeë vertalings word hier gevolg. Die •bronteks lui “stadsmure van koper”.

ⁱ**1:18** Jerusalem ... amptenare: Die bronteks lui “haar hoë amptenare”. Hulle was die belangrikste verteenwoordigers van die koning.

^j**1:18** volk ... land: Dit verwys na die verteenwoordigers van die volksvergadering van die mense van Juda. Jerusalem was 'n stadstaat, en Juda het sy eie regering gehad. 'n Nakomeling van Dawid was wel koning oor albei die regerings.

***2:1** Jer 1:2,4

***2:2** Ek ... bruidstyd: Eseg 16:8,60

hoe jy my gevolg het
in die woestyn,^k
in 'n land waar nie gesaai
word nie.*

³ *Israel was heilig vir die HERE,
die eerste vrugte^l
van sy opbrengs.

Almal wat daarvan sou eet,
sou skuldig wees —
onheil sou hulle oorval,” ’ ’ ”
is die uitspraak van die HERE.

⁴ Hoor die woord van die HERE,
huis van Jakob,
en al die familiegroepe
van die huis van Israel!

⁵ *So sê die HERE:
“Watter onreg het julle voorouers
by My gevind,
dat hulle hulle aan My onttrek het,
nuttelose afgode gevolg
en self nutteloos geword het?

^k**2:2 woestyn:** Verlate, deels onherbergsame gebied, met 'n skaarste aan plantegroei, maar waar kleinvee kon wei.

***2:2 hoe ... word nie:** Eks 13:17-18; Deut 8:2-3

***2:3** Jak 1:18

^l**2:3 eerste vrugte:** Die eerste vrugte van 'n oes het altyd aan die HERE behoort, en is in die tempel aan Hom gewy; vgl Eks 23:19; Deut 26:10.

***2:5** 2 Kon 17:15; Hos 9:10; Miga 6:3; Hand 14:15; Rom 1:21

⁶ *Hulle het nie gevra nie,
'Waar is die HERE wat ons
uit Egipteland laat optrek het,
wat ons in die woestyn gelei het —
in 'n land van woestynvlaktes
en afgronde,
'n land van droogte
en diep duisternis,^m
'n land waardeur niemand
trek nie,
en waar geen mens
woon nie?'

⁷ *Ek het julle gebring
na 'n land met boorde,
om die vrugte en die goeie
daarvan te geniet.
Maar julle het ingekom
en my land verontreinig;
van my eiendom het julle
iets afstootliks gemaak.

⁸ *Die priesters het nie gevra,
'Waar is die HERE?' nie;
hulle wat die onderrig hanteer,
ken My nie.

*2:6 Deut 8:14-16; 32:10-12

^m2:6 **diep duisternis:** Daar word dikwels 'n verband gelê tussen duisternis en onvrugbaarheid. Die •Septuagint lui “onvrugbaar”.

*2:7 Eks 3:8; Lev 18:25; Deut 8:7-10

*2:8 Jer 8:8; 10:21; 23:13; Eseg 34:2

Die herders het teen My oortree;
die profete profeteer vir Baäl,
en hulle volg diéⁿ

wat geen voordeel bied nie.

⁹ *Daarom kla Ek julle steeds aan,”
is die uitspraak van die HERE,
“en ook julle kleinkinders
sal Ek aankla.

¹⁰ Ja, gaan maar oor
na die eilande^o
van die Kittiers^p en kyk self!

Stuur maar na Kedar^q

'n afvaardiging, en let goed op —
kyk of so iets al gebeur het!

¹¹ Het 'n nasie sy gode al verruil?
En dit is nie eers gode nie!*

Maar my volk het sy Majesteit
verruil* vir hulle wat geen
voordeel bied nie.

¹² Staan verslae daaroor, hemele!
Sidder en beef^f onbedaarlik!”

ⁿ2:8 dié: Die afgode.

*2:9 Miga 6:2

^o2:10 eilande: Dit kan ook verwys na gebiede om die Middellandse See.

^p2:10 eilande ... Kittiers: Dit verwys na Ciprus en die Griekse eilande.

^q2:10 Kedar: 'n Nomadiese stam in die Siries-Arabiëse woestyn; vgl Jes 21:16.

*2:11 Het ... gode nie: Jes 37:19; Jer 16:20

*2:11 Majesteit verruil: Ps 106:20; Rom 1:23; Gal 4:8

^r2:12 Sidder en beef: Die •Peshitta word hier gevolg. Die •bronteks lui “Sidder, verdor”.

is die uitspraak van die HERE.

¹³ “Want twee wandade
het my volk gepleeg:
My, die fontein
van lewende water,^s
het hulle verlaat
om vir hulle opgaarputte^t
uit te kap —
gebarste opgaarputte
wat nie water hou nie.

¹⁴ “Is Israel 'n dienskneg?
Of is hy van geboorte af 'n slaaf?^u
Waarom het hy dan buit geword?^v

¹⁵ “Die jong leeus brul teen hom;
hulle brul hard.
Hulle het sy land 'n woesteny
gemaak;
sy stede is verwoes, sonder inwoners.

^s**2:13 My ... water:** In Joh 4:10 verwys Jesus na Jer 2:13 as heenwysing na Homself; vgl Joh 7:37-38; Op 7:17; 21:6; 22:17.

^t**2:13 opgaarputte:** Dit was 'n groot ondergrondse ruimte wat in rots uitgekop is en waarin daar water of graan gestoor is.

^u**2:14 van geboorte ... slaaf:** Letterlik ‘kind van 'n huishouding’. Teenoor 'n dienskneg, wat weer vry kon word, was 'n gebore slaaf sy lewe lank in slawerny.

^v**2:14 Waarom ... geword:** Slawe is dikwels agtergelaat as manskappe vlug voor 'n vyand.

¹⁶ Ook die mense van Nof^w
en Tagpanhes^x
sal jou skedel verpletter.^y

¹⁷ Het jy, Israel,^z
dit nie aan jouself gedoen,
deurdat jy die HERE jou God
verlaat het
toe Hy jou op die pad gelei
het nie?

¹⁸ *Daarom, wat wil jy bereik
deur na Egipte te gaan?
Is dit om die Sigor^a se water
te drink?

Wat wil jy bereik
deur na Assirië te gaan?
Is dit om die Rivier^b se water
te drink?

¹⁹ Jou boosheid vermaan jou;
jou afvalligheid wys jou tereg.

^w**2:16 Nof:** Ook bekend as Memfis, die belangrikste stad in Benede-Egipte, 21 km suid van die huidige Kaïro.

^x**2:16 Tagpanhes:** 'n Ou grensvesting oos van die Nyldelta, in Grieks bekend as Dafne.

^y**2:16 jou ... verpletter:** Die Peshitta word hier gevolg. Die bronteks lui “sal jou bewei, 'n skedel”. Die woord “jou” is in die bronteks 'n vroulike vorm; vgl Jer 2:3.

^z**2:17 Israel:** Die naam kom nie in die bronteks voor nie, maar word veronderstel.

^{*}**2:18** Jes 30:1-3; 36:6

^a**2:18 Sigor:** Die oostelike arm van die Nyldelta; vgl 1 Kron 13:5; Jes 23:3.

^b**2:18 die Rivier:** Dit verwys na die Eufraat. In die tyd van die Ou Testament het die Eufraat deur die ryke van Babel en Assirië, die vyande van Israel, gevloei.

Erken dan en sien in
dat dit sleg en bitter is
wanneer jy die HERE jou God
verlaat,
en daar by jou geen vrees
vir My is nie,”
is die uitspraak van my Heer,
die HERE, Heerser
oor alle magte.

²⁰ “Ja, lank gelede het jy jou juk
gebreek,
jou stroppe stukkend geruk
en gesê, ‘Ek weier om te dien!’
Maar op elke hoë heuwel
en onder elke skaduryke boom
het jy gaan lê en hoereer. *

²¹ *Ek self het jou geplant
as 'n keurdruif,
'n egte, edel wortelstok.
Hoe kon jy dan verander
in wilde duiwe,
in 'n vreemde wingerdstok!^c

²² Ja, al was jy jou af met soda,

***2:20 Maar ... hoereer:** Deut 12:2; 1 Kon 14:23; Jer 3:6; 17:2; Eseg 6:13; 16:6

***2:21** Jes 5:1-2; Jer 6:9; 8:13

^c**2:21 Hoe ... wingerdstok:** Die •Masoretiese leestradië word nie hier gevolg nie. Letterlik ‘Hoe kon jy dan vir My verander (in) die wegbewegings van die vreemde wingerdstok.’

en gebruik baie loog;
jou sondeskuld bly 'n vlek
voor My,”
is die uitspraak van my Heer,
die HERE.

²³ “Hoe kan jy sê,
‘Ek het my nie verontreinig nie;
die Baäls het ek nie gevolg nie?’
Kyk net na jou pad in die dal!^d
Besef wat jy gedoen het!
Jy is 'n vinnige jong kameelkoei
wat heen en weer
rondhardloop,^e

²⁴ soos 'n wilde donkie
gewoond aan die •woestyn.^f
In haar heftige drang
snuif sy die wind.
Haar bronstigheid —
wie kan dit beteuel?
Almal wat haar soek,
hoef hulle nie te vermoei nie.
In haar bronstyd sal hulle
haar vind.

²⁵ Weerhou jou voete

^d**2:23 die dal:** Dit verwys waarskynlik na die Ben-Hinnomdal; vgl Jer 7:31.

^e**2:23 wat ... rondhardloop:** Letterlik ‘wat haar paaie vervleg’.

^f**2:24 soos ... woestyn:** Daar is onsekerheid oor die betekenis van die bronteks, en dit word verskillend vertaal. Met tekswysiging vertaal sommige “sy breek uit na die woestyn”.

van kaalvoet loop,
en jou keel van dors!
Maar jy sê, ‘Tevergeefs!
Nee, want ek het vreemdes lief;
hulle sal ek volg.’*
²⁶ Soos 'n dief in die skande kom
wanneer hy betrap word,
so staan die huis van Israel
beskaamd
— hulle, hulle konings,
hulle hoë amptenare,
hulle priesters en profete —
²⁷ *hulle wat vir 'n stuk hout sê,
‘Jy is my vader!’
en vir 'n klip,
‘Jy het my in die wêreld
gebring!’
Want hulle draai hulle rug op My
en wys nie hulle gesig nie.
Maar in die tyd
van hulle teenspoed sê hulle,
‘Staan op en verlos ons!’*
²⁸ *Waar is jou gode wat jy
vir jou gemaak het?
Laat hulle opstaan,

*2:25 Maar ... volg: Hos 2:4

*2:27 Vgl Jer 3:9

*2:27 Staan ... ons: Ps 3:8

*2:28 Deut 32:37-38

as hulle jou kan verlos
in die tyd van jou teenspoed.
Want soveel as wat jou dorpe is,
soveel het jou gode geword, Juda.*

²⁹ Waaron kla julle Mý aan?
Julle het almal teen My
oortree,”
is die uitspraak van die HERE.

³⁰ “Tevergeefs het Ek
julle kinders geslaan;
teregwysing het hulle
nie aanvaar nie.
Julle swaarde het julle profete
verslind,
soos 'n leeu wat verskeur.*”

³¹ Julle is daardie geslag.
Slaan ag op die woord
van die HERE!

“Het Ek 'n woestyn geword
vir Israel
of 'n land van digte duisternis?*

Waarom sê my volk,
‘Ons loop vry rond;’[§]

***2:28 Want ... Juda:** Jer 11:13

***2:30 Julle swaarde ... verskeur:** Neh 9:26; Matt 23:34

***2:31 Het Ek ... duisternis:** Vgl Jer 2:6

[§]**2:31 Ons ... rond:** Die beeld van die kameelkoei (vgl Jer 2:23-24) word hier weer opgeneem.

ons sal nie weer na U gaan nie?’

³² “Sal 'n jong meisie
haar juwele vergeet,
of 'n bruid haar lyfserpe?
Tog het my volk My vergeet,
ontelbare dae lank al.

³³ Hoe goed vind jy jou pad
om liefde te gaan soek!
Daarom kan jy ook die slegste
vroue jou paaie leer!

³⁴ *Selfs aan die some van jou
klere word dit gevind —
die bloed van mense,
van onskuldige behoeftiges,
wat jy nie by 'n inbraak
betrap het nie.

Maar teen dit alles in ³⁵ *
hou jy vol,
‘Ek is onskuldig;
sy toorn is beslis van my
afgewend.’
Kyk, Ek gaan met jou 'n regstryd
voer,
omdat jy volhou,
‘Ek het nie gesondig nie.’

³⁶ Hoe uiters maklik

*2:34 Jes 1:15; Jer 19:4

*2:35 Spr 28:13; Jes 59:4; 1 Joh 1:8,10

verander jy van koers.
Ook in Egipte sal jy bedroë
daarvan afkom,^{*}
net soos jy in Assirië bedroë
daarvan afgekom het.
³⁷ Ook daarvandaan
sal jy weggaan
met jou hande op jou kop.^h
Want die HERE het dit waarop
jy jou vertrou plaas, verwerp.
Jy sal nie slaag by hulleⁱ nie.”

3

¹ *Jy moet sê: “As 'n man sy vrou wegstuur, en sy gaan van hom af weg en word die vrou van 'n ander man, sal hy weer na haar teruggaan? Sal daardie land nie heeltemal besoedel wees nie? Jy^j is die een wat met baie minnaars gehoereer het, en jy wil na My terugkeer?” is die uitspraak van die HERE.

² “Kyk op na die
woestynpaaie^k
en sien self!
Waar is jy nie misbruik nie?

***2:36 Ook ... afkom:** Jes 30:2-5

^h**2:37 hande ... kop:** Dit was 'n teken van ontreddeing.

ⁱ**2:37 by hulle:** Letterlik ‘vir hulle’. Dit moet waarskynlik saam met Jer 3:1 gelees word “Vir hulle moet jy sê.”; vgl Jer 3:1.

***3:1,8** Deut 24:1-4

^j**3:1 Jy:** Dit verwys na Jerusalem.

^k**3:2 woestynpaaie:** Kan ook vertaal word “kaal hoogtes”.

Langs die paaie het jy hulle
ingewag
soos 'n Arabier in die woestyn.¹

Jy het die land besoedel
met jou hoerery en boosheid!
³ *Die stortreëns is teruggehou,
en die laatreën^m was net nie
daar nie.

Maar jy het die voorkop
van 'n prostituut;
jy weier om jou te skaam.
⁴ Het jy My nie so pas aangeroop
as 'my Vader' nie?

'Die boesemvriend van my jeug
is U!

⁵ *Sal Hy dan vir altyd
wrokkig wees,
sy woede vir ewig koester?'

Kyk, so praat jy,
maar jy doen bose dinge,
en hou daarmee vol.”

⁶ In die dae van koning Josia* het die HERE vir my gesê: “Het jy gesien

¹**3:2 woestyn:** Verlate, deels onherbergsame gebied, met 'n skaarste aan plantegroei, maar waar kleinvee kon wei.

***3:3** Vgl Jer 5:24; 14:4,22

^m**3:3 stortreëns ... laatreën:** In die winter was stortreën noodsaaklik vir die groei van graangewasse, en in Maart-April die laatreëns voor die droë somertyd.

***3:5,12** Ps 103:9; Jes 57:16; Klaagl 3:31

***3:6 koning Josia:** 2 Kon 22:1 — 23:30; 2 Kron 34:1 — 35:27

wat die afvallige, Israel, gedoen het? Sy gaan na elke hoë heuwel, en gaan onder elke skaduryke boom in, en daar hoereer sy.* ⁷ Ek het gedink: Nadat sy al hierdie dinge gedoen het, sal sy na My terugkeer. Maar sy het nie teruggekeer nie. En die verraderlike, haar suster Juda, het dit gesien. ⁸ Sy het gesienⁿ dat Ek haar suster, die afvallige, Israel, weggestuur het omdat sy egbreuk gepleeg het. Ek het haar skeibrief vir haar gegee. Maar die verraderlike, haar suster Juda, is nie daardeur afgeskrik nie. Ook sy het gegaan en gehoereer. ⁹* En omdat haar hoerery so ligtelik opgeneem is, het sy die land besoedel. Sy het met klip en hout egbreuk gepleeg. ¹⁰ Selfs nieteenstaande dit alles het die verraderlike, haar suster Juda, nie met haar hele hart na My teruggekeer nie, maar met 'n geveins,” is die uitspraak van die HERE.

¹¹ Die HERE het verder vir my gesê: “Die afvallige, Israel, het haarself regverdiger gedra as die verraderlike, Juda. ¹² Gaan skreeu hierdie woorde uit na die noorde en sê,

‘Keer terug, afvallige, Israel!’ ”

is die uitspraak van die HERE.

“Ek sal nie met 'n stroewe gelaat
na julle kyk nie,^o

want Ek is vol troue liefde,”

is die uitspraak van die HERE.

“Ek sal nie vir altyd
wrokkig wees nie.

***3:6,13** Sy ... sy: Deut 12:2; 1 Kon 14:23; Jer 2:20; 17:2; Eseg 6:13; 16:6

ⁿ**3:8** Sy het gesien: Een Hebreuse ms, sommige mss van die •Septuagint en die •Peshitta word hier gevolg. Die •bronteks lui “Ek het gesien.”

***3:9** Jer 2:27

^o**3:12** Ek ... kyk nie: Die Hebreuse idioom lui “Ek sal nie my gesig by julle laat val nie.”

¹³ *Erken net jou sondeskuld,
want teen die HERE jou God

het jy oortree.

Jy het jou paaie in alle rigtings

laat loop na vreemdes

onder elke skaduryke boom.

Na my stem het julle

nie geluister nie,”

is die uitspraak van die HERE.

¹⁴ “Keer terug, afvallige kinders!” is die uitspraak van die HERE, “want dit is Ek wat heer is oor julle. Ek sal julle terugneem, een uit 'n stad en twee uit 'n familiegroep; en Ek sal julle na Sion bring. ¹⁵ *Ek sal herders na my hart vir julle gee. Hulle sal met kennis en insig aan julle weiding verskaf. ¹⁶ En wanneer julle vermeerder en vrugbaar is in die land in daardie dae,” is die uitspraak van die HERE, “sal hulle nie meer sê, ‘Die ark van die HERE se verbond!’ nie. Dit sal trouens nie eers in hulle gedagte opkom nie. Hulle sal nie daaraan dink of dit mis nie.* Dit sal ook nie weer gemaak word nie. ¹⁷ *In daardie tyd sal hulle Jerusalem “die troon van die HERE” noem.^p By haar sal al die nasies byeenkom ter wille van die Naam van die HERE, ter wille van Jerusalem. Hulle sal nie langer die verstardheid van hulle bose harte agternaloop nie. ¹⁸ *In daardie dae sal die huis van Juda by die huis van Israel aansluit, en

***3:13** Lev 26:40; 1 Joh 1:9

***3:15** Jer 23:4

***3:16 Dit sal ... mis nie:** 1 Kor 2:9

***3:17** Eks 25:8; Jes 2:2-3; Eseg 43:7; 48:35; Matt 8:11; Op 22:2

^p**3:17 troon ... noem:** Die ark is voorheen “die troon van die HERE” genoem; vgl 1 Sam 4:4; 2 Sam 6:2.

***3:18** Gen 13:14-15; Jes 11:13; Jer 50:4

saam sal hulle uit 'n land in die noorde aankom in die land wat Ek vir hulle voorouers as erfenis gegee het.

¹⁹ “*En Ek, Ek het gedink:

Hoe kan Ek jou tussen die seuns
opneem,^q

vir jou 'n begeerlike land gee —
as erfenis die puikste
van die sierade van nasies.

Ek het gedink:

My Vader^r sal julle my noem,^{*}
en van My nie wegdraai nie.

²⁰ Maar soos 'n vrou verraderlik
haar minnaar verlaat,
so was julle verraderlik
teenoor My, huis van Israel,”
is die uitspraak van die HERE.

²¹ 'n Stem klink op
langs die woestynpaaie:^s
die gehuil, die smeekbedes
van die Israëliete,

***3:19** Deut 1:31-35; Ps 89:28; 1 Pet 1:17

^q**3:19** jou tussen ... opneem: Israel word hier voorgestel as 'n slavin in Egipte. Sy word as eie dogter deur God aangeneem, en kan ook grond erf — iets wat by hoë uitsondering gebeur het; vgl Num 27:1-11.

^r**3:19** My Vader: Met hierdie woorde is die aanneming as kind aanvaar.

***3:19** My Vader ... noem: Jes 63:16; Jer 31:9

^s**3:21** woestynpaaie: Kan ook vertaal word “kaal hoogtes”. Dit verwys waarskynlik na die roetes waarmee die Israëliete weggevoer word in ballingskap.

want hulle het die pad
byster geraak,
hulle het die HERE hulle God
vergeet.

²² **“Keer terug, afvallige kinders!
Ek sal julle afvalligheid genees.”

“Hier is ons, ons kom na U toe;
want U is die HERE ons God.

²³ Waarlik, die geluide
van die heuwels af,
die gedreun by die berge,
is sinsbedrog.

Waarlik, by die HERE ons God
lê die verlossing van Israel.

²⁴ *Die skande^t het,
van ons jeug af,
verteer wat ons voorouers
met moeite verwerf het:
hulle kleinvee en beeste,
hulle seuns en dogters.

²⁵ In ons skaamte wil ons gaan lê;
ons vernedering moet ons bedek,
want teen die HERE ons God

***3:22-25** Jes 2:12-18

***3:22** Ps 121:1-2

***3:24** Jer 11:13

^t**3:24** Die skande: 'n Spottende benaming vir •Baäl.

het ons gesondig
— ons en ons voorouers —
van ons jeug af tot vandag toe.
Ons het nie geluister na die stem
van die HERE ons God nie.”

4

¹ “*As jy dan omdraai, Israel,”
is die uitspraak van die HERE,
“moet jy na My toe omdraai.
As jy jou verfoeilike afgode
verwyder uit my
teenwoordigheid,
sal jy nie langer rondswerf nie.

² As jy sweer,
‘So waar as die HERE leef,’
— in trou, in reg
en geregtigheid —
sal nasies seën by Hom soek
en hulle in Hom beroem.*”

³ Ja, so sê die HERE vir die manne
van Juda en Jerusalem:
“Breek vir julle nuwe grond oop.
Moenie tussen die dorings
saai nie.*”

* 4:1 1 Kon 14:15

* 4:2 sal ... beroem: Gen 12:3; Ps 72:17

* 4:3 Breek ... saai nie: Hos 10:12; Matt 13:22

⁴ Besny julleself vir die HERE;
verwyder die voorhuid
van julle harte,^{*}
manne van Juda en inwoners
van Jerusalem.
Anders breek my woede los
soos 'n vuur
en brand sonder dat iemand
dit blus,
vanweë julle bose dade.^{*"}

Onheil uit die noorde

⁵ *^u "Bring berig in Juda!
Kondig dit aan in Jerusalem,
en sê,
'Blaas ramshorings in die land!'
Roep uit volle bors, en sê,
'Kom bymekaar!
Laat ons die versterkte stede
binnegaan!^u'
⁶ Hou 'n banier omhoog
in die rigting van Sion!
Soek skuiling!
Moenie stil staan nie!

* 4:4 Besny ... harte: Deut 10:16; Rom 2:25

* 4:4 Anders ... dade: Jer 21:12

* 4:5-31 Jer 1:13-15

* 4:5 Vgl Joël 2:1

^u4:5 Laat ... binnegaan: Tydens 'n vyandige inval het inwoners van klein dorpieë in versterkte stede veiligheid gesoek; vgl Jer 8:14.

Want Ek bring onheil
uit die noorde —
'n groot ineenstorting.”

⁷ *'n Leeu het uit sy ruigte
opgestaan,
'n verskeurder van volke is op pad.
Hy het sy lêplek verlaat
om van jou land 'n skrikbeeld
te maak.
Jou stede verval,
is sonder inwoners.*

⁸ Daarom, trek rouklere^v aan!
Rou en huil!
Want die brandende toorn
van die HERE
het nie van ons weggedraai nie.

⁹ “Op daardie dag,”
is die uitspraak van die HERE,
“sal die koning en sy hoë
amptenare
se moed hulle begewe.
Die priesters sal geskok wees,
die profete sal verslae staan.”

* 4:7 Jer 2:15; 5:6

* 4:7 Jou ... inwoners: Jes 5:9; 6:11; Jer 26:9; 33:10

^v4:8 rouklere: As teken van rou, is growwe klere van swart bokhaar aangetrek.

¹⁰ *Toe het ek gesê:

“Ag HERE, my Heer!

Waarlik, U het hierdie volk

en Jerusalem grootliks mislei

deur te sê, ‘Julle sal vrede hê,’

terwyl die swaard

op die keel lê.”

¹¹ *In daardie tyd sal vir hierdie volk en vir Jerusalem gesê word: “'n Versengende wind vanaf die kaal hoogtes in die woestyn^w is op pad na die dogter van my volk, maar nie om 'n oes uit te wan of te sif nie. ¹² 'n Wind, te sterk daarvoor, kom op My af.^x Op my beurt gaan Ek nou oordele oor hulle uitspreek.”

¹³ Kyk, soos wolke kom hy op,

en soos 'n stormwind

is sy strydwaens.

Vinniger as arende is sy perde.

“Wee ons, want ons word verwoes!”

¹⁴ “Spoel jou hart skoon van kwaad,

Jerusalem,

sodat jy gered kan word!

Hoe lank gaan planne van onheil*

* **4:10** Jer 6:14; 14:13-14; 23:17; 28:8-9

* **4:11** Vgl Eseg 17:10

^w**4:11** **kaal ... woestyn:** Kan ook vertaal word “paaie in die woestyn”.

^x**4:12** **Wind ... af:** Dit beteken dat God nie sy volk gaan uitwan deur die goeies te beskerm nie.

* **4:14** **planne van onheil:** Jer 6:19

nog in jou midde vertoef?

¹⁵ * Ja, 'n stem bring berig uit Dan,

en kondig onheil aan vanaf

die heuwelland van Efraim,

¹⁶ ‘Vertel dit vir die nasies!

Kyk, verkondig dit aan Jerusalem!

Bewakers kom uit 'n ver land;

teen die stede van Juda

roep hulle hardop uit.

¹⁷ Soos bewakers van landerye

is hulle reg rondom haar,^y

want teen My het sy in opstand

gekom’ ”,

is die uitspraak van die HERE.

¹⁸ * “Jou handel en wandel^z

het jou dit aangedoen.

Hierdie is die gevolg van^a

jou boosheid!

Ja, dit is bitter, want dit raak jou

aan die hart.”

* **4:15** Jer 1:13

^y**4:16-17 Bewakers kom ... haar:** Jerusalem word voorgestel as 'n wilde dier wat deur gehuurde oppassers van landerye omsingel word.

* **4:18** Ps 107:17; Spr 1:31; Jes 50:1

^z**4:18 Jou ... wandel:** Letterlik ‘jou pad en jou dade’.

^a**4:18 die gevolg van:** Hierdie woorde kom nie in die •bronteks voor nie, maar word veronderstel.

¹⁹ *O, die pyn, die pyn
in my binneste!^b

Ek krimp ineen!

O, die wande van my hart!

My hart klop onstuimig in my!

Ek kan nie swyg nie;

in my gemoed hoor ek

ramshorings en krygsgekreeu!

²⁰ Ineenstorting volg

op ineenstorting,

ja, die hele land word verwoes.

Onverwags word

my tente verwoes,

binne 'n oomblik

my tentdoeke.*

²¹ Hoe lank sal ek nog die banier

sien,

die geluid van die ramshoring

hoor?

²² “Ja, my volk is dom;

Hulle ken My nie.

Dwase kinders is hulle;

hulle het nie insig nie.

Slim om kwaad te doen,

* **4:19** Jes 16:11; Rom 9:2

^b **4:19** O ... **binneste**: Letterlik ‘My ingewande, my ingewande’. Die ingewande is beskou as die setel van emosies.

* **4:20** **Onverwags ... tentdoeke**: Jer 10:20

dit is hulle;
maar om goed te doen,
dit ken hulle nie.”

²³ Ek het na die aarde gekyk,
en kyk, dit was woës en leeg,^{*}
ook na die hemel,
en daar was geen lig nie!

²⁴ *Ek het na die berge gekyk,
en kyk, hulle het geskud,
en al die heuwels het gebewe!

²⁵ Ek het gesien:
Kyk, daar was geen mens nie,
en al die voëls van die hemel
het gevlug!

²⁶ Ek het gesien:
Kyk, die boord was 'n woestyn,^c
en al die dorpe was afgebreek
deur die HERE se toedoen,
vanweë sy brandende toorn!

²⁷ * Ja, so sê die HERE:
“n Woesteny sal die hele land word,
maar Ek sal dit nie heeltemal
tot niet maak nie.

* **4:23 woës en leeg:** Gen 1:2; Jes 5:30

* **4:24** Jes 5:25; Sef 1:3

^c **4:26 woestyn:** Verlate, deels onherbergsame gebied, met 'n skaarste aan plantegroei, maar waar kleinvee kon wei.

* **4:27** Jer 5:18; 30:11

²⁸ Hieroor sal die aarde treur,
en die hemel daarbo verdonker.*

Ja, Ek het dit aangekondig;

dit is my voorneme.

Ek sal nie jammer wees nie,

nie daarop terugkom nie.*”

²⁹ *Vir die geskreeu

van strydwabemanning

en boogskutters

slaan elke dorp op die vlug.

Hulle gaan die digte bosse in,

op rotse klim hulle.

Elke dorp is verlate;

geen mens woon meer daarin nie.

³⁰ *En jy, verwoeste,^d

wat gaan jy doen?

Al klee jy jou in karmosyn,

al tooi jy jou met juwele van goud,

al laat jy jou oë groter lyk

met grimering —

tevergeefs maak jy jou mooi.

* **4:28 Hieroor ... verdonker:** Hos 4:3

* **4:28 Ek sal ... terugkom nie:** Num 23:19; Eseg 24:14

* **4:29** Jes 2:19; Op 6:15

* **4:30** Vgl Jes 3:16-24; Eseg 16:37-40; 23:22-29,40

^d**4:30 verwoeste:** Dit verwys hier na Jerusalem. In die visioen is die hele land reeds in die hand van die vyand (vgl Jer 4:19-21,23-26,29); ook Jerusalem se val is seker.

Minnaars verag jou;
dit is jou lewe wat hulle seek.

³¹ * Ja, ek het 'n kreet gehoor
soos van iemand in pyn —
benoudheid soos van 'n vrou
wat aan haar eersteling
geboorte gee.

Dit is die kreet van die dogter
van Sion;^e

sy snak na asem,
sy strek haar hande uit:

“Wee my!

Ek is gedaan,

my lewe behoort
aan moordenaars!”

5

Oordeel oor Juda

¹ “*Deurkruis die strate
van Jerusalem;
kyk tog rond en let op!
Soek op haar pleine
of julle iemand vind,
of daar iemand is
wat reg doen,

* 4:31 Ps 48:7; Jes 13:8; Jer 6:24; 13:21; 22:23; 50:43

^e4:31 **dogter van Sion:** In die enkelvoud 'n personifikasie van Jerusalem.

* 5:1 Ps 14:2-4; Eseg 22:30; vgl Gen 18:16-33

wat na betroubaarheid soek;
dan sal Ek haar vergewe.

²* Al sê hulle,
‘So waar as die HERE leef’,
sweer hulle tog vals.”

³ HERE, u oë, is dit nie gerig
op betroubaarheid nie?

U het hulle geslaan,
maar hulle het geen pyn
gevoel nie.

U het hulle verniel,
maar hulle het geweier
om teregwysing te aanvaar.

Hulle het hulle gesigte
harder gemaak as 'n rots;^{*}
hulle het geweier om om te draai.^{*}

⁴* Ek het by myself gedink:
Hulle is maar die armes;
hulle is dom, want hulle ken nie
die weg van die HERE,
die beslissings
van hulle God nie.

⁵* Laat ek my na die belangrikes
wend,

*5:2 Jer 4:2; 7:9

*5:3 Hulle het ... rots: Vgl Jes 50:7; Eseg 3:8-9

*5:3 U het hulle geslaan ... draai: Am 4:6

*5:4 Vgl Op 16:9,11

*5:5 Jer 2:20-21

met hulle praat,
want hulle is mense
wat die HERE se weg
en hulle God se beslissings ken.

Maar gelyktydig het hulle
die juk gebreek
en die stroppe stukkend geruk.

⁶ *Daarom trek 'n leeu uit die bos
hulle plat,
gaan 'n wolf hulle verniel.^f

'n Luiperd hou hulle dorpe dop;
elkeen wat daar uitgaan,
word verskeur.

Want hulle oortredings is talryk,
hulle afvalligheid is oorweldigend.

⁷ “*Om watter rede sou Ek
jou^g vergewe?
Jou kinders het My verlaat,
en sweer by wat geen gode is nie.
Ek het hulle versadig,
maar hulle het egbreuk gepleeg,

*5:6 Jer 4:7; Hos 13:7; Sef 3:3

^f5:6 **Daarom ... verniel:** Trekdieren wat wegbreek, word die prooi van leus en wolwe.

*5:7 Deut 32:15

^g5:7 **jou:** Dit verwys na Jerusalem.

in 'n hoerhuis onderdak gevind.^h

⁸ Hulle het bronstige,

paarlustige hingste geword;

elkeen van hulle runnik

vir die vrou van sy medemens.

⁹ *Sou Ek daaroor

nie rekenskap eis nie?”

is die uitspraak van die HERE.

“Of sou Ek My nie wreek

op 'n nasie soos dié nie?

¹⁰ “*Klim op haar terrasse

en rig verwoesting aan,

maar moet dit nie heeltemal

vernietig nie.

Verwyder haar hegranke,

want dit is nie die HERE s'n nie.

¹¹ Ja, die huis van Israel

en die huis van Juda

het uiters verraderlik opgetree

teenoor My,”

is die uitspraak van die HERE.

^h**5:7 onderdak gevind:** Enkele Hebreeuse mss, die •Septuagint en •Oudlatynse vertaling word hier gevolg. Die •bronteks lui “hulle stukkend gekerf”; vgl 1 Kon 18:28.

***5:9** Jer 5:29; 9:9

***5:10** Vgl Jer 2:21; 39:8

¹² *Hulle het die HERE verloën;
hulle het gesê: “Nie Hy nie!
'n Ramp sal nie oor ons kom nie;
en swaard en hongersnood
sal ons nie beleef nie.

¹³ Die profete sal wind word;ⁱ
die uitsprake van God^j
is nie by hulle
te vinde nie.”

Mag dit met hulle so gaan!

¹⁴ *Daarom, so sê die HERE,
die God wat Heerser is
oor alle magte:
“Omdat julle hierdie woord
spreek —
kyk, van my woorde in jou mond
gaan Ek 'n vuur maak,
en van hierdie volk brandhout.

Dit sal hulle verteer.

¹⁵ *Kyk, Ek gaan teen julle
'n nasie bring, van ver af,
huis van Israel,”

***5:12** Jes 28:15; Jer 14:13; Am 9:10; Sef 1:12

ⁱ**5:13 wind word:** Dit beteken dat hulle profesieë op niks sal uitloop nie.

^j**5:13 van God:** Hierdie woorde kom nie in die bronteks voor nie, maar word veronderstel.

***5:14** Jer 1:9; 23:29; Hos 6:5; Op 11:5

***5:15** Deut 28:49-52; Am 6:14

is die uitspraak van die HERE.
“Dit is 'n bestendige nasie,
'n nasie wat van oudsher af
daar is,
'n nasie wie se taal jy nie ken nie,
en jy sal nie verstaan wat hulle
praat nie.

¹⁶ Hulle pylkokers
is soos oop grafte;
hulle is almal helde.
¹⁷ *Dié nasie^k sal jou oes
en jou brood verslind;
hulle sal jou seuns en dogters
verslind;
hy sal jou kleinvee en beeste
verslind;
hy sal jou wingerd en vyebome
verslind;
hy sal jou versterkte stede
waarop jy vertrou,
verpletter met die swaard.¹

¹⁸ “*Maar ook in daardie dae,” is die uitspraak van die HERE, “sal Ek nie by julle volledige vernietiging aanrig nie. ¹⁹ *En as julle sou vra, ‘Waarom het die HERE ons God al hierdie dinge aan ons gedoen?’ moet

*5:17 Lev 26:16; Deut 28:31,33,51

^k5:17 Dié nasie: Die bronteks lui “Hy”.

¹5:17 met die swaard: Die swaard is 'n metafoor vir gewapende magte.

*5:18 Jes 4:3

*5:19 Deut 29:21-24; Jer 16:10-13; 22:8-9

jy vir hulle sê, ‘Soos wat julle My verlaat het en vreemde gode in julle land gedien het, sal julle vreemdes dien in 'n land wat nie aan julle behoort nie.’*

²⁰ “Maak dit bekend in die huis
van Jakob;

en kondig dit aan in Juda,

²¹ *‘Luister tog hierna,
dwase volk sonder verstand,
wat oë het, maar nie sien nie,
wat ore het, maar nie hoor nie!

²² *Het julle nie ontsag
vir My nie, ’ ”
is die uitspraak van die HERE,

“of krimp julle nie ineen
voor My nie.

Ek wat die sand gestel het
as grens vir die see,
as 'n ewige perk
waaroor hy nie mag gaan nie?

Al slaan sy golwe donderend neer,
hulle rig niks uit nie;
al druis hulle,
hulle sal nie oor die grens
gaan nie.

²³ Maar hierdie volk

*5:19 Soos ... behoort nie: Deut 28:47-48; Jer 1:16

*5:21 Jes 6:10; Eseg 12:2; Matt 13:13-14; Mark 8:18

*5:22 Job 38:8-11; Ps 104:9

het onversetlike harte
en is opstandig.

Hulle het afgewyk en weggegaan.

²⁴ *Hulle het nie by hulleself
gedink nie,

‘Ons moet tog ontsag hê
vir die HERE ons God,
vir Hom wat reënbuie gee —
vroeë en laatreëns,
elkeen op sy tyd,^m
vir Hom wat die vasgestelde
weke van die oes
vir ons in stand hou.’

²⁵ *Julle sondeskuld
het hierdie dinge versteur;
julle sonde het die goeie
van julle weggehou.

²⁶ “Ja, daar is goddeloses
wat hulle onder my volk bevind.
Gebukkend loer hulle,
asof in die skuilingⁿ
van voëlvangers.

*5:24 Gen 8:22; Deut 11:14; Ps 147:8; Jer 14:22; Joël 2:23

^m5:24 vroeë ... tyd: Die vroeë reën val van einde Oktober tot begin Desember, en die laatreën in Maart-April; vgl Hand 14:17; Jak 5:7.

*5:25 1 Sam 12:17; Jer 3:3

ⁿ5:26 in die skuiling: Daar is onsekerheid oor die betekenis van die bronteks. Die vertaling wyk hier af van die •Masoretiese leestradië.

Hulle stel wippe;
mense, dié vang hulle.

²⁷ Soos 'n mandjie vol voëls,
so is hulle huise vol bedrog.
Daarom het hulle belangrik
en ryk geword.

²⁸ *Hulle het vet en blink geraak;
hulle is ook onoortreflik
met dade van boosheid.

'n Regseis waarom hulle
nie uitspraak lewer nie,
is die regseis van 'n vaderlose
kind,
sodat hulle dit nie laat slaag nie.
Oor die regsak van behoeftiges
gee hulle geen beslissing nie.

²⁹ *Sou Ek daaroor nie rekenskap
eis nie?”
is die uitspraak van die HERE.

“Of sou Ek My op 'n nasie
soos hierdie nie wreek nie?

³⁰ Iets skrikwekkends,
iets afskuweliks gebeur
in die land:

³¹ *Die profete profeteer leuens,

*5:28 Jes 1:23; Sag 7:10

*5:29 Jer 5:9; Heb 10:30

*5:31 Jer 14:14; Eseg 13:2,6; Miga 2:11

en die priesters skraap handevol
bymekaar.^o

En my volk hou daarvan so!

Wat meer sal julle nog doen?

6

Oordeel oor Jerusalem

¹ “ *Soek skuiling,
mense van Benjamin,
weg van Jerusalem af;
blaas selfs in Tekoa^p 'n ramshoring!
Stuur 'n rooksein op
bokant Bet-Hakkêrêm!
Want onheil doem op uit die noorde —
'n groot ineenstorting dreig.
² ^qDie pragtige en fynbesnaarde,
die dogter van Sion,^r vernietig Ek.
³ *Na haar toe sal herders kom
met hulle kuddes.

^o5:31 **skraap ... bymekaar:** Die Hebreeuse idioom lui “skraap op hulle hande”; vgl 1 Sam 12:2-17. Daar is egter verskil oor die betekenis van die bronteks, word ook vertaal “regeer langs hulle”.

^{*}6:1 Jer 1:13-15; 4:5-6; Joël 2:1

^p6:1 **Tekoa:** Die dorpie lê 15 km suid van Jerusalem. In Hebreeus is daar klankspeling tussen Tekoa en “blaas” (*tikoe*).

^q6:2 Daar is onsekerheid oor die betekenis van die •bronteks, en dit word verskillend vertaal.

^r6:2 **dogter van Sion:** In die enkelvoud 'n personifikasie van Jerusalem.

^{*}6:3 Jer 12:10

Op haar slaan hulle tente op,
reg rondom.

Elkeen bewei sy strook.”

⁴ “*Heilig 'n oorlog^s teen haar!

Maak gereed!

Laat ons teen die middag opruk!

Wee ons! Want die dag gaan verby —
die aandskaduwees word lank.

⁵ Maak gereed!

Laat ons in die nag opruk;

laat ons haar vestings^t verwoes!”

⁶ * Ja, so sê die HERE,

Heerser oor alle magte:

“Kap bome af!

Hoop 'n beleëringswal op
teen Jerusalem —

dít is die stad!

Alles in haar is op bruikleen;

daar is afgeperste goedere

binne-in haar.^u

* 6:4 Jer 15:8; Joël 3:9

^s6:4 Heilig 'n oorlog: 'n Vaste uitdrukking wat berus op die beskouing dat oorlog 'n godsdienstige handeling is.

^t6:5 vestings: Versterkte paleise of woonplekke van konings en die hoëlui.

* 6:6 Luk 19:43

^u6:6 dít ... haar: Daar is verskil van mening oor die betekenis van die bronteks, word ook anders vertaal.

⁷ *Soos 'n put sy water vars hou,
hou sy haar boosheid vars.

‘Geweld!’ en ‘Verdrukking!’

word in haar gehoor.

Voor my oë is daar voortdurend
lyding en verwonding.

⁸ Aanvaar die teregwysing, Jerusalem;

anders ruk Ek Myself van jou los;

anders maak Ek jou 'n woesteny,

'n land wat nie bewoon

word nie.”

⁹ So sê die HERE,

Heerser oor alle magte:

“Soos met die naoes

van 'n wingerdstok,

sal hulle die oorblyfsel van Israel

skoon afoes.

Bring jou hand telkens terug

na die lote

soos een wat druiwe snoei!”

¹⁰ *Met wie moet ek praat?

Wie moet ek as getuies roep,

sodat hulle kan luister?

Kyk, onbesnede is hulle ore,

sodat hulle nie kan ag gee nie.

*6:7 Jer 20:8; Am 3:10; Hab 1:3

*6:10 Hand 7:51

Kyk, die woord van die HERE

het vir hulle 'n bespotting geword; *
hulle aanvaar dit nie.

¹¹ Ek is met die woede van die HERE
vervul;
ek is moeg daarvan om my in te hou.

“Stort dit uit oor kinders op straat,
en tegelyk oor die groep
jongmense.

Ja, mans sowel as vroue
sal gevange geneem word,
oues saam met bejaardes.^v

¹² *Hulle huise sal na ander oorgaan,
hulle landerye en vroue
daarmee saam.

Want Ek steek my hand uit
teen die inwoners van die land,”
is die uitspraak van die HERE.

¹³ “*Ja, klein en groot
maak almal onregverdige wins.

Van profeet tot priester —
hulle almal pleeg bedrog.

¹⁴ *Hulle wil die ineenstorting

* **6:10 die woord ... geword:** Jer 20:8

^v **6:11 bejaardes:** Die Hebreeuse idioom lui “vol van dae”.

* **6:12** Deut 28:30; Jer 8:10

* **6:13** Jes 56:11; Jer 14:18; 23:11; Miga 3:11

* **6:14** Jer 4:10; 14:13-14; 23:17; 28:8-9; 1 Thess 5:3

van die dogter van my volk
op 'n maklike manier herstel
deur te sê,
'Vrede, vrede!'

Maar daar is geen vrede nie.

¹⁵ Staan hulle beskaamd
omdat hulle afstootlik
opgetree het?

Hulle skaam hulle hoegenaamd nie,
ken selfs geen skaamte nie.

Daarom sal hulle val
onder die gesneuweldes;
in die tyd wanneer Ek hulle
tot verantwoording roep,
sal hulle tot 'n val kom,"
het die HERE gesê.

¹⁶ So sê die HERE:

"Gaan staan langs die paaie en
kyk;
vra na die weë uit die voortyd.
Vra waar die pad na die goeie is,
en volg dit!*"
Vind so sielerus!*"
Maar hulle het geantwoord,
'Ons sal nie gaan nie.'

*6:16 Gaan ... dit: Jer 18:15

*6:16 sielerus: Matt 11:29

¹⁷ *Toe het Ek wagte^w oor julle
aangestel,
'Gee ag op die geluid
van die ramshoring!'
Maar hulle het geantwoord,
'Ons sal nie ag gee nie.'
¹⁸ Daarom, luister, nasies!
Neem kennis, volksvergadering,^x
van wat met hulle gaan gebeur!^y
¹⁹ *Luister, land!
Kyk, Ek gaan onheil bring
oor hierdie volk —
die vrug van hulle planne.*
Want op my woorde
het hulle nie ag geslaan nie,
en my wet, dit het hulle verwerp.
²⁰ Waarom nog vir My wierook
uit Skeba^z laat kom,
of kosbare kalmoes^a uit 'n ver land?*

*6:17 Jes 58:1; Eseg 3:17

^w6:17 wagte: Dit verwys na die ware profete; vgl Hos 9:8.

^x6:18 volksvergadering: 'n Byeenkoms van volwasse mans waarin elke gesin verteenwoordig is deur die gesinshoof.

^y6:18 wat ... gebeur: Daar is onsekerheid oor die betekenis van die bronteks. Die woorde "gaan gebeur" word veronderstel, en kom nie in die bronteks voor nie.

*6:19 Spr 1:29-31

*6:19 Kyk ... planne: Jer 4:14

^z6:20 Skeba: 'n Gebied in die suide van Arabië.

^a6:20 kalmoes: 'n Bamboesagtige riet met 'n aangename geur.

*6:20 Waarom ... ver land: Jes 60:6

Julle brandoffers is nie
aanvaarbaar nie,
en julle maaltydoffers
geval My nie.*”

²¹ Daarom, so sê die HERE:

“Kyk, Ek gaan voor hierdie volk
struikelblokke lê
waaroor hulle sal val —
ouers en kinders saam;
bure en vriende sal ten gronde
gaan.”

²² *So sê die HERE:

“Kyk, 'n volk kom uit 'n land
in die noorde;
'n groot nasie is wakker gemaak
by die uithoeke van die aarde.

²³ Boog en kromswaard hou hulle
gereed;
harteloos is hulle, en genadeloos.
Hulle klink soos die see wat dreun,
op perde ry hulle;
hulle is manne wat in 'n gevegslinie
opgestel is teen jou,
dogter van Sion.”

²⁴ Ons het die gerug oor hulle gehoor;

*6:20 Julle ... My nie: Ps 40:7; Am 5:21

*6:22-24 Jer 50:41-43

ons moed het ons begewe.^b
Benoudheid het ons beetgepak,
angs soos wanneer 'n vrou
geboorte gee.*

²⁵ Moenie na die veld uitgaan nie!
Op pad moet julle nie gaan nie!
Ja, die vyand het 'n swaard;
daar is verskrikking aan alle kante!

²⁶ *Dogter van my volk,
omgord jou met rouklere^c
en rol in die as!

Rou soos oor 'n enigste kind —
'n bittere roubeklag!

Want onverwags kom die verwoester
oor ons.

²⁷ “As toetsers van silwer^d
het Ek jou by my volk aangestel,
as 'n versterkte stad,
sodat jy hulle optrede
kan ken en toets.

²⁸ Hulle is almal rebels,^e onversetlik —

^b6:24 ons moed ... begewe: Die Hebreuse idiom lui “ons hande het slap geword”.

*6:24 Benoudheid ... gee: Ps 48:7; Jes 13:8; Jer 4:31; 13:21; 50:43

*6:26 Jer 25:34; Eseg 27:30; Am 8:10; Sag 12:10

^c6:26 rouklere: As teken van rou, is growwe klere van swart bokhaar aangetrek.

^d6:27 van silwer: Hierdie woorde kom nie in die bronteks voor nie, maar word veronderstel.

^e6:28 rebels: Daar is onsekerheid oor die betekenis van die bronteks, en dit word verskillend vertaal.

koper en yster!^f
Hulle gaan rond as kwaadstokers.*
Hulle almal is ontaard.
²⁹ *Die blaasbalk blaas;
uit die vuur kom lood ongeskonde.^g
Tevergeefs word daar aanhoudend
gesmelt;
die slegtes word nie afgeskei nie.
³⁰ ‘Verworpe silwer’ word hulle
genoem,
want die HERE het hulle verwerp.”

7

Vals vertrou op die tempel

¹ *Dit is die woord wat van die HERE tot Jeremia gekom het: ² “Gaan staan by die poort van die huis van die HERE. Roep hierdie woorde daar uit en sê, ‘Hoor die woord van die HERE, die hele Juda wat by hierdie poorte ingaan om voor die HERE in aanbidding te buig! ³ *So sê die HERE, Heerser oor alle magte, die God van Israel: “Laat julle doen en late^h goed wees, sodat Ek julle in hierdie plek kan laat bly! ⁴ *Moet julle vertrou nie stel op

^f**6:28 koper en yster:** In die bronteks staan hierdie woorde ná “kwaadstokers”. Die woorde pas eerder by Jer 6:29.

***6:28 kwaadstokers:** Lev 19:16; Jer 9:4

***6:29** Jes 1:22; Eseg 22:18,20; Mal 3:2-3

^g**6:29 uit ... ongeskonde:** Lood is waarskynlik bygevoeg om die smeltproses te verhaas.

***7:1-15** Jer 26:1-6

***7:3-6** Jes 1:16-17; Jer 22:3

^h**7:3 julle doen en late:** Letterlik ‘julle paaie en julle dade’.

***7:4** Miga 3:11

bedrieglike woorde deur te sê, ‘Die tempel van die HERE, die tempel van die HERE, die tempel van die HERE is dit!’ nie. ⁵ As julle werklik julle doen en late goed maak, as julle werklik die reg handhaaf onder mekaar, ⁶ *vreemdelinge,ⁱ vaderloses^j en weduwees nie verdruk nie, nie onskuldige bloed vergiet op hierdie plek nie, en agter ander gode nie aanloop tot onheil vir julleself nie, ⁷ *dan sal Ek julle in hierdie plek laat bly, in die land wat Ek vir julle voorouers gegee het, van altyd af en vir altyd. ⁸ Kyk, julle bly julle vertrou stel op bedrieglike woorde wat niks baat nie.

⁹ “ ‘ “Sal julle steel, moord pleeg, egbreuk pleeg, vals sweer, vir Baäl offers verbrand, agter ander gode aanloop vir wie julle nie ken nie, ¹⁰ en dan inkom en in my teenwoordigheid kom staan in hierdie huis, waarom my Naam uitgeroep is,^k en dan nog sê, ‘Ons is gered!’, sodat julle met hierdie afstootlike dinge kan voortgaan? ¹¹ *Het hierdie huis, waarom my Naam uitgeroep is, 'n grot van struikrowers geword in julle oë? Ook Ek, kyk, Ek het dit gesien,” ’ is die uitspraak van die HERE.

¹² “ ‘ “Ja, gaan gerus na my plek wat in Silo was, waar Ek vroeër my Naam laat woon het, en kyk wat Ek daaraan gedoen het weens die boosheid van my volk, Israel.* ¹³ Nou, omdat julle al hierdie dinge

*7:6 Deut 24:14; 27:19; Ps 146:9

ⁱ7:6 **vreemdelinge:** Persone wat om politieke of ekonomiese redes hulle eie land verlaat het en tydelik in 'n ander land woon. Vreemdelinge wat tydelike verblyf by die Israëliete gekry het, moes beskerming geniet.

^j7:6 **vaderloses:** Gewoonlik kinders wat hulle pa verloor het, en niemand het om hulle saak in die stadspoort te stel nie. Word ook vertaal “weeskinders”.

*7:7 Deut 4:40

*7:9 Eks 20:3,13-14

^k7:10 **waaroor ... uitgeroep is:** Die uitdrukking beteken dat God alleenreg het op die •tempel.

*7:11 Jes 56:7; Matt 21:13; Mark 11:17; Luk 19:46

*7:12 Jos 18:1; Rig 18:31; 1 Sam 1:9; Ps 78:60-68

*7:12 **kyk ... Israel:** 1 Sam 4:10-18; Jer 26:6

gedoen het,” ’ is die uitspraak van die HERE, ‘ “en Ek aanhoudend met julle gepraat het, maar julle nie geluister het nie, Ek julle geroep het, maar julle nie geantwoord het nie,* ¹⁴ sal Ek met hierdie huis, waaroor my Naam uitgeroep is, waarop julle vertrou, die plek wat Ek aan julle en julle voorouers gegee het, doen wat Ek met Silo gedoen het. ¹⁵ *Ek sal julle wegwerp uit my teenwoordigheid, soos Ek al julle broers, die hele nageslag van Efraim, weggewerp het.” ’ ”

¹⁶ “*En jy, jy moenie vir hierdie volk bid nie; moenie vir hulle 'n weeklag, 'n gebed opstuur nie, en moenie by My pleit nie. Want Ek sal glad nie na jou luister nie. ¹⁷ Sien jy nie wat doen hulle in die dorpe van Juda en op die strate van Jerusalem nie? ¹⁸ *Die kinders maak hout bymekaar, en die pa's steek die vuur aan. Die vroue knie deeg om offerkoeke gereed te kry vir die koningin van die hemel¹, en hulle giet drankoffers uit vir ander gode, net om My te tart. ¹⁹ *Tart hulle My?” is die uitspraak van die HERE. “Tart hulle nie hulleself nie, sodat hulle beskaamd sal staan? ²⁰ *Daarom,” so sê my Heer, die HERE, “Kyk, my toorn en my woede sal uitbars teen hierdie plek, oor mens en dier, oor die bome van die veld en oor die opbrengs van die landerye. Dit sal brand en nie geblus word nie.”

*7:13 Ek aanhoudend ... geantwoord het nie: Jes 50:2; 65:12; 66:4

*7:15 2 Kon 17:6,23

*7:16 Jer 11:14; 14:11

*7:18 Jer 44:17-19; Hand 7:42

¹7:18 koningin ... hemel: Dit verwys na Venus.

*7:19 Jer 51:51

*7:20 Jer 12:4

²¹ *So sê die HERE, Heerser oor alle magte, die God van Israel: “Julle brandoffers, voeg dit by julle maaltydoffers en eet vleis!” ²² *Ja, Ek het nie, op die dag toe Ek hulle uit Egipteland laat optrek het, met julle voorouers soseer gepraat of opdrag gegee oor brandoffers of maaltydoffers nie, ²³ *maar eintlik hierdie saak aan hulle opgedra, ‘Luister na my stem, dan sal Ek vir julle 'n God wees, en julle sal vir My 'n volk wees! Loop die hele pad wat Ek julle beveel, sodat dit met julle goed kan gaan.’ ²⁴ *Maar hulle het nie geluister nie, nie hulle ore oopgemaak nie. Hulle het hulle eie planne, die verstardheid van hulle bose harte gevolg. Hulle het agteruit gegaan en nie vooruit nie. ²⁵ *Vanaf die dag dat julle voorouers uit Egipteland getrek het tot vandag toe, het Ek aanhoudend al my diensknegte, die profete, na julle gestuur — dag vir dag. ²⁶ *Maar hierdie volk^m het nie na My geluister nie, nie hulle ore oopgemaak nie. Hulle was hardnekkig en het hulle nog slegter gedra as hulle voorouers.* ²⁷ Jy moet al hierdie woorde vir hulle sê, maar hulle sal nie na jou luister nie; jy moet hulle roep, maar hulle sal jou nie antwoord nie. ²⁸ Dan moet jy vir hulle sê, ‘Dit is die nasie wat nie na die stem van die HERE hulle God luister nie en teregwysing nie aanvaar nie. Betroubaarheid het verdwyn, dit is uitgewis uit hulle monde.*’ ”

*7:21-28 Jer 11:1-14

*7:21 Julle ... vleis: Jes 1:11; Hos 8:13; Am 5:21

*7:22 Jer 11:4,7

*7:23 Eks 15:26; Deut 6:3

*7:24 Jer 9:13

*7:25 2 Kron 36:15; Jer 25:4; 26:5; 44:4-5

*7:26-28 Eseg 3:4-7

^m7:26 hierdie volk: Die •bronteks lui “hulle”.

*7:26 Hulle ... voorouers: Jer 16:12

*7:28 Betroubaarheid ... monde: Jer 9:3

²⁹ *Sny jou lang hareⁿ af,
Jerusalem,^o
en gooi dit weg!
Hef op die woestynpaaie^p
'n klaaglied aan.
Want die HERE het verwerp,
Hy het die geslag wat sy woede
opwek, prysgegee.

³⁰ “Ja, die nageslag van Juda het gedoen wat verkeerd is in my oë,” is die uitspraak van die HERE. “Hulle het hulle verfoeilike afgode geplaas in die huis waaroor my Naam uitgeroep is, om dit te verontreinig.*

³¹ *Hulle het die offerhoogtes^q van Tofet^f in die dal van Ben-Hinnom gebou om hulle seuns en dogters met vuur te verbrand — iets wat Ek nie beveel het nie, en wat nie in my gedagtes opgekom het nie.

³² *Daarom, kyk, daar kom dae,” is die uitspraak van die HERE, “wanneer daar nie meer gesê sal word ‘Tofet’ en ‘dal van Ben-Hinnom’ nie, maar

*7:29-34 Jer 19:1-13

ⁿ7:29 lang hare: In Hebreeus hou hierdie woorde verband met die woord nasireër; vgl Num 6:1-7.

^o7:29 Jerusalem: Die woord kom nie in die bronteks voor nie, maar word veronderstel.

^p7:29 woestynpaaie: Kan ook vertaal word “kaal hoogtes”; vgl Jer 3:2.

*7:30 Hulle ... verontreinig: 2 Kon 21:4,7; Jer 7:10; 32:34; Eseg 5:11

*7:31 Lev 18:21; 2 Kon 23:10; Ps 106:38

^q7:31 offerhoogtes: Heiligdomme op heuwels, waar daar geboue kon wees, maar soms net altare.

^f7:31 Tofet: Dit verwys na die kultiese plek tussen die Hinnom- en Kidronvalleie waar kinders aan die afgod Molek geoffer is.

*7:32 Jer 19:6,11

‘Moorddal’. Hulle sal in Tofet mense begrawe vanweë 'n gebrek aan plek. ³³*Die lyke van hierdie volk sal kos wees vir die voëls van die hemel en die diere van die aarde, en niemand sal hulle verwilder nie. ³⁴*Ek sal in die dorpe van Juda en in die strate van Jerusalem die geluid van vrolikheid en vreugde laat verdwyn, die stem van die bruidegom en die stem van die bruid uitdoof, want die land sal 'n puinhoop word.”

8

¹*“In daardie tyd,” is die uitspraak van die HERE, “sal hulle die beendere van die konings van Juda, die beendere van die hoë amptenare, die priesters, die profete en die beendere van die inwoners van Jerusalem uit hulle grafte^s haal ²*en dit oopsprei voor die son en die maan en al die hemelliggame vir wie hulle lief was, wat hulle gedien het, waaragter hulle aangeloop het, wat hulle geraadpleeg het en voor wie hulle in aanbidding gebuig het. Dit sal nie weer bymekaargemaak en begrawe word nie. Dit sal mis word op die grond. ³*Die dood sal verkieslik wees bo die lewe vir die res, almal wat oorbly van hierdie bose geslag op al die oorblywende plekke waarheen Ek hulle verdryf het,” is die uitspraak van die HERE, Heerser oor alle magte.

Geen berou oor sonde

⁴“Jy moet vir hulle sê,
‘so sê die HERE:

*7:33 Deut 28:26; Jer 16:4; 34:20

*7:34 Jes 24:8; Jer 16:9; 25:10; Bar 2:23; Op 18:23

*8:1-2 Eseg 6:5

*8:1 **grafte:** Gewoonlik grotte of ruimtes wat in rots uitgekop is en waarvan die openinge met groot ronde klippe bedek is.

*8:2 Deut 4:19; 2 Kon 23:5; Jer 16:4; 25:33; Hand 7:42

*8:3 Job 3:21-22; Op 9:6

“Sal mense val
en nie weer opstaan nie?
Of sal iemand wegdraai
en nie weer terugdraai nie?
⁵ Waarom is hierdie volk,
hierdie Jerusalem afvallig,
met 'n blywende afvalligheid?
Hulle hou vas aan misleiding,
hulle weier om terug te draai.*

⁶ Ek het aandagtig geluister
en gehoor dat wat hulle sê,
nie reg is nie.
Niemand het berou
oor sy boosheid, deur te sê,
‘Wat het ek gedoen?’ nie.
In hulle vaart draai elkeen weg,
soos 'n perd wat die geveg
instorm.

⁷ *Selfs die ooievaar in die lug
ken sy vasgestelde tye,
tortelduiwe, swaeltjies
en kraanvoëls hou by die tyd
van hulle koms,
maar my volk ken nie die reëls
van die HERE nie.

⁸ *Hoe kan julle dan sê,

* **8:5 met ... draai:** Jer 5:3; 7:24

* **8:7** Jes 1:3

* **8:8-9** Vgl Matt 23:1-38; Rom 2:17-18

‘Ons is wys,
die HERE se wet is by ons’?
Kyk, skrywers se leuenagtige pen
het dit leuens gemaak.

⁹ Wyses sal beskaamd staan,
verslae wees en gevange
geneem word.

Kyk, hulle het die HERE se woord
verwerp.

Watter soort wysheid
het hulle dan?

¹⁰ * Daarom gee Ek hulle vroue
aan ander,
en hulle landerye
aan veroweraars;
want klein en groot,
almal maak onregverdige wins,
van profeet tot priester,
almal pleeg bedrog.

¹¹ * Hulle wil die ineenstorting
van die dogter van my volk
op 'n maklike manier herstel
deur te sê, ‘Vrede, vrede!’,
maar daar is geen vrede nie.

¹² Staan hulle beskaamd
omdat hulle afstootlik
opgetree het?

* 8:10-11 Jer 6:12-15

* 8:11 Eseg 13:10; 1 Thess 5:3

Nee!^t Erger nog, hulle skaam
hulle hoegenaamd nie;
om skaam te wees,
dit ken hulle nie!

Daarom sal hulle val
saam met die gesneuweldes;
in die tyd wanneer
met hulle afgereken word,
sal hulle tot 'n val kom, ” ’ ”
het die HERE gesê.

¹³ “ ‘ “Ek gaan hulle beslis
wegvat, ” ’ ”^u
is die uitspraak van die HERE.

“ ‘ “Daar sal geen druiwe
aan die wingerdstok wees nie,^{*}
geen vye aan die vyeboom nie,
en die blare sal verdor.^{*}

Ek het dit aan die veroweraars^v
gegee;
hulle sal dit verwoes.^w” ’ ”

^t8:12 Nee: Dit ontbreek in die •bronteks, maar word veronderstel.

^u8:13 Ek gaan ... wegvat: Daar is onsekerheid oor die betekenis van die bronteks, en dit word verskillend vertaal; vgl Sef 1:2.

^{*}8:13 Daar ... wees nie: Jer 6:9

^{*}8:13 geen vye ... verdor: Vgl Matt 21:18-22; Luk 13:6-9

^v8:13 aan die veroweraars: Die bronteks lui “aan hulle”; vgl Jer 8:10.

^w8:13 Ek het ... verwoes: Hierdie sin ontbreek in die •Septuagint. Daar is onsekerheid oor die betekenis van die bronteks, en dit word verskillend vertaal.

14 “*Waarom bly ons nog sit?

Kom byeen!

Laat ons in die versterkte stede

ingaan, en daar omkom.

Ja, die HERE ons God

laat ons omkom.

Hy gee ons giftige water

om te drink,*

omdat ons gesondig het

teen die HERE.

15 *Ons het gehoop op vrede,

maar daar is niks goeds nie,

op 'n tyd van genesing,

maar kyk, daar is verskrikking.

16 *Van Dan af hoor ons

die geproes van die vyand

se^x perde;

vir die harde gerunnik

van hulle hingste

bewe die hele land.

Hulle kom in en verslind die land

met alles daarin,

ook dorpe met die inwoners

daarin.”

*8:14 Jer 4:5

*8:14 Hy gee ... drink: Jer 9:15; 23:15

*8:15 Jes 59:9; Jer 14:19

*8:16 Jer 4:15

^x8:16 die vyand se: Die bronteks lui “sy”.

¹⁷ * “ “Ja, kyk, Ek stuur slange,
kobras, onder julle in
waarteen geen beswering
bestaan nie.

Hulle sal julle byt,” ’ ’ ”
is die uitspraak van die HERE,
¹⁸ “ ‘ “sonder dat daar
genesing is.” ’ ’ ”

Droefheid oorval my;^y
my hart is siek in my.

¹⁹ Hoor daar!

Die hulpgeroep van die dogter
van my volk uit 'n ver land:
“Is die HERE nie in Sion nie? *
Is haar Koning
nie in haar nie?”

“ ‘ “Waarom tart hulle My
met hulle gesnede beelde,
met hulle vreemde, nietige
afgode?” ’ ’ ”

²⁰ “Die graanoes is verby,

* **8:17** Num 21:6; Pred 10:11; vgl Gen 3:14-15

^y**8:18** **sonder ... oorval my:** Daar is onsekerheid oor die betekenis van die bronteks, en dit word verskillend vertaal. Twee Hebreeuse mss en die Septuagint word hier gedeeltelik gevolg.

* **8:19** **Is die ... Sion nie:** Ps 99:2; Joël 3:17

die someroes^z is agter die rug;
maar ons, ons is nie gered nie!”

²¹ Oor die ineenstorting
van die dogter van my volk
is ek gebroke.

Ek is in rou,
ontsetting het my aangegryp.

²² Is daar dan nie balsem
in Gilead* nie,
is daar nie 'n geneser nie?
Ja, waarom vind die herstel
van die dogter van my volk
nie plaas nie?*

9

^{1 a}Ag, was my hele kop
maar water,
en my oog 'n fontein van trane,
sodat ek dag en nag kon huil
oor die gesneuweldes
van die dogter van my volk!

^z8:20 someroes: Vrugte is in die nasomer geoes.

*8:22 balsem in Gilead: Gen 37:25; Jer 46:11

*8:22 waarom ... plaas nie: Jer 6:14; 8:11

^a9:1-26 Die •bronteks nommer hierdie verse as Jer 8:23 — 9:25.

² “Ag, was daar maar
in die woestyn^b
'n oornagplek vir reisigers!
Dan sou Ek my volk verlaat
en van hulle af weggaan;^c
want hulle pleeg almal egbreuk,
hulle is 'n bende troueloses.

³ Hulle span hulle tong
soos 'n boog;
met leuens, en nie
met betroubaarheid nie,
word hulle helde in die land.
Ja, van boosheid na boosheid
gaan hulle voort,
en My ken hulle nie,”
is die uitspraak van die HERE.

⁴ “Wees op julle hoede,
elkeen vir sy vriend!
Moenie enige broer vertrou nie;
want elke broer is 'n bedrieër,
en elke vriend gaan rond
as 'n kwaadstoker.*

⁵ Elkeen verkul sy vriend;
die waarheid praat hulle nie.
Hulle rig hulle tonge af

^b9:2 woestyn: 'n Verlate, deels onherbergsame gebied, met 'n skaarste aan plantegroei, maar waar kleinvee kon wei.

^c9:2 Ag ... weggaan: God verkies om nie langer by die •tempel in Jerusalem te wees nie.

*9:4 kwaadstoker: Lev 19:16; Jer 6:28

om leuens te praat.
Hulle dwaal; hulle is nie in staat
 ⁶ om terug te keer nie.
Verdrukking^d volg op verdrukking,
bedrog volg op bedrog;
hulle weier om My te erken,”
 is die uitspraak van die HERE.

⁷ Daarom, so sê die HERE,
 Heerser oor alle magte:
“Kyk, Ek gaan hulle smelt
 en toets.

Want wat anders kan Ek doen
 oor die dogter van my volk?
⁸ Dodelike pyle is hulle tonge —
dit uiter bedrog.

Met sy mond praat iemand vrede
 met sy vriend,
maar in sy binneste
 stel hy vir hom 'n hinderlaag.

⁹ Sou Ek daaroor nie van hulle
 rekenskap eis nie?”
 is die uitspraak van die HERE.

“Of sou Ek My nie wreek
 op 'n nasie
 soos hierdie nie?”

¹⁰ Oor die berge sal Ek 'n geween,

^d9:6 om terug ... **Verdrukking:** Die •Septuagint word hier gevolg. Die bronteks lui “Jou woon in die middel van bedrog”.

'n treurlied aanhef,
en oor die weivelde in die woestyn
'n klaaglied;
want dit lê verskroei,
sodat niemand daardeur trek nie,
en die geluid van vee nie meer
gehoor word nie.
Die voëls in die lug,
sowel as die diere, het gevlug,
hulle het padgegee.

¹¹ “Ek gaan van Jerusalem
klipstapels maak,
'n lêplek vir jakkalse;
en die dorpe van Juda
gaan Ek 'n woesteny maak,
sonder inwoners.”

¹² Wie is die mens
wat wys genoeg is
om dit te verstaan,
iemand met wie die mond
van die HERE gepraat het,
sodat hy dit kan verduidelik?
Waarom het die land
ten gronde gegaan,
lê dit verwoes soos 'n woestyn,
sonder dat iemand daardeur trek?

¹³ Die HERE het geantwoord: “Omdat hulle my wet verlaat het wat Ek aan hulle voorgehou het, hulle nie na my stem geluister en my wet nie gevolg het nie, ¹⁴ maar agter die verstandheid van hulle eie harte en agter die Baäls aan geloop het, soos hulle voorouers hulle geleer het.”

¹⁵ *Daarom, so sê die HERE, Heerser oor alle magte, die God van Israel: “Kyk, Ek laat hierdie volk wildeals^e eet en giftige water drink. ¹⁶ Ek sal hulle verstrooi onder nasies wat hulle en hulle voorouers nie geken het nie, en Ek stuur die swaard agter hulle aan totdat Ek hulle vernietig het.”

¹⁷ So sê die HERE,
Heerser oor alle magte:
“Wees verstandig
en roep die klaagvroue,
sodat hulle kom.
Ontbied die kundige vroue,
sodat hulle kom.”

¹⁸ Hulle moet gou maak
en oor ons 'n treurlied aanhef,
sodat ons oë van trane vloei,
en ons ooglede stroom van water;
¹⁹ want die geluid van treursang
word uit Sion gehoor:

*9:15 Op 8:11

^e9:15 wildeals: Ook bekend as alsemkruid of bitterals, wat 'n bitter smaak het.

“Hoe is ons verwoes!
Ons staan diep beskaamd,
want ons moes die land verlaat,
omdat hulle ons woonplekke
platgeslaan het.”^f

²⁰ Ja, vroue, luister na die woord
van die HERE,
en laat julle ore die woorde
van sy mond inneem.

Leer julle dogters 'n treurlied,
vir mekaar 'n klaaglied:

²¹ “Ja, die dood het
deur ons vensters geklim;
dit het ons vestings^g binnegedring
deur kleuters wat in die strate
en jong manne wat op
die dorpspleine was,
uit te roei.”

²² “Sê, ‘Die volgende is 'n uitspraak van die HERE:
“Die lyke van mense sal
soos mis op die oop veld lê,
en soos gesnyde graan
agter die snyer,
sonder dat iemand
dit bymekaarmaak.” ’ ’ ”

^f**9:19 Hoe ... platgeslaan het:** Die profeet lê hierdie woorde in die mond van die Judese vlugteling wat uit die platteland in Jerusalem skuiling soek.

^g**9:21 vestings:** Versterkte paleise of woonplekke van konings en die hoëlui.

²³ So sê die HERE: “'n Wyse moet hom nie op sy wysheid beroem nie, 'n magtige moet hom nie op sy krag beroem nie, en 'n ryke moet hom nie op sy rykdom beroem nie. ²⁴ *Slegs hierop moet die een wat wil roem, hom beroem: dat hy insig het en My ken, naamlik dat Ek die HERE is wat troue liefde, reg en geregtigheid handhaaf op aarde; want daarin vind Ek vreugde.” Dit is die uitspraak van die HERE.

²⁵ * “Kyk, daar kom dae,” is die uitspraak van die HERE, “wanneer Ek rekenskap sal eis van almal wat aan die voorhuid besny is — ²⁶ * van Egipte, Juda, Edom, * die Ammoniete, * en Moabiete, * van al die woestynbewoners wat hulle slape skoonskeer.^h Want al dié nasies is eintlik onbesnede; maar die hele huis van Israel is onbesnede van hart.”

10

God of afgode

¹ * Hoor die woorde wat die HERE oor julle uitgespreek het, huis van Israel! ² So sê die HERE:

“Moenie die gebruike
van die nasies
aanleer nie;
vir tekens aan die hemelruim

* **9:24** 1 Kor 1:31; 2 Kor 10:17

* **9:25** Rom 2:25

* **9:26** Hand 7:51

* **9:26 Edom:** Gen 25:30; 36:1,8-9; vgl Jer 49:7-22

* **9:26 Ammoniete:** Gen 19:38; vgl Jer 49:1-6

* **9:26 Moabiete:** Gen 19:37; Rut 1:1-2; vgl Jer 48:1-47

^h**9:26 slape skoonskeer:** Dit was 'n gebruik by die Arabiere.

* **10:1-16** Ps 115:4-8; 135:15-18; Jes 40:19-20; 44:9-20

moet julle nie bevrees wees
omdat die nasies daarvoor bevrees
is nie.

³ Ja, die gebruike van die volke,
dit is nietig;
want hulle kap 'n boom in die bos
af —
die handewerk van 'n ambagsman
met 'n byl.

⁴ Met silwer en goud
versier hulle dit,
met spykers en hamers
maak hulle dit stewig,
sodat dit nie wankel nie.

⁵ Die beeldeⁱ is soos 'n palmboom
met pletwerk.^j
Hulle kan nie praat nie,
hulle moet gedurig gedra word;
want hulle kan nie 'n voet
versit nie.

Moenie vir hulle bang wees nie,
want hulle kan nie skade
aanrig nie;
en om goed te doen

ⁱ10:5 **Die beelde:** Die •bronteks lui “hulle”.

^j10:5 **palmboom met pletwerk:** Daar is onsekerheid oor die betekenis van die bronteks. Die •Septuagint lui “gesmede silwer” en die •Vulgaat en die •Peshitta “palmboom”. Word ook vertaal “voëlverskrikker in ’n komkommertuin”, wat gegrond is op die Griekse Deuterokanonieke geskrif *Die brief van Jeremia*; vgl Bar 6:69.

bestaan ook nie by hulle nie.”

⁶*Nie een is soos U nie, HERE.

U is groot, en u Naam is groot
in krag.

⁷*Wie sou nie vir U ontsag hê nie,
Koning van die nasies?

Ja, vir U is dit van pas,
want onder al die wyses
van die nasies
en in al hulle koninkryke,
is daar niemand soos U nie.

⁸*In een opsig is hulle^k dom
en dwaas:

Die vermaning deur nietige afgode
kom van 'n stuk hout!

⁹Die silwerbeslag word
uit Tarsis gebring,
die goud uit Ufas.

Dit is die werk van 'n ambagsman;
dit kom uit die hande
van 'n goudsmid.

Pers en purperrooi is die afgode
se^l klere;

*10:6-7 Ps 86:8; Jes 40:18; 42:8; Op 15:4

*10:7 Ps 89:7

*10:8 Jes 41:29; Hab 2:18

^k10:8 hulle: Dit verwys na die wyses van die nasies; vgl Jer 10:7.

^l10:9 die afgode se: Die bronteks lui “hulle”.

dit is alles die werk
van vaardige vakmanne.

¹⁰ Maar die HERE is waarlik God,
Hy is die lewende God
en ewige Koning.
Vir sy toorn bewe die aarde,
en nasies kan sy vervloeking
nie deurstaan nie.

¹¹ ^mSo moet julle vir hulle sê:
“Die gode wat nie die hemel
en die aarde gemaak het nie,
sal van die aarde af verdwyn,
ja, onder hierdie hemel uit.”*

¹² *Hy wat die aarde gemaak het
deur sy krag,
wat die wêreld gevestig het
deur sy wysheid,
en deur sy insig die hemel
oopgespan het —

¹³ *in sy stem, wanneer Hy dit
laat hoor,
is daar die gedruis van water
in die hemel.

^m**10:11** Jer 10:11 is in •Aramees wat vanaf die Persiese tyd die diplomatieke taal
in 'n deel van die Ou Nabye Ooste was

* **10:11 Die gode ... uit:** Ps 96:5; Jes 2:18; Sag 13:2

* **10:12-16** Job 38:1-38; Ps 104:2-35; Spr 8:27-31; Jer 51:15-19

* **10:13** Ps 135:7

Hy laat stapelwolke opstyg
aan die einde van die aarde;ⁿ

Hy maak weerligstrale
vir die reën;

Hy laat die wind vry
uit sy voorraadkamers.

¹⁴ * Alle mense bewys hulleself
dom, sonder kennis;
elke goudsmid staan beskaamd
oor sy afgodsbeelde,
want sy gietsels is bedrog —
daar is nie asem in hulle nie.

¹⁵ Hulle is nikswerd afgode,
bespotlike maaksels.

In die tyd wanneer daar met hulle
afgereken word,
gaan hulle tot niet.

¹⁶ * Die erfdeel van Jakob
is nie soos hulle nie;
want Hy is die Een wat alles vorm,
en Israel is die stam van sy erfenis —
die HERE, Heerser oor alle magte,
is sy Naam.

ⁿ**10:13 die einde ... aarde:** Kan moontlik ook verwys na die gesigseinder of horison, die einde van die verste sigbare land.

* **10:14** Rom 1:22,25

* **10:16** Num 18:20; Deut 32:9

Komende vernietiging

¹⁷ *Tel jou bondel van die grond af
op, Jerusalem,^o
jy wat onder beleg woon!

¹⁸ Want so sê die HERE:
“Kyk, Ek slinger hierdie keer
die inwoners van die land weg.
Ek het hulle vasgekeer,^p
sodat hulle gevind kan word.”

¹⁹ ^qWee my! Ek het ineengestort!
Ongeneeslik is my wond! *
Ek is die een wat gedink het:
Dit is nou eenmaal my lyding dié,
en ek moet dit dra. *

²⁰ *Maar my tent is verwoes,
en al my toue is gebreek.
My kinders het van my af
weggegaan;
hulle is nie meer daar nie.
Daar is nie meer iemand oor

*10:17 Eseg 12:3; Miga 4:10

^o10:17 **Jerusalem:** Die naam kom nie in die bronteks voor nie, maar word veronderstel.

^p10:18 **Ek ... vasgekeer:** Kan ook vertaal word “Ek het hulle laat beleër,” of “Ek het hulle in die noute gebring.”

^q10:19-22 Die profeet lê hierdie woorde in die volk se mond.

*10:19 **Ongeneeslik ... wond:** Jer 30:12,15

*10:19 **Dit is ... dra:** Miga 7:9

*10:20 Jer 4:20

wat my tent kan oopsprei nie,
wat my tentdoeke^f regop
kan kry nie.

²¹ * Ja, die herders het gewys
dat hulle dom is;
hulle het die HERE
nie geraadpleeg nie.

Daarom kon hulle nie slaag nie,
en is hulle hele kudde
uiteengejaag.

²² * Luister na die gerug!
Kyk, dit kom!
'n Groot gedreun kom uit 'n land
in die noorde
om Juda se dorpe 'n woesteny
te maak, 'n lêplek vir jakkalse.

²³ * Ek weet, HERE, dat 'n mens
nie oor sy lewenspad beskik nie,
dat iemand nie, terwyl hy loop,
sy eie voetstappe bepaal nie.

²⁴ * Straf my, HERE, maar regverdig,
nie in u toorn nie,
sodat U my nie uitwis nie.

^f**10:20 tentdoeke:** Dit is die doeke wat in 'n nomade se tent as afskortings dien.

* **10:21** Eseg 34:1

* **10:22** Lev 26:31; Jer 6:22-23; 9:11; 24:9

* **10:23** Spr 20:24

* **10:24** Ps 6:2; 38:2

²⁵ *Stort u woede uit oor die nasies
wat U nie ken nie,
en oor geslagte
wat u Naam nie aanroep nie;
want hulle het Jakob verslind,
hulle het hom verslind
en vernietig —
sy weiding het hulle verwoes.

11

Verbreking van die verbond

¹ *Dit is die woord wat van die HERE tot Jeremia gekom het: ² “Luister na die woorde van hierdie verbond, en praat met die mense van Juda en die inwoners van Jerusalem. ³ *Sê vir hulle, ‘So sê die HERE, die God van Israel: “Vervloek is die mens wat nie luister na die woorde van hierdie verbond nie, ⁴ dit wat Ek julle voorouers beveel het op die dag toe Ek hulle uit Egipteland, uit die ystersmeltoond, uitgelei het* met die woorde, ‘Luister na my stem en tree op ooreenkomstig alles wat Ek julle beveel. Julle sal dan my volk wees, en Ek sal julle God wees, ⁵ *sodat Ek die eed gestand kan doen wat Ek vir julle voorouers afgelê het — om vir hulle 'n land te gee wat oorloop van melk en heuning, soos dit vandag is.’ ” ’ ”

Ek het daarop geantwoord en gesê: “•Amen, HERE!”

⁶ Die HERE het vir my gesê: “Roep al hierdie woorde uit in die dorpe

*10:25 Ps 79:6-7; Jer 30:16; 1 Thess 4:5; 2 Thess 1:8; Op 16:1

*11:1-8 Jer 7:21-28

*11:3 Deut 27:26; Gal 3:10

*11:4 uit Egipteland ... het: Deut 4:20

*11:5 Eks 3:8; Deut 6:3; 7:12-13; 11:9

van Juda en in die strate van Jerusalem, ‘Luister na die woorde van hierdie verbond en voer dit uit!’⁷ *Want Ek het julle voorouers uitdruklik gewaarsku, vanaf die dag toe Ek hulle uit Egipteland laat optrek het, tot vandag toe. Ek het hulle aanhoudend gewaarsku met die woorde: “Luister na my stem!”⁸ Maar hulle het nie geluister nie, en nie hulle ore oopgemaak nie. Elkeen van hulle het die verstandheid van sy bouse hart bly volg. Toe het Ek al die vervloekings van hierdie verbond^s wat Ek hulle beveel het om uit te voer, maar wat hulle nie uitgevoer het nie, oor hulle gebring.’ ”

⁹ Die HERE sê toe vir my: “Daar is 'n sameswering ontdek by die manne van Juda en die inwoners van Jerusalem. ¹⁰ Hulle het teruggekeer na die sondeskuld van hulle eerste voorouers, wat geweier het om na my woorde te luister; dit is hulle wat agter ander gode aangeloop het om dié te dien. Die huis van Israel en die huis van Juda het my verbond verbreek wat Ek met hulle voorouers gesluit het.”

¹¹ Daarom, so sê die HERE: “Kyk, Ek gaan oor hulle teenspoed bring waaraan hulle nie sal kan ontsnap nie. Hulle sal na My roep om hulp, maar Ek sal nie na hulle luister nie.* ¹² Die dorpe van Juda en die inwoners van Jerusalem sal dan gaan en om hulp roep na die gode vir wie hulle offers verbrand het, maar die gode^t sal hulle geensins kan verlos in die tyd van hulle teenspoed nie. ¹³ Ja, net soveel dorpe as wat jy het, net soveel het jou gode geword,* Juda. En net soveel strate as

* **11:6 Luister ... uit:** Rom 2:13; Jak 1:22

* **11:7** 2 Kron 36:15; Jer 7:24-25

^s**11:8 al ... verbond:** Letterlik ‘al die woorde van hierdie verbond’. Dit verwys na die vervloekings wat by die verbondsluiting uitgespreek word oor hulle wat nie die verbondsbepalings nakom nie; vgl Deut 28:15-68.

* **11:11 Hulle ... luister nie:** Spr 1:28; Jes 59:2; Eseg 8:18; Miga 3:4

^t**11:12 die gode:** Die •bronteks lui “hulle”.

* **11:13 net soveel dorpe ... geword:** Jer 2:28

wat Jerusalem het, soveel is die altare wat julle opgerig het vir die skandelike afgod^u — altare om vir Baäl offers te verbrand. ¹⁴ *En jy, jy moenie vir hierdie volk bid nie; moenie vir hulle 'n weeklag, 'n gebed opstuur nie, want Ek luister nie wanneer hulle na My roep vanweë die ramp wat hulle tref nie.

¹⁵ * “Watter reg het my beminde
in my huis om 'n bose plan
te smee?

Kan geloftes^v en heilige offervleis
jou vrywaar van teenspoed?^{w*}
Dan kon jy uitgelate wees!”

¹⁶ “Skaduryke olyfboom
met mooi gevormde
vrugte,”
het die HERE jou genoem.*
Maar te midde van 'n groot
gedruis
sal Hy dit aan die brand steek,

^u**11:13 skandelike afgod:** Die bronteks lui “skande”. Dit verwys na die afgod •Baäl.

***11:14** Jer 7:16

***11:15-17** Vgl Jer 7:1-15,21-25

^v**11:15 geloftes:** Die •Septuagint word hier gevolg. Die bronteks lui “die baie”.

^w**11:15 Kan ... teenspoed:** Die Septuagint en •Vulgaat word hier gedeeltelik gevolg. Daar is onsekerheid oor die betekenis van die bronteks, en dit word verskillend vertaal.

***11:15 Kan ... teenspoed:** Hag 2:12

***11:16 Skaduryke ... genoem:** Vgl Ps 52:10; Jes 5:1

en sy lower sal onbruikbaar wees.

¹⁷ Die HERE, Heerser oor alle magte, wat jou geplant het, het 'n ramp oor jou aangekondig weens die boosheid van die huis van Israel en die huis van Juda, die boosheid wat hulle gepleeg het om My te tart, deur vir Baäl offers te verbrand.

Jeremia se treurlied oor die sameswering

¹⁸ Die HERE self het my ingelig, sodat ek kon weet. Toe het U my laat sien waarmee hulle besig is. ¹⁹ Ek was soos 'n mak lam wat weggelei word om geslag te word.* Ek het nie geweet dat dit teen my is wat hulle planne beraam nie:

“Laat ons die boom
en sy lewensap^x vernietig;
laat ons hom afsny van die land
van die lewendes,
sodat sy naam nie meer
onthou word nie.”*

²⁰ *Maar HERE,
Heerser oor alle magte,
regverdige Regter
wat hart en niere^y toets,

* **11:19 Ek was ... te word:** Jes 53:7

^x**11:19 en sy lewensap:** Word ook vertaal “met sy vrugte”.

* **11:19 Ek het ... word nie:** Ps 83:4-5; Jer 18:18; Klaagl 3:60-61

* **11:20** Ps 7:10; 44:22; Jer 17:10; 20:12; Wys 1:6; Op 2:23

^y**11:20 hart en niere:** Letterlik ‘niere en hart’. 'n Hebreeuse idioom wat dui op 'n mens se gedagtes (verteenwoordig deur die hart) en diepste begeertes en emosies (verteenwoordig deur die niere); vgl Spr 24:12; Jer 17:10; 1 Thess 2:4; Op 2:23;

•Hart en niere.

laat ek u wraak op hulle sien,
want aan U het ek
my regsak toevertrou.

²¹ *Daarom, so sê die HERE oor die manne van Anatot* wat jou lewe soek en sê, “Jy mag nie profeteer in die Naam van die HERE nie, sodat jy nie deur ons hand sterf nie,” ²² ja, so sê die HERE, Heerser oor alle magte: “Kyk, Ek gaan van hulle rekenskap eis: Die jong manne sal sterf deur die swaard; hulle seuns en hulle dogters sal sterf van honger. ²³ *Niemand van hulle sal oorbly nie, want Ek bring onheil oor die manne van Anatot in die jaar waarin daar van hulle rekenskap geëis word. ”

12

¹ *U het die reg aan u kant, HERE,
as ek met U 'n regstryd
sou voer;
tog wil ek oor regsake
met U praat:
Waarom is die pad van goddelose
mense voorspoedig,
waarom leef almal
wat verraderlik optree, rustig?
² U het hulle geplant;
ook het hulle wortel geskiet,

* 11:21 Deut 13:1-5; Jes 30:1,10; Jer 12:6; Am 2:12

* 11:21 Anatot: Jer 1:1

* 11:23 Jer 23:12

* 12:1-4 Vgl Job 21:6-18; Ps 73:3-12; Hab 1:13

hulle het uitgespruit,
selfs vrugte gedra.

U is naby hulle monde,
maar ver van hulle binneste^z af.

³ *Maar U, HERE, U ken my;
U sien my en U toets of my hart
by U is.

Vat hulle weg soos kleinvee
wat vir slag bestem is;
sonder hulle af vir die dag
van slagting.

⁴ *Hoe lank sal die land bly verdor,
die plante van die hele veld
verdroog?

Vanweë die boosheid van hulle
wat daarin woon,
kwyn die diere en voëls weg.
Hulle sê immers:
“Hy sal ons einde
nie sien nie.”

⁵ “As jy saam met mense
te voet hardloop,
en hulle maak jou moeg,
hoe sal jy dan met perde meeding?

^z12:2 hulle binneste: Die •bronteks lui “hulle niere”. Die niere is beskou as die setel van die emosies en die gewete.

*12:3 Jak 5:5

*12:4 Jer 4:26; Hos 4:3

In 'n veilige gebied
is jy vol selfvertroue;^a
maar hoe sal jy vaar in die
kreupelbos by die Jordaan?*

⁶ Want ook jou stamgenote,
jou eie familie,
ook hulle het verraderlik
teen jou opgetree;
ook hulle roep hardop
agter jou aan.

Moet hulle nie glo
wanneer hulle vriendelik
met jou praat nie.”

God se treurlied oor Juda

⁷ * “Ek het my huis verlaat;
Ek het my eiendom prysgegee;
Ek het my sielsbeminde oorgegee
in die greep van haar vyande.

⁸ My eiendom het vir My geword
soos 'n leeu in die bos;
sy het haar stem teen My verhef;
daarom het Ek 'n weersin
in haar gekry.

^a12:5 In ... selfvertroue: Word ook vertaal “As jy in 'n veilige gebied struikel.”

*12:5 kreupelbos ... Jordaan: Jer 49:19; 50:44

*12:7 Jer 7:14; Matt 23:38

⁹ My persoonlike eiendom
is 'n boerplek van hiënas,
omring deur roofvoëls!^b
Gaan maak al die wilde diere
bymekaar,
laat hulle kom om te verslind!
¹⁰ *Talle herders het my wingerd
verniel,
hulle het my stuk grond vertrap.
Hulle het my kosbare stuk grond
'n verlate woestyn^c gemaak.
¹¹ Dit is 'n woesteny gemaak;
verlate treur dit voor My.
Die hele land lê verlate,
omdat daar niemand is
wat hulle daaraan steur nie.
¹² Oor al die kaal hoogtes^d
in die woestyn
kom verwoesters.”

Ja, die swaard van die HERE
verteer die land van hoek
tot kant.

^b**12:9 My ... roofvoëls:** Daar is onsekerheid oor die betekenis van die bronteks.
Word ook vertaal “Is my eiendom vir My 'n bont roofvoël, omring deur roofvoëls?”

^{*}**12:10** Jes 5:1,5; 63:18; Jer 6:3

^c**12:10 woestyn:** Verlate, deels onherbergsame gebied, met 'n skaarste aan
plantegroei, maar waar kleinvee kon wei.

^d**12:12 kaal hoogtes:** Daar is onsekerheid oor die betekenis van die Hebreeuse
woord. Kan ook vertaal word “woestynpaaie”; vgl Jer 3:2.

Daar is geen vrede
vir enige vlees nie.*

¹³*Hulle het koring gesaai,
maar dorings geoes;
hulle het hulleself uitgeput,
maar niks daarby gebaat nie.

Staan beskaamd
oor julle opbrengs,
vanweë die brandende toorn
van die HERE!

¹⁴* So sê die HERE: “Wat al die slegte buurvolke^e betref, hulle wat skade aanrig aan die eiendom wat Ek aan my volk Israel as erfenis gegee het, kyk, Ek gaan hulle uit hulle grondgebied uitruk, en die huis van Juda sal Ek uit hulle midde uitruk. ¹⁵* Maar nadat Ek hulle uitgeruk het, sal Ek My weer oor hulle ontferm en hulle laat terugkeer, elkeen na sy eiendom, en elkeen na sy grond. ¹⁶* As die ander volke^f die paaie van my volk goed leer ken, deur 'n eed af te lê in my Naam met die woorde, ‘So waar as die HERE leef’ — soos hulle my volk geleer het om by Baäl te sweer — sal hulle in die midde van my volk gevestig word. ¹⁷* Maar as hulle nie luister nie, sal Ek daardie nasie heeltemal uitruk en tot niet

*12:12 Daar ... vlees nie: Jes 48:22; Eseg 13:16

*12:13 Deut 28:38; Miga 6:15; Hag 1:6

*12:14 Eseg 25:6-12; Sag 2:8

^e12:14 al ... buurvolke: Die •Septuagint en •Targum word hier gevolg. Die bronteks lui “al my slegte buurvolke”.

*12:15 Deut 30:3; Jer 24:6; 30:3

*12:16 Jer 4:2

^f12:16 die ander volke: Die bronteks lui “hulle”.

*12:17 Jes 60:12

maak, ” is die uitspraak van die HERE.

13

Lendedoek as teken

¹ *So het die HERE vir my gesê: “Gaan koop vir jou 'n lendedoek⁸ van linne en bind dit om jou heupe. Moet dit nie in water laat kom nie.”

² Ek het toe die lendedoek gekoop, volgens die opdrag van die HERE, en dit om my heupe gebind.

³ Die woord van die HERE het 'n tweede keer tot my gekom: ⁴ “Neem die lendedoek wat jy gekoop het, wat om jou heupe is. Maak gereed en gaan na die Perat,^h en steek dit daar in 'n rotsskeur weg.” ⁵ Ek het gegaan en dit by die Perat weggesteek soos die HERE my beveel het.

⁶ Ná verloop van baie dae het die HERE vir my gesê: “Maak gereed, gaan na die Perat en gaan haal die lendedoek wat Ek jou beveel het om daar weg te steek.” ⁷ Ek het toe na die Perat gegaan, gegrawe en die lendedoek uit die plek gehaal waar ek dit weggesteek het. En kyk, die lendedoek het tot niet gegaan; dit het vir niks meer gedeug nie.

⁸ Toe het die woord van die HERE tot my gekom: ⁹ “So sê die HERE, ‘Net so sal Ek die hoogmoed van Juda en die buitengewone hoogmoed van Jerusalem tot niet maak.’ ¹⁰ Hierdie slegte volk, wat weier om na my woorde te luister, wat volhard in die verstardheid van hulle harte, en agter ander gode aanloop om hulle te dien en voor hulle in aanbidding te buig, sal word soos hierdie lendedoek wat vir niks meer deug nie.

*13:1-2 Vgl Jer 19:1; 27:2

⁸13:1 lendedoek: 'n Geweefde doek wat as onderkleed gedra is.

^h13:4 die Perat: 'n Dal met steil rotswande, 5 km noordoos van Anatot. Word ook vertaal “Eufraat”.

*13:9 Net ... maak: Lev 26:19; Hos 5:5

voordat julle oor julle eie voete
val

in die skemerte op die berge.

Julle sal wag op lig,

maar Hy sal dit stikdonker

laat word;

Hy sal dit 'n digte duisternis maak.*

¹⁷ Maar as julle nie hierna

luister nie,

sal ek in geheime plekke

uit my hart huil

oor julle hoogmoed.

My oë sal bitterlik ween,

en wegvloei in trane,

omdat die kudde van die HERE

gevangene geneem sal word.

¹⁸ *Sê vir die koning

en die koninginmoeder:

“Gaan sit op die grond,¹

want julle erekrone

het van julle koppe afgekom.^m

¹⁹ Die dorpe van die Negev

***13:16 Julle ... maak:** Am 5:18

***13:18** 2 Kon 24:8,12,15; Jer 22:26

¹**13:18 Gaan ... grond:** Letterlik ‘gaan sit laag’. Tydens 'n krisis het koninklikes van hulle trone afgeklim en op die grond gaan sit as 'n teken van verootmoediging.

^m**13:18 want ... afgekom:** Die •Septuagint, •Peshitta en •Vulgaat word hier gevolg. Daar is onsekerheid oor die betekenis van die •bronteks, en dit word verskillend vertaal.

is oorgelewer,
en niemand kan hulle bevry nie;
Juda in sy geheel is weggevoer
in ballingskap —
volledig weggevoer.

²⁰ *Kyk goed, Jerusalem!ⁿ

Sien hulle wat uit die noorde kom
raak!

Waar is die kudde wat aan jou
gegee is,
jou pragtige kleinvee?

²¹ Wat sal jy sê as die vyand^o
mense oor jou aanstel
wat jy self geleer het —
stamhoofde^p as gesagvoerders
oor jou?

Sal pyne jou nie beetpak
soos vir 'n vrou
wat geboorte gee nie?*

²² *Jy sal jouself dalk afvra:
Waarom het hierdie dinge

*13:20 Jer 4:6; 6:22; 10:22

ⁿ13:20 **Jerusalem:** Die naam kom nie in die bronteks voor nie, maar word veronderstel.

^o13:21 **die vyand:** Die bronteks lui “hy”. Dit verwys na die vyand wat uit die noorde kom; vgl Jer 13:20.

^p13:21 **stamhoofde:** Dit verwys na leiers van Edom (vgl Gen 36:15-43; Eks 15:15) wat aanvanklik met Juda saamgewerk het teen die vyand.

*13:21 **Sal ... gee nie:** Jer 4:31; 6:24

*13:22 Jer 5:19

my oorgekom?

Dit is oor jou groot sondeskuld
dat jou kleeed se some opgelig,
jou hakskene geweld
aangedoen^q is.*

²³ *Kan 'n Kussiet^r

sy velkleur verander
of 'n luiperd sy vlekke?

Dan sou ook julle in staat wees
om goed te doen,
julle wat gewoon is
om kwaad te doen.

²⁴ “*Ek sal julle verstrooi
soos kaf wat weggewaai word
deur 'n woestynwind.

²⁵ *Dit is jou lot, die deel
wat Ek vir jou afgemeet het,”
is die uitspraak van die HERE,
“omdat jy My vergeet het
en op leuens vertrou het.

²⁶ *Ja, op my beurt sal Ek

^q**13:22 hakskene ... aangedoen:** Dit is 'n eufemisme vir verkragting.

***13:22 Dit is ... aangedoen is:** Klaagl 1:8; Nah 3:5

***13:23** Vgl Matt 7:16-19

^r**13:23 Kussiet:** Inwoner van Kus, die naam van Nubië, 'n gebied suidoos van Egipte, vandag bekend as Soedan.

***13:24** Ps 83:14

***13:25** Rom 1:25

***13:26** Nah 3:5

jou kleed se some oplik
tot oor jou gesig,
sodat jou skaamte gesien word.

²⁷ *O, jou owerspel, jou gegil,
jou skandalige hoerery!
Op die heuwels in die veld,
het Ek jou verfoeilike dade gesien.
Wee jou, Jerusalem!
Jy sal nie rein word nie.
Hoe lank sal dit nog duur?”

14

Droogte in Juda

¹ Die woord van die HERE wat tot Jeremia gekom het na aanleiding van die groot droogte.

² *^s“Juda treur,
en sy poorte^s kwyn weg;
die mense sit in rouklere
op die grond,
'n gejammer styg
van Jerusalem af op.

³ Hulle vername mense stuur
hulle onderhoriges
om water te gaan haal.

*13:27 Jer 2:20

*14:2-6 Jer 5:20-25; Hos 4:3; Joël 1:10-12; Am 4:7-8

^s14:2 sy poorte: Dit verwys na die volk wat in die stadspoorte byeengekam het.

Hulle kom by die kuile,^t
maar kry geen water nie;
hulle kom terug met leë houers;
hulle staan beskaamd
en voel verneder;
hulle bedek hulle koppe.^u

⁴ *Vanweë die grond,
wat uitmekaar bars
omdat dit nie gereën het nie,^v
staan die landbouers beskaamd;
hulle bedek hulle koppe.

⁵ Ja, selfs wildsbokke in die veld
lam, maar gooi die lammers weg,
omdat daar geen groenigheid
is nie.

⁶ Wildedonkies staan op die kaal
hoogtes;^w
hulle snuif die lug soos jakkalse.
Hulle oë raak dof,
want daar is geen
veldplante nie.”

^t**14:3 die kuile:** In die dale rondom Jerusalem is walle gepak om afloopwater in kuile op te vang.

^u**14:3 bedek ... koppe:** Dit was 'n teken van droefheid.

^{*}**14:4** Lev 26:18-20; Jer 3:3

^v**14:4 Vanweë ... het nie:** Daar is onsekerheid oor die betekenis van die •bronteks, en dit word verskillend vertaal.

^w**14:6 kaal hoogtes:** Kan ook vertaal word “woestynpaaie”.

⁷ x^{cc}* Al getuig ons sondeskuld
teen ons,
HERE, tree op ter wille van
u Naam!

Ja, ons afvalligheid is erg;
teen U het ons gesondig.

⁸ Hoop van Israel, sy verlosser*
in tyd van nood,
waarom is U soos 'n vreemdeling
in die land,
soos 'n reisiger wat net afdraai
om te oornag?

⁹ Waarom is U soos iemand
wat onkant gevang is,
soos 'n held wat nie kan
verlos nie?
U is tog in ons midde, HERE;
U Naam is oor ons uitgeroep.
Moet ons nie aan onself
oorlaat nie!”

¹⁰ So sê die HERE oor hierdie volk:
“Hulle is tog so lief
om af te dwaal,
hulle hou nie hulle voete
in bedwang nie;

^x14:7-9 Hierdie klag word deur die profeet in die mond van die volk gelê.

*14:7 Ps 25:11; Jes 59:12

*14:8 Hoop ... verlosser: Jer 17:13

die HERE aanvaar hulle nie.

Nou gaan Hy hulle sondeskuld

in herinnering roep,

en Hy gaan rekenskap

oor hulle sondes eis.”

¹¹ *Die HERE het vir my gesê: “Moenie bid vir hierdie volk se welstand nie! ¹² Wanneer hulle vas, luister Ek nie na hulle gekerm nie; en wanneer hulle brandoffers en graanoffers bring, aanvaar Ek hulle nie. Maar met die swaard, hongersnood en pessiëkte sal Ek 'n einde aan hulle maak.”

¹³ *Toe het ek gesê: “Ag, HERE, my Heer, kyk, die profete sê vir hulle, ‘Julle sal geen swaard sien nie, en geen hongersnood lê vir julle voor nie, maar voortdurende vrede gee Ek vir julle op hierdie plek.’ ”

¹⁴ *Die HERE het toe vir my gesê: “Dit is leuens wat die profete in my Naam profeteer. Ek het hulle nie gestuur nie en hulle nie opdragte gegee nie. Ek het nie met hulle gepraat nie. Dit is 'n vals visioen, sinlose waarsêery en 'n bedrogspul uit hulle eie harte wat hulle vir julle as profesieë opdis. ¹⁵ *Daarom, so sê die HERE oor die profete wat in my Naam profeteer, terwyl Ek hulle nie gestuur het nie, hulle wat aanhou sê dat die swaard en hongersnood nie in hierdie land sal kom nie, ‘Deur die swaard en hongersnood sal daardie profete omkom. ¹⁶ *Die volk vir wie hulle profeteer, sal in die strate van Jerusalem weggegooi word deur hongersnood en die swaard. Maar daar sal niemand wees wat hulle

*14:11-12 Jes 58:3; Jer 6:20; 7:16; 9:16; Op 6:8

*14:13 Vgl Jer 4:10

*14:14 Jer 5:31; 23:21; 27:10; 29:9; Matt 7:22-23

*14:15 Jer 5:12; Miga 3:5-6

*14:16 Ps 97:3; Jer 7:33; 9:21-22

begrawe^y nie. Dit geld vir hulle, hulle vroue, hulle seuns en dogters. Ek sal hulle eie boosheid oor hulle uitstort.’

¹⁷ “Jy moet vir hulle hierdie woorde sê,
‘My oë moet dag en nag vloei
met trane,
en nie tot rus kom nie;
want deur 'n groot ineenstorting
is sy gebreek
— die jongvrou, die dogter
van my volk —
deur 'n uiters pynlike wond.*

¹⁸ * As ek uitgaan na die veld —
daar is die gesneuweldes
deur die swaard!
As ek die stad binnegaan —
daar is die lyding van die
hongersnood!
Want sowel die profete
as die priesters^z
swerf rond in 'n land
wat hulle nie ken nie.’ ”

¹⁹ Het U Juda dan heeltemal
verwerp?

^y**14:16 begrawe:** Die Hebreeuse woord verwys na 'n massabegraving; vgl Num 33:4; 1 Kon 11:15; Eseg 39:14.

***14:17 My ... wond:** Jer 8:21; 10:19

***14:18** Jer 6:25; Eseg 7:15

^z**14:18 profete ... priesters:** In geval van siekte is die hulp van profete en priesters ingeroep.

Of het U 'n hartgrondige afkeer
in Sion?

Waarom het U ons geslaan
sonder dat daar vir ons
genesing is?

Ons het gehoop op vrede,
maar daar was niks goeds nie,
op 'n tyd van herstel,
maar kyk, daar is net verskrikking.*

²⁰ * Ons erken ons goddeloosheid,
HERE,
die sondeskuld van ons voorouers.

Ja, ons het teen U gesondig.

²¹ * Moet ons nie verstoot nie,
ter wille van u Naam;
moenie u heerlike troon
ontwy nie!

Onthou tog —
moenie u verbond met ons
verbreek nie!

²² * Is daar onder die nietige afgode
van die nasies
enige een wat kan laat reën?
Of kan die hemel vanself
stortreëns gee?

* **14:19** Ons ... verskrikking: Jer 8:15; Am 5:18

* **14:20** Ps 106:6

* **14:21** Jer 14:7

* **14:22** Job 5:10; Ps 147:8; Jes 30:23; Jer 10:13; Sag 10:1-2

Is dit nie U nie, HERE ons God?
Ons wag op U,
want U is die een
wat dit alles gemaak het.

15

¹ Die HERE het vir my gesê: “Al sou Moses en Samuel voor My staan,*
sou Ek niks vir hierdie volk voel nie. Stuur hulle weg uit my
teenwoordigheid; laat hulle gaan!^a ² En as hulle vir jou vra, ‘Waarheen
moet ons gaan?’ moet jy vir hulle sê, ‘So sê die HERE:

“Wie vir die dood bestem is,
na die dood,
wie vir die swaard bestem is,
na die swaard,
wie vir hongersnood bestem is,
na die hongersnood,
en wie vir die ballingskap
bestem is,
na die ballingskap!”* ’

³ * “Ek sal vier soorte vernietigers^b teen hulle opkommandeer,” is die
uitspraak van die HERE, “die swaard om dood te maak, honde om weg te
sleep, die voëls van die hemel en die diere van die aarde om te verslind

* **15:1 Al ... staan:** Eks 32:11-14; 1 Sam 7:8-11; Ps 99:6; 106:23

^a **15:1 Stuur ... hulle gaan:** Die volk was waarskynlik in die tempel om hulle voor
God te verootmoedig.

* **15:2 Wie ... na die ballingskap:** Jer 43:11; Op 13:10

* **15:3** Op 6:8

^b **15:3 vernietigers:** Die woord kom nie in die •bronteks voor nie, maar word
veronderstel.

en te verdelg. ⁴*Ek sal van hulle 'n skrikwekkende voorbeeld maak vir al die koninkryke van die aarde vanweë Manasse, die seun van Hiskia, die koning van Juda — oor dit wat hy in Jerusalem gedoen het.*”

⁵“*Ja, wie sal hom oor jou
ontferm, Jerusalem?

Wie sal met jou meegevoel hê?

Wie sal afdraai om te vra
hoe dit met jou gaan?

⁶Jy is die een wat My
versaak het,”
is die uitspraak van die HERE.

“Jy het My die rug toegekeer.

Toe het Ek my hand teen jou
uitgesteek
en jou vernietig.

Ek was moeg daarvoor
om jammer te kry.

⁷Ek het hulle met 'n hooivurk
uitgewan
in die poorte van die land.

Ek het my volk kinderloos
gemaak,
hulle tot niet gemaak.

Maar van hulle paaie
draai hulle nie terug nie.

*15:4 Jer 29:18

*15:4 Manasse ... gedoen het: 2 Kon 21:1-17; 2 Kron 33:1-10

*15:5 Jes 51:19; Klaagl 1:12

⁸ My volk se^c weduwees is meer
as die sand langs die oseane.
Ek bring oor my volk,^d
oor die moeder^e van jong manne,
'n verwoester op die middaguur.
Ek laat ontsteltenis, 'n verskriklike
lot, haar onverwags oorval.

⁹ Sy wat sewe in die wêreld
gebring het,
sal wegkwyn,
sy sal na haar asem snak.
Haar son sal ondergaan
terwyl dit nog dag is;
sy sal beskaamd staan,
verleë wees.

Wat van hulle oorbly,
sal Ek aan die swaard oorgee
voor hulle vyande,”
is die uitspraak van die HERE.

Jeremia se klagte oor sy lewenslot

¹⁰ *Wee my! Ag, my moeder,^f
dat u my in die wêreld gebring het* —

^c15:8 My ... se: Die bronteks lui “sy”.

^d15:8 my volk: Die bronteks lui “hulle”.

^e15:8 die moeder: Dit verwys waarskynlik na Jerusalem. Word ook vertaal “moeders”.

*15:10-21 Vgl Jer 1:4-10,17-19

^f15:10 Wee ... moeder: Letterlik ‘Wee my, my moeder’.

*15:10 Wee ... gebring het: Jer 20:14

'n man wat aankla en stryd voer
met die hele land!

Ek het nie uitgeleen nie,
en hulle het nie aan my
geleen nie,
maar almal vervloek my.

¹¹ Die HERE het gesê:

“Waarlik,^g

Ek sal jou onversetlik maak
tot jou beswil;
waarlik, Ek sal vir jou
by die vyand intree
in tye van onheil en nood.

¹² *Kan iemand yster breek,
yster uit die noorde, of koper?^h

¹³ i[“]* Jou rykdom en skatte sal Ek
as buit gee, nie vir geld nie,
maar as die prys vir al jou sondes,
en as die prys vir jou hele
grondgebied.

^g**15:11 Waarlik:** Hierdie woord kom nie in die bronteks voor nie, maar word veronderstel as deel van 'n eed wat God teenoor Jeremia aflê; •Eed.

***15:12** Jer 1:13

^h**15:12 Kan ... koper:** God het onderneem om Jeremia so sterk soos yster en koper te maak teen die aanvalle van volksgenote; vgl Jer 1:18. Goeie kwaliteit yster is uit die noorde ingevoer.

ⁱ**15:13-14** Hierdie verse is waarskynlik gerig tot die goddelose koning Manasse (vgl Jer 15:4), en onderbreek die gesprek tussen God en Jeremia.

***15:13-14** Jer 16:13; 17:3-4

¹⁴ Ek sal jou 'n slaaf maak^j
van jou vyande
in 'n land wat jy nie ken nie;
want 'n vuur, aangesteek
in my toorn,
sal telkens teen julle opvlam.”

¹⁵ U weet dit self, HERE.
Dink aan my, sien om na my,
wreek my op my vervolgers.
Moet my nie wegneem
ter wille van u geduld
met ander nie.^k

Besef tog dat ek oor U
bespotting moet verduur.*

¹⁶ Toe u woorde gevind is,
het ek hulle verslind.^l
U woorde was vir my 'n vreugde,
'n genot vir my hart.*

U Naam is immers
oor my uitgeroep,*

^j15:14 **jou ... maak:** Verskeie Hebreeuse mss, die •Septuagint en •Peshitta word hier gevolg. Die bronteks lui “laat deurtrek”; vgl ook Jer 17:4.

^k15:15 **Moet ... ander nie:** Daar is onsekerheid oor die betekenis van die bronteks en dit word verskillend vertaal. Die woorde “met ander” kom nie in die bronteks voor nie.

*15:15 **Besef ... verduur:** Ps 69:8

^l15:16 **Toe ... verslind:** Die beeld is dié van iemand wat op 'n heuningnes afkom.

*15:16 **Toe ... hart:** Vgl Eseg 3:1-3; Op 10:9-10

*15:16 **U naam ... uitgeroep:** Jer 14:9

HERE, die God wat Heerser is
oor alle magte!

¹⁷ *Ek het nie in die kring
van uitbundiges gesit nie,
en ek was nie uitgelate nie.
Vanweë u hand het ek alleen gesit,
want U het my met u gramskap
gevol.

¹⁸ Waarom is my pyn
onophoudelik?
Waarom is my wond ongeneeslik,
wil dit nie gesond word nie?
U het inderdaad vir my geword
soos 'n bedrieglike stroom water
wat nie standhoudend is nie.

¹⁹ Daarom, so sê die HERE:
“As jy jou bekeer,
en Ek jou toelaat om jou te bekeer,
sal jy in my diens staan.
As jy woorde wat waardevol is,
uitspreek,
en nie wat waardeloos is nie,
sal jy weer my segsman wees.*
Hulle moet na jou terugkeer —
jy moet nie na hulle terugkeer nie.

*15:17 Jer 16:8; Klaagl 3:28

*15:19 sal jy weer ... wees: Jer 1:9

²⁰* Ek sal jou vir hierdie volk
'n versterkte stadsmuur
van koper maak.
Hulle sal teen jou veg,
maar nie die oorhand
oor jou kry nie;
want Ek is met jou
om jou te verlos
en jou te red,”
is die uitspraak van die HERE.

²¹ “Ek sal jou red uit die hand
van slegte mense,
jou bevry uit die greep
van geweldenaars.”

16

Jeremia se onthouding as teken

¹ Die woord van die HERE het tot my gekom: ² “Jy mag nie vir jou 'n vrou neem nie, en jy mag nie seuns of dogters hê in hierdie plek nie.”

³ Want so sê die HERE oor die seuns en dogters wat in hierdie plek gebore word, en oor hulle ma's wat hulle in die lewe bring, en oor hulle pa's wat hulle in hierdie land verwek: ⁴ * “Aan dodelike siektes sal hulle sterf, maar daar sal nie oor hulle gerou word nie, en hulle sal nie begrawe word nie. Hulle sal mis op die landerye word. Of hulle sal deur die swaard en hongersnood omkom, en dan sal hulle lyke kos wees vir die voëls van die hemel en die diere van die aarde.”

* **15:20** Jer 1:18-19

* **16:4** Deut 28:26; Jer 8:2; 25:33; 34:20

⁵ Ja, so sê die HERE: “Moenie 'n huis waar 'n begrafnismaaltyd gehou word, binnegaan nie; moenie daar ingaan om te rou nie, en moenie meegevoel met hulle betuig nie. Want Ek het my vrede aan hierdie volk onttrek,”* is die uitspraak van die HERE, “my^m troue liefde en ontferming.

⁶ Groot en klein sal sterf in hierdie land, sonder om begrawe te word. Mense sal nie oor hulle rou nie, en niemand sal homself stukkend kerf of sy kop kaal skeerⁿ vir hulle nie. ⁷ Mense sal nie vir hulle brood breek by 'n rouseremonie om iemand te troos oor 'n dooie nie. Mense sal hulle nie laat drink uit 'n beker as troos oor 'n pa of 'n ma nie.

⁸ “'n Huis waar fees gevier word, mag jy nie binnegaan om saam met hulle aan te sit om te eet en te drink nie.” ⁹*Want so sê die HERE, Heerser oor alle magte, die God van Israel: “Kyk, Ek gaan in hierdie plek, voor julle oë en in julle lewensdae, die geluid van vrolikheid en vreugde, die stem van die bruidegom en die stem van die bruid, uitdoof.

¹⁰ “*Wanneer jy al hierdie woorde aan hierdie volk bekend maak, sal hulle jou vra, ‘Waarom het die HERE al hierdie groot rampe oor ons aangekondig? Wat is ons sondeskuld en wat is ons sonde waarmee ons teen die HERE ons God gesondig het?’ ¹¹ Dan moet jy vir hulle sê, ‘Omdat julle voorouers My verlaat het,’ is die uitspraak van die HERE, ‘en agter ander gode aan geloop het, hulle gedien en voor hulle in aanbidding gebuig het. Hulle het My verlaat; my wet het hulle nie nagekom nie. ¹²*En julle het julle nog slegter gedra as julle voorouers.

*16:5 Moenie ... onttrek: Vgl Eseg 24:16-17,22-23

^m16:5 my: Die woord ontbreek in die •bronteks, maar word veronderstel.

ⁿ16:6 homself ... kaal skeer: Dit was heidense rougebruike; vgl Lev 19:27-28; 21:5; Deut 14:1; Hos 7:14.

*16:9 Jer 7:34; 25:10; Op 18:23

*16:10 Deut 29:24; Jer 5:19

*16:12 Jer 7:26

Kyk, julle volg elkeen die verstardheid van sy bese hart deur nie na My te luister nie! ¹³ *Ek sal julle dan wegwerp uit hierdie land na 'n land wat julle en julle voorouers nie geken het nie. Daar sal julle ander gode dien, dag en nag, want Ek sal nie deernis met julle hê nie.'

¹⁴ °“En tog: Kyk, daar kom dae,” is die uitspraak van die HERE, “dat daar nie meer gesê sal word, ‘So waar as die HERE leef wat die Israëliete uit Egipteland laat optrek het* nie!’ ¹⁵ maar ‘So waar as die HERE leef wat die Israëliete uit 'n land in die noorde laat optrek het, en uit al die lande waarheen Hy hulle verdryf het!’ Ja, Ek sal hulle terugbring na hulle grond wat Ek aan hulle voorouers gegee het.*

¹⁶ “*Kyk, Ek gaan baie vissers ontbied,” is die uitspraak van die HERE, “en hulle sal hulle vang. Daarna sal Ek baie jagters ontbied, en hulle sal op hulle jag maak^p op elke berg en elke heuwel, en selfs in die rotsskeure. ¹⁷ *Want my oë is gerig op al hulle paaie; dit is nie vir My verberg nie. Hulle ongeregtigheid is nie vir my oë verborge nie. ¹⁸ *Ek gaan hulle dubbeld laat betaal^q vir hulle sondeskuld en hulle sondes, omdat hulle my land onheilich het met die geraantes van hulle verfoeilike en afstootlike afgode; hulle het my eiendom vol gemaak daarmee.”

*16:13 Deut 4:26-28; 28:36,63-65; Jer 15:14; 17:4

°16:14-15 Hierdie verse kom ook voor in Jer 23:7-8 en is waarskynlik hier ingevoeg, aangesien dit die oordeelswoorde in Jer 16:10-18 onderbreek.

*16:14 wat ... optrek het: Eks 20:2

*16:15 grond ... gegee het: Eks 13:5

*16:16 Vgl Am 4:2; Hab 1:14-17

^p16:16 jag maak: Letterlik ‘jag maak weg van elke berg’, met ander woorde, “jag maak om heeltemal uit te roei”.

*16:17 Job 34:21-22; Heb 4:13

*16:18 Jer 2:7; 17:18; Op 18:6

^q16:18 dubbeld ... betaal: Letterlik ‘(die) eerste en die tweede’. Volgens Eks 22:4 moes die skade wat gedoen is (die eerste) dubbeld (die tweede) vergoed word.

¹⁹ HERE, my sterkte,
my beskutting,
my toevlugsoord in die dag
van nood,
na U sal nasies kom van die
uithoeke van die aarde af.
Hulle sal sê: “Net leuens
het ons voorouers geërf —
nietige afgode,
en onder hulle is daar nie een
wat enigiets kan bied nie.*”

²⁰ “*Kan 'n mens vir hom gode
maak?
Dit is tog geen gode nie!*

²¹ “Daarom, kyk, hierdie keer gaan Ek hulle dit laat besef; Ek sal maak
dat hulle my mag, my geweldige krag, leer ken, en hulle sal besef dat
my Naam HERE is.”

17

Juda se volgehoue sonde

¹ “Die sonde van Juda is opgeteken
met 'n ysterpen,
met 'n diamantpunt;

*16:19 nietige ... bied nie: Jes 44:10

*16:20 Jes 40:19-20; 42:8

*16:19-20 na U ... gode nie: Jes 45:14; Rom 1:25

dit is ingegraveer op die tafels
van hulle harte
en op die horings
van hulle altare.

²Net soos hulle aan hulle kinders
dink,
dink hulle aan hulle altare
en asjeras^s by skaduryke bome
op die hoë heuwels.

³My berg in die oop veld,
jou rykdom, al jou skatte,
sal Ek as buit gee —
jou offerhoogtes^t in ruil
vir die sonde
in jou hele grondgebied.

⁴Jy sal deur jou eie toedoen
moet afstand doen van jou erfenis
wat Ek vir jou gegee het.
Ek sal jou die slaaf
van jou vyande maak
in 'n land wat jy nie ken nie;
want 'n vuur is aangesteek^u

^r17:2-4 Daar is onsekerheid oor die betekenis van hierdie verse, en dit word verskillend vertaal. Dit kom grootliks ooreen met Jer 15:13-14 en is gerig tot Juda.

^s17:2 **asjeras**: Voorwerpe wat in die Baälgodsdienst gedien het as simbool van die moedergodin Asjera; •Baäl.

^t17:3 **offerhoogtes**: Heiligdomme op heuwels, waar daar geboue kon wees, maar soms net altare.

^u17:4 **is aangesteek**: 'n Aantal Hebreeuse mss en mss van die •Septuagint asook die •Targum word hier gevolg. Die •bronteks lui “julle het aangesteek”.

in my toorn —
vir altyd sal dit brand.”

⁵ So sê die HERE:

“Vervloek is die man
wat op mense vertrou,
wat in mense sy krag vind,^v
maar sy hart draai van die HERE
weg.

⁶ Hy sal wees soos 'n jeneverstruik
in die Araba;^w
hy sal dit nie opmerk
wanneer die goeie kom nie.
Hy sal tuis wees op dor plekke
in die woestyn,^x
op brak grond waar niemand
woon nie.

⁷ Geseënd is die man
wat op die HERE vertrou,
wie se vertrou die HERE is.

⁸ Hy sal wees soos 'n boom
wat geplant is langs water,
wat sy wortels uitstoot
na die voor.

Hy merk nie eers op

^v**17:5 in ... vind:** Die Hebreuse idioom lui “vlees tot sy arm maak”.

^w**17:6 die Araba:** Dit verwys hier na die dor vlakte suid van die Dooie See.

^x**17:6 woestyn:** Verlate, deels onherbergsame gebied, met 'n skaarste aan plantegroei, maar waar kleinvee kon wei.

dat die hitte kom nie;
sy blare bly groen.
In 'n jaar van droogte
raak hy nie angstig nie,
en hy hou nie op om vrugte
te dra nie.”

⁹ Die hart is bedriegliker as alles;
dit is ongeneeslik.

Wie kan die hart verstaan?

¹⁰ * “Ek, die HERE, deursoek

harte

en toets niere,^y

om elkeen te vergeld

volgens sy optrede,

volgens die vrug van sy dae.”

¹¹ 'n Patrys wat eiers uitbroei

wat sy nie gelê het nie,

so is iemand wat rykdom verwerf,

maar nie met eerlikheid nie.

Teen die helfte van sy dae verlaat

dit hom;

en aan sy einde sal hy

'n dwaas wees.

* **17:10** 1 Pet 1:17; Op 2:23; 20:12-13; 22:12

^y**17:10 harte ... niere:** Die hart is in Hebreeus die setel van die gedagtes, en die niere die setel van die emosies; vgl Spr 24:12; Jer 17:10; 1 Thess 2:4; Op 2:23;

•Hart en niere.

¹² 'n Roemryke troon,
verhewe van die begin af,
is die plek van ons heiligdom.

¹³ HERE, die hoop van Israel,
almal wat U verlaat,
sal beskaamd staan.

“Ja, wie van My af wegdraai,
sal in grond^z geskryf word,
omdat hulle die fontein
van lewende water,
die HERE, verlaat het.”

¹⁴ Maak my gesond HERE,
en ek sal gesond wees.
Verlos my,
en ek sal verlos wees,
want U is my lof.

¹⁵ Kyk, hulle vra telkens vir my:

“Waar bly die woord
van die HERE?

Dit moet tog gebeur!”

¹⁶ Ek, daarenteen, het nie
by U daarop aangedring
om nie 'n herder vir U
te wees nie;
die noodlottige dag begeer ek nie.

^z17:13 in grond: Dit wat geskryf is, sal vinnig verdwyn.

U weet self wat oor my lippe

gekom het;

dit was in u teenwoordigheid.

¹⁷ Moenie vir my 'n verskrikking

word nie!

U is my skuilplek op die dag

van onheil.

¹⁸ Laat hulle wat my vervolg,

beskaamd staan;

maar moenie dat ek die een is

wat beskaamd staan nie!

Laat hulle dié wees

wat vreesbevange is;

maar moenie dat ek die een is

wat vreesbevange is nie!

Bring oor hulle die dag van onheil,

en verpletter hulle met 'n dubbele

slag!

Heiliging van die Sabbat

¹⁹ So het die HERE vir my gesê: “Gaan staan by die Volkspoort,^a waar die konings van Juda ingaan en uitgaan, en ook by al die poorte van Jerusalem,²⁰ en sê vir hulle, ‘Hoor die woord van die HERE, konings van Juda, die hele Juda en al die inwoners van Jerusalem wat deur hierdie poorte ingaan:²¹ *’“So sê die HERE, ‘Wees uit vrees vir julle lewens versigtig! Moenie vrag dra op die Sabbatdag en dit deur die poorte van

^a**17:19 die Volkspoort:** Waarskynlik die stadspoort naby die paleis, ook genoem die Perdepoort; vgl 2 Kron 13:15; Jer 31:40.

***17:21** Joh 5:10

Jerusalem inbring nie. ²² *Moenie 'n vrag uit julle huise dra op die Sabbatdag nie, en moenie enige werk doen nie. Hou die Sabbatdag heilig, soos Ek julle voorouers beveel het. ²³ Hulle het nie geluister nie, nie hulle ore oopgemaak nie. Hulle was hardnekkig deur nie te luister en nie vermaning te aanvaar nie. ²⁴ As julle goed na My luister,' is die uitspraak van die HERE, 'deur nie 'n vrag deur die poorte van hierdie stad te dra op die Sabbatdag nie, en deur die Sabbatdag heilig te hou en nie enige werk op dié dag te doen nie, ²⁵ sal konings en bevelvoerders wat troonopvolgers van Dawid is, deur die poorte van hierdie stad ingaan — hulle wat op strydwaens en op perde ry, hulle en hulle bevelvoerders, die manne van Juda en die inwoners van Jerusalem — en hierdie stad sal altyd bewoon word. ²⁶ Hulle sal uit die dorpe van Juda kom, uit die gebiede rondom Jerusalem, uit die landstreek Benjamin, uit die Sjefela,^b die bergland en die Negev,^c terwyl hulle brandoffers, maaltydoffers, graanoffers en wierook bring, en dank betuig in die huis van die HERE. ²⁷ Maar as julle nie na My luister om die Sabbatdag heilig te hou nie, deur vrag te dra en by die poorte van Jerusalem in te gaan op die Sabbatdag, sal Ek 'n vuur aansteek in haar poorte wat die vestings^d van Jerusalem sal verteer en wat nie geblus sal word nie.' ” ’ ”

*17:22 Deut 5:12-15

^b17:26 **Sjefela:** Die laerliggende heuwellandskap wes van die sentrale bergland in Palestina.

^c17:26 **die Negev:** Die dorre, onherbergsame landskap suid van Kanaän — algemeen geassosieer met die Sinai-skiereiland. “Negev” word in Hebreeus ook gebruik as 'n rigtingaanduiding, naamlik “suide, suidwaarts”.

^d17:27 **vestings:** Versterkte paleise of woonplekke van konings en die hoëlui.

Pottebakker en klei

¹ Dit is die woord wat van die HERE tot Jeremia gekom het: ²*“Maak gereed en gaan af na die pottebakker se huis; daar sal Ek jou my woorde laat hoor.” ³ Ek het toe afgegaan na die pottebakker se huis; hy was juis besig om iets op die pottebakkerswiel^e te maak. ⁴ Maar die houer wat hy besig was om van klei te maak, het onder die hand van die pottebakker misluk. Hy het toe 'n ander houer gemaak, soos die pottebakker dit goed gedink het om te maak.

⁵ Toe het die woord van die HERE tot my gekom: ⁶*“Is Ek nie in staat om soos hierdie pottebakker met julle te maak nie, huis van Israel?” is die uitspraak van die HERE. “Kyk, soos klei in die hand van die pottebakker, so is julle in my hand, huis van Israel. ⁷*Een keer dreig Ek om 'n nasie en 'n koninkryk uit te ruk, af te breek en ten gronde te laat gaan. ⁸*Maar as daardie nasie teen wie Ek die bedreiging uitgespreek het, hom bekeer van sy boosheid, sal Ek jammer wees oor die onheil wat Ek beplan het om hom aan te doen. ⁹'n Ander keer sê Ek oor 'n nasie en 'n koninkryk dat Ek dit sal bou en plant. ¹⁰ Maar as hy doen wat verkeerd is in my oë deur nie te luister na my stem nie, sal Ek jammer wees oor die goeie wat Ek gedink het om aan hom te doen. ¹¹ Sê dan nou tog vir die mense van Juda en die inwoners van Jerusalem, ‘So sê die HERE: “Kyk, Ek maak onheil gereed vir julle, en beraam planne teen julle. Draai tog terug, elkeen van sy

*18:2-3 Vgl Jer 19:1-2

^e18:3 pottebakkerswiel: Letterlik ‘twee klippe’. Dit het bestaan uit twee ronde skywe wat aan mekaar geheg was. Die onderste skyf is met die voete in die rondte gedraai.

*18:6 Jes 29:16; Rom 9:21

*18:7,9 Jer 1:10

*18:8 Jer 26:3,13,19; Eseg 18:21-24; Jona 3:10

verkeerde pad, en laat julle doen en late^f goed wees.” ’ ¹²*Maar hulle sal sê,
‘Tevergeefs! Want ons eie planne wil ons volg, en elkeen van ons wil
volgens die verstandheid van sy eie bose hart optree.’ ”

¹³ “ ‘ “Daarom,” so sê die HERE,

“Doen maar navraag

by die nasies:

Wie het van so iets gehoor?*

Die jongvrou Israel het 'n vreeslik
afskuwelike ding gedoen.

¹⁴ *Verdwyn sneeu ooit

van die rotsagtige hange

van die Libanon?

Of raak die vreemde koel water

wat vloei ooit gedaan?

¹⁵ Tog het my volk My vergeet

en vir nuttelose afgode

offers verbrand.

Dié het hulle laat struikel

op hulle paaie,

op die ou roetes,

sodat hulle op weë gegaan het

wat nie opgevol is nie,*

¹⁶ * om so hulle land 'n skrikbeeld,

^f**18:11 julle doen en late:** Letterlik ‘julle paaie en julle dade’.

***18:12** Jer 2:25; 7:24

***18:13 Doen ... gehoor:** Vgl Jer 2:10-12

***18:14-15** Jer 2:32

***18:15 Dié ... is nie:** Jer 6:16

***18:16** 1 Kon 9:8; Jer 19:8; Klaagl 2:15-16; Matt 27:39

die rede vir^g 'n ewige gefluit^h
te maak.

Elkeen wat daar verbygaan,
sal verslae wees en sy kop skud.

¹⁷ Soos 'n oostewind sal Ek hulle
verstrooi voor vyande.*

Met die nek en nie
met die gesig nie,
sal Ek hulle aankyk
op die dag van hulle teenspoed.” ’ ’ ”

Bedreiging van Jeremia se lewe

¹⁸ Toe sê hulle: “Kom, laat ons planne beraam teen Jeremia,* want onderrig deur priesters, raad van wyses en openbarings deur profete sal nie verlore wees nie. Kom ons val hom aan met die tong, sodat ons nie verder aandag aan sy woorde hoef te gee nie.*”

¹⁹ Slaan ag op my, HERE!

Hoor wat sê my aanklaers!

²⁰ *Moet goed dan met kwaad
vergeld word?

^g**18:16 die rede vir:** Hierdie woorde kom nie in die •bronteks voor nie, maar word veronderstel.

^h**18:16 ewige gefluit:** Verwys waarskynlik na die geloof dat bese geeste wat in ruïnes skuil, deur 'n gefluit of gesis afgeweer kan word. Dit kan moontlik ook verbasing uitdruk, of 'n spottende gebaar wees.

***18:17 Soos ... vyande:** Jer 13:24

***18:18 laat ... Jeremia:** Jer 11:19

***18:18 Kom ... gee nie:** Jer 2:8; 5:13,31; 6:13

***18:20** Ps 35:7,12

Want hulle het vir my
'n vangkuil gegrawe.

Onthou dat ek voor U gestaan het
om vir hulle 'n goeie woord
te doen,
om u woede van hulle
af te keer.

²¹ *Daarom, gee hulle kinders oor
aan hongersnood,
lewer hulle oor aan die mag
van die swaard.

Laat hulle vroue kinderloos
en weduwees word,
en laat hulle mans slagoffers word
van die pessiëkte;
laat hulle jongmanne in die oorlog
deur die swaard verslaan word.

²² Laat daar 'n geskreeu om hulp
gehoor word uit hulle huise
wanneer U onverwags troepe
op hulle afstuur.

Hulle het immers
'n vangkuil gegrawe
om my te vang,
en in die geheim vangnette
vir my voete gestel.

*18:21-22 Vgl Ps 109:9-20

²³ Maar U HERE, U ken hulle hele
moorddadige plan teen my.*

Moet hulle sondeskuld

nie bedek nie;

hulle sondes moet U nie voor U

uitwis nie.

Laat hulle tot 'n val kom voor U;

tree teen hulle op in die tyd

van u toorn.*

19

Gebreekte kruik as teken

¹ *So het die HERE vir myⁱ gesê: “Gaan koop 'n kruik by 'n pottebakker; van die oudstes van die volk en die oudstes van die priesters moet by wees.^j ² Gaan dan uit na die dal van Ben-Hinnom* by die ingang na die Potskerfpoort^k en verkondig daar die woorde wat Ek vir jou sê. ³ Jy moet sê, ‘Hoor die woord van die HERE, konings van Juda en inwoners van Jerusalem! So sê die HERE, Heerser oor alle magte, die God van Israel: “Kyk, Ek gaan onheil bring oor hierdie plek, sodat elkeen wat dit hoor, se ore sal tuit.* ⁴ Want hulle het My verlaat, hierdie plek geskend

*18:23 U ken ... my: Jer 20:2; 37:15

*18:23 Moet ... toorn: Vgl Neh 4:5

*19:1 Vgl Jer 18:2

ⁱ19:1 vir my: Verskeie Hebreëuse mss en van die vroeë vertalings word hier gevolg. Die woorde kom nie in die •bronteks voor nie.

^j19:1 moet by wees: Hierdie woorde kom nie in die bronteks voor nie, maar word veronderstel.

*19:2 dal van Ben-Hinnom: Jer 7:31

^k19:2 Potskerfpoort: Dit is dieselfde as die Aspoort; vgl Neh 2:13; 3:13; 12:31.

*19:3 Kyk ... tuit: 1 Sam 3:11; 2 Kon 21:12

en daarin offers verbrand vir ander gode wat hulle, hulle voorouers en die konings van Juda nie geken het nie. Hulle het hierdie plek gevul met die bloed van onskuldiges. ⁵*Hulle het offerhoogtes¹ vir Baäl gebou om hulle seuns as brandoffers vir Baäl te verbrand — iets wat Ek nie beveel of gesê het nie, en wat nie in my gedagtes opgekom het nie. ⁶Daarom, kyk, daar kom dae,” ’ is die uitspraak van die HERE, ‘ “dat hierdie plek nie meer Tofet^m en Dal van Ben-Hinnom genoem sal word nie, maar Moorddal. ⁷ Ek sal Juda en Jerusalem se planne op hierdie plek verydel; Ek sal hulle deur die swaard voor hulle vyande laat val, en deur die hand van dié wat hulle lewens soek. Ek sal hulle lyke as voedsel gee vir die voëls van die hemel en die diere van die aarde. ⁸* Ek sal hierdie stad 'n skrikbeeld en die rede virⁿ 'n gefluit^o maak. Elkeen wat by haar verbygaan, sal verslae wees en fluit oor al haar wonde. ⁹* Ek sal hulle die vleis van hulle seuns en dogters laat eet; en hulle sal mekaar se vleis eet tydens die beleg en die teistering waarmee hulle vyande en die mense wat hulle lewens soek, hulle sal teister.” ’

¹⁰ “Jy moet dan die kruik breek voor die oë van die manne wat saam met jou gaan. ¹¹ Jy moet vir hulle sê, ‘So sê die HERE, Heerser oor alle

***19:5-7** Lev 18:21; Deut 17:3; Jer 7:31-33; 32:35

¹**19:5 offerhoogtes:** Heiligdomme op heuwels, waar daar geboue kon wees, maar soms net altare.

^m**19:6 Tofet:** Dit verwys na die kultiese plek tussen die valleie van Hinnom en Kidron waar kinders aan die afgod Molek geoffer is.

***19:8** Jer 18:16; 49:17

ⁿ**19:8 die rede vir:** Hierdie woorde kom nie in die bronteks voor nie, maar word veronderstel.

^o**19:8 gefluit:** Verwys waarskynlik na die geloof dat bose geeste wat in ruïnes skuil, deur 'n gefluit of gesis afgeweer kan word. Dit kan moontlik ook verbasing uitdruk, of 'n spottende gebaar wees.

***19:9** Vgl Lev 26:29; Deut 28:53-57; 2 Kon 6:28-29; Klaagl 4:10; Eseg 5:10

magte: “Só sal Ek hierdie volk en hierdie stad breek — soos mens die kleipot van 'n pottebakker breek, sodat dit nie weer heelgemaak kan word nie.* In Tofet sal mense begrawe word weens gebrek aan begraafplek.¹² Dit sal Ek aan hierdie plek en sy inwoners doen,” ’ is die uitspraak van die HERE, ‘ “om hierdie stad soos Tofet te maak.¹³ *Die huise van Jerusalem en die huise van die konings van Juda sal, wat onreinheid betref, soos die plek Tofet word — ja, al die huise waar hulle op die dakke offers verbrand het vir al die hemelliggame, en drankoffers uitgegiet het vir ander gode.” ’ ”

¹⁴ Jeremia het van Tofet af, waarheen die HERE hom gestuur het om te profeteer, gekom en in die voorhof van die huis van die HERE gaan staan. Hy het vir die hele volk gesê:¹⁵ “So sê die HERE, Heerser oor alle magte, die God van Israel, ‘Kyk, Ek gaan oor hierdie stad en al haar dorpies al die onheil bring wat Ek oor haar uitgespreek het, want hulle was hardnekkig deur nie na my woorde te luister nie.’ ”

20

Mishandeling van Jeremia

¹ Die priester Pasgur, seun van Immer* — hy was die hoofopsiener in die •tempel van die HERE — het Jeremia hierdie woorde hoor profeteer.*

² *Pasgur het toe die profeet Jeremia geslaan en hom in die blok^p gesit

*19:11 Só ... word nie: Ps 2:9; Jes 30:14

*19:13 Jer 7:18; Hand 7:42

*19:15 want ... luister nie: Jer 7:26; vgl Deut 9:13

*20:1 Pasgur ... Immer: Neh 7:40-41

*20:1 het ... profeteer: Jer 19:14-15

*20:2 Vgl Heb 11:36

^p20:2 blok: Dit was twee houtbalke met ooreenstemmende openinge in. Die enkels van die gevangene is daarin vasgeklem.

wat by die boonste Benjaminpoort^q was in die huis van die HERE. ³ Toe Pasgur Jeremia die volgende dag uit die blok uithaal, sê Jeremia vir hom: “Die HERE noem jou nie Pasgur nie, maar Magor-Missabieb.^r ⁴ Want so sê die HERE, ‘Kyk, Ek gaan jou 'n verskrikking maak vir jouself en vir al jou vriende. Hulle sal deur die swaard van hulle vyande val terwyl jou oë dit aanskou. Die hele Juda gee Ek oor in die hand van die koning van Babel. Hy sal hulle na Babel wegvoer en met die swaard ombring. ⁵ Ek sal al die voorraad van hierdie stad, al haar produkte, al haar kosbaarhede en al die skatte van die konings van Juda oorgee in die hand van hulle vyande. Hulle sal dit buitmaak, dit wegvat en na Babel neem. ⁶ En jy Pasgur, en al die inwoners van jou huis, sal in gevangenskap gaan. In Babel sal jy aankom, daar sal jy sterf, en daar sal jy begrawe word, jy en al jou vriende vir wie jy leuens geprofeteer het.’ ”

Jeremia se worsteling

⁷ *U het my mislei, HERE,
en ek het my laat mislei.

U het my oorweldig,

U het die oorhand gekry.

Ek word uitgelag, die hele dag;

almal dryf die spot met my.*

⁸ Want telkens wanneer ek praat,

moet ek dit uitskreeu.

“Geweld!” en “verdrukking!”*

^q20:2 die boonste Benjaminpoort: Dit was die noordelike ingang na die voorhof van die tempel.

^r20:3 Magor-Missabieb: Die naam beteken ‘verskrikking aan alle kante’.

*20:7-10 Jer 15:10

*20:7 Ek ... my: Klaagl 3:14

*20:8 Geweld en verdrukking: Jer 6:7

roep ek uit.

Ja, die woord van die HERE
het vir my tot bespotting
en hoon geword,
die hele dag lank.

⁹ *Ek het al gesê:

“Ek sal nie aan Hom dink nie,
nie meer in sy Naam
iets sê nie.”

Maar dan word dit in my hart
soos 'n vuur wat brand,
vasgevang in my gebeente!

Ek het my moeg gemaak
om dit binne te hou,
maar ek kon nie.

¹⁰ * Ja, ek het die geskimp van baie
gehoor:

“Verskrikking aan alle kante!^s

Neem kennis!

Ons sal dit bekend maak!”^t

Al my sogenaamde vriende
verwag my val:

“Miskien kan hy mislei word,
sodat ons die oorhand oor hom

*20:9 Job 32:19-20; Ps 39:3-4; Jer 23:29; 1 Kor 9:16

*20:10 Ps 31:14

^s20:10 **Verskrikking ... kante:** Vgl voetnoot by Jer 20:3.

^t20:10 **Verskrikking ... maak:** Die publiek dryf die spot met Jeremia se waarskuwings. Die •bronteks kan ook anders vertaal word.

kan kry
en ons op hom kan wreek.”

¹¹ Maar die HERE is by my,
soos 'n vreesaanjaende
krygsheld.

Daarom sal my vervolgers
tot 'n val kom;
hulle sal nie die oorhand kry nie.
Hulle sal geheel en al
beskaamd staan,
want hulle sal nie slaag nie —
'n ewige vernedering
wat nie vergeet sal word nie.*

¹² *HERE, Heerser oor alle magte,
U wat regverdiges toets,
wat hart en niere^u deurskou,
laat ek u wraak op hulle sien;
want aan U het ek
my regsak toevertrou.

¹³ Sing vir die HERE!
Prys die HERE!
Want Hy het die lewe
van 'n behoeftige losgeruk

*20:11 'n ewige ... word nie: Jer 23:40

*20:12 Jer 11:20

^u20:12 hart en niere: Die hart is in Hebreeuse die setel van die gedagtes, en die niere die setel van die emosies; vgl Spr 24:12; Jer 17:10; 1 Thess 2:4; Op 2:23;

•Hart en niere.

uit die mag van boosdoeners.

¹⁴ *Vervloek is die dag
waarop ek gebore is!

Mag die dag waarop my ma
my in die wêreld gebring het,
nie geseënd wees nie!

¹⁵ Vervloek is die man
wat die nuus vir my pa
gebring het:

“'n Kind is vir jou gebore,
'n seun!” —

iets wat hom baie bly gemaak het.

¹⁶ Mag daardie man wees
soos die stede
wat die HERE platgeslaan het
sonder om jammer te wees.*

Mag hy uitroep om hulp hoor
in die môre,
en oorlogskrete teen die middag,

¹⁷ omdat hy my nie
doodgemaak het
in die baarmoeder,
sodat my ma my graf geword het,
en haar baarmoeder ewig swanger
gebly het nie.

¹⁸ Waarom het ek ooit

*20:14-18 Jer 15:10; vgl Job 3:1-19

*20:16 soos ... te wees: Gen 19:24-25

uit die baarmoeder uitgegaan —
om swaarkry en verdriet
te ervaar?

Moet my dae in skande eindig?

21

Profesieë oor die konings van Juda

¹ Dit is die woord van die HERE wat van die HERE af tot Jeremia gekom het toe koning Sedekia* vir Pasgur, seun van Malkija,* en die priester Sefanja, seun van Maäseja,* na hom gestuur het met die woorde:

² * “Raadpleeg asseblief namens ons die HERE, want Nebukadresar,^v die koning van Babel, voer oorlog teen ons. Miskien sal die HERE vir ons doen wat Hy in al sy wonders gedoen het, sodat Nebukadresar^w van ons af wegtrek.”

³ * Jeremia het vir hulle gesê: “So moet julle vir Sedekia sê, ⁴ * “So sê die HERE, die God van Israel: “Kyk, Ek gaan die oorlogswapens wat in julle hande is, waarmee julle oorlog voer teen die koning van Babel en die Galdeërs^x wat julle buite die stadsmuur beleër, teen julle draai. Ek sal

*21:1 koning Sedekia: 2 Kon 24:17 — 25:7; 2 Kron 36:10-21

*21:1 Pasgur ... Malkija: Jer 38:1

*21:1 Sefanja ... Maäseja: Jer 29:25; 37:3; 52:24

*21:2 Jer 37:7

^v21:2 Nebukadresar: Die naam beteken ‘Nebo, beskerm die erfgenaam!’ Hy was beter bekend as •Nebukadnesar, waarskynlik 'n spotnaam wat beteken ‘Nebo, beskerm die muil!’ aangesien hy geen nageslag gehad het nie. Tot by Jer 25:9 word hy Nebukadresar genoem, daarna tot by Jer 29:3 Nebukadnesar, en vanaf Jer 29:21 weer Nebukadresar tot aan die einde van die boek.

^w21:2 Nebukadresar: Die •bronteks lui “hy”.

*21:3-7 Jer 34:1-7

*21:4 Jer 32:5

^x21:4 Galdeërs: Die volksgroep wat oor Babel regeer het vanaf 625 vC.

hierdie wapens binne-in hierdie stad bymekaarmaak. ⁵ *Ek self sal teen julle oorlog voer met 'n uitgestrekte hand en 'n sterk arm, met toorn, woede en groot wrewel. ⁶ Ek sal die inwoners van hierdie stad, mense sowel as diere, tref. Aan verskriklike pessiëkte sal hulle sterf. ⁷ En daarna,” is die uitspraak van die HERE, “sal Ek Sedekia, die koning van Juda, sy amptenare en die volk, dié wat in hierdie stad oorgebly het ná die pessiëkte, die swaard en die hongersnood, oorgee in die hand van Nebukadresar, die koning van Babel, ja, in die hand van hulle vyande, in die hand van dié wat hulle lewens soek. Hy sal hulle verslaan met die skerpte van die swaard. Hy sal geen deernis met hulle hê, of hulle jammer kry of hom oor hulle ontferm nie.” ’

⁸ “En vir hierdie volk moet jy sê, ‘So sê die HERE: “Kyk, Ek hou vir julle die pad na die lewe en die pad na die dood voor:” ⁹ *Die een wat in hierdie stad bly, sal deur die swaard of honger of pessiëkte sterf, maar hy wat uitgaan en oorloop na die Galdeërs wat julle beleër, sal leef. Sy lewe sal hy vir homself as buit behou. ¹⁰ *Want Ek rig My gesig teen hierdie stad — ten kwade en nie ten goede nie,” is die uitspraak van die HERE. “In die hand van die koning van Babel sal dit oorgegee word, en hy sal dit afbrand.”* ’

¹¹ “En vir die huis van die koning van Juda moet jy sê,^y
‘Hoor die woord van die HERE,

*21:5-6 Jes 63:10; Klaagl 2:5

*21:8 Ek hou ... voor: Deut 30:15

*21:9 Jer 38:2

*21:9 Sy ... behou: Jer 39:18; 45:5

*21:10 Jer 44:11

*21:10 In ... afbrand: Jer 34:2,22; 38:3

^y21:11 moet jy sê: Hierdie woorde kom nie in die bronteks voor nie, maar word veronderstel.

¹² huis van Dawid!

So sê die HERE:

“Spreek elke oggend reg
en red dié wat beroof word
uit die hand van verdrukkers;
anders breek my woede uit
soos 'n vuur
en brand sonder dat iemand
dit blus
vanweë julle bose dade.*

¹³ Dit is Ek teen jou,^z

jy wat oor die vallei troon —
o, rots van die gelykte!”^a
is die uitspraak van die HERE,
“julle wat sê,
‘Wie sal deurdring na ons,
en wie sal ons skuilplekke
binnedring?’

¹⁴ Ek gaan van julle rekenskap eis
ooreenkomstig die vrug
van julle dade,”
is die uitspraak van die HERE.

“Ek gaan 'n vuur in haar^b bos
aansteek,

***21:12 anders ... dade:** Jer 4:4

^z**21:13 jou:** Dit verwys na Jerusalem.

^a**21:13 vallei ... gelykte:** Daar is onsekerheid oor die betekenis van die bronteks, en dit word verskillend vertaal.

^b**21:14 in haar:** Dit verwys na Jerusalem.

en dit sal alles rondom haar
verteer.” ’ ’

22

¹ So sê die HERE: “Gaan af na die koning van Juda se paleis;^c kondig hierdie woord daar aan ²* en sê, ‘Hoor die woord van die HERE, koning van Juda, wat op die troon van Dawid sit — jy en jou amptenare en jou volk wat deur hierdie poorte ingaan. ³* So sê die HERE: “Laat reg en geregtigheid geskied, en red dié wat beroof word uit die hand van verdrukkers. Vreemdelinge,^d vaderloses^e en weduwees moet julle nie mishandel of geweld aandoen nie, en onskuldige bloed moet julle nie vergiet in hierdie plek nie. ⁴* Want as julle hierdie woord noukeurig uitvoer, sal konings wat as nageslag van Dawid^f op sy troon sit, wat op strydwaens en op perde ry, deur die poorte van hierdie paleis ingaan — die koning,^g sy amptenare en sy volk. ⁵* Maar as julle nie luister na hierdie woorde nie — by Myself lê Ek 'n eed af —” is die uitspraak van die HERE, “sal hierdie paleis 'n puinhoop word.” ’

^c**22:1 koning ... paleis:** Sommige huise en 'n gebouekompleks van die koning was buite die stadsmuur; vgl Jer 33:4.

***22:2** Vgl Jer 17:20

***22:3** Jer 7:5-6; 17:25

^d**22:3 Vreemdelinge:** Persone wat om politieke of ekonomiese redes hulle eie land verlaat het en tydelik in 'n ander land woon. Vreemdelinge wat tydelike verblyf by die Israëliete gekry het, moes beskerming geniet.

^e**22:3 vaderloses:** Gewoonlik kinders wat hulle pa verloor het, en niemand het om hulle saak in die stadspoort te stel nie. Word ook vertaal “weeskinders”.

***22:4** Jer 17:24-25

^f**22:4 as ... Dawid:** Letterlik ‘vir Dawid’. Dit verwys na die belofte aan Dawid dat daar altyd iemand uit sy nageslag op sy troon sal sit; vgl 2 Sam 7:1-16.

^g**22:4 die koning:** Die •bronteks lui “hy”.

***22:5** Am 6:8; vgl Jer 49:13; Matt 23:38

⁶ “ ‘Ja, so sê die HERE oor die paleis van die koning van Juda:

“Jy is vir my 'n Gilead,
die kruin van die Libanon;^{*}
maar Ek maak van jou 'n woestyn,^h
en stede wat nie bewoon
word nie.

⁷ Ek sal stroperbendes volmag
geeⁱ oor jou —
elke man met sy wapens.
Hulle sal die keur van jou seders
afkap en in die vuur gooi.

⁸ “ ‘ “*Baie nasies sal by hierdie stad verbygaan en vir mekaar vra,
‘Waarom het die HERE so gemaak met hierdie groot stad?’ ⁹ Dan sal
geantwoord word, ‘Omdat hulle die verbond van die HERE hulle God
verlaat het en voor ander gode in aanbidding gebuig en hulle gedien het.’

¹⁰ “ ‘ “*Julle moenie huil oor die dooie^j nie,
en moenie oor hom meegevoel
betuig nie.
Huil bitterlik oor hom
wat weggegaan het;^k

***22:6 Jy ... Libanon:** Jer 22:23

^h**22:6 woestyn:** Verlate, deels onherbergsame gebied, met 'n skaarste aan
plantegroei, maar waar kleinvee kon wei.

ⁱ**22:7 volmag gee:** Letterlik ‘heilig’.

***22:8-9** Deut 29:25-26; 1 Kon 9:7-9; Jer 5:19

***22:10** 2 Kon 23:29-30

^j**22:10 die dooie:** Dit verwys na koning Josia; vgl 2 Kon 23:29-30.

^k**22:10 hom wat ... het:** Dit verwys na Joahas, die seun van Josia; vgl 2 Kon
23:31-34. Sy troonnaam was Joahas, maar sy regte naam was Sallum; vgl Jer 22:11.

want hy sal nie weer
terugkom nie,
en nie weer sy geboorteland
sien nie.”

¹¹ “ “*Ja, so sê die HERE oor Sallum, seun van Josia, die koning van Juda, wat in die plek van sy vader Josia koning geword en van hierdie plek af weggegaan het: “Hy sal nie weer terugkeer nie, ¹² maar op die plek waarheen hulle hom weggevoer het, daar sal hy sterf.¹ Hierdie land sal hy nie weer sien nie.

¹³ “ “*Wee hom wat sy huis herbou
met onreg,^m
en sy bokamers met
onregverdigheid,
wat sy medemens verniet
laat werk
en nie sy loon vir hom gee nie,*
¹⁴ wat sê, ‘Ek bou vir my 'n ruim
paleis met lugtige bokamers;’
en dan vir hom sy vensters
uitbreek,
wat oorgetrek word
met sederhout,

*22:11 2 Kon 23:30,34; vgl 1 Kron 3:15

¹22:12 plek ... sterf: Joahas het in Egipte gesterf; vgl 2 Kon 23:34.

*22:13 Hab 2:9,12

^m22:13 Wee ... onreg: Dit verwys na koning Jojakim; vgl Jer 21:13; 22:18.

*22:13 wat sy medemens ... gee nie: Lev 19:13; Deut 24:14-15; Jak 5:4

helderrooi gekleur.

¹⁵ *Is jy 'n koning omdat
jy meeding
in die gebruik van sederhout?

Jou pa, het hy nie maar net
geëet en gedrink,
en reg en geregtigheid
beoefen nie?

Toe het dit met hom goed gegaan.

¹⁶ Hy het die reg van magteloses
en behoeftiges gehandhaaf —
toe het dit goed gegaan.

Is dit nie wat dit is om My
te ken nie?” ’

is die uitspraak van die HERE.

¹⁷ “Maar jou oë en jou hart
is gerig
op niks anders as jou onregverdige
wins nie,*
en op die bloed van die onskuldige —
om dit te vergiet,
en op onderdrukking en afpersing —
om dit uit te voer.

¹⁸ “ ‘ “Daarom,” so sê die HERE oor Jojakim, seun van Josia,* die
koning van Juda,

*22:15 2 Kon 23:25,34

*22:17 Maar ... wins nie: Jer 9:23

*22:18 Jojakim ... Josia: 2 Kon 23:34 — 24:6; 2 Kron 36:4-8

“Hulle sal nie vir hom die klaaglied

‘Helaas, my broer!

Helaas, my suster!’ aanhef nie.

Hulle sal nie vir hom die klaaglied

‘Helaas, my heer!

Helaas, majesteit!’ aanhef nie.*

¹⁹ *Hy sal begrawe word

soos 'n donkieⁿ —

weggesleep en weggegooi

buite die poorte van Jerusalem.

²⁰ “ ‘ “Bestyg die Libanon, roep om hulp,

roep hard in Basan!

Roep om hulp vanaf

die Abarim-hoogland,*

want al jou minnaars is verpletter.

²¹ *Ek het jou aangespreek

toe jy sorgeloos was.

Jy het gesê, ‘Ek sal nie luister nie.’

Dit was jou lewenspad van jou

jeug af,

dat jy nie na my stem

geluister het nie.

***22:18 Hulle sal ... majesteit!’ aanhef nie:** Vgl 1 Kon 13:30; Jer 36:30

***22:19** 2 Kron 36:6; Jer 36:30

ⁿ**22:19 Hy ... donkie:** Die bronteks lui “Met die begrafnis van 'n donkie sal hy begrawe word.”

***22:20 Abarim-hoogland:** Vgl Num 27:12; Deut 32:49

***22:21** Jer 2:25,31; 11:7

²² Al jou herders —
die wind sal hulle wegvoer,^o
en jou minnaars —
in gevangenskap sal hulle gaan.
Ja, dan sal jy beskaamd staan
en verneder word
oor al jou boosheid.

²³ “ ‘ “*Jy wat in die Libanon woon,
wat in seders nesmaak,^p
hoe sal jy bejammer word^q
wanneer geboortepyne
vir jou aanbreek,
pyn soos 'n vrou wat geboorte gee!*

²⁴ “ ‘ “So seker as wat Ek leef,” is die uitspraak van die HERE, “al was Gonja,^r seun van Jojakim, koning van Juda, 'n seëlring aan my regterhand, sal Ek jou daar afruk. ²⁵ *Ek sal jou oorgee in die hand van hulle wat jou lewe soek, in die hand van hulle vir wie jy bevrees is — in

^o**22:22 wegvoer:** Die Hebreeuse woord wat as “wegvoer” vertaal is, kan ook ‘wei’ of ‘kaal vreet’ beteken.

^{*}**22:23 Jer 22:6**

^p**22:23 Libanon ... nesmaak:** Dit verwys na 'n saal in die paleis wat Bos van die Libanon genoem is, vanweë die talle sederhoutpilare; vgl 1 Kon 7:2-3.

^q**22:23 sal ... word:** Word ook vertaal “sal jy kreun”.

^{*}**22:23 wanneer ... gee:** Vgl Jer 4:31

^r**22:24 Gonja:** Die naam is ook uitgespreek Jegonja; vgl Jer 24:1; 28:4; 29:2. Sy ander naam was Jojagin; vgl 2 Kon 24:8-12.

^{*}**22:25-27 2 Kon 24:10-16**

die hand van Nebukadresar,^s die koning van Babel, en in die hand van die Galdeërs.^t ²⁶ Ek sal jou en jou ma wat aan jou lewe geskenk het, ver wegwerp na 'n ander land waar julle nie gebore is nie, en daar sal julle sterf. ²⁷ En die land waarheen hulle sal verlang om terug te keer — daarheen sal hulle nie terugkeer nie.” ’ ’ ”

²⁸ Is hierdie man, Gonja,
'n afgekeurde stuk erdewerk
wat gebreek word,
of 'n houer waarvan niemand
hou nie?
Waarom is hy en sy nageslag
weggewerp,
weggeslinger na 'n land
wat hulle nie ken nie?

²⁹ Land, land, land,
hoor die woord van die HERE!

³⁰ So sê die HERE:
“Skryf hierdie man op
as kinderloos,
as 'n man wat nie sukses
sal behaal in sy lewensdae nie;

^s**22:25 Nebukadresar:** Die naam beteken ‘Nebo, beskerm die erfgenaam!’ Hy was beter bekend as •Nebukadnesar, waarskynlik 'n spotnaam wat beteken ‘Nebo, beskerm die muil!’ aangesien hy geen nageslag gehad het nie. Tot by Jer 25:9 word hy Nebukadresar genoem, daarna tot by Jer 29:3 Nebukadnesar, en vanaf Jer 29:21 weer Nebukadresar tot aan die einde van die boek.

^t**22:25 Galdeërs:** Die volksgroep wat oor Babel regeer het vanaf 625 vC.

want uit sy nageslag*
sal niemand daarin slaag
om op die troon van Dawid te sit*
en weer oor Juda te regeer nie.”

23

¹ * “Wee die herders wat die kleinvee van my weiveld ten gronde laat gaan en hulle uitmekaarjaag,” is die uitspraak van die HERE. ² “Daarom, so sê Ek,^u die HERE, die God van Israel, oor die herders wat my volk moet laat wei, ‘Dit is julle wat my kleinvee uitmekaar gejaag en verdryf het. Julle het nie vir hulle verantwoordelikheid aanvaar nie. Kyk, Ek gaan julle tot verantwoording roep oor julle bose dade,’ ” is die uitspraak van die HERE. ³ * “ ‘Maar Ek self sal dié wat oor is van my kleinvee bymekaarmaak uit al die lande waarheen Ek hulle verdryf het, en Ek sal hulle terugbring na hulle weiveld. Dan sal hulle vrugbaar wees en vermeerder. ⁴ * En Ek sal herders oor hulle aanstel, en dié sal hulle laat wei. Hulle sal nie meer bang of verskrik wees of vermis word nie,’ ” is die uitspraak van die HERE.

⁵ * “Kyk, daar kom dae,”
is die uitspraak van die HERE,
“wanneer Ek vir Dawid

*22:30 sy nageslag: 1 Kron 3:17-24

*22:30 want ... te sit: Jer 36:30

*23:1-2 Jes 56:11; Jer 10:21; Eseg 34:1-2; Joh 10:8

^u23:2 Ek: Hierdie woord kom nie in die bronteks voor nie, maar word veronderstel.

*23:3 Jes 4:3; Jer 3:15; 29:14; 31:10; Eseg 34:11-16

*23:4 Jer 3:15

*23:5-6 Jes 4:2; 11:1; 32:1; Jer 23:5-6; 33:15-16; Sag 3:8; 6:12; 1 Kor 1:30

'n regverdige spruit^v

sal laat opkom.

Hy sal as koning regeer

en verstandig optree;

hy sal in die land reg

en geregtigheid handhaaf.

⁶*In sy dae sal Juda verlos word,

en Israel sal veilig woon.

En dit sal sy naam wees

wat hy genoem word,

‘Die HERE is ons geregtigheid.’ ”

⁷*“Daarom, kyk, daar kom dae,” is die uitspraak van die HERE, “wanneer hulle nie meer sal sê, ‘So waar as die HERE leef, wat die Israëliete uit Egipteland laat optrek het nie,’ ⁸ maar, ‘So waar as die HERE leef, wat die nageslag van die huis van Israel laat optrek en gebring het uit 'n land in die noorde, en uit al die lande waarheen Hy^w hulle verdryf het.’ En hulle sal weer op hulle grond woon.”

Profesieë oor profete

⁹*Oor die profete.

My hart is gebreek in my binneste;

^v**23:5 regverdige spruit:** Dit beteken 'n wettige erfgenaam of regmatige opvolger uit sy nageslag, in teenstelling met Sedekia, wie se naam beteken ‘die HERE is my geregtigheid’.

***23:6** Jer 33:16

***23:7** Jer 16:14-15

^w**23:8 Hy:** Die •Septuagint word hier gevolg. Die bronteks lui “Ek”; vgl egter Jer 16:15.

***23:9-40** Deut 13:2-6; Jer 14:13-16; Eseg 13:1

my hele gebeente bewe.
Ek het geword soos iemand
wat dronk is,
soos 'n man wat deur wyn
oorweldig is —
en dit vanweë die HERE,
vanweë sy heilige woorde.

¹⁰ *Want van egbrekers^x
is die land vol,
ja, vanweë vervloeking^y
verdor die land;
die weivelde van die woestyn^z
verdroog.
Wat hulle najaag, is boosheid,
en hulle krag lê in
wat nie reg is nie.

¹¹ *“Ja, profeet sowel as priester
is besoedel;
selfs in my huis het Ek hulle
boosheid gevind,”
is die uitspraak van die HERE.

***23:10** Jer 5:7-8; 9:2

^x**23:10 egbrekers:** Dit verwys hier na afgodsdienaars.

^y**23:10 vanweë vervloeking:** Dit verwys na die vervloekings in terme van die verbond; vgl Deut 28:1-20. Enkele Hebreeuse mss, die •Septuagint en •Peshitta lui “vanweë hierdie dinge”.

^z**23:10 woestyn:** 'n Verlate, deels onherbergsame gebied, met 'n skaarste aan plantegroei, maar waar kleinvee kon wei.

***23:11** Jer 6:13; 8:10; 32:34; Eseg 23:39; Sef 3:4

¹² “Daarom sal hulle pad
vir hulle word soos glibberige
plekke in die donker;*
hulle sal gestamp word
en daarop val.
Want Ek bring onheil oor hulle
in die jaar waarin daar
van hulle rekenskap geëis
word,”
is die uitspraak van die HERE.

¹³ “*By die profete van Samaria*
het Ek iets onbehoorliks gesien:
Hulle het deur Baäl geprofeteer
en my volk Israel laat afdwaal.

¹⁴ *Maar by die profete
van Jerusalem
het Ek iets afskuweliks gesien:
Hulle pleeg egbreuk
en leef 'n leuen;
hulle sterk die hande van
boosdoeners,
sodat niemand wegdraai
van sy boosheid nie.
Hulle almal het vir My geword

*23:12 Daarom ... donker: Ps 35:6; 73:18

*23:13 Jer 2:8; 5:31

*23:13 Samaria: 1 Kon 16:23-24

*23:14 Jer 29:23; Eseg 13:22

soos Sodom,
en die inwoners
soos Gomorra.*”

¹⁵ *Daarom, so sê die HERE, Heerser oor alle magte, oor die profete:
“Kyk, Ek laat hulle
wildeals^a eet,
en laat hulle giftige water drink;
want van die profete
van Jerusalem af
het goddeloosheid uitgegaan
na die hele land.”

¹⁶ So sê die HERE, Heerser oor alle magte:
“Moenie luister na die woorde
van die profete,
wat hulle vir julle
profeteer nie;
hulle gee julle vals hoop.
Visioene uit hulle eie hart
verkondig hulle —
uit die mond van die HERE
kom dit nie.*

¹⁷ *Hulle hou aan sê
vir dié wat My verag,

*23:14 Sodom ... Gemorra: Gen 19:1-29; Jes 1:9-10

*23:15 Jer 9:15

^a23:15 wildeals: Ook bekend as alsemkruid of bitterals, wat 'n bitter smaak het.

*23:16 Visioene ... dit nie: Vgl Num 16:28

*23:17 Jer 4:10; 6:14; Miga 3:11

‘Die HERE het gesê:
Vrede sal daar vir julle wees!’
En vir elkeen wat die verstandheid
van sy hart volg,
vir dié sê hulle,
‘Onheil sal julle nie tref nie!’
¹⁸ *Maar wie het gestaan
in die vertroulike vergadering
van die HERE?

Wie het sy woord beleef
en gehoor?
Wie het aandagtig geluister
na sy woord en dit gehoor?

¹⁹ Daar kom die HERE
se stormwind!
Woede het losgebreek —
'n werwelstorm!
Dit kolk bo die koppe
van goddeloses.

²⁰ *Die toorn van die HERE
sal nie omdraai nie,
totdat Hy die planne
van sy hart uitgevoer,
dit tot stand gebring het.
Aan die einde van die dae^b

***23:18** Rom 11:34; 1 Kor 2:16

***23:20** Jer 30:24

^b**23:20** Aan ... dae: Dit verwys nie na die eindtyd nie, maar na 'n tyd wanneer die gebeure afgeloop het.

sal julle dit ten volle verstaan.

²¹ *Ek het nie die profete

gestuur nie,

maar hulle hardloop.

Ek het nie met hulle gepraat nie,

maar hulle profeteer.

²² * As hulle in my vertroulike

vergadering

gestaan het,

sou hulle my volk my woorde

laat hoor

en hulle laat omdraai het

van hulle bose pad

en van hulle bose dade.

²³ * “Is Ek net 'n God wat naby

is,”

is die uitspraak van die HERE,

“en nie ook 'n God wat ver is nie?

²⁴ Of kan iemand

in geheime plekke wegkruip,

en Ek hom nie sien nie? ”*

is die uitspraak van die HERE.

“Vul Ek nie die hemel

en die aarde nie? ”*

*23:21 Jer 14:14

*23:22 Jer 25:5; 28:9

*23:23 Hand 17:27

*23:24 Of ... sien nie: Ps 139:7-10; Am 9:2-3; Sir 16:17

*23:24 Vul ... aarde nie: Wys 1:7

is die uitspraak van die HERE.

²⁵ “Ek het gehoor wat die profete sê, hulle wat in my Naam leuens profeteer deur te sê, ‘Ek het gedroom, ek het gedroom!’ ²⁶ Hoe lank sal dit voortbestaan in die harte van die profete wat leuens profeteer, wat die misleiding van hulle eie harte profeteer, ²⁷ *hulle wat daarop uit is om my volk my Naam te laat vergeet met hulle drome wat hulle vir mekaar vertel, net soos hulle voorouers my Naam vergeet het deur Baäl? ²⁸ Die profeet wat 'n droom het, moet die droom vertel; maar wie my woord het, moet my woord betroubaar verkondig. Hoe vergelyk strooi met gedorste graan?” is die uitspraak van die HERE. ²⁹ “Is my woord nie so nie — soos 'n vuur,”* is die uitspraak van die HERE, “soos 'n hamer wat rots stukkend kap? ³⁰ Daarom, dit is Ek teen die profete,” is die uitspraak van die HERE, “hulle wat my woorde by mekaar steel! ³¹ Dit is Ek teen die profete,” is die uitspraak van die HERE, “hulle wat hulle tonge gebruik en verklaar, ‘Dit is 'n uitspraak!’”^c ³² *Dit is Ek teen hulle wat vals drome as profesieë voorhou,” is die uitspraak van die HERE, “dit oorvertel, en my volk laat afdwaal met hulle leuens en roekeloosheid. Dit is nie Ek wat hulle gestuur en hulle die opdrag gegee het nie. Hulle hou hoegenaamd geen voordeel in vir hierdie volk nie,” is die uitspraak van die HERE.

³³ “As hierdie volk of 'n profeet of priester vir jou vra, ‘Wat is die

*23:27 Rig 3:7; 8:33-34

*23:29 Is ... vuur: Jer 5:14; 20:9

^c23:31 Dit is 'n uitspraak: Die vaste formule vir profetiese uitsprake word hier gebruik, maar die woorde “van die HERE”, ontbreek.

*23:32 Sag 10:2

godspraak^d van die HERE?’ moet jy vir hulle sê, ‘Watter godspraak?’^e Ek gee julle prys — dit is die uitspraak van die HERE.’³⁴ En die profeet of priester of die volk wat sê, ‘godspraak van die HERE!’ — Ek sal van daardie man en sy huis rekenskap eis.³⁵ So moet julle elkeen vir sy vriend en vir sy volksgenoot sê, ‘Wat het die HERE geantwoord?’ of ‘Wat het die HERE gesê?’³⁶ Maar van ‘godspraak van die HERE’ mag julle nie weer melding maak nie. Want vir elkeen word sy eie woord die godspraak. Julle verdraai die woorde van die lewende God, die HERE, Heerser oor alle magte, ons God.³⁷ So moet jy vir die profeet vra, ‘Wat het die HERE jou geantwoord?’ of ‘Wat het die HERE gesê?’³⁸ En as dit ‘godspraak van die HERE’ is wat julle bly vra — daarom, so sê die HERE, omdat julle hierdie uitdrukking ‘godspraak van die HERE’ gebruik, al het Ek 'n boodskapper na julle gestuur met die woorde, ‘Julle mag nie sê “godspraak van die HERE” nie,’^{39*} daarom — kyk, Ek, Ek gaan julle beslis vergeet.^f Ek gaan julle en die stad wat Ek aan julle en julle voorouers gegee het, prysgee — weg uit my teenwoordigheid.⁴⁰ Ek sal ewige skande oor julle bring, ewige vernedering wat nie vergeet sal word nie.”

24

Twee mandjies vye

¹ **Die HERE het my laat sien: Kyk, daar is twee mandjies met vye

^d**23:33 godspraak:** Die Hebreeuse woord is meerduidelik en kan ook vertaal word “las”; vgl Eks 23:5. Die woord “godspraak” word altyd gebruik in verband met vreemde volke; dit is wat die volk wil hoor — oordeelswoorde oor ander volke.

^e**23:33 Watter godspraak:** Die Septuagint en •Vulgaat lui “Julle is die las.”

^{*}**23:39** Jer 6:30

^f**23:39 beslis vergeet:** Verskeie Hebreeuse mss, die Septuagint, Peshitta en •Vulgaat word hier gevolg. Die bronteks lui “beslis optel”.

^{*}**24:1-10** Jer 29:1-20; vgl Matt 21:18-19

^{*}**24:1** 2 Kon 24:12-16; 2 Kron 36:1-10; Jer 22:24; 27:20

neergesit voor die tempel van die HERE. Dit was nadat Nebukadresar,^g die koning van Babel, Jegonja,^h seun van Jojakim, die koning van Juda, die hoë amptenare van Juda, die ambagsmanne en metaalwerkers uit Jerusalem in ballingskap weggevoer en hulle na Babel geneem het.² Die een mandjie het baie goeie vye in gehad, soos vroeë vye; maar in die ander mandjie was baie slegte vye, wat nie meer geëet kon word nie omdat dit sleg was.³ Die HERE het vir my gevra: “Wat sien jy, Jeremia?” Ek het geantwoord: “Vye — die goeie vye is baie goed en die slegtes baie sleg; dit kan nie meer geëet word nie omdat dit sleg is.”

⁴ Toe het die woord van die HERE tot my gekom: ⁵ “*So sê die HERE, die God van Israel, ‘Soos met hierdie goeie vye, so sal Ek die ballinge van Juda wat Ek uit hierdie plek weggestuur het na die land van die Galdeërs,ⁱ as goed beskou. ⁶ *Ek sal my oog welwillend oor hulle hou en hulle laat terugkeer na hierdie land. Ek sal hulle bou en nie afbreek nie; Ek sal hulle plant en nie uitruk nie. ⁷ *Ek sal aan hulle harte gee om My te ken, dat Ek die HERE is. Hulle sal vir My 'n volk wees, en Ek sal vir hulle 'n God wees; want hulle sal na My terugkeer met hulle hele hart.

⁸ “ ‘Maar soos die slegte vye wat nie meer geëet kan word nie omdat dit sleg is,’ ja, so sê die HERE, ‘net so sal Ek maak met Sedekia,* die

^g**24:1 Nebukadresar:** Die naam beteken ‘Nebo, beskerm die erfgenaam!’ Hy was beter bekend as •Nebukadnesar, waarskynlik 'n spotnaam wat beteken ‘Nebo, beskerm die muil!’ aangesien hy geen nageslag gehad het nie. Tot by Jer 25:9 word hy Nebukadresar genoem, daarna tot by Jer 29:3 Nebukadnesar, en vanaf Jer 29:21 weer Nebukadresar tot aan die einde van die boek.

^h**24:1 Jegonja:** Sy ander naam was Jojagin; vgl 2 Kon 24:6-15.

***24:5-7** Eseg 11:14-21

ⁱ**24:5 Galdeërs:** Die volksgroep wat oor Babel regeer het vanaf 625 vC.

***24:6** Jer 1:10; Am 9:15

***24:7** Jer 30:22; 31:31-34; 32:29; vgl 1 Joh 5:20

***24:8 Sedekia:** 2 Kon 24:17 — 25:7; 2 Kron 36:10-21

koning van Juda, sy hoë amptenare en die res van Jerusalem, met hulle wat oorgebly het in hierdie land en hulle wat in Egipteland woon. ⁹*Ek sal hulle 'n toonbeeld van verskrikking, van rampspoed maak — vir al die koninkryke van die aarde, 'n bespotting en 'n spreuk, 'n spotnaam en 'n vervloeking,^j op al die plekke waarheen Ek hulle verdryf. ¹⁰ Ek sal die swaard, die hongersnood en die pessiëkte onder hulle instuur, totdat hulle volledig uitgeroei is, weg van die grond wat Ek aan hulle en hulle voorouers gegee het.' ”

25

Profesieë oor die volke

¹ Dit is die woord wat tot Jeremia gekom het oor die hele volk van Juda, in die vierde regeringsjaar van Jojakim,^k seun van Josia, koning van Juda. * Dit was in die eerste regeringsjaar van Nebukadnesar, koning van Babel, ² dat die profeet Jeremia met die hele volk van Juda en al die inwoners van Jerusalem gepraat het: ³ “*Vanaf die dertiende regeringsjaar van Josia, seun van Amon, koning van Juda, tot op hierdie dag, drie-en-twintig jaar lank, het die woord van die HERE tot my gekom. Ek het aanhoudend met julle gepraat, maar julle het nie geluister nie. ⁴*Die HERE het al sy dienaars, die profete, aanhoudend na julle gestuur, maar julle het nie geluister nie. Julle het nie julle ore

*24:9-10 Deut 28:37; Jer 29:18; 42:18; 44:8,12

^j24:9 **vervloeking**: Dit beteken dat die nasies Jerusalem en die inwoners sal gebruik in 'n vervloeking “Mag dit met jou gaan soos met Jerusalem!”

^k25:1 **vierde ... Jojakim**: Teen die einde van 605 vC.

*25:1 **Jojakim ... Juda**: 2 Kon 23:34 – 24:6; 2 Kron 36:4-8

*25:3 Jer 1:2

*25:4 Jer 7:25

ooggemaak om te luister nie. ⁵*Die boodskap was, ‘Draai tog om, elkeen weg van sy verkeerde pad, weg van julle bese dade, sodat julle kan bly woon op die grond wat die HERE van altyd af en vir altyd aan julle en julle voorouers gegee het. ⁶*Moenie agter ander gode aanloop om hulle te dien en voor hulle in aanbidding te buig nie! Moet My nie tart met julle handewerk^l nie, sodat Ek julle nie kwaad aandoen nie. ⁷Maar julle het nie na My geluister nie,’ is die uitspraak van die HERE, ‘sodat julle My getart het met julle handewerk, tot julle eie nadeel.’ ⁸Daarom, so sê die HERE, Heerser oor alle magte, ‘Omdat julle nie na my woorde geluister het nie — ⁹*kyk, Ek gaan al die familiegroepe van die noorde ontbied,’ is die uitspraak van die HERE, ‘ook Nebukadnesar, koning van Babel, my dienskneg,* en Ek sal hulle bring na hierdie land en sy inwoners, en na al die omliggende nasies. Ek sal hulle met die banvloek^m tref, en hulle 'n skrikbeeld maak, die rede vir 'n gefluit,ⁿ en puinhoop vir altyd. ¹⁰*Ek sal by hulle die klank van vrolikheid en vreugde laat verdwyn, die stem van die bruidegom en die stem van die

*25:5 Jer 7:7; 18:11;

*25:6 Deut 8:19; Jer 1:16; 44:8

^l25:6 julle handewerk: Dit verwys na afgodsbeelde.

*25:9 Jer 1:15

*25:9 Nebudkadnesar ... dienskneg: Jer 27:6; 43:10; Eseg 29:18-20

^m25:9 banvloek: Dit beteken in hierdie geval dat alles volledig vernietig of doodgemaak moet word; •Banvloek.

ⁿ25:9 die rede ... gefluit: Letterlik ‘vir 'n gefluit’ of ‘vir 'n gesis’. Dit verwys waarskynlik na die geloof dat bese geeste wat in ruïnes skuil, deur 'n gefluit of gesis afgeweer kan word. Dit kan moontlik ook verbasing uitdruk, of 'n spottende gebaar wees.

*25:10 Jer 7:34; 16:9; Eseg 26:13; Op 18:22-23

bruid, die gedruis van maalklippe^o en die lig van lampe. ¹¹ *Hierdie hele land sal 'n puinhoop, 'n woesteny word; en hierdie nasies sal die koning van Babel sewentig jaar lank dien.

¹² “ ‘Maar as die sewentig jaar verby is,’ is die uitspraak van die HERE, ‘sal Ek oor hulle sondeskuld rekenskap eis van die koning van Babel en van daardie nasie, en van die land van die Galdeërs.^p Ek sal dit vir altyd woesteny maak. ¹³ Ek sal oor hierdie land al my woorde wat Ek daarvoor uitgespreek het, in vervulling laat gaan.’ ”

Dit verwys na alles wat geskryf staan in hierdie •boekrol, en wat Jeremia geprofeteer het oor al die nasies.^q

¹⁴ “ *‘Ja, ook die Galdeërs^r sal slawe wees van baie nasies en groot konings. Ek sal hulle vergeld ooreenkomstig hulle daade en hulle handewerk.’ ¹⁵ *Ja, so het die HERE, die God van Israel, vir my gesê, ‘Neem hierdie beker met die wyn van woede uit my hand en laat al die nasies na wie Ek jou sal stuur, daaruit drink. ¹⁶ Hulle sal drink en slinger en waansinnig raak, vanweë die swaard wat Ek onder hulle gaan instuur.’ ”

¹⁷ Ek het toe die beker uit die hand van die HERE geneem, en al die

^o**25:10 maalklippe:** Twee ronde klipskywe, waarvan die onderste in die middel 'n pen gehad het, en die boonste 'n gat waarin die pen gepas het, en waardeur die graan bietjie vir bietjie gegooi kon word. Die boonste maalklip is dan in die rondte gedraai en die graan so tussen die twee klippe fyngemaal. Daar word onderskei tussen 'n handmeul (hier), wat klein was, en die “maalklip van 'n donkie”, wat groot was en deur 'n donkie in die rondte gedraai is.

***25:11-12** 2 Kron 36:21; Jer 29:10; Dan 9:2; Sag 1:12; 7:5

^p**25:12 Galdeërs:** Die volksgroep wat oor Babel regeer het vanaf 625 vC.

^q**25:13 Dit ... nasies:** 'n Opmerking van die hand van Barug; vgl Jer 36:1-4,27-32.

***25:14** Jer 50:9,29,41

^r**25:14 ook die Galdeërs:** Die •bronteks lui “ook hulle”.

***25:15** Ps 75:9; Jes 51:17; Op 14:9-10; 15:7; 16:19

nasies na wie die HERE my gestuur het, laat drink:

¹⁸ Jerusalem en die stede van Juda, haar konings en hoë amptenare — om daarvan 'n puinhoop, 'n skrikbeeld, die rede vir 'n gefluit en 'n vervloeking^s te maak, soos dit vandag is;^t

¹⁹ die farao, koning van Egipte, sy dienaars, sy hoë amptenare, sy hele volk ²⁰ en die hele gemengde bevolking;^u

al die konings^v van die land Us;

al die konings van die land van die Filistyne — Askelon, Gasa en Ekron, en die oorblyfsel van Asdod;

²¹ Edom, Moab en die Ammoniete;

²² al die konings van Tirus;

al die konings van Sidon;

die konings van die kuslande oorkant die see;

²³ Dedan,^w Tema en Bus — almal wat die slape skoonskeer,^x

²⁴ al die konings van Arabië;

al die konings van die gemengde bevolking wat in die woestyn^y woon;

²⁵ al die konings van Simri;

al die konings van Elam

en al die konings van Medië;

²⁶ al die konings van die noorde, dié wat naby en dié wat ver van

^s**25:18 vervloeking:** Dit beteken dat die nasies Jerusalem en die inwoners sal gebruik in 'n vervloeking “Mag dit met jou gaan soos met Jerusalem!”

^t**25:18 soos ... is:** 'n Opmerking van die hand van Barug; vgl Jer 36:1-4,27-32.

^u**25:20 gemengde bevolking:** Word ook vertaal “huurtroepe” en dit verwys na groepe op sy grensgebiede onderhorig aan Egipte.

^v**25:20 al die konings:** Dit verwys telkens na opeenvolgende konings.

^w**25:23 Dedan:** 'n Oase 280 km noordwes van Medina.

^x**25:23 slape skoonskeer:** 'n Gebruik by die Arabiere; vgl Jer 9:26.

^y**25:24 woestyn:** Verlate, deels onherbergsame gebied, met 'n skaarste aan plantegroei, maar waar kleinvee kon wei.

mekaar af is.

Ja, dit geld vir al die koninkryke van die wêreld oor die hele oppervlakte van die aarde. Die koning van Sjesjak^z sal ná hulle drink.

²⁷ “Jy moet vir hulle sê, ‘So sê die HERE, Heerser oor alle magte, die God van Israel: “Drink, word dronk, bring op, val neer sodat julle nie weer opstaan nie, vanweë die swaard wat Ek onder julle instuur.” ’

²⁸ Maar as hulle weier om die beker uit jou hand te neem en te drink, moet jy vir hulle sê, ‘So sê die HERE, Heerser oor alle magte: “Julle móét drink! ²⁹ *Want kyk, in die stad waaroor my Naam uitgeroep is, begin Ek met die onheil — sal julle dan enigsins vryspring? Julle sal nie vryspring nie, want Ek gaan 'n swaard oproep teen al die inwoners van die aarde,” ’ ’ is die uitspraak van die HERE, Heerser oor alle magte.

³⁰ * “En jy, jy moet al hierdie woorde teen hulle profeteer. Jy moet vir hulle sê,

‘Die HERE, uit die hoogte

sal Hy brul,

uit sy heilige woning

sal Hy sy stem laat hoor.

Hy brul geweldig teen sy blyplek.

'n Kreet soos van druiwetrappers

hef Hy aan teen al

die bewoners van die aarde.

³¹ Krygsgeskreeu galm

^z**25:26 Sjesjak:** Dit is geheimskrif vir Babel: Die tweede letter van die Hebreeuse alfabet (b) is telkens vervang met die tweede laaste letter (sj), en die twaalfde letter (l) met die twaalfde laaste letter (k); vgl bv Ps 25, waar die derde laaste letter (*sin*) ná Ps 25:20 egter uitgelaat is.

***25:29** 1 Pet 4:17

***25:30** Am 1:2; Op 10:11

Ek sal julle stukkend slaan,^c
en julle sal val soos 'n kosbare
houer.” ’ ’ ”

³⁵ 'n Toevlugsoord sal vir die
herders verlore wees,
ook 'n uitkomkans vir die
maghebbers oor die kleinvee.

³⁶ Hoor die geroep om hulp
van die herders,
die gehuil van die maghebbers
oor die kleinvee,
want die HERE verwoes
hulle weivelde.

³⁷ Die vreedsame weivelde
word vernietig
vanweë die brandende toorn
van die HERE.

³⁸ Soos 'n jong leeu
het Hy sy lêplek verlaat;
want hulle land
het 'n woesteny geword
vanweë die gewelddadige swaard,^d
ja, vanweë sy brandende toorn.

^c25:34 Ek ... slaan: Daar is onsekerheid oor die betekenis van die bronteks, en dit word verskillend vertaal.

^d25:38 swaard: Enkele Hebreuse mss, die •Septuagint en •Targum word hier gevolg. Die bronteks lui “toorn”; vgl egter Jer 46:16; 50:16.

Jeremia se profesie in die tempel

¹* Aan die begin van Jojakim, seun van Josia, koning van Juda,* se regering,^e het hierdie woord van die HERE gekom: ²*“So sê die HERE, ‘Gaan staan in die voorhof van die huis van die HERE, en sê vir al die stede van Juda wat kom om in die huis van die HERE in aanbidding te buig, al die woorde wat Ek jou beveel het om vir hulle te sê. Moenie een woord weglaat nie.* ³*Miskien sal hulle luister en omdraai, elkeen weg van sy verkeerde pad. Dan sal Ek berou hê oor die onheil wat Ek van plan is om hulle aan te doen vanweë hulle bose dade. ⁴* Sê vir hulle: “So sê die HERE, ‘As julle nie na My luister nie — deur te leef volgens my wet wat Ek aan julle voorgehou het, ⁵* en deur te luister na die woorde van my knegte, die profete, hulle wat Ek aanhoudend na julle stuur selfs al luister julle nie — ⁶* sal Ek hierdie huis maak soos Silo,* en sal Ek hierdie stad 'n voorbeeld maak om as vervloeking te dien^f vir al die nasies van die wêreld.’ ” ’ ”

*26:1-6 Vgl Jer 7:1-15; Matt 24:1-2; Luk 19:41-44

*26:1 Jojakim ... Juda: 2 Kon 23:34 — 24:6; 2 Kron 36:4-8

^e26:1 begin ... regering: In die voorjaar van 609 vC.

*26:2 Jer 19:14

*26:2 al die woorde ... weglaat nie: Deut 4:2

*26:3 Jer 18:8; 26:13,19; Jona 3:10

*26:4-6 Deut 28:15; Jer 7:25-26; 11:7-8; 44:10,23

*26:5 Jer 7:25-26; 25:4; 44:4-5

*26:6 Jer 7:12,14; 26:9; 29:18

*26:6 Silo: Jos 18:1

^f26:6 'n voorbeeld ... dien: Letterlik ‘n vervloeking maak’. Dit beteken dat die nasies Jerusalem sal gebruik in 'n vervloeking “Mag dit met jou gaan soos met Jerusalem!”

⁷ *Die priesters, die profete en die hele volk het Jeremia hierdie woorde hoor sê in die huis van die HERE. ⁸ Net toe Jeremia klaar alles gesê het wat die HERE hom beveel het om vir die hele volk te sê, het die priesters, die profete en die hele volk hom gegryp en gesê: “Jy moet beslis sterf! ⁹ Waarom het jy in die Naam van die HERE geprofeteer, ‘Soos Silo sal hierdie huis word, en hierdie stad sal 'n puinhoop wees, sonder inwoners*’?” Die hele volk het toe teen Jeremia saamgekom in die huis van die HERE.

¹⁰ Toe die hoë amptenare van Juda hierdie woorde hoor, het hulle van die paleis van die koning af opgegaan na die huis van die HERE, en hulle het gaan sit by die ingang van die nuwe poort van die huis^g van die HERE. ¹¹ *Die priesters en profete sê toe vir die hoë amptenare en die hele volk: “Hierdie man moet die doodsvonnis kry, want hy het teen hierdie stad geprofeteer, soos julle met julle eie ore gehoor het.”

¹² Jeremia het egter al die hoë amptenare en die hele volk geantwoord: “Dit is die HERE wat my gestuur het om teen hierdie huis en hierdie stad al die woorde wat julle gehoor het, te profeteer. ¹³ *Daarom, laat julle doen en late^h goed wees, en luister na die stem van die HERE julle God, sodat die HERE berou kan hê oor die onheil wat Hy oor julle aangekondig het. ¹⁴ En wat my betref — kyk, ek is in julle hande, maak met my soos dit goed en reg is in julle oë. ¹⁵ *Maar weet vir seker, as julle my

*26:7-11 Vgl Matt 26:59-61

*26:9 hierdie ... inwoners: Jer 4:7

^g26:10 van die huis: Talle Hebreeuse mss en die vroeë vertalings word hier gevolg. Die woorde kom nie in die •bronteks voor nie.

*26:10 nuwe ... HERE: Jer 36:10

*26:11 Jer 38:4; Hand 6:13

*26:13 Jer 7:3; 18:8; 26:3

^h26:13 julle ... late: Letterlik ‘julle paaie en julle dade’.

*26:15-19 Vgl Matt 27:24-25

doodmaak, bring julle onskuldige bloed oor julleself en oor hierdie stad en haar inwoners; want die waarheid is dat die HERE my na julle gestuur het om ten aanhore van julle almal al hierdie woorde uit te spreek.”

¹⁶ Toe sê die hoë amptenare en die hele volk vir die priesters en profete: “Hierdie man moet nie die doodsvonnis kry nie, want dit is in die Naam van die HERE ons God dat hy met ons gepraat het.”

¹⁷ Manne uit die oudstesⁱ van die land het toe opgestaan en vir die hele byeenkoms van die volk gesê: ¹⁸ “Miga van Morêset het as profeet opgetree in die dae van Hiskia, koning van Juda.* Hy het met die hele volk van Juda gepraat en gesê, ‘So sê die HERE, Heerser oor alle magte: “Sion sal soos 'n stuk land omgeploeg word, Jerusalem sal puinhope word, en die tempelberg 'n oorgroeide heuwel.’”^j ’ ¹⁹ *Het Hiskia, koning van Juda, en die hele Juda hom toe wel doodgemaak? Het Hiskia nie ontsag vir die HERE gehad en die guns van die HERE gesoek nie? En het die HERE nie berou gehad oor die onheil wat Hy oor hulle aangekondig het nie? Ons is besig om groot onheil oor onself te bring.”

²⁰ ^k Daar was ook 'n man wat in die Naam van die HERE geprofeteer het, Uria, seun van Semaja, uit Kirjat-Jearim. Hy het teen hierdie stad en teen hierdie land profesieë uitgespreek wat ooreenkom met al die woorde van Jeremia. ²¹ Toe koning Jojakim en al sy keurtroepe en die aanvoerders sy woorde hoor, het die koning probeer om hom dood te maak. Maar Uria het dit te hore

ⁱ**26:17 oudstes:** Mense wat aansien in die gemeenskap gehad en 'n leiersrol vervul het.

***26:18 Miga ... Juda:** Miga 1:1

^j**26:18 Sion ... heuwel:** Dit is 'n vry aanhaling van Miga 3:12.

***26:19** 2 Kron 32:26

^k**26:20-23** Hierdie verse is waarskynlik 'n latere byvoeging deur Barug (vgl Jer 36:32) waarmee hy wou aantoon hou weselik die gevaar teen Jeremia was.

gekom, bang geword, gevlug en in Egipte aangekom. ²² Koning Jojakim het toe manne na Egipte gestuur; hy het Elnatan,* seun van Akbor, en ander manne saam met hom, na Egipte gestuur.

²³ Hulle het Uria uit Egipte geneem en hom na koning Jojakim gebring. Dié het hom met die swaard neergevel en sy lyk in die begraafplek van gewone mense¹ gegooi.

²⁴ Maar Agikam,* seun van Safan,* het Jeremia beskerm,^m sodat hy nie oorgelewer is in die hand van die volk, en hulle hom nie kon doodmaak nie.

27

Aanvaarding van Babilonië se juk

¹ Aan die begin van Sedekia,ⁿ seun van Josia, koning van Juda,* se regering,^o het hierdie woord van die HERE tot Jeremia gekom: ² “So het die HERE vir my gesê, ‘Maak vir jou stroppe en skeie, en sit dit om jou nek;’ ³ stuur dit dan na die koning van Edom,* die koning van Moab,*

*26:22 Elnatan: Jer 36:12,25

¹26:23 begraafplek ... mense: Dit was waarskynlik 'n grot waarin mense sonder grond en familiegrafte se lyke gegooi is.

*26:24 Agikam: 2 Kon 22:12

*26:24 Safan: 2 Kron 34:8

^m26:24 Agikam ... beskerm: Die Hebreeuse idioom lui “die hand van Agikam ... was met Jeremia”.

ⁿ27:1 Sedekia: Drie Hebreeuse mss, die •Peshitta en 'n Arabiese ms word hier gevolg; vgl Jer 27:3,12. Die •bronteks lui “Jojakim”.

*27:1 Sedekia ... Juda: 2 Kon 24:17 — 25:7; 2 Kron 36:10-21

^o27:1 begin ... regering: Dit was ná die eerste val van Jerusalem in Maart 597 vC.

*27:2 stroppe ... nek: Jer 28:10

*27:3 Edom: Gen 25:30; 36:1,8-9; vgl Jer 49:7-22

*27:3 Moab: Gen 19:37; Rut 1:1-2; vgl Jer 48:1-47

die koning van die Ammoniete,* die koning van Tirus en die koning van Sidon* deur die gesante wat in Jerusalem by Sedekia, koning van Juda, aangekom het. ⁴ Beveel hulle om vir hulle heersers te sê: “So sê die HERE, Heerser oor alle magte, die God van Israel, ‘So moet julle vir julle heersers sê: ⁵ “*Ek is die een wat deur my groot krag en uitgestrekte arm die aarde gemaak het, ook die mense en diere wat op die aarde is, en Ek gee dit aan wie Ek wil. ⁶ *En nou het Ek self al hierdie lande oorgegee in die hand van Nebukadnesar, koning van Babel, my dienskneg.* Ja, Ek het selfs die wilde diere aan hom gegee om aan hom onderhorig te wees. ⁷ *Al die nasies sal hom en sy seun en sy kleinseun dien, totdat ook vir sy land die tyd aanbreek en magtige nasies en groot konings hom verkneg. ⁸ Maar die nasie of koninkryk wat nie aan hom, Nebukadnesar, koning van Babel, onderhorig wil wees nie en sy nek nie onder die juk van die koning van Babel insteek nie — met die swaard, hongersnood en pessiëkte sal Ek van daardie nasie rekenskap eis,” ’ ’ ’ ’ ’ is die uitspraak van die HERE, “ ‘ ‘ ‘ ‘ “totdat Ek hulle volledig in sy hand oorgegee het. ⁹ *Maar julle, moenie luister na julle profete, julle voorspellers, julle dromers,^p die lesers van voortekens of julle towenaars nie, hulle wat met julle praat en sê, ‘Julle sal nie die koning van Babel dien nie.’ ¹⁰ *Want dit is leuens wat hulle vir julle profeteer, en dit sal

*27:3 Ammoniete: Gen 19:38; vgl Jer 49:1-6

*27:3 Tirus ... Sidon: Vgl Jes 23:1-17; Jer 47:4; Eseg 26:1 — 28:26

*27:5 Gen 1:1,24; Jes 45:12; Dan 4:17,25,32

*27:6 Judit 11:7; Vgl Rom 1:1

*27:6 Nebukadnesar ... dienskneg: Jer 25:9; 43:10; Eseg 29:18-20

*27:7 Jer 25:12

*27:9 Jer 23:25-26; 29:8

^p27:9 julle dromers: Vroeë vertalings word hier gevolg. Die bronteks lui “julle drome”.

*27:10 Jer 5:31; 14:14; 23:21; 29:9; Matt 7:22-23

daartoe lei dat julle van julle grond af verwyder word. Ek sal julle verdryf, en julle sal omkom. ¹¹ Maar die nasie wat sy nek onder die juk van die koning van Babel insteek en hom dien — Ek sal hulle op hulle grond laat bly,” ’ ’ ’ ’ is die uitspraak van die HERE, “ ‘ ‘ ‘ “en hulle sal dit bewerk en daarop woon.” ’ ’ ’ ’ ”

¹² Vir Sedekia, koning van Juda, het ek toe al hierdie woorde gesê: “Steek julle nekke onder die juk van die koning van Babel in, en dien hom en sy volk, sodat julle kan leef! ¹³ *Waarom moet julle, jy en jou volk, sterf deur die swaard, hongersnood en pessiëkte, soos die HERE gesê het oor die nasie wat die koning van Babel nie wil dien nie?

¹⁴ Moenie luister na die woorde van die profete wat vir julle sê, ‘Julle sal nie die koning van Babel dien nie,’ want dit is leuens wat hulle vir julle profeteer. ¹⁵ *Want Ek het hulle nie gestuur nie,” is die uitspraak van die HERE, “en hulle profeteer vals in my Naam, wat daartoe sal lei dat Ek julle verdryf, en dat julle sal omkom, julle en die profete wat vir julle profeteer.”

¹⁶ Vir die priesters en hierdie hele volk het ek gesê: “So sê die HERE, ‘Moenie luister na die woorde van julle profete nie, hulle wat vir julle profeteer: “Kyk, die voorwerpe van die huis van die HERE sal nou vinnig teruggebring word uit Babel.”* Want dit is leuens wat hulle vir julle profeteer. ¹⁷ Moenie na hulle luister nie; dien die koning van Babel, sodat julle kan leef. Waarom moet hierdie stad 'n puinhoop word?’ ¹⁸ As hulle dan profete is, en as die woord van die HERE by hulle is, moet hulle liever by die HERE, Heerser oor alle magte, pleit dat die voorwerpe wat nog oor is in die huis van die HERE en in die huis van die koning van Juda en in Jerusalem, nie na Babel gaan nie. ¹⁹ Want so

*27:13 Jer 14:12; Eseg 18:31

*27:15 Jer 5:31; 14:14; 23:21; 27:10; 29:9; Matt 7:22-23

*27:16 Kyk ... Babel: 2 Kon 24:13; 2 Kron 36:7,10; Jer 28:3; Dan 1:2

sê die HERE, Heerser oor alle magte, oor die pilare,^{*} die bronssee,^q die verskuifbare staanders^{*} en die res van die voorwerpe wat in hierdie stad oorgebly het,²⁰ ^{*}wat Nebukadnesar, koning van Babel, nie weggevat het toe hy Jegonja,^r seun van Jojakim, koning van Juda, uit Jerusalem in ballingskap weggevoer het na Babel saam met al die hoëlui^s van Juda en Jerusalem nie. ²¹ ^{*}Ja, so sê die HERE, Heerser oor alle magte, die God van Israel, oor die voorwerpe wat oorgebly het in die huis van die HERE en in die huis van die koning van Juda en in Jerusalem, ²² ‘Na Babel sal dit geneem word, en dit sal daar bly tot op die dag dat Ek daaraan aandag gee,’ ” is die uitspraak van die HERE. “ ‘Dan sal Ek dit laat haal en dit terugbring na hierdie plek.’ ”

28

Jeremia teen Gananja

¹ In dieselfde jaar, aan die begin van Sedekia, koning van Juda,^{*} se regering, in die vyfde maand van die vierde jaar, het Gananja, seun van Assur, die profeet uit Gibeon, vir my in die huis van die HERE, in die teenwoordigheid van die priesters en die hele volk, gesê: ² “So sê die HERE, Heerser oor alle magte, die God van Israel, ‘Ek het die juk van die koning van Babel gebreek. ³ Nog net twee jaar, dan gaan Ek al die voorwerpe van die huis van die HERE wat Nebukadnesar, koning van

^{*}27:19 pilare: 1 Kon 7:15; 2 Kon 25:13,16

^q27:19 bronssee: In 1 Kon 7:23; 2 Kron 4:2 “die •See” genoem; vgl Eks 30:17-21.

^{*}27:19 verskuifbare staanders: 1 Kon 7:27

^{*}27:20 2 Kon 24:10-13; Matt 1:11

^r27:20 Jegonja: Sy ander naam was Jojagin; vgl 2 Kon 24:6-15.

^s27:20 hoëlui: Die ryk grondbesitters en leidende figure in die gemeenskap.

^{*}27:21-22 Esra 1:7-11

^{*}28:1 Sedekia ... Juda: 2 Kon 24:17 — 25:7; 2 Kron 36:10-21

Babel, uit hierdie plek gevat en na Babel geneem het, na hierdie plek terugbring. ⁴ Jegonja,^t seun van Jojakim, koning van Juda en al die ballinge van Juda wat na Babel gegaan het, gaan Ek na hierdie plek terugbring,' is die uitspraak van die HERE, 'want Ek sal die juk van die koning van Babel breek.'

⁵ Toe sê die profeet Jeremia vir die profeet Gananja in die teenwoordigheid van die priesters en die hele volk wat in die huis van die HERE staan, ⁶ ja, die profeet Jeremia sê toe: "Amen,^u mag die HERE dit so doen! Mag die HERE jou woorde wat jy geprofeteer het, vervul deur die voorwerpe van die huis van die HERE en al die ballinge uit Babel terug te bring na hierdie plek. ⁷ Maar hoor tog hierdie woord wat ek direk vir jou en ten aanhore van die hele volk sê: ⁸ Die profete wat voor my en jou daar was in die ou tyd, het teen baie lande en teen groot koninkryke geprofeteer oor oorlog en rampe en pessiëktes. ⁹ *Die profeet wat vrede profeteer, sal, as die woord van die profeet uitkom, bekend wees as 'n profeet wat werklik deur die HEREGestuur is."

¹⁰ *Die profeet Gananja het toe die skeie van die profeet Jeremia se nek afgehaal en dit gebreek. ¹¹ Gananja sê toe in die teenwoordigheid van die hele volk: "So sê die HERE, 'Net so sal Ek binne twee jaar die juk van Nebukadnesar, koning van Babel, breek, van die nekke van al die nasies af.' " Die profeet Jeremia het daarna sy koers gegaan.

¹² Maar die woord van die HERE het tot Jeremia gekom nadat die profeet Gananja die skeie gebreek het van die nek van die profeet Jeremia af: ¹³ "Gaan sê vir Gananja, 'So sê die HERE: "Skeie van hout het

^t**28:4 Jegonja:** Sy ander naam was Jojagin; vgl 2 Kon 24:6-15.

^u**28:6 Amen:** Die Hebreuse woord *Amen* word gebruik om instemming te betuig met 'n vloek, 'n bevel of 'n openbaring van God.

***28:9** Deut 18:21-22; Eseg 2:5; 33:33

***28:10** Jer 27:2

jy gebreek, maar in die plek daarvan het jy skeie van yster gemaak.”

¹⁴ *Ja, so sê die HERE, Heerser oor alle magte, die God van Israel: “'n Ysterjuk lê Ek op die nekke van al hierdie nasies om Nebukadnesar, koning van Babel, te dien, en hulle sal hom dien. Selfs die wilde diere gee Ek aan hom.” ’ ’ ”

¹⁵ *Die profeet Jeremia het toe vir die profeet Gananja gesê: “Luister tog, Gananja! Die HERE het jou nie gestuur nie, maar jy laat hierdie volk op leuens vertrou. ¹⁶ *Daarom, so sê die HERE, ‘Kyk, Ek gaan jou van die aardbodem af wegwerp. Jy gaan vanjaar nog sterf, omdat jy valshede oor die HERE verkondig het.’ ”

¹⁷ Die profeet Gananja het in daardie jaar, in die sewende maand, gesterf.

29

Jeremia se brief aan die ballinge

¹ Dit is die woorde van die brief wat die profeet Jeremia uit Jerusalem gestuur het na die res van die oudstes^v in ballingskap en na die priesters, die profete en die hele volk wat Nebukadnesar uit Jerusalem in ballingskap weggevoer het na Babel, ² *nadat koning Jegonja,^w die koninginmoeder en die eunugs,^x die hoë amptenare van Juda en

***28:14** Deut 28:48; Jer 25:11; 27:6

***28:15** Vgl Jer 29:31

***28:16** Deut 13:5

^v**29:1 oudstes:** Mense wat aansien in die gemeenskap gehad en 'n leiersrol vervul het.

***29:2** 2 Kon 24:12-16; 2 Kron 36:9-10; Jer 24:1

^w**29:2 Jegonja:** Sy ander naam was Jojagin; vgl 2 Kon 24:6-15.

^x**29:2 eunugs:** Ontmante haremopsigters of hofamptenare wat veral in 'n paleis werksaam was.

Jerusalem, die vakmanne en metaalwerkers reeds uit Jerusalem vertrek het, ³ deur bemiddeling van Elasa, seun van Safan, en Gemarja, seun van Gilkija, hulle wat deur Sedekia, koning van Juda, * na Babel, na Nebukadnesar, koning van Babel, gestuur is:

⁴ “So sê die HERE, Heerser oor alle magte, die God van Israel, aan al die ballinge wat Ek uit Jerusalem na Babel in ballingskap weggevoer het, ⁵ “*Bou huise en bewoon dit; plant tuine aan en eet die vrugte daarvan! ⁶ Neem vroue en verwek seuns en dogters, en kry vir julle seuns vroue en gee julle dogters aan mans, sodat hulle seuns en dogters kan kry. Word daar meer en moenie minder word nie. ⁷ Bevorder die voorspoed^y van die stad waarheen Ek julle in ballingskap laat gaan het, en bid tot die HERE vir die stad, want in sy voorspoed is daar ook voorspoed vir julle.’ ⁸ *Ja, so sê die HERE, Heerser oor alle magte, die God van Israel, ‘Moenie dat julle profete en die voorspellers in julle midde julle mislei nie, en moenie aandag gee aan die drome wat julle hulle laat droom nie. ⁹ Want dit is leuens wat hulle vir julle profeteer in my Naam. Ek het hulle nie gestuur nie,’ is die uitspraak van die HERE.

¹⁰ “*Ja, so sê die HERE, ‘As sewentig jaar vir Babel verloop het, sal Ek aan julle aandag gee en my goeie belofte* aan julle gestand doen, om julle na hierdie plek toe terug te bring. ¹¹ *Ja, Ek ken die planne wat Ek vir julle het,’ is die uitspraak van die HERE. ‘Dit is planne van

*29:3 Sedekia ... Juda: 2 Kon 24:17 — 25:7; 2 Kron 36:10-21

*29:5 Jer 29:28

^y29:7 voorspoed: Die woord “voorspoed” kan in Jer 29 ook vertaal word “vrede”.

*29:8 Jer 25:12; 27:9

*29:10 2 Kron 36:21; Jer 25:11; Dan 9:2

*29:10 goeie belofte: Jer 27:22

*29:11 Jer 24:4-6; 31:17

voorspoed, en nie teenspoed nie, om aan julle 'n toekoms en hoop te gee. ¹² Julle sal My aanroep, en kom en tot My bid, en Ek sal na julle luister. ¹³ *Julle sal My soek en vind as julle My met julle hele hart raadpleeg. ¹⁴ Ek sal My deur julle laat vind,' is die uitspraak van die HERE, 'en Ek sal julle lot verander en julle bymekaarmaak uit al die nasies en al die plekke waarheen Ek julle verdryf het,' is die uitspraak van die HERE, 'en Ek sal julle terugbring na die plek waarvandaan Ek julle in ballingskap weggevoer het.'

¹⁵ "Ek skryf dit^z omdat julle gesê het, 'Die HERE het vir ons profete in Babel laat opstaan.'

¹⁶ "Ja, so sê die HERE oor die koning wat op die troon van Dawid sit en oor die hele volk wat in hierdie stad woon, julle volksgenote wat nie saam met julle in ballingskap gegaan het nie — ¹⁷ *ja, so sê die HERE, Heerser oor alle magte, 'Kyk, Ek gaan die swaard, hongersnood en pessiëkte onder hulle instuur. Ek gaan hulle maak soos verrotte vye wat nie meer geëet kan word nie, omdat dit te sleg is. ¹⁸ *Ek gaan hulle met die swaard, hongersnood en pessiëkte agtervolg en Ek gaan van hulle 'n skrikwekkende voorbeeld maak vir al die koninkryke van die aarde, 'n voorbeeld van vervloeking, 'n skrikbeeld, die rede vir 'n gefluit^a en 'n bespotting onder al die

*29:13-14 Vgl Deut 4:29-31; 2 Kron 15:2-4; Jes 55:6-7; Jer 23:3; 32:37; Am 5:4

^z29:15 Ek ... dit: Hierdie woorde kom nie in die •bronteks voor nie, maar word veronderstel.

*29:16 Jer 22:2

*29:17-18 Deut 28:25; Jer 24:8-10

*29:18 Deut 28:37; Jer 24:9; 42:18; 44:8,12

^a29:18 die rede ... gefluit: Letterlik 'vir 'n gefluit' of 'vir 'n gesis'. Dit verwys waarskynlik na die bygeloof dat bose geeste wat in ruïnes skuil, deur 'n gefluit of gesis afgeweer kan word. Dit kan moontlik ook verbasing uitdruk of 'n spottende gebaar wees.

nasies waarheen Ek hulle verdryf het, ¹⁹ * omdat hulle nie na my woorde geluister het nie, ' is die uitspraak van die HERE, 'toe Ek my dienaars, die profete, aanhoudend na hulle gestuur het, en hulle^b nie geluister het nie, ' is die uitspraak van die HERE.

²⁰ "Maar julle, hoor die woord van die HERE, al die ballinge wat Ek uit Jerusalem na Babel weggestuur het! ²¹ So sê die HERE, Heerser oor alle magte, die God van Israel, oor Agab, seun van Kolaja en oor Sedekia, seun van Maäseja, wat vir julle in my Naam leuens profeteer, 'Kyk, Ek gaan hulle oorgee in die hand van Nebukadresar,^c koning van Babel, en hy sal hulle voor julle oë neerfel. ²² * En daarvan sal 'n vervloeking afgelei word deur al die ballinge van Juda wat in Babel is, naamlik: "Mag die HERE met jou maak soos met Sedekia en Agab, wat deur die koning van Babel in die vuur laat braai is!" — ²³ * omdat hulle 'n gruweldaad gepleeg het in Israel: Hulle het met die vroue van hulle medemenses owerspel gepleeg en in my Naam vals woorde verkondig wat Ek hulle nie beveel het nie. Ek is die Een wat weet en 'n getuie is, ' is die uitspraak van die HERE."

*29:19 Jer 7:25-26

^b29:19 hulle: Twee groepe mss van die •Septuagint, en ook die •Peshitta word hier gevolg. Die bronteks lui "julle".

^c29:21 Nebukadresar: Die naam beteken 'Nebo, beskerm die erfgenaam!' Hy was beter bekend as •Nebukadnesar, waarskynlik 'n spotnaam wat beteken 'Nebo, beskerm die muil!' aangesien hy geen nageslag gehad het nie. Tot by Jer 25:9 word hy Nebukadresar genoem, daarna tot by Jer 29:3 Nebukadnesar, en vanaf Jer 29:21 weer Nebukadresar tot aan die einde van die boek.

*29:22 Jes 65:15

*29:23 Mal 3:5

Boodskap aan Semaja

²⁴ “Vir Semaja, uit Negelam, moet jy sê, ²⁵ “So sê die HERE, Heerser oor alle magte, die God van Israel: “Dit is jy wat in jou eie naam briewe gestuur het aan die hele volk wat in Jerusalem is, en aan die priester Sefanja, seun van Maäseja,* en aan al die priesters, met die woorde, ²⁶ “*Die HERE het jou as priester aangestel in die plek van die priester Jojada, sodat daar opsieners in die huis van die HERE kan wees om elkeen wat kranksinnig is en as profeet optree,* in die blok^d en in die gevangenis^e te sit. ²⁷ En nou, waarom het jy nie vir Jeremia uit Anatot,* wat vir julle as 'n profeet optree, tereggewys nie? ²⁸ *Op stuk van sake is dit waarom hy aan ons in Babel 'n boodskap gestuur het wat lui: “Dit gaan lank duur; bou huise en bewoon dit, plant tuine aan en eet die vrugte daarvan!” ’ ’ ’ ’ ”

²⁹ Maar die priester Sefanja het hierdie brief ten aanhore van die profeet Jeremia voorgelees. ³⁰ Toe het die woord van die HERE tot Jeremia gekom: ³¹ “*Stuur 'n boodskap aan al die ballinge, ‘So sê die HERE oor Semaja, uit Negelam: “Omdat Semaja vir julle geprofeteer het, terwyl Ek hom nie gestuur het nie, en hy julle op leuens laat vertrou het, ³² daarom, so sê die HERE, ‘Kyk, Ek gaan van Semaja, uit Negelam, rekenskap eis, en ook van sy nageslag. Daar sal vir hom niemand wees

*29:25 Sefanja ... Maäseja: Jer 21:1; 37:3

*29:26-27 Vgl Jer 20:2

*29:26 kranksinnig ... optree: Vgl 2 Kon 9:11

^d29:26 blok: Dit was twee houtbalke met ooreenstemmende openinge in. Die enkels van die gevangene is daarin vasgeklem.

^e29:26 gevangenis: Daar is onsekerheid oor die betekenis van die Hebreeuse woord. Sommige vertaal dit “nekyster”.

*29:27 Jeremia uit Anatot: Jer 1:1; 11:21

*29:28 Jer 29:5

*29:31-32 Deut 13:6-10; Jer 28:15-16

wat tussen hierdie volk woon nie; en hy sal nie die goeie beleef wat Ek aan my volk gaan doen nie,' is die uitspraak van die HERE, 'want hy het valshede oor die HERE verkondig.' ” ’ ’ ”

30

Herstel van Israel en Jerusalem

¹ Dit is die woord wat van die HERE tot Jeremia gekom het: ² “So sê die HERE, die God van Israel, ‘Skryf vir jou al die woorde wat Ek met jou gepraat het in 'n boekrol.’ ³ *Want kyk, daar kom dae,’ is die uitspraak van die HERE, ‘dat Ek die lot van my volk Israel en van Juda sal verander,’ sê die HERE. ‘Ek sal hulle terugbring na die land wat Ek aan hulle voorouers gegee het, en hulle sal dit in besit neem.’ ”

⁴ Dit is die woorde wat die HERE oor Israel en Juda gesê het: ⁵ “*So sê die HERE,

‘Ons het 'n angskreet gehoor,
daar is vrees, en geen vrede nie!

⁶ Vra maar en kyk of 'n man
geboorte kan gee?

Waarom sien ek dan elke man
met sy hande op sy heupe
soos 'n vrou wat geboorte gee?

Waarom het al die gesigte
verbleek?

⁷ *Helaas, want daardie dag
is groot en sonder gelyke!

*30:2 Skryf ... boekrol: Jer 36:2,28; vgl Eks 17:14

*30:3 Esra 2:1; Ps 14:7; Jer 16:15; 29:14; 31:6,23

*30:5 Vgl Jer 4:31

*30:7 Vgl Joël 1:15

Dit is 'n tyd van benoudheid
vir Jakob,
maar hy sal daaruit verlos word.

⁸*Op daardie dag,'
is die uitspraak van die HERE,
Heerser oor alle magte,
'sal Ek sy juk van jou nek af
breek
en jou stroppe uitmekaar ruk.

Vreemdes sal hom nie langer
verkneg nie.

⁹*Hulle sal die HERE,
hulle God dien,
en Dawid, hulle koning
wat Ek vir hulle
sal laat opstaan.

¹⁰*En jy, my dienskneg Jakob,
moenie bang wees nie!
is die uitspraak van die HERE.

'Moet jou nie laat afskrik nie,
Israel!

Want kyk, Ek gaan jou verlos
uit 'n ver plek,
jou nageslag uit die land
van hulle gevangenskap.

Jakob sal terugkeer;

*30:8 Jer 28:2; Nah 1:13

*30:9 Hos 3:5

*30:10-11 Jer 46:27-28

hy sal stil en rustig wees,
en niemand sal hom verskrik nie.*

¹¹ Ja, Ek is by jou,
is die uitspraak van die HERE,
‘om jou te verlos;
want Ek sal 'n einde maak
aan al die nasies
waarheen Ek jou verdryf het;
net aan jou sal Ek geen einde
maak nie.
Ek sal jou matig straf,
maar jou beslis nie ongestraf
laat nie.’

¹² “Ja, so sê die HERE,
‘Ongeneeslik is jou verwonding,^f
jou wond word nie gesond nie.*

¹³ Daar is niemand
wat jou regsak behartig nie.
Vir die wond is daar
geen medisyne nie;
daar is geen herstel vir jou nie.

*30:10 hy sal ... verskrik nie: Miga 4:4

^f30:12 verwonding: Kan ook vertaal word “verbreking” of “ineenstorting”.

*30:12 Ongeneeslik ... gesond nie: Jer 15:18

¹⁴ Al jou minnaars[§]

het jou vergeet,
hulle vra nie eers na jou nie;^{*}
want met die wonde van 'n vyand
het Ek jou getref.

Dit was 'n genadelose bestraffing,
omdat jou sondeskuld so groot is,
jou sondes so talryk is.

¹⁵ Waarom roep jy om hulp

oor jou verwonding?
Jou smart is ongeneeslik.
Omdat jou sondeskuld so groot is,
jou sondes so talryk is,
het Ek jou hierdie dinge
aangedoen.

¹⁶ *Daarom, almal wat jou verslind,
sal verslind word;

al jou teenstanders sal saam
in ballingskap gaan.

Hulle wat jou beroof,
is bestem om beroof te word;
en almal wat jou plunder,
gee Ek oor om geplunder te word.

¹⁷ * Ja, Ek sal vir jou herstel beskik,

[§]**30:14 jou minnaars:** Dit verwys na die politieke bondgenote van Sion of Jerusalem, wat hier as 'n vrou voorgestel word.

^{*}**30:14 Al ... jou nie:** Jer 4:30; Klaagl 1:2

^{*}**30:16** Jes 33:1

^{*}**30:17** Jes 62:4; Jer 33:6

jou van jou wonde genees,[']
is die uitspraak van die HERE,
'al noem hulle jou Verstotene —
Sion, die een oor wie niemand
navraag doen nie. '

¹⁸ "So sê die HERE:

'Kyk, Ek gaan die lot
van Jakob se tente verander,
oor sy wonings gaan Ek
My ontferm.

Dorpe sal op hulle puinhope
herbou word,
en vestings^h sal staan
waar hulle hoort.*

¹⁹ *Uit hulle sal lofsange opklink,
en die geluid van mense
wat dans.

Ek sal hulle baie maak;
hulle sal nie minder word nie.
Ek sal eer aan hulle gee;
hulle sal nie gering wees nie.*

²⁰ * Jakob se kindersⁱ sal weer
soos voorheen wees;

^h30:18 vestings: Versterkte paleise of woonplekke van konings en die hoëlui.

*30:18 Dorpe ... hoort: Jes 58:12; 61:4; Am 9:11

*30:19 Sag 10:8

*30:19 Ek sal hulle ... wees nie: Eseg 36:37

*30:20 Jes 1:26; Jer 33:7

ⁱ30:20 Jakob se kinders: Die •bronteks lui "sy kinders".

sy volksvergadering^j sal voor My
bestendig wees.

Ek sal van almal wat hom verdruk
rekenskap eis.

²¹ *Sy maghebber sal uit eie
geledere kom;
sy heerser sal uit sy midde
voortkom.

Ek sal hom laat naderkom,
en hy sal tot My nader.

Ja, wie is die een wat dit sal waag^k
om tot My te nader?’
is die uitspraak van die HERE.

²² *‘Julle sal vir My 'n volk wees,
en Ek sal vir julle 'n God wees.’ ”

²³ *Daar kom die HERE
se stormwind!

Woede het losgebreek —
'n werwelstorm!

Dit kolk bo die koppe
van goddeloses.

^j**30:20 volksvergadering:** 'n Byeenkoms van volwasse mans waarin elke gesin verteenwoordig is deur die gesinshoof.

***30:21** Deut 17:15

^k**30:21 wie ... waag:** Die Hebreeuse idioom lui “wie is die een wat sy hart as borg sal gee?”

***30:22** Jer 31:31; Eseg 11:20; vgl Deut 26:17; 27:9

***30:23** Jer 23:19-20

²⁴ *Die brandende toorn
van die HERE sal
nie omdraai nie,
totdat Hy die planne
van sy hart uitgevoer,
dit tot stand gebring het.
Aan die einde van die dae¹
sal julle dit verstaan.

31

¹ “In daardie tyd,”* is die uitspraak van die HERE, “sal Ek 'n God wees vir al die familiegroepe van Israel, en hulle sal vir My 'n volk wees.”*

² So sê die HERE:

“Die volk wat aan die swaard
ontkom het,
het genade gevind
in die woestyn.^m

Israel is op pad om rus te vind.*

³ Van ver af het die HERE
aan homⁿ verskyn.

***30:24** Jer 23:20; Eseg 38:16

¹**30:24 Aan ... dae:** Dit verwys nie na die eindtyd nie, maar na 'n tyd wanneer die gebeure waaroor dit gaan, afgeloop het.

***31:1 In ... tyd:** Jer 30:24

***31:1 sal Ek ... volk wees:** Jer 3:18; 30:22

^m**31:2 woestyn:** Verlate, deels onherbergsame gebied, met 'n skaarste aan plantegroei, maar waar kleinvee kon wei.

***31:2 Die ... vind:** Num 10:33; Jes 63:14; Hos 2:16-17

ⁿ**31:3 hom:** Die •Septuagint word hier gevolg. Die •bronteks lui “my”.

“Met 'n ewige liefde
het Ek jou liefgehad;
daarom het Ek jou in troue liefde
nadergetrek.*

⁴ Ek sal jou weer herbou,
en jy sal gevestig wees,
jongvrou Israel.

Jy sal jou weer versier
met jou tamboeryne,^o
en uitgaan in die kring
van die dansers.

⁵ * Jy sal weer wingerde plant
op die berge van Samaria.^p
Hulle wat plant, sal die eerste
vrugte daarvan geniet.

⁶ * Ja, daar kom 'n dag waarop
die wagte op die bergland
van Efraim sal uitroep,
‘Maak gereed,
en laat ons opgaan na Sion,
na die HERE ons God!’ ”

⁷ Ja, so sê die HERE,
“Jubel met vreugde oor Jakob!
Juig oor die hoof van die nasies.

***31:3 Met ... nadergetrek:** Jes 54:8; Hos 11:1-9; Mal 1:2

^o**31:4 versier ... tamboeryne:** Tamboeryne was deel van vroue se feesdrag.

***31:5** Jes 65:21-22; Am 9:14

^p**31:5 Samaria:** Dit verwys hier na die gebied wat voorheen as Israel bekend was.

***31:6** Jes 2:3

Verkondig dit! Sing lof en sê,
'Verlos u volk, HERE,
die oorblyfsel van Israel!'

⁸*Kyk, Ek gaan hulle bring
uit 'n land in die noorde.
Ek gaan hulle byeenbring vanaf
die uithoeke van die aarde.

Onder hulle sal blindes
en kreupeles wees,
vroue wat swanger is
en wat geboorte gee —
almal saam.

As 'n groot geloofsgemeenskap
gaan hulle hierheen terugkeer.

⁹*Met 'n gehuil sal hulle kom,
en onder smeekbedes
sal Ek hulle begelei.
Ek sal hulle bring by waterstrome,
op 'n gelyk pad waarop hulle
nie sal struikel nie.

Want Ek het vir Israel
'n vader geword,
Efraim is my eersgeborene.

¹⁰“Hoor die woord van die HERE,
nasies!

***31:7 Verlos ... Israel:** Jes 4:3

***31:8** Jer 3:18

***31:9** Deut 1:31; Ps 126:5-6; Jer 35:7-8; 49:10; 50:4; Rom 8:15; 2 Kor 6:18

Maak dit bekend

op die verste eilande,⁹ en sê,
'Hy wat Israel verstrooi het,
sal hulle bymekaarmaak
en hulle oppas
soos 'n herder sy kudde.'*

¹¹ *Want die HERE het Jakob
vrygekoop,
hom losgekoop uit die hand
van een wat sterker is as hy.

¹² *Hulle sal kom en jubel
op die hoogte by Sion;
hulle sal van vreugde straal
oor die goedheid van die HERE,
oor koring, nuwe wyn
en olyfolie,
en oor lammers en beeste.

Hulle sal wees
soos 'n natgeleide tuin;
hulle sal nie weer wegkwyn nie.

¹³ *Dan sal jongvroue vreugde vind
in kringdanse,
ook jong manne en ou manne
saam met hulle.

⁹**31:10 eilande:** Dit kan ook verwys na gebiede om die Middellandse See.

***31:10 Hy ... kudde:** Jes 40:11; Jer 23:3; Joh 10:16

***31:11** Jes 49:25; Luk 11:21-22

***31:12** Jes 35:10; 58:11; Eseg 20:40

***31:13** Ps 30:12; Joh 16:22

Ek sal hulle rou verander
in vrolikheid;
Ek sal hulle troos,
en aan hulle vreugde gee
in die plek van hulle droefheid.
¹⁴ *Ek sal die priesters verkwik
met olyfolie,
en my volk sal met my goedheid
versadig word, ’ ”
is die uitspraak van die HERE.

¹⁵ So sê die HERE:
“'n Stem word gehoor in Rama,^r
'n treurlied, 'n bittere gehuil.
Ragel* huil oor haar kinders;
sy weier om getroos te word
oor haar kinders,
want hulle is nie meer daar nie.”^s

***31:14** Ps 23:5-6

^r**31:15 Rama:** 'n Dorp 9 km noord van Jerusalem.

***31:15 Ragel:** Gen 29:10,28; 30:22; 35:16-18

^s**31:15 'n Stem ... daar nie:** In Matt 2:18 (uit die Septuagint) aangehaal as
heenwysing na die kindermoord in die tyd van Herodes.

¹⁶ So sê die HERE,
“Weerhou jou stem daarvan
om te huil,
jou oë daarvan om trane te stort;
want daar is beloning
vir jou geswoeg,”
is die uitspraak van die HERE;
“hulle sal terugkeer uit die land
van die vyand.^t
¹⁷ *Daar is hoop vir jou nageslag,”
is die uitspraak van die HERE —
“kinders sal terugkeer
na hulle grondgebied.

¹⁸ “*Ek het dit beslis gehoor —
Efraim bejammer homself,
‘U het my ingebreek,
en ek het my laat inbreek
soos 'n ongeleerde kalf.
As U my laat terugkeer,
keer ek werklik terug;
want U is die HERE my God.
¹⁹ *Ja, nadat ek tot inkeer

^t**31:16 Weerhou ... vyand:** Die stammoeder van Josef en Benjamin (die noordelike stamme wat in 720 vC weggevoer is in ballingskap) word verseker dat haar kinders wat sy met moeite in die wêreld gebring en grootgemaak het, weer sal terugkeer.

***31:17** Jer 29:10-11

***31:18** Ps 80:3; Klaagl 5:21; Hos 4:16

***31:19** Jer 3:25

gekom het,
het ek berou gehad;
nadat ek tot die besef gekom het,
het ek myself op die heup
geslaan.^u

Ek staan beskaamd,
ek voel ook verneder;
ja, ek dra die skande
van my jeug.’

²⁰ *Is Efraim vir My
'n dierbare seun,
'n kind wat My
vreugde verskaf?

Al vaar Ek telkens teen hom uit,
bly Ek hom weer onthou.

Daarom is my binneste
oor hom in beroering.

Ek sal My beslis oor hom ontferm,”
is die uitspraak van die HERE.

²¹ “Rig vir jou padwysers op;
bring vir jou rigtingwysers aan!
Rig jou aandag op die hoofroete,
die pad wat jy geloop het.”^v

^u**31:19 myself ... geslaan:** Dit was 'n teken van droefheid; vgl Eseg 21:12.

^{*}**31:20** Spr 3:12; Jes 49:14-16; Hos 11:8-9; Op 3:19

^v**31:21 hoofroete ... het:** Dit verwys na die roete wat Israel moes volg het toe hulle in 722 vC deur Assirië in ballingskap weggevoer is.

Keer terug, jongvrou van Israel!

Keer terug na hierdie dorpe

van jou!*

²² Hoe lank gaan jy nog huiwer,

afvallige dogter?

Want die HERE skep iets nuuts

op die aarde:

'n Vrou sal om 'n man beweeg.^w”

²³ “So sê die HERE, Heerser oor alle magte, die God van Israel, ‘Hulle sal weer hierdie woorde sê in die land Juda en in sy dorpe wanneer Ek hulle lot verander: “Mag die HERE jou seën, woonplek van geregtigheid, heilige berg!”* ²⁴ Juda en al sy dorpe sal saam daar woon, landbouers en hulle wat met kuddes kleinvee rondtrek.^x

²⁵ *Want Ek verkwik 'n dors mens,

en aan elkeen wat versmag,

gee Ek genoeg.’ ”

***31:21 Keer terug, jongvrou ... jou:** Jer 3:12

^w**31:22 'n Vrou ... beweeg:** Dit verwys waarskynlik na die dans van 'n bruidegom om die bruid, wat hier andersom gebeur. Dit sou beteken dat die bruid, wat in ballingskap is, by Jerusalem in 'n kultiese proses om die heiligdom, waar God is, sal beweeg; vgl Jer 31:23.

***31:23 Mag ... berg:** Jes 11:9; Sag 8:3

^x**31:24 hulle ... rondtrek:** Die Griekse vertalings van •Aquila en •Symmachus, asook die •Targum en •Vulgaat word hier gevolg. Die bronteks lui “hulle sal met hulle kuddes kleinvee verder trek”.

***31:25** Ps 23:2; Matt 11:28; Luk 6:21

²⁶ ^yHierop het ek wakker geword*
en gekyk,
en my slaap was vir my soet.

²⁷ *^y“Kyk, daar kom dae,” is die uitspraak van die HERE, “wanneer Ek in die huis van Israel en in die huis van Juda die saad van mense en diere sal saai. ²⁸ *En soos Ek daarop bedag was om hulle uit te ruk en af te breek, plat te slaan, ten gronde te laat gaan en skade aan te rig, so sal Ek daarop bedag wees om hulle op te bou en te plant,” is die uitspraak van die HERE. ²⁹ *^y“In daardie tyd sal hulle nie meer sê,

‘Die ouers het groen druiwe
geëet,
en die kinders se tande
het stomp geword’ nie.

³⁰ *^y“Maar elkeen sal vir sy eie sondeskuld sterf. Elke mens wat groen druiwe eet, se tande sal stomp word.

³¹ *^y“^y“Kyk, daar kom dae,” is die uitspraak van die HERE, “wanneer Ek met die huis van Israel en die huis van Juda 'n nuwe verbond sal sluit.

³² *^yDit sal nie wees soos die verbond wat Ek met hulle voorouers gesluit het die dag toe Ek hulle aan die hand gevat het om hulle uit Egipteland

^y**31:26** Daar is onsekerheid oor die betekenis van die bronteks. Dit kan ook vertaal word “Om dié rede het Ek ontwaak, het Ek gesien wat aangaan. My jaar van optrede het vir My aangebreek.”

***31:26 ek ... geword:** Ps 35:23; 59:6; 78:65

***31:27** Vgl Hos 2:22; Sag 10:9

***31:28** Jer 1:10-12; 18:7,9; vgl Pred 3:2

***31:29-30** Deut 24:16; 2 Kon 14:6; Eseg 18:2

***31:31-34** Heb 8:8-12

***31:31** Matt 26:28; Luk 22:20; 1 Kor 11:25; 2 Kor 3:6

***31:32** Jes 42:6

te lei nie — my verbond wat hulle self verbreek het, al was Ek Heer oor hulle,” is die uitspraak van die HERE. ³³ **“Nee, dít is die verbond wat Ek ná daardie dae met die huis van Israel sal sluit,” is die uitspraak van die HERE: “Ek sal my wet in hulle binneste gee, en dit op hulle harte skryf. Ek sal vir hulle 'n God wees, en hulle sal vir My 'n volk wees. ³⁴ *Hulle sal nie meer elkeen sy medemens of sy broer leer en sê, ‘Ken die Here!’ nie, want hulle almal sal My ken, van die kleinste tot die grootste onder hulle,” is die uitspraak van die HERE. “Want Ek sal hulle sondeskuld vergewe en aan hulle sonde sal Ek nie weer dink nie.”

³⁵ So sê die HERE,
wat die son bedags
as 'n lig gee,
die vaste voorskrifte
vir die maan
en sterre as ligte snags,^{*}
Hy wat die see
in beweging bring,
sodat sy golwe dreun;
die HERE, Heerser
oor alle magte is sy naam:^{*}
³⁶ * “As hierdie vaste voorskrifte
voor My verdwyn,”
is die uitspraak van die HERE,

* **31:33-34** Rom 11:27; 1 Thess 4:9; Heb 10:16-17; vgl Jes 27:9

* **31:33** Jer 24:7; 32:39-40; Hos 2:22; 2 Kor 3:3

* **31:34** Jer 36:3; Hand 10:43; 1 Joh 2:27

* **31:35 wat die son ... snags:** Gen 1:14-16; Ps 72:5,17; 136:7

* **31:35 Hy ... naam:** Jes 51:15

* **31:36-37** Ps 89:34-38; Jer 33:20-21,25-26; vgl Jes 54:9-10

“sal ook die nageslag van Israel
ophou
om vir altyd 'n nasie te wees
voor My.”

³⁷ So sê die HERE,
“As die hemelruim daar bo
gemeet kan word,
en die fundamente van die aarde
daar onder vasgestel kan word,
sal Ek ook die hele nageslag
van Israel verwerp oor alles
wat hulle gedoen het,”
is die uitspraak van die HERE.

³⁸ “Kyk, daar kom dae,” is die uitspraak van die HERE, “wanneer die stad vir die HERE herbou sal word, van die Gananeltoring* af tot by die Hoekpoort.* ³⁹ Die maatlyn moet dan verder reguit aangelê word tot op die Garebheuvel; dan moet daar gedraai word na Goa. ⁴⁰ Die hele vallei waar die lyke en die as is, en al die terrasse tot by die spruit Kidron en die hoek van die Perdepoort* aan die oostekant, sal vir die HERE 'n heilige gebied wees. Dit sal nooit weer uitgeruk of platgeslaan word nie.”

32

Koop van grond in Anatot

¹ Dit is die woord wat van die HERE tot Jeremia gekom het in die tiende regeringsjaar van Sedekia, koning van Juda.* Dit was die

*31:38 Gananeltoring: Neh 3:1; 12:39; Sag 14:10

*31:38 Hoekpoort: 2 Kon 14:13; 2 Kron 25:23; 26:9; Sag 14:10

*31:40 Perdepoort: 2 Kron 23:15; Neh 3:28

*32:1 Sedekia ... Juda: 2 Kon 24:17 — 25:7; 2 Kron 36:10-21

agtiende regeringsjaar van koning Nebukadresar.^{za 2} Die leër van die koning van Babel was toe besig om Jerusalem te beleër. Die profeet Jeremia was ingeperk in die binnehof van die wagte se kwartiere, wat in die koninklike paleis van Juda was;^{* 3 *} want koning Sedekia van Juda het hom daar ingeperk deur te sê: “Waarom hou jy aan profeteer en sê, ‘So sê die HERE: “Kyk, Ek gaan hierdie stad oorgee in die hand van die koning van Babel; hy sal dit inneem,^{4 b} en Sedekia, koning van Juda, sal nie vrykom uit die hand van die Galdeërs^c nie, maar sal beslis oorgegee word in die hand van die koning van Babel, en hy sal van aangesig tot aangesig met hom praat en hom in die oë moet kyk;^{d 5} en hy sal Sedekia na Babel neem, en hy sal daar bly totdat Ek, die HERE,^e aan hom aandag gee,” is die uitspraak van die HERE, en verder: “As julle teen die Galdeërs veg, sal julle nie sukses behaal nie.” ’ ’ ”

^{6 *} Jeremia het gesê: “Die woord van die HERE het tot my gekom,⁷ ‘Kyk, Ganamel, seun van jou oom Sallum, is op pad na jou toe om te sê:

^z**32:1 18de ... Nebukadresar:** In September 588 vC.

^a**32:1 Nebukadresar:** Die naam beteken ‘Nebo, beskerm die erfgenaam!’ Hy was beter bekend as •Nebukadnesar, waarskynlik 'n spotnaam wat beteken ‘Nebo, beskerm die muil!’ aangesien hy geen nageslag gehad het nie. Tot by Jer 25:9 word hy Nebukadresar genoem, daarna tot by Jer 29:3 Nebukadnesar, en vanaf Jer 29:21 weer Nebukadresar tot aan die einde van die boek.

^{*}**32:2 Jeremia ... Juda was:** Jer 33:1; 37:21; 39:14

^{*}**32:3-5 Jer 34:2-3,21-22; vgl 2 Kon 25:3-7**

^b**32:4 Jer 39:7; 52:11**

^c**32:4 Galdeërs:** Die volksgroep wat oor Babel regeer het vanaf 625 vC.

^d**32:4 hom in ... kyk:** Die Hebreeuse idioom lui “sy oë sal in sy oë moet kyk”.

^e**32:5 die HERE:** Hierdie woorde is bygevoeg om misverstand te voorkom.

^{*}**32:6-9 Matt 27:9-10**

“Koop vir jou my stuk grond wat in Anatot* is, want jy het die reg om dit te koop volgens die loskoopreg.” ’

⁸ “Ganamel, seun van my oom, het toe, ooreenkomstig die woord van die HERE, na my toe gekom, in die binnehof van die wagte se kwartiere, en vir my gesê, ‘Koop asseblief my stuk grond wat in Anatot in die grondgebied van Benjamin is, want die besitreg en die loskoopreg behoort aan jou. Koop dit vir jou!’

“Ek het toe geweet dat dit die woord van die HERE was, ⁹ en ek het die stuk grond wat in Anatot is, by Ganamel, seun van my oom, gekoop. Ek het die silwer vir hom afgeweeg — sewentien sikkelf silwer. ¹⁰ Ek het die koopbrief uitgeskryf, dit verseël, en deur getuies laat bevestig, en die silwer op 'n weegskaal afgeweeg. ¹¹ Toe het ek die koopkontrak geneem, die verseëlde een volgens voorskrif en wetlike bepalings, en ook 'n oop afskrif, ¹² en die koopkontrak vir Barug, seun van Nerija,* seun van Magseja, gegee in die teenwoordigheid van Ganamel, seun van⁸ my oom, en van die getuies wat die koopkontrak onderteken het, en van al die Judeërs wat daar in die binnehof van die wagte se kwartiere gesit het. ¹³ Ek het Barug in hulle teenwoordigheid opdrag gegee, ¹⁴ “So sê die HERE, Heerser oor alle magte, die God van Israel: “Neem hierdie briewe, hierdie koopkontrak, die verseëlde een en die oop afskrif, en plaas dit in 'n erdekruik, sodat dit vir 'n lang tyd behoue bly.” ¹⁵ Want so sê die HERE, Heerser oor alle magte, die God van Israel: “Daar sal weer huise, landerye en wingerde in hierdie land gekoop word.”* ’

* **32:7 Anatot:** Jer 1:1; 11:21

* **32:7 want ... loskoopreg:** Lev 25:25

^f**32:9 17 sikkelf:** Ongeveer 194 g; •Geldeenhede.

* **32:12 Barug ... Nerija:** Jer 36:4-8; 43:3,6; 45:1-2

⁸**32:12 seun van:** Enkele Hebreeuse mss, die •Septuagint en •Peshitta word hier gevolg. Die woorde kom nie in die •bronteks voor nie.

* **32:15 Daar ... word:** Jer 32:43

¹⁶ “Ek het tot die HERE gebid, nadat ek die koopkontrak vir Barug, seun van Nerija gegee het,

¹⁷ “ ‘Ag HERE, my Heer, kyk, dit is U wat die hemel en die aarde gemaak het deur u groot krag en uitgestrekte arm! Niks is vir U onmoontlik nie.* ¹⁸ *U bewys troue liefde aan duisende, maar vergeld die sondeskuld van ouers in die skote van hulle kinders ná hulle. Groot en magtige God, wie se naam die HERE, Heerser oor alle magte, is, ¹⁹ *U wat groot in raadsbesluite en groots in die uitvoering daarvan is, wie se oë oop is vir al die optrede van mensekinders, om elkeen te vergeld volgens sy optrede, volgens die vrug van sy dade, ²⁰ U wat tekens en wonders verrig het in Egipteland, tot vandag toe nog, in sowel Israel as onder die mensdom, en vir U 'n naam gemaak het soos dit vandag is — ²¹ *U het u volk Israel uit Egipteland gelei deur tekens en wonders, deur 'n sterk hand en 'n uitgestrekte arm en te midde van groot verskrikkings. ²² *U het aan hulle hierdie land gegee wat U met 'n eed aan hulle voorouers beloof het om aan hulle te gee — 'n land wat oorloop van melk en heuning. ²³ *Hulle het gekom en dit in besit geneem, maar hulle het nie na u stem geluister nie en u voorskrifte het hulle nie gevolg nie. Hulle het niks gedoen van alles wat U hulle beveel het om te doen nie. Toe het U hulle al hierdie onheil laat beleef. ²⁴ Kyk, die beleëringswalle kom al tot teen die stad om dit in te neem. Die stad is klaar oorgegee in die

***32:17 Niks ... nie:** Jer 32:27

***32:18** Eks 20:5-6; 34:5-7

***32:19** Ps 33:14-15; Jes 28:29; Jer 17:10

***32:21** Deut 4:34

***32:22** Eks 3:8; Deut 26:15; Jer 11:5

***32:23** Neh 9:26,30; Ps 78:10; Jer 11:8; Dan 9:10-14

hand van die Galdeërs wat daarteen veg, vanweë die swaard, hongersnood en pessiekte. Wat U aangekondig het, gebeur nou; kyk, U sien dit self! ²⁵ *Maar U, HERE, my Heer, het vir my gesê: “Koop vir jou die stuk grond met silwer en kry getuies! Maar die stad is reeds oorgegee in die hand van die Galdeërs!” ’ ’ ”

²⁶ Toe het die woord van die HERE tot Jeremia gekom: ²⁷ “*Kyk, Ek is die HERE, die God van alles wat leef. Is enigiets onmoontlik vir my?

²⁸ Daarom, so sê die HERE, kyk, Ek gaan hierdie stad oorgee in die hand van die Galdeërs en in die hand van Nebukadresar, koning van Babel, en hy sal dit inneem. ²⁹ *Die Galdeërs wat teen hierdie stad veg, sal kom en hulle sal hierdie stad aan die brand steek en dit afbrand, saam met die huise waar mense op hulle dakke vir Baäl offers verbrand het en vir ander gode drankoffers uitgegiet het om My te tart. ³⁰ *Die Israeliete en die Judeërs het immers van hulle jong dae af net gedoen wat verkeerd is in my oë. Ja, die Israeliete het My met hulle handewerk net getart.” Dit is die uitspraak van die HERE.

³¹ “Ja, hierdie stad was vir My 'n rede tot toorn en woede vanaf die dag dat dit gebou is tot vandag toe, sodat Ek dit voor my aangesig wil verwyder ³² * oor al die boosheid van die Israeliete en Judeërs wat hulle gedoen het om My te tart — hulle, hulle konings en hoë amptenare, hulle priesters en profete, die manne van Juda en die inwoners van Jerusalem. ³³ Hulle draai hulle rug op My en wys nie hulle gesig nie. Alhoewel Ek hulle aanhoudend deeglik onderrig het, het hulle nie

*32:25 Jer 32:7,10

*32:27 Gen 18:14; Jer 32:17; Sag 8:6; Luk 1:37

*32:29 Jer 19:13; 21:10

*32:30 Jer 3:25; 25:6-7

*32:32 Jer 2:26; Dan 9:8

geluister deur die tereg wysings te aanvaar nie. ³⁴ *Hulle het hulle verfoeilike afgode neergesit in die huis waaroor my Naam uitgeroep is, om so my huis^h te verontreinig. ³⁵ *Hulle het offerhoogtesⁱ vir Baäl in die dal van Ben-Hinnom gebou om hulle seuns en dogters aan Molek^j te wy^k — iets wat Ek hulle nie beveel het nie, en wat nie in my gedagtes opgekom het nie — om sodoende iets afstootliks te doen en Juda te laat sondig! ³⁶ En nou, in die lig hiervan” — so sê die HERE, die God van Israel, aan hierdie stad waarvan julle sê, ‘Dit is oorgegee in die hand van die koning van Babel deur die swaard, hongersnood en pessiëkte’:
³⁷ “*Kyk, Ek gaan hulle bymekaarmaak uit al die lande waarheen Ek hulle verdryf het in my toorn, my woede en in groot wrewel. Ek sal hulle na hierdie plek toe terugbring en hulle veilig laat woon. ³⁸ **Hulle sal vir My 'n volk wees, en Ek sal vir hulle 'n God wees. ³⁹ Ek sal aan hulle eensgesinde harte gee en een pad, sodat hulle altyd vir My ontsag sal hê, tot hulle eie beswil en dié van hulle kinders ná hulle. ⁴⁰ *Ek sal 'n

***32:34-35** Jer 7:30-31

^h**32:34 so my huis:** Die bronteks lui “hom”.

***32:35** Lev 18:21; Jer 7:31

ⁱ**32:35 offerhoogtes:** Heiligdomme op heuwels waar daar geboue kon wees, maar soms net altare.

^j**32:35 Molek:** Molek of Milkom was die god van die Ammoniete; vgl 1 Kon 11:7.

^k**32:35 te wy:** Dit is gedoen deur die kinders te verbrand; vgl Jer 7:31.

***32:37** Deut 30:3; Jer 29:14

***32:38-39** Eseg 11:19-20

***32:38** Jer 7:23; 11:4; 24:7; 30:22; 31:33

***32:40** Jer 31:31; Luk 22:20; 1 Kor 11:25; 2 Kor 3:6; Heb 13:20

ewige verbond met hulle sluit: Ek sal My nooit daarvan weerhou om aan hulle goed te doen nie, en Ek sal ontsag vir My in hulle harte gee, sodat hulle nie van My af sal wegdraai nie. ⁴¹ Ek sal My daarin verheug om aan hulle goed te doen. Ek sal hulle in getrouheid, met hart en siel, in hierdie land plant.*”

⁴² “Ja, so sê die HERE, ‘Soos Ek al hierdie groot onheil oor hierdie volk gebring het, net so sal Ek al die goeie dinge wat Ek oor hulle sê, oor hulle bring. ⁴³ *Daar sal grond gekoop word in hierdie land waarvan julle sê: “Dit is 'n woesteny, sonder mens of dier; dit is oorgegee in die hand van die Galdeërs.” ⁴⁴ Mense sal landerye koop met silwer, koopbriewe skryf en verseël, en getuies kry — in die gebied van Benjamin, in die omgewing van Jerusalem, in die dorpe van Juda, in die dorpe van die bergland, die Sjefela,¹ en die Negev,^m want Ek sal hulle lot verander,’ ” is die uitspraak van die HERE.

33

Verdere beloftes van herstel

¹ *Die woord van die HERE het 'n tweede keer tot Jeremia gekom terwyl hy nog onder arres was in die binnehof van die wagte se kwartiere: ² “So sê die HERE wat die aardeⁿ gemaak het, die HERE wat dit gevorm het om

***32:40-41 Ek sal My nooit ... plant:** Deut 30:9; Jer 24:6

***32:43** Jer 32:15

¹**32:44 Sjefela:** Dit is die laerliggende heuwellandskap wes van die sentrale bergland in Palestina.

^m**32:44 Negev:** Die dorre, onherbergsame landskap suid van Kanaän — algemeen geassosieer met die Sinai-skiereiland.

***33:1** Jer 31:1-2

ⁿ**33:2 die aarde:** Letterlik ‘haar’. Die •Septuagint lui “die aarde”.

dit stewig te vestig — HERE is sy Naam, ³ *‘Roep My aan, en Ek sal jou antwoord; Ek wil aan jou groot en onbegryplike dinge bekend maak wat jy nie geweet het nie.’ ⁴ Ja, so sê die HERE, die God van Israel, ‘Wat die huise van hierdie stad betref, en die huise van die konings van Juda wat afgebreek is^o vir die beleëringswalle en wapens,^p ⁵ toe hulle, die Galdeërs,^q op pad was om oorlog te voer, en om dit te vul met die lyke^r van mense wat Ek neergevel het in my toorn en woede, hulle vir wie Ek my gesig verberg het vanweë hierdie stad, oor al hulle boosheid:’ ⁶ *Kyk, Ek gaan vir Jerusalem^s herstel en genesing laat plaasvind; Ek sal hulle gesond maak. Ek sal aan hulle 'n rykdom van vrede en bestendigheid openbaar. ⁷ *Ek sal die lot van Juda en die lot van Israel verander, en hulle weer bou soos voorheen. ⁸ Ek sal hulle reinig van al hulle sondeskuld waarmee hulle teen My gesondig het. Ek sal al hulle sondeskuld vergewe waarmee hulle teen My gesondig en teen My oortree het. ⁹ *En Jerusalem^t sal vir My 'n naam wees wat vreugde verskaf — as

***33:3** Jer 29:12

^o**33:4 die huise van hierdie ... afgebreek is:** Sommige huise en 'n gebouekompleks van die koning was buite die stadsmuur (vgl Jer 22:1), en is afgebreek deur die Galdeërs.

^p**33:4 wapens:** Letterlik ‘die swaard’. Waarskynlik stormramme waaroor skutdakke gebou is met die huise se houtwerk; vgl Nah 2:5.

^q**33:5 Galdeërs:** Die volksgroep wat oor Babel regeer het vanaf 625 vC.

^r**33:5 vul ... lyke:** Die afgebreekte paleiskompleks en huise buite die stadsmuur is gebruik as stortingsterrein vir die lyke van die Judeërs.

***33:5 hulle vir ... boosheid:** Deut 31:17; 32:20

***33:6** Jer 30:17

^s**33:6 Jerusalem:** Letterlik ‘haar’.

***33:7-9** Jes 1:26; Jer 30:20; Eseg 36:25; Heb 9:11-14

***33:9** Jes 60:5

^t**33:9 Jerusalem:** Letterlik ‘sy’.

'n lofprijsing en 'n sieraad by al die nasies van die aarde wat sal hoor van al die goeie dinge wat Ek vir hulle doen. Hulle sal sidder en beef oor al die goeie dinge en oor al die voorspoed wat Ek vir haar voorsien.'

¹⁰ “*So sê die HERE, ‘In hierdie plek waarvan julle sê: “Dit lê vervalle, sonder mens of dier” — in die dorpe van Juda en in die strate van Jerusalem wat verwoes is, sonder mense, sonder inwoners en sonder diere, sal dit weer gehoor word: ¹¹ *die geluid van vrolikheid en vreugde, die stem van bruidegom en bruid, die stem van hulle wat sê:

“Loof die HERE,
Heerser oor alle magte,
want die HERE is goed,
ja, vir ewig duur sy troue liefde,”*

die stem van hulle wat dank betuig in die huis van die HERE. Ja, Ek sal die lot van die land verander om te wees soos voorheen,’ sê die HERE.

¹² “*So sê die HERE, Heerser oor alle magte, ‘In hierdie plek wat vervalle lê, sonder mense en diere, en in al sy dorpe sal daar weer weiveld wees vir herders wat kleinvee laat lê en rus. ¹³ In die dorpe van die bergland, die dorpe van die Sjefela,^u van die Negev^v en van die gebied van Benjamin, en in die omgewing van Jerusalem en in die dorpe van Juda, sal die kleinvee weer verbygaan onder die hand van die een wat hulle tel,’ sê die HERE.

¹⁴ “ ‘Kyk, daar kom dae,’ is die uitspraak van die HERE, ‘wanneer Ek die

*33:10 Vgl Jer 32:43

*33:11 Vgl Jer 7:34; 25:10

*33:11 Loof ... liefde: 1 Kron 16:34; Ps 106:1; 118:1,29; 136:1

*33:12-13 Jes 65:10; Jer 17:26; 31:24

^u33:13 Sjefela: Dit is die laerliggende heuwelandskap wes van die sentrale bergland in Palestina.

^v33:13 Negev: Die dorre, onherbergsame landskap suid van Kanaän — algemeen geassosieer met die Sinai-skiereiland.

goeie belofte^w wat Ek oor die huis van Israel en die huis van Juda uitgespreek het, gestand sal doen.

¹⁵ “ *‘In daardie dae en in daardie tyd
sal Ek vir Dawid
'n spruit van geregtigheid^x
laat opskiet,
en hy sal doen wat reg en billik
is in die land.

¹⁶ In daardie dae sal Juda
verlos word
en Jerusalem sal veilig woon.
En dit is wat sy^y genoem sal word:
Die HERE is ons geregtigheid.’

¹⁷ “Ja, so sê die HERE, ‘Daar sal nie vir Dawid ’n man ontbreek wat sit op die troon van die huis van Israel nie;’ ¹⁸ *en vir die Levitiese priesters sal daar nie voor My ’n man ontbreek wat altyd brandoffers bring, graanoffers verbrand en maaltydoffers offer nie.’ ”

¹⁹ Die woord van die HERE het tot Jeremia gekom: ²⁰ “*So sê die HERE,

^w**33:14 goeie belofte:** Dit verwys na al die beloftes oor die toekoms in Jer 30:1 — 32:44.

***33:15-16** Jer 23:5-6

^x**33:15 spruit van geregtigheid:** Dit beteken 'n wettige erfgenaam of regmatige opvolger uit sy nageslag (vgl Jer 23:5), in teenstelling met Sedekia wie se naam beteken ‘die HERE is my geregtigheid’.

^y**33:16 sy:** In die Hebreeuse Bybel word stede normaalweg as vroulik voorgestel.

***33:17 Daar ... Israel nie:** 2 Sam 7:12,16; Luk 1:32-33

***33:18** Heb 7:17; vgl Deut 10:8

***33:20-26** Ps 89:34-38; Jer 31:35-37

‘As julle my verbond met die dag en my verbond met die nag kan verbreek, sodat dag en nag nie meer op tyd aanbreek nie, ²¹ sal ook my verbond met Dawid*, my dienskneg, verbreek kan word, sodat daar nie vir hom 'n seun sal wees om as koning te regeer op sy troon nie. Dit geld ook my verbond met die Leviëte,* die priesters wat in my diens is. ²² *Soos wat die hemelligame nie getel en die sand van die see nie afgemeet kan word nie, so sal Ek die nageslag van Dawid, my dienskneg, vermeerder, en ook die Leviëte wat in my diens is.’ ”

²³ Die woord van die HERE het tot Jeremia gekom: ²⁴ “Het jy nie opgelet wat hierdie volk sê nie? Hulle sê, ‘Die twee familie-groepe^z wat die HERE gekies het — Hy het hulle verwerp!’ Hulle verag my volk, sodat, wat hulle betref, hulle nie meer 'n nasie is nie.” ²⁵ So sê die HERE: “As Ek my verbond met dag en nag, die voorskrifte vir die hemel en die aarde, nie neergelê het nie, ²⁶ dan sou Ek ook die nageslag van Jakob en van Dawid, my dienskneg, verwerp deur nie uit sy nageslag heersers oor die nageslag van Abraham, Isak en Jakob te neem nie. Ja, Ek sal hulle lot verander en My oor hulle ontferm.”

* **33:21 verbond met Dawid:** Ps 89:35-38

* **33:21 verbond ... Leviëte:** Num 25:12-13; Mal 2:4-7

* **33:22** Gen 15:5

^z**33:24 twee familie-groepe:** Dit verwys na die nageslag van Dawid en Levi; vgl Jer 33:22.

Waarskuwing aan Sedekia

¹ *Dit is die woord wat van die HERE tot Jeremia gekom het terwyl Nebukadresar,^a koning van Babel, met sy hele leër, saam met al die koninkryke van die wêreld wat onder sy heerskappy was, en al die ander volke, teen Jerusalem en al haar dorpe oorlog gemaak het:^{*} ² “So sê die HERE, die God van Israel: Gaan praat met Sedekia, koning van Juda,^{*} en sê vir hom, ‘So sê die HERE: “Kyk, Ek gaan hierdie stad oorgee in die hand van die koning van Babel, en hy sal dit afbrand. ³ *En jy, jy sal nie uit sy hand vrykom nie; want jy sal beslis gevange geneem en in sy hand oorgegee word. Jy sal die koning van Babel in die oë moet kyk en van aangesig tot aangesig met hom moet praat; en jy sal na Babel toe gaan.”

⁴ “ ‘Maar hoor die woord van die HERE, Sedekia, koning van Juda! So sê die HERE oor jou: “Jy sal nie deur die swaard sterf nie; ⁵ *in vrede sal jy sterf. En net soos met die dodevure vir jou voorvaders, die vorige konings wat voor jou daar was, so sal hulle vir jou ook 'n dodevuur brand, en oor jou rou met ‘Helaas, heer!’ Ja, dit is 'n woord wat Ek self uitgespreek het.” ’ ’ Dit is die uitspraak van die HERE.

⁶ Die profeet Jeremia het toe al hierdie woorde vir Sedekia, koning van

*34:1-7 Jer 21:1-7; 32:1-5

^a34:1 **Nebukadresar:** Die naam beteken ‘Nebo, beskerm die erfgenaam!’ Hy was beter bekend as •Nebukadnesar, waarskynlik 'n spotnaam wat beteken ‘Nebo, beskerm die muil!’ aangesien hy geen nageslag gehad het nie. Tot by Jer 25:9 word hy Nebukadresar genoem, daarna tot by Jer 29:3 Nebukadnesar, en vanaf Jer 29:21 weer Nebukadresar tot aan die einde van die boek.

*34:1 **terwyl ... gemaak het:** 2 Kon 25:1; Jer 1:15; 39:1; 52:4

*34:2 **Sedekia ... Juda:** 2 Kon 24:17 — 25:7; 2 Kron 36:10-21

*34:3 Jer 21:7; 32:4-5

*34:5 Vgl Jer 22:18

Juda, in Jerusalem gesê ⁷* terwyl die leër van die koning van Babel besig was om oorlog te voer teen Jerusalem en al die stede van Juda wat oorgebly het, teen Lagis en Aseka; dit was immers die enigste versterkte stede wat oorgebly het van al die stede in Juda.

Vrylating van slawe

⁸ Dit is die woord wat van die HERE tot Jeremia gekom het nadat koning Sedekia 'n verbond gesluit het met die hele volk wat in Jerusalem was, om vir hulle vrylating aan te kondig, ⁹* dat elkeen sy slaaf en elkeen sy slavin, Hebreëuse mans en vroue, as vry mense moes wegstuur, sodat niemand hulle — die Judeërs en hulle volksgenote — as slawe sou aanhou nie. ¹⁰ Al die hoë amptenare en die hele volk wat tot die verbond toegetree het, het daaraan gehoor gegee om elkeen sy slaaf en slavin as vry mense te laat weggaan, om hulle nie langer as slawe aan te hou nie. Hulle het gehoor gegee en hulle toe laat gaan. ¹¹ Maar daarna het hulle die slawe en slavinne wat hulle as vry mense laat gaan het, laat terugkom en hulle weer as slawe en slavinne onderwerp.

¹² Die woord van die HERE wat toe van die HERE tot Jeremia gekom het, was: ¹³ “So sê die HERE, die God van Israel, ‘Ek self het met julle voorouers 'n verbond gesluit op die dag toe Ek hulle uit Egipteland, uit die plek van slawerny, uitgelei het,* met die woorde: ¹⁴ “* Aan die einde van sewe jaar moet julle elkeen sy volksgenoot, die Hebreër wat hom as skuldslaaf aan jou verkoop en jou ses jaar lank gedien het, laat gaan. Jy moet hom as 'n vry man van jou af laat weggaan.” Maar julle voorouers het nie na My geluister nie en nie gehoor gegee nie. ¹⁵* Julle het egter

*34:7 Vgl 2 Kon 18:13-14; 2 Kron 11:5,9

*34:9 Lev 25:39-43; Deut 15:12; Jer 34:17

*34:13 Ek ... uitgelei het: Eks 13:3; 20:2; Jer 31:32

*34:14 Eks 23:2; Deut 15:12

*34:15 2 Kon 23:3

onlangs tot inkeer gekom en gedoen wat reg is in my oë deur elkeen vrylating aan te kondig vir sy medemens. Julle het voor My 'n verbond gesluit in die huis waaroor my Naam uitgeroep is. ¹⁶ *Maar julle het omgedraai en my Naam ontheilig; julle het elkeen sy slaaf en slavin wat julle as vry mense laat gaan het waarheen hulle wou, laat terugkom. Julle het hulle onderwerp om weer julle slawe en slavinne te word.'

¹⁷ “*Daarom, so sê die HERE, ‘Julle het nie na My geluister deur elkeen vrylating aan te kondig vir sy volksgenoot en medemens nie. Kyk, Ek gaan dan vir julle vrylating afkondig,’ ” is die uitspraak van die HERE, “ ‘maar julle sal vrygelaat wees aan die swaard, pessiëkte en hongersnood. Ek gaan van julle 'n skrikwekkende voorbeeld maak vir al die koninkryke van die aarde.* ¹⁸ Ek sal die manne wat my verbond oortree het, wat nie die woorde van die verbond wat hulle voor My gesluit het, gestand gedoen het nie, die kalf maak wat hulle in twee gesny en toe tussen die stukke deurbeweeg het.^b ¹⁹ Die hoë amptenare van Juda, die hoë amptenare van Jerusalem, die eunugs,^c die priesters en die hele volk van die land^d wat tussen die stukke van die kalf

***34:16** Jer 34:11

***34:17** Vgl Matt 7:2; Gal 6:7; Jak 2:13

***34:17** maar ... aarde: Jer 29:18

^b**34:18** kalf ... deurbeweeg het: Deur tussen die stukke van die kalf wat in twee gesny is, deur te beweeg tydens die verbondsluiting, het die deelnemers aangedui dat ook hulle middel deur gesny kan word as hulle nie doen wat hulle onderneem het nie.

^c**34:19** eunugs: Ontmande haremopsigters of hofamptenare wat veral in 'n paleis werksaam was.

^d**34:19** volk ... land: Dit verwys na die verteenwoordigers van die volksvergadering van die mense van Juda. Jerusalem was 'n stadstaat, en Juda het sy eie regering gehad. 'n Nakomeling van Dawid was wel koning oor albei die regerings.

deurgeloopt het — ²⁰ *hulle sal Ek oorgee in die hand van hulle vyande en in die hand van dié wat hulle lewens soek. Hulle lyke sal voedsel wees vir die voëls van die hemel en die diere van die aarde.^e

²¹ “ *Sedekia, koning van Juda en sy hoë amptenare sal Ek in die hand van hulle vyande oorgee en in die hand van dié wat hulle lewens soek — in die mag van die leër van die koning van Babel, wat besig is om van julle af weg te trek. ²² *Kyk, Ek gee bevel, ’ ” is die uitspraak van die HERE, “ ‘en Ek sal hulle na hierdie stad laat terugkeer, en hulle sal daarteen oorlog voer, dit inneem en dit afbrand. Die dorpe van Juda sal Ek 'n woesteny maak, sonder inwoners.’ ”

35

Regabiete as voorbeeld

¹ Dit is die woord wat van die HERE tot Jeremia gekom het in die dae van Jojakim, seun van Josia, koning van Juda: ² “Gaan na die gemeenskap van die Regabiete* en praat met hulle! Bring hulle dan na die huis van die HERE, na een van die vertrekke,^f en laat hulle wyn drink.”

³ Ek het toe Jaäsanja, seun van Jeremia, seun van Gabassinja, en sy broers en al sy seuns, ja, die hele gemeenskap van die Regabiete

*34:20 Jer 7:33

^e34:20 Hulle lyke ... aarde: Ná die verbondsluiting is die deurgesnyde kalf net so laat lê vir die aasvoëls en aasdiere. Dieselfde sou met verbrekers van die verbond gebeur.

*34:21 Jer 37:5,7

*34:22 Jer 9:11; 37:8

*35:1 Jojakim ... Juda: 2 Kon 23:34 — 24:6; 2 Kron 36:4-8

*35:2 Regabiete: 1 Kron 2:55

^f35:2 vertrekke: Vertrekke in die tempel met sitplekke van klip aan drie kante. Die een kant was gewoonlik oop na 'n binnehof.

geneem, ⁴ en hulle na die huis van die HERE gebring, na die vertrek van die seuns van Ganan, seun van Jigdalja, die man van God, wat langs die vertrek van die hoë amptenare was, bo die vertrek van Maäseja, seun van Sallum, die deurwagter. ⁵ Ek het voor die afstammeling van die gemeenskap van Regabiete houers vol wyn en bekers neergesit, en vir hulle gesê: “Drink wyn!” ⁶ Maar hulle het geantwoord: “Ons drink nie wyn nie, want Jonadab, seun van Regab, ons voorvader,⁸ het ons beveel, ‘Julle en julle afstammeling mag tot in ewigheid nie wyn drink nie. ⁷ Huise mag julle nie bou nie, saad mag julle nie saai nie en wingerde mag julle nie aanplant of besit nie. Maar in tente moet julle woon, al die dae van julle lewe, sodat julle lank mag leef op die grond waar julle as vreemdelinge^h vertoef.*’ ⁸ Ons het geluister na die stem van Jonadab, seun van Rekag, ons voorvader, na alles wat hy ons beveel het: om nie, solank ons leef wyn te drink nie — ons, ons vroue, ons seuns en ons dogters — ⁹ en om nie huise te bou om in te woon nie. Wingerde, landerye of saad besit ons nie. ¹⁰ Ons het in tente gewoon, en ons het geluister en gedoen presies soos Jonadab, ons voorvader, ons beveel het. ¹¹ *Maar toe Nebukadresar,ⁱ koning van Babel teen die land

⁸**35:6 Jonadab ... voorvader:** Jonadab het teen ongeveer 840 vC deelgeneem aan die opstand van Jehu; vgl 2 Kon 10:15-16.

^h**35:7 vreemdelinge:** Persone wat om politieke of ekonomiese redes hulle eie land verlaat het en tydelik in 'n ander land woon. Vreemdelinge wat tydelike verblyf by die Israëliete gekry het, het beskerming geniet.

***35:7 sodat ... vertoef:** Vgl Eks 20:12; Ef 6:2-3

***35:11** 2 Kon 24:1-2

ⁱ**35:11 Nebukadresar:** Die naam beteken ‘Nebo, beskerm die erfgenaam!’ Hy was beter bekend as •Nebukadnesar, waarskynlik 'n spotnaam wat beteken ‘Nebo, beskerm die muil!’ aangesien hy geen nageslag gehad het nie. Tot by Jer 25:9 word hy Nebukadresar genoem, daarna tot by Jer 29:3 Nebukadnesar, en vanaf Jer 29:21 weer Nebukadresar tot aan die einde van die boek.

optrek, het ons gesê, ‘Kom, laat ons na Jerusalem gaan, weg van die leër van die Galdeërs^j en die leër van die Arameërs.’ Ons woon dan nou in Jerusalem.”

¹² Die woord van die HERE het toe tot Jeremia gekom: ¹³ “So sê die HERE, Heerser oor alle magte, die God van Israel, ‘Gaan en sê vir die manne van Juda en die inwoners van Jerusalem: “Wil julle nie teregwyding aanvaar deur na my woorde te luister nie?” ’ ’ is die uitspraak van die HERE. ¹⁴ “ ‘ “Die woorde van Jonadab, seun van Regab, waarmee hy sy seuns opdrag gegee het om geen wyn te drink nie, is in stand gehou. Hulle drink tot vandag toe nog nie wyn nie, want hulle gehoorsaam die opdrag van hulle voorvader. Maar Ek, Ek het aanhoudend met julle gepraat, maar julle luister nie na My nie. ¹⁵ *Ek het aanhoudend al my diensknegte, die profete, na julle gestuur om te sê, ‘Draai tog om, elkeen weg van sy verkeerde pad, en doen wat goed is! Moenie agter ander gode aanloop om hulle te dien nie, sodat julle kan bly woon in die land wat Ek aan julle en julle voorouers gegee het.’ Maar julle het nie julle ore oopgemaak en na My geluister nie. ¹⁶ Ja, die afstammeling van Jonadab, seun van Rekag, het die opdrag van hulle voorvader, wat hy hulle beveel het, in stand gehou, maar hierdie volk luister nie na My nie.

¹⁷ “ ‘ “Daarom,” ’ ’ so sê die HERE, die God wat Heerser is oor alle magte, die God van Israel, “ ‘ “Kyk, Ek gaan oor Juda en al die inwoners van Jerusalem al die onheil bring wat Ek oor hulle uitgespreek het, omdat Ek met hulle gepraat, maar hulle nie geluister het nie, Ek hulle geroep, maar hulle nie geantwoord het nie.” ’ ’

¹⁸ Vir die gemeenskap van die Regabiete het Jeremia toe gesê: “So sê die HERE, Heerser oor alle magte, die God van Israel, ‘Omdat julle

^j35:11 Galdeërs: Die volksgroep wat oor Babel regeer het vanaf 625 vC.

*35:15 2 Kon 17:13; Jer 7:13; 25:4-7

gehoorsaam was aan die opdrag van Jonadab, julle voorvader, en julle al sy opdragte nagekom en alles gedoen het wat hy julle beveel het, ¹⁹ daarom,' so sê die HERE, Heerser oor alle magte, die God van Israel, 'daar sal nooit iemand ontbreek uit die nageslag van Jonadab,^k seun van Regab, wat by My in diens is nie.' ”

36

Jeremia se boekrol met profesieë

¹ In die vierde regeeringsjaar van Jojakim,¹ seun van Josia, koning van Juda, * het hierdie woord van die HERE tot Jeremia gekom: ² “Vat vir jou 'n •boekrol en skryf daarin* al die woorde wat Ek met jou gepraat het oor Israel en Juda en oor al die nasies, vanaf die dag dat Ek met jou gepraat het in die dae van Josia, tot vandag toe.* ³ *Miskien sal die huis van Juda hoor van al die onheil wat Ek van plan is om hulle aan te doen, sodat elkeen van hulle sal omdraai weg van sy verkeerde pad, en Ek hulle sondeskuld en sonde kan vergewe.”

⁴ Toe het Jeremia vir Barug, seun van Nerija,* geroep, en Barug het uit die mond van Jeremia al die woorde wat die HERE met hom gepraat het, in 'n boekrol geskryf. ⁵ Jeremia het Barug opdrag gegee: “Ek is ingeperk, ek mag nie na die huis van die HERE gaan nie.* ⁶ Gaan jy dan en lees op 'n vasdag in die huis van die HERE ten aanhore van die volk

^k35:19 uit ... Jonadab: Letterlik 'vir Jonadab'.

¹36:1 vierde ... Jojakim: Teen die einde van 605 vC.

*36:1 Jojakim ... Juda: 2 Kon 23:34 — 24:6; 2 Kron 36:4-8

*36:2 Vat ... daarin: Jer 30:2; 36:6,14,18,27-28,32

*36:2 al ... toe: Jer 1:2-3

*36:3 Jer 18:8; 26:3

*36:4 Barug, seun ... Nerija: Jer 32:12; 43:3,6; 45:1-2

*36:5 Ek ... gaan nie: Jer 20:2

uit die boekrol die woorde van die HERE wat jy uit my mond neergeskryf het. Jy moet dit ook voorlees ten aanhore van die hele Juda wat uit hulle dorpe kom. ⁷ Miskien sal hulle smeekbede voor die HERE neergelê word, en sal elkeen van hulle omdraai, weg van sy verkeerde pad; want die toorn en die woede waarmee die HERE hierdie volk dreig, is baie groot.”

⁸ Barug, seun van Nerija, het toe presies gedoen wat die profeet Jeremia hom beveel het — om uit die boekrol die woorde van die HERE in die huis van die HERE voor te lees. ⁹ In die vyfde regeringsjaar van Jojakim, seun van Josia, koning van Juda, in die negende maand,^m is die hele volk in Jerusalem, en die hele volk wat uit die dorpe van Juda in Jerusalem aangekom het, opgeroep vir 'n vasdag* voor die HERE.

¹⁰ *Barug het toe uit die boekrol die woorde van Jeremia aan die hele volk voorgelees in die huis van die HERE, uit die vertrekⁿ van Gemarja, seun van Safan, die sekretaris,* in die boonste voorhof by die ingang na die Nuwe Poort in die huis van die HERE, ten aanhore van die hele volk.

¹¹ Toe Miga, seun van Gemarja, seun van Safan, al die woorde van die HERE uit die boekrol hoor, ¹² het hy afgegaan na die paleis van die koning, na die kamer van die sekretaris. Al die hoë amptenare het juis daar gesit: Elisama, die sekretaris, Delaja, seun van Semaja, Elnatan, seun van Akbor,* Gemarja, seun van Safan, Sedekia, seun van Gananja — al die hoë amptenare. ¹³ Miga deel toe aan hulle al die woorde mee

^m**36:9 In ... maand:** Die kultiese kalender is waarskynlik gevolg. Dit sou beteken dat die geleentheid in Desember 605, of Januarie 604 vC plaasgevind het.

***36:9 opgeroep ... vasdag:** 1 Kon 21:9; 2 Kron 20:3; Jona 3:5

***36:10** Jer 26:2,10

ⁿ**36:10 vertrek:** 'n Vertrek in die tempel met sitplekke van klip aan drie kante. Die een kant was oop na die boonste voorhof.

***36:10 Safan, die sekretaris:** 2 Kon 22:8-12

***36:12 Elnatan ... Akbor:** Jer 26:22

wat hy gehoor het toe Barug uit die boekrol voorgelees het ten aanhore van die volk. ¹⁴ Toe stuur al die hoë amptenare Jehudi, seun van Netanja, seun van Selemja, seun van Kusi, met 'n boodskap na Barug: “Die boekrol waaruit jy ten aanhore van die volk gelees het, neem dit in jou hand en kom!” Barug, seun van Nerija, het die boekrol in sy hand geneem en toe na hulle gegaan. ¹⁵ Hulle het vir hom gesê: “Gaan sit asseblief, dan lees jy dit, sodat ons dit met ons eie ore kan hoor.” Barug het dit toe ten aanhore van almal voorgelees. ¹⁶ Toe hulle al die woorde hoor, het hulle bewend na mekaar beweeg en vir Barug gesê: “Ons moet beslis al hierdie woorde aan die koning meedeel.” ¹⁷ Vir Barug het hulle gevra: “Lig ons asseblief in: Hoe kon jy al hierdie woorde uit sy mond opskryf?” ¹⁸ Barug het hulle geantwoord: “Met sy eie mond het hy my al hierdie woorde voorgesê, terwyl ek dit met ink in die boekrol skryf.”

¹⁹ Die hoë amptenare het vir Barug gesê: “Gaan kruip weg, jy en Jeremia. Niemand mag weet waar julle is nie.”

²⁰ Hulle het toe na die koning in die voorhof gegaan — die boekrol het hulle weggesit in die kamer van Elisama, die sekretaris* — en ten aanhore van die koning oor al die sake berig. ²¹ Toe stuur die koning Jehudi om die boekrol te gaan haal. Hy het dit gaan haal uit die kamer van Elisama, die sekretaris. Jehudi het dit toe, ten aanhore van die koning en al die hoë amptenare wat by die koning staan, voorgelees.

²² Die koning het in die wintervertrek gesit, in die negende maand, met 'n vuur wat in die kolebak^o voor hom brand. ²³ Sodra Jehudi drie of vier velle gelees het, het die koning^p dit met 'n skrywersmes stukkend gesny en in die vuur op die kolebak gegooi, totdat die hele boekrol vernietig is

***36:20 Elisama, die sekretaris:** Jer 36:12

^o**36:22 'n vuur ... kolebak:** Die •Septuagint, die •Peshitta en die •Targum word hier gevolg. Die •bronteks lui “met die kolebak”.

^p**36:23 die koning:** Die bronteks lui “hy”.

in die vuur op die kolebak. ²⁴ *Die koning en al sy dienaars wat al hierdie woorde gehoor het, het nie gebewe of hulle klere geskeur nie.

²⁵ Selfs toe Elnatan, Delaja en Gemarja by die koning daarop aangedring het om nie die boekrol te verbrand nie, het hy nie na hulle geluister nie.

²⁶ Die koning het Jeragmeël, seun van die koning, Seraja, seun van Asriël, en Selemja, seun van Abdeël, opdrag gegee om Barug, die skrywer daarvan, en die profeet Jeremia gevange te neem. Maar die HERE het hulle weggesteek.

²⁷ Die woord van die HERE het toe tot Jeremia gekom, nadat die koning die boekrol met die woorde wat Barug uit die mond van Jeremia neergeskryf het, verbrand het: ²⁸ “Kry weer vir jou 'n ander boekrol en skryf daarin al die vorige woorde wat in die vorige boekrol was wat Jojakim, koning van Juda, verbrand het. ²⁹ En oor Jojakim, koning van Juda, moet jy sê, ‘So sê die HERE: “Jy het self hierdie boekrol verbrand terwyl jy sê, ‘Waarom het jy daarin geskryf: Die koning van Babel sal beslis kom en hierdie land verwoes en mens en dier daaruit laat verdwyn?’ ” ³⁰ *Daarom, so sê die HERE oor Jojakim, koning van Juda: “Hy sal niemand hê wat op die troon van Dawid sit nie, en sy lyk sal weggegooi lê, bedags in die hitte en snags in die koue. ³¹ Ek sal van hom en sy nageslag en sy dienaars rekenskap eis oor hulle sondeskuld. Ek sal oor hulle en oor die inwoners van Jerusalem en oor die mense van Juda al die onheil bring wat Ek oor hulle uitgespreek het. Maar hulle het nie geluister nie.” ’ ’ ”

³² Daarop het Jeremia 'n ander boekrol geneem en dit vir die skrywer Barug, seun van Nerija, gegee. Hy het toe daarin, uit die mond van Jeremia, al die woorde van die boekrol geskryf wat Jojakim, die koning van Juda, verbrand het. En nog baie soortgelyke woorde is bygevoeg.

*36:24 Jos 7:6; Jer 36:24

*36:30 Jer 22:19,30

Jeremia se gevangenskap

¹ Sedekia, 'n seun van Josia, vir wie Nebukadresar,^q koning van Babel, as koning aangestel het in die land Juda,^{*} het as koning regeer in die plek van Gonja,^r seun van Jojakim. ² Hy en sy dienaars en die volk van die land^s het egter nie geluister na die woorde van die HERE wat Hy by monde van die profeet Jeremia uitgespreek het nie. ³ Koning Sedekia het Jugal, seun van Selemja,^{*} en Sefanja, seun van Maäseja,^{*} die priester, met 'n boodskap na die profeet Jeremia gestuur: “Bid asseblief vir ons tot die HERE ons God.”^{*} ⁴ *Jeremia kon toe nog ongehinderd kom en gaan onder die volk; hulle het hom nog nie in die gevangenis gesit nie. ⁵ *Die leer van die farao het uit Egipte uitgetrek en toe die

^q**37:1 Nebukadresar:** Die naam beteken ‘Nebo, beskerm die erfgenaam!’ Hy was beter bekend as •Nebukadnesar, waarskynlik 'n spotnaam wat beteken ‘Nebo, beskerm die muil!’ aangesien hy geen nageslag gehad het nie. Tot by Jer 25:9 word hy Nebukadresar genoem, daarna tot by Jer 29:3 Nebukadnesar, en vanaf Jer 29:21 weer Nebukadresar tot aan die einde van die boek.

***37:1 Sedekia ... Juda:** 2 Kon 24:17 — 25:7; 2 Kron 36:10-21

^r**37:1 Gonja:** Die naam is ook uitgespreek Jegonja; vgl Jer 24:1; 28:4; 29:2. Sy ander naam was Jojagin. Hy het slegs 3 maande in Jerusalem regeer en moes op 15/16 Maart 597 vC, Jerusalem oorgee aan Nebukadresar; vgl 2 Kon 24:8-12.

^s**37:2 volk ... land:** Dit verwys na die verteenwoordigers van die volksvergadering van die mense van Juda. Jerusalem was 'n stadstaat, en Juda het sy eie regering gehad. 'n Nakomeling van Dawid was wel koning oor albei die regerings.

***37:3 Jugal ... Selemja:** Jer 38:1

***37:3 Sefanja ... Maäseja:** Jer 21:1; 29:25

***37:3 Bid ... God:** Vgl Jer 21:2; 42:2

***37:4** Jer 32:2; 33:1

***37:5** Jer 34:21

Galdeërs,^t wat besig was om Jerusalem te beleër, berig kry daaroor, het hulle van Jerusalem af teruggetrek.

⁶ Die woord van die HERE het toe tot die profeet Jeremia gekom: ⁷ “So sê die HERE, die God van Israel, ‘So moet julle vir die koning van Juda, wat julle na My gestuur het om My te raadpleeg,^{*} sê: “Kyk, die leër van die farao wat uitgetrek het om julle te hulp te kom, sal terugkeer na hulle land, na Egipte toe. ⁸ *Maar die Galdeërs sal terugkom en teen hierdie stad oorlog voer en dit inneem en afbrand.” ’ ⁹ So sê die HERE, ‘Moet julleself nie mislei deur te dink, die Galdeërs sal beslis van ons af weggaan, nie; want hulle sal nie gaan nie. ¹⁰ Ja, al sou julle die hele leër van die Galdeërs wat teen julle oorlog voer, verslaan, en daar onder hulle net swaar gewondes oorbly, sal elkeen van hulle weer opstaan in sy tent, en hulle sal hierdie stad afbrand.’ ”

¹¹ Toe die leër van die Galdeërs van Jerusalem af teruggetrek het vanweë die leër van die farao, ¹² wou Jeremia uit Jerusalem vertrek om na die gebied van Benjamin^{*} te gaan, om saam met die mense daar deel te neem aan grondverdeling.^u ¹³ Maar toe hy by die Benjaminpoort^v kom, was daar 'n bevelvoerder van die wagte met die naam Jirija, seun

^t**37:5 Galdeërs:** Die volksgroep wat oor Babel regeer het vanaf 625 vC.

^{*}**37:7 wat ... raadpleeg:** Jer 21:1-2

^{*}**37:8** Jer 21:10; 34:22

^{*}**37:12 gebied van Benjamin:** Jer 1:1; 32:8

^u**37:12 om saam ... grondverdeling:** Daar is onsekerheid oor die betekenis van die •bronteks. Letterlik ‘om deel te laat hê van daar te midde van die volk’. Dit verwys waarskynlik na 'n samekoms van die grootfamilie om oor grondverdeling te besluit. Sommige verklaarders verbind dit met Jeremia se aankoop van sy neef se grond; vgl Jer 32:6-14.

^v**37:13 Benjaminpoort:** Dit is nie dieselfde tempelpoort as dié waarna in Jer 20:2 verwys word nie, maar 'n poort in die stadsmuur aan die noordekant; vgl Jer 38:7; Sag 14:10.

van Selemja, seun van Gananja. Hy het die profeet Jeremia gevange geneem en gesê: “Jy wil na die Galdeërs oorloop!”¹⁴ Maar Jeremia het gesê: “Dit is nie waar nie! Ek wil nie na die Galdeërs oorloop nie.” Maar Jirija het nie na hom geluister nie, en hy het Jeremia gevange geneem en hom na die hoë amptenare geneem.¹⁵ *Die hoë amptenare was woedend vir Jeremia en het hom geslaan. Hulle het hom in 'n plek van aanhouding, by die huis van Jonatan, die sekretaris, geplaas, want hulle het daarvan 'n gevangenis gemaak.

¹⁶ So^w het Jeremia in die kerker beland, in die gewelfde deel. Jeremia moes baie dae daar bly.

¹⁷ *Koning Sedekia het hom laat haal. Die koning het hom in sy paleis in die geheim uitgevra; hy het gesê: “Is daar 'n woord van die HERE af?” Jeremia het geantwoord: “Daar is.” Verder het hy gesê: “U sal oorgegee word in die hand van die koning van Babel.”¹⁸ Jeremia het ook vir koning Sedekia gevra: “Wat het ek teen u of u dienaars of hierdie volk gesondig dat julle my in die gevangenis gesit het?”¹⁹ Waar is julle profete wat vir julle geprofeteer het, ‘Die koning van Babel sal julle nie oorval nie, en ook nie hierdie land nie?’²⁰ *Maar nou, my heer die koning, luister asseblief! Laat my smeekbede asseblief voor u gelê word: Moet my nie terugstuur na die huis van Jonatan, die sekretaris, nie, sodat ek nie daar sterf nie.”

²¹ *Koning Sedekia het toe opdrag gegee, en hulle het Jeremia onder toesig gehou in die binnehof van die wagte se kwartiere. Hulle het vir

***37:13 na die ... oorloop:** Vgl Jer 21:9

***37:15** Heb 11:36

^w**37:16 So:** Die bronteks lui “Want”.

***37:17** Vgl Jer 38:14-16

***37:20** Jer 38:26

***37:21** Jer 32:2

hom elke dag 'n ronde brood uit die straat van die bakkers gegee, totdat al die brood van die stad op was.* So het Jeremia in die binnehof van die wagte se kwartiere gebly.

38

¹ Sefatja, seun van Mattan, Gedalja, seun van Pasgur, Jugal, seun van Selemja,* en Pasgur, seun van Malkija,* het die woorde gehoor wat Jeremia vir die hele volk bly sê het: ²*“So sê die HERE, ‘Wie in hierdie stad bly, sal sterf deur die swaard, hongersnood en pessiëkte, maar wie uitgaan na die Galdeërs,^x sal leef; hy sal sy lewe vir homself as buit behou en bly leef;’ ” ³*en ook: “So sê die HERE, ‘Hierdie stad sal beslis oorgegee word in die hand van die leer van die koning van Babel, en hy sal dit inneem.’ ”

⁴*Die hoë amptenare sê toe vir die koning: “Hierdie man moet tog doodgemaak word! Op stuk van sake is hy besig om die hande van die krygsmanne wat nog in hierdie stad oor is, en die hande van die hele volk, lam te maak deur hierdie woorde vir hulle te sê. Ja, dié man soek nie vrede vir hierdie volk nie, maar teenspoed.” ⁵ Daarop het koning Sedekia* gesê: “Kyk, hy is in julle hande. Die koning kan immers niks aan julle doen nie.”

*37:21 totdat ... op was: Jer 38:9; 52:6

*38:1 Jugal ... Selemja: Jer 37:3

*38:1 Pasgur ... Malkija: Jer 21:1

*38:2 Jer 21:9

^x38:2 Galdeërs: Die volksgroep wat oor Babel regeer het vanaf 625 vC.

*38:3 Jer 21:10; 32:3

*38:4 Jer 26:11

*38:5 koning Sedekia: 2 Kon 24:17 — 25:7; 2 Kron 36:10-21

⁶ *Hulle het Jeremia gevat en hom laat afsak in 'n opgaarput^y wat in die binnehof van die wagte se kwartiere was, wat aan Malkija, seun van die koning, behoort het. Hulle het Jeremia met toue laat afsak. Daar was nie water in die opgaarput nie, maar modder, en Jeremia het in die modder ingesak.

⁷ Ebed-Meleg, die Kussiet,^{z*} 'n eunug^a wat in die paleis was, het gehoor dat hulle Jeremia in die opgaarput geplaas het. Terwyl die koning in die Benjaminpoort^b sit, ⁸ het Ebed-Meleg uit die paleis gegaan en vir die koning gaan sê: ⁹ “My heer die koning, hierdie manne het verkeerd opgetree in alles wat hulle aan die profeet Jeremia gedoen het deurdat hulle hom in die opgaarput laat afsak het. Hy sal, waar hy ook al is, van honger omkom, want daar is nie meer brood in die stad nie.*”

¹⁰ Die koning het Ebed-Meleg, die Kussiet, toe opdrag gegee: “Neem hiervandaan dertig man met jou saam en trek die profeet Jeremia uit die opgaarput voordat hy sterf!” ¹¹ Ebed-Meleg het die manne met hom saamgeneem en by die paleis na die kelder onder die stoorkamer gegaan. Hy het daaruit vodde van verslete en geskeurde klere geneem en dit met toue laat afsak na Jeremia in die opgaarput. ¹² Ebed-Meleg,

***38:6** Heb 11:36

^y**38:6 opgaarput:** 'n Groot ondergrondse ruimte wat in rots uitgekap is en waarin daar water of graan gestoor is.

^z**38:7 Kussiet:** Inwoner van Kus, die naam van Nubië, 'n gebied suidoos van Egipte, vandag bekend as Soedan.

***38:7 Ebed-Meleg, die Kussiet:** Jer 39:16

^a**38:7 eunug:** 'n Ontmande haremopsigter of hofamptenaar wat veral in die paleis werksaam was.

^b**38:7 Benjaminpoort:** Dit is nie dieselfde tempelpoort as dié waarna in Jer 20:2 verwys word nie, maar 'n poort in die stadsmuur aan die noordekant; vgl Jer 37:13; Sag 14:10.

***38:9 Hy ... stad nie:** Jer 37:21; 52:6

die Kussiet, het vir Jeremia gesê: “Sit tog die vodde van verslete en geskeurde klere onder jou armholtes, onder die toue in.” Jeremia het toe so gemaak,^{13*} en hulle het Jeremia met die toue opgetrek en hom uit die opgaarput laat kom. Jeremia het daarna in die binnehof van die wagte se kwartiere gebly.

Laaste gesprek met Sedekia

¹⁴ Koning Sedekia* het die profeet Jeremia na hom toe ontbied by die derde ingang van die huis van die HERE. Die koning het vir Jeremia gesê: “Ek gaan jou iets vra; moet niks vir my wegsteek nie!”¹⁵ Jeremia het egter vir Sedekia gesê: “As ek u inlig, sal u my nie sonder twyfel doodmaak nie? En as ek u raad gee, sal u tog nie na my luister nie!”

^{16*} Koning Sedekia het toe in die geheim vir Jeremia 'n eed afgelê: “So waar as die HERE leef wat vir ons hierdie lewe moontlik maak: Ek sal jou nie doodmaak en jou nie oorgee in die hand van hierdie manne wat jou lewe soek nie!”

¹⁷ Toe sê Jeremia vir Sedekia: “So sê die HERE, die God wat Heerser is oor alle magte, die God van Israel, ‘As jy wel uitgaan na die bevelvoerders van die koning van Babel, sal jou lewe behoue bly, en hierdie stad sal nie afgebrand word nie. Jy en jou huisgesin sal leef.

¹⁸ Maar as jy nie uitgaan na die bevelvoerders van die koning van Babel nie, sal hierdie stad oorgegee word in die hand van die Galdeërs,^c en hulle sal dit afbrand. En jy, jy sal nie uit hulle hand vrykom nie.*”

¹⁹ Toe sê koning Sedekia vir Jeremia: “Ek is bang vir die Judeërs wat na die Galdeërs oorgeloop het, dat hulle my in hulle hand sal oorgee en dat

*38:13 Vgl Jer 38:6

*38:14 Sedekia: Jer 38:5

*38:16 Vgl Jer 37:17

^c38:18 Galdeërs: Vgl voetnoot by Jer 38:2.

*38:18 En jy ... vrykom nie: Jer 38:23

hulle my sal martel.”²⁰ Maar Jeremia het gesê: “Hulle sal u nie oorgee nie. Luister asseblief net na die stem van die HERE, na dit wat ek vir u sê! Dan sal dit met u goed gaan; u sal u lewe behou.”²¹ Maar as u bly weier om uit te gaan, is dít wat die HERE my laat sien het:²² Kyk, al die vroue wat in die huis van die koning van Juda oorgebly het, word uitgeneem na die bevelvoerders van die koning van Babel, terwyl die vroue sê,

‘Jou vertroude vriende
het jou mislei
en die oorhand oor jou gekry.
Toe jou voete weggesink het
in die slyk,
het hulle teruggetree.’

²³ * Al u vroue en kinders gaan uitbring word na die Galdeërs, en u self sal nie vrykom uit hulle hand nie, maar deur die koning van Babel sal u gevange geneem word, en hierdie stad sal afgebrand word.^d”

²⁴ Daarop sê Sedekia vir Jeremia: “Niemand mag van hierdie gesprek weet nie, anders sterf jy!”²⁵ As die hoë amptenare hoor dat ek met jou gepraat het en by jou kom en vir jou sê, ‘Vertel asseblief vir ons wat jy met die koning gepraat het. Moenie vir ons iets wegsteek nie, dan sal ons jou nie doodmaak nie. Wat het die koning vir jou gesê?’²⁶ * dan moet jy vir hulle sê, ‘Ek het my smeekbede voor die koning gelê, dat hy my nie moet laat terugkeer na die huis van Jonatan om daar te sterf nie.’ ”

²⁷ Al die hoë amptenare het toe na Jeremia gekom en hom uitgevra; en hy het hulle al hierdie woorde meegedeel, net soos die koning hom beveel het. Hulle het hom toe met rus gelaat, want die saak het nie

***38:23** Jer 32:5; 34:3; 39:6

^d**38:23 sal afgebrand word:** Verskeie Hebreeuse mss en die •Septuagint word hier gevolg. Die •bronteks lui “sal jy afbrand”.

***38:26** Jer 37:20

rugbaar geword nie.

²⁸ Jeremia het in die binnehof van die wagte se kwartiere gebly tot op die dag dat Jerusalem ingeneem is.

Inname van Jerusalem

Dit het gebeur toe Jerusalem ingeneem is:^e

39

¹ *In die negende jaar van Sedekia se regering, koning van Juda, * in die tiende maand,^f het Nebukadnesar,^g koning van Babel, met sy hele leër by Jerusalem aangekom en dit beleër. ² In die elfde regeringsjaar van Sedekia, in die vierde maand, op die negende van die maand, is die stadsmuur deurbreek.^h ³ *Al die bevelvoerders van die koning van Babel het gekom en plaasgeneem in die Middelpoort. Dit was Nergalsareser uit Sinmagir en die rabsarisⁱ Nebosarsekim —

^e**38:28 Dit ... ingeneem is:** Word ook beskou as die begin van Jer 39:1. Die woorde “toe Jerusalem ingeneem is” ontbreek egter in die Septuagint en ses Hebreëuse mss. Die woorde “Dit het gebeur” is dan die tipiese Hebreëuse inleiding by die vertaling wat in Jer 39:1 begin.

***39:1-9** 2 Kon 25:1-26; Jer 52:4-11

***39:1 Sedekia ... Juda:** 2 Kon 24:17 — 25:7; 2 Kron 36:10-21

^f**39:1 negende ... maand:** Junie/Julie 588 vC.

^g**39:1 Nebukadnesar:** Die naam beteken ‘Nebo, beskerm die erfgenaam!’ Hy was beter bekend as •Nebukadnesar, waarskynlik 'n spotnaam wat beteken ‘Nebo, beskerm die muil!’ aangesien hy geen nageslag gehad het nie. Tot by Jer 25:9 word hy Nebukadnesar genoem, daarna tot by Jer 29:3 Nebukadnesar, en vanaf Jer 29:21 weer Nebukadnesar tot aan die einde van die boek.

^h**39:2 elfde ... deurbreek:** Januarie 586 vC.

***39:3-4** Vgl Jer 38:17-18,22

ⁱ**39:3 Nergalsareser ... rabsaris:** Die name van hierdie belangrike offisiere word verwar in die bronteks. Rabsaris was die ampsbenaming vir die hoof van die paleis personeel.

Nergalsareser was die hoofbevelvoerder — en ook al die ander bevelvoerders van die koning van Babel. ⁴ Toe koning Sedekia van Juda en al die krygsmanne hulle sien, het hulle gevlug en in die nag met 'n pad deur die koning se tuin by die poort tussen die twee mure uit die stad gegaan. Hy het met die pad na die Araba^j uitgegaan.

⁵ Maar die leër van die Galdeërs^k het hulle agternagesit, en Sedekia op die vlaktes by Jerigo ingehaal. Hulle het hom gevange geneem en hom na Nebukadresar, koning van Babel, na Ribla, in die land Hamat,^{*} geneem, en hy het vonnisse oor hom uitgespreek: ⁶ *Die koning van Babel het in Ribla die seuns van Sedekia voor sy oë tereggestel.¹ Die koning van Babel het ook al die hoëlui^m van Juda tereggestel. ⁷ *Sedekia se oë het hy verblind en hom met bronskettings geboei om hom na Babel te neem. ⁸ *Die paleis van die koning en die huise van die volk het die Galdeërs afgebrand, en die stadsmure van Jerusalem het hulle afgebreek. ⁹ Die deel van die bevolking wat nog by die stad oor was, dié wat na hom oorgeloop het en die res van die bevolking wat oorgebly het, is deur Nebusaradan, die aanvoerder van die lyfwag,ⁿ in ballingskap weggevoer na Babel. ¹⁰ Van die armstes van die bevolking wat niks gehad het nie, het Nebusaradan, die aanvoerder van die lyfwag, in die land Juda laat agterbly. Hy het in dié tyd vir hulle

^j39:4 die Araba: Dit verwys hier na die Jordaanvallei.

^k39:5 Galdeërs: Die volksgroep wat oor Babel regeer het vanaf 625 vC.

*39:5 Ribla ... Hamat: 2 Kon 23:33; 25:6,20-21; Jer 39:5-6; 52:9-10,26-27

*39:6 Jer 38:23

^l39:6 tereggestel: Letterlik 'geslag'.

^m39:6 hoëlui: Die ryk grondbesitters en leidende figure in die gemeenskap.

*39:7 Jer 32:4; Eseg 12:13

*39:8-9 2 Kron 36:19-20

ⁿ39:9 aanvoerder ... lyfwag: Letterlik 'hoof van die kokke'. Dit dui 'n vertroueling van die koning aan wat ook namens hom kon optree.

wingerde en landerye^o gegee.

¹¹ Nebukadresar, koning van Babel, het deur Nebusaradan, die aanvoerder van die lyfwag, oor Jeremia die volgende opdrag gegee:

¹² “Neem hom en hou 'n oog oor hom! Moet hom geen kwaad aandoen nie, maar doen aan hom presies soos hy jou versoek.” ¹³ Hy het die boodskap na Nebusaradan, die aanvoerder van die lyfwag, die rabsaris Nebusasban, die hoofbevelvoerder Nergalsareser en al die belangrike persone van die koning van Babel gestuur. ¹⁴ Hulle het Jeremia uit die binnehof van die wagte se kwartiere laat haal.* Hulle het hom aan Gedalja, seun van Agikam,^p seun van Safan, oorhandig om hom huis toe te neem. So het hy tussen die mense bly woon.

¹⁵ Die woord van die HERE het tot Jeremia gekom terwyl hy nog in gevangenskap was in die binnehof van die wagte se kwartiere: ¹⁶ “Gaan praat met Ebed-Meleg, die Kussiet^q en sê, ‘So sê die HERE, Heerser oor alle magte, die God van Israel: “Kyk, Ek sal my woord teen hierdie stad in vervulling laat gaan — ten kwade en nie ten goede nie. Dit sal op daardie dag voor jou oë gebeur. ¹⁷ Maar Ek sal jou red op daardie dag,” ’ is die uitspraak van die HERE. ‘ “Jy sal nie oorgelewer word in die hande van die mense vir wie jy bang is nie. ¹⁸ * Ja, Ek sal jou beslis laat vrykom;

^o**39:10 landerye:** Daar is onsekerheid oor die betekenis van die Hebreeuse woord, wat slegs hier voorkom. Dit kan ook, met die wysiging van een medeklinker, vertaal word “parskuipe”.

^{*}**39:14 Jeremia ... haal:** Jer 38:13

^p**39:14 Gedalja ... Agikam:** Gedalja, die seun van Agikam, wat Jeremia beskerm het (vgl Jer 26:24) was, volgens 'n seëlafdruk wat by Lagis gevind is, hoof van die hofhouding in Sedekia se regering.

^q**39:16 Kussiet:** Inwoner van Kus, die naam van Nubië, 'n gebied suidoos van Egipte, vandag bekend as Soedan.

^{*}**39:16 Ebed-Meleg, die Kussiet:** Jer 38:7

^{*}**39:18** Vgl Jer 21:9; 38:2

deur die swaard sal jy nie val nie. Jy sal jou lewe vir jousef as buit behou omdat jy op My vertrou het,” is die uitspraak van die HERE.’ ”

40

Jeremia by Gedalja

¹ *Dit is die woord wat van die HERE tot Jeremia gekom het nadat Nebusaradan, die aanvoerder van die lyfwag,^r hom vrygelaat het in Rama.^s Toe hy hom laat haal het, is hy met handboeie geboei tussen al die ballinge van Jerusalem en Juda wat weggevoer is na Babel. ² Die aanvoerder van die lyfwag het Jeremia laat haal en vir hom gesê: “Die HERE jou God het hierdie onheil oor hierdie plek aangekondig, ³ en die HERE het dit laat gebeur en gedoen soos Hy gesê het. Omdat julle teen die HERE gesondig het en nie na sy stem geluister het nie, het hierdie dinge met julle gebeur.* ⁴ En nou, kyk, ek bevry jou vandag van die handboeie wat aan jou hande is. As jy dit goedvind om saam met my na Babel te gaan, kom dan! Ek sal my oog oor jou hou. Maar as jy dit nie goedvind om saam met my na Babel te gaan nie, laat dit daarby! Kyk, die hele land lê oop voor jou — waar jy dit ook al goed en reg vind om

* 40:1-5 Jer 39:11-14

^r40:1 aanvoerder ... lyfwag: Letterlik ‘hoof van die kokke’. Dit dui 'n vertroueling van die koning aan wat ook namens hom kon optree.

^s40:1 Rama: 'n Dorp 9 km noord van Jerusalem.

* 40:2-3 Die HERE ... gebeur: Deut 29:24-25

heen te gaan, gaan daarheen!”⁵ Hy het nog nie geantwoord nie, toe sê Nebusaradan:^t “Keer dan terug na Gedalja, seun van Agikam,^u seun van Safan, wat die koning van Babel oor die dorpe van Juda aangestel het,^{*} en bly saam met hom tussen die mense, of gaan waarheen dit ook al vir jou reg lyk om te gaan.” Die aanvoerder van die lyfwag het toe vir hom padkos en 'n geskenk gegee, en hom laat gaan.

⁶ Jeremia het na Gedalja, seun van Agikam, in Mispa gegaan. Hy het by hom gebly tussen die mense wat in die land oor was.

Moord op Gedalja

⁷ *Toe al die bevelvoerders van die leërafdelings wat nog in die veld was, hulle en hulle manskappe, hoor dat die koning van Babel vir Gedalja, seun van Agikam,^v in die land aangestel het, en dat hy mans, vroue en kinders, en mense uit die armstes van die land, wat nie in ballingskap na Babel weggevoer is nie, aan hom toevertrou het,⁸ het hulle na Gedalja in Mispa^w gekom. Dit was Ismael, seun van Netanja, Joganan en Jonatan, seuns van Kareag, asook Seraja, seun van Tangumet, en die seuns van Efai uit Netofa, en ook Jesanja, seun van 'n man uit Maäka — hulle en hulle manskappe. ⁹ Gedalja, seun van

^t40:5 Hy ... Nebusaradan: Daar is onsekerheid oor die betekenis van die •bronteks, en dit word verskillend vertaal. Die woorde “toe sê Nebusaradan” kom nie in die bronteks voor nie.

^u40:5 Gedalja ... Agikam: Gedalja, die seun van Agikam, wat Jeremia beskerm het (vgl Jer 26:24) was, volgens 'n seëlafdruk wat by Lagis gevind is, hoof van die hofhouding in Sedekia se regering.

^{*} 40:5 Keer ... aangestel het: 2 Kon 25:22; Jer 39:14

^{*} 40:7 — 41:18 2 Kon 25:22-26

^v40:7 Gedalja ... Agikam: Vgl voetnoot by Jer 40:5.

^w40:8 Mispa: 'n Aanbiddingsplek in Israel, ongeveer 12½ km noordwes van Jerusalem.

Agikam, seun van Safan, het vir hulle en hulle manskappe 'n eed afgelê: “Moenie bang wees om die Galdeërs^x te dien nie. Bly in die land en dien die koning van Babel, dan sal dit goed gaan met julle. ¹⁰ Wat my betref — kyk, ek gaan in Mispa bly in diens van die Galdeërs, wat na ons toe sal kom. Maar julle, samel wyn, somervrugte en olyfolie in en plaas dit in julle houers! Gaan woon dan in julle dorpe waarvan julle die beheer oorneem!”

¹¹ Ook al die Judeërs wat in Moab^{*} en by die Ammoniete^{*} en in Edom^{*} en al die ander lande was, het gehoor dat die koning van Babel 'n oorblyfsel vir Juda agtergelaat het, en dat hy Gedalja, seun van Agikam, seun van Safan, oor hulle aangestel het. ¹² * Al die Judeërs het toe teruggekeer uit al die plekke waarheen hulle verdryf was. Hulle het na die land van Juda gekom, na Gedalja in Mispa. Hulle het baie groot hoeveelhede wyn en somervrugte ingesamel. ¹³ * Joganan, seun van Kareag, en al die bevelvoerders van die leërafdelings wat in die veld was, het na Gedalja in Mispa gekom ¹⁴ * en vir hom gesê: “Is jy hoegenaamd bewus daarvan dat Baälis, koning van die Ammoniete, vir Ismael, seun van Netanja, gestuur het om jou om die lewe te bring?” Maar Gedalja, seun van Agikam, het hulle nie geglo nie.

¹⁵ * Joganan, seun van Kareag, het in Mispa in die geheim vir Gedalja gesê: “Laat ek gaan en Ismael, seun van Netanja, doodslaan; niemand sal dit weet nie. Waarom moet hy jou om die lewe bring? Waarom moet

^x40:9 Galdeërs: Die volksgroep wat oor Babel regeer het vanaf 625 vC.

* 40:11 Moab: Gen 19:37; Rut 1:1-2; vgl Jer 48:1-47

* 40:11 Ammoniete: Gen 19:38; vgl Jer 49:1-6

* 40:11 Edom: Gen 25:30; 36:1,8-9; vgl Jer 49:7-22

* 40:12 Jer 43:5

* 40:13 Jer 40:7-8

* 40:14 Jer 41:1-3

* 40:15 Jer 41:11-15

die hele Juda wat by jou byeengekom het, verstrooi word, en die oorblyfsel van Juda tot niet gaan?”¹⁶ Maar Gedalja, seun van Agikam, het vir Joganan, seun van Kareag, gesê: “Moenie hierdie ding doen nie, want wat jy oor Ismael sê, is 'n leuen.”

41

¹ *In die sewende maand^y het Ismael, seun van Netanja, * seun van Elisama, verwant aan die koninklike familie en hoofamptenare van die koning, met tien manne saam met hom, by Gedalja, seun van Agikam,^z in Mispa aangekom. Terwyl hulle daar in Mispa saam geëet het, ² het Ismael, seun van Netanja, en die tien manne wat by hom was, opgestaan en Gedalja, seun van Agikam, seun van Safan, met die swaard neergevel en hom doodgemaak — hy wat deur die koning van Babel in die land aangestel is. ³ Ook al die Judeërs wat by hom, Gedalja, in Mispa was, en die Galdeërs^a wat hulle daar bevind het, die krygsmanne, is deur Ismael neergevel.

⁴ Die tweede dag ná die moord op Gedalja, terwyl niemand dit nog geweet het nie, ⁵ het daar tagtig manne uit Sigem, * Silo* en Samaria*

* 41:1-2 2 Kon 25:25

^y41:1 7de maand: April 586 vC.

* 41:1 Ismael ... Netanja: Jer 40:7-8,14-16

^z41:1 Gedalja ... Agikam: Gedalja, die seun van Agikam, wat Jeremia beskerm het (vgl Jer 26:24) was, volgens 'n seëlafdruk wat by Lagis gevind is, hoof van die hofhouding in Sedekia se regering.

^a41:3 Galdeërs: Die volksgroep wat oor Babel regeer het vanaf 625 vC.

* 41:5 Sigem: Gen 12:6-7; 37:12-14

* 41:5 Silo: Jos 18:1; Ps 78:60; Jer 7:12

* 41:5 Samaria: 1 Kon 16:23-24

aangekom wat hulle baarde afgeskeer, hulle klere geskeur en hulleself stukkend gekerf het.^b Hulle het graan- en wierookoffers by hulle gehad met die doel om dit na die huis van die HERE te neem.^c ⁶ Ismael, seun van Netanja, het hulle al huilend uit Mispa tegemoetgegaan. Toe hy by hulle kom, sê hy vir hulle: “Kom in na Gedalja, seun van Agikam!”⁷ Maar net toe hulle in die middel van die dorp kom, het Ismael, seun van Netanja, hulle vermoor^d en hulle in 'n opgaarput^e gegooi,^f hy en die manne by hom. ⁸ Maar tien van die manne onder hulle het vir Ismael gesê: “Moet ons nie doodmaak nie, want ons het weggesteekte voorrade in die veld — koring, gars, olyfolie en heuning.” Toe het hy daarvan afgesien, en hulle nie saam met hulle volksgenote doodmaak nie. ⁹ Die opgaarput waarin Ismael al die lyke van die manne wat hy langs Gedalja neergevel het, gegooi het — dit was die opgaarput^g wat koning Asa^{*} gemaak het weens die bedreiging van Baesa,^h koning van Israel. Ismael, seun van Netanja, het dit met die gesneuweldes volgemaak. ¹⁰ *Daarna het Ismael die hele oorblyfsel van die volk wat in Mispa

^b**41:5 hulleself ... gekerf het:** Dit was heidense rougebruike; vgl Lev 19:27-28; 21:5; Deut 14:1; Jer 16:6; Hos 7:14. In hierdie geval rou die manne oor die val van Jerusalem en verwoesting van die tempel.

^c**41:5 huis ... te neem:** Die tempel was in puin, maar daar is steeds offers gebring waar die altaar was.

^d**41:7 hulle vermoor:** Letterlik ‘hulle geslag’.

^e**41:7 opgaarput:** 'n Groot ondergrondse ruimte wat in rots uitgekap is en waarin daar water of graan gestoor is.

^f**41:7 gegooi:** Die woord kom nie in die •bronteks voor nie, maar word veronderstel.

^g**41:9 opgaarput:** Die woord kom nie in die bronteks voor nie, maar word veronderstel.

^{*}**41:9 koning Asa:** 1 Kon 15:9-24; 2 Kron 14:1 — 16:14

^h**41:9 weens ... Baesa:** Die bronteks lui “weens Baesa”; vgl 1 Kon 15:16.

^{*}**41:10** Jer 43:6

was, in gevangenskap weggevoer — die dogters van die koning en al die mense wat in Mispa oorgebly het, oor wie Nebusaradan, die aanvoerder van die lyfwag, vir Gedalja, seun van Agikam, aangestel het.* Ismael, seun van Netanja, het hulle weggevoer en vertrek om oor te trek na die Ammoniete.*

¹¹ Maar toe Joganan, seun van Kareag,* en al die bevelvoerders van die leërafdelings wat by hom was, hoor van al die kwaad wat Ismael, seun van Netanja, aangerig het,¹² het hulle al die manne geneem en gegaan om teen Ismael, seun van Netanja, te veg. Hulle het hom aangetref by die groot dam by Gibeon.*¹³ Toe al die mense wat by Ismael was, vir Joganan, seun van Kareag, en al die bevelvoerders van die leërafdelings by hom, sien, was hulle bly.¹⁴ Al die mense wat deur Ismael uit Mispa as gevangenes weggevoer is, het omgedraai, teruggekeer en na Joganan, seun van Kareag, gegaan.¹⁵ Maar Ismael, seun van Netanja, het met agt manne van Joganan af weggekom en na die Ammoniete gegaan.

Vlug na Egipte

¹⁶ Joganan, seun van Kareag, en al die bevelvoerders van die leërafdelings by hom, het die hele oorblyfsel van die volk saamgeneem wat hy van Ismael, seun van Netanja, uit Mispa teruggebring het, nadat dié vir Gedalja, seun van Agikam, neergevel het. Dit was die mans, krygsmanne, vroue en kinders en eunugsⁱ wat hy uit Gibeon

* 41:10 vir ... aangestel het: Jer 40:7

* 41:10 Ammoniete: Gen 19:38; Jer 40:14; vgl Jer 49:1-6

* 41:11 Joganan ... Kareag: 2 Kon 25:25; Jer 40:8,13-16

* 41:12 groot ... Gibeon: 2 Sam 2:13

ⁱ41:16 eunugs: Ontmante haremopsigters of hofamptenare wat veral in 'n paleis werksaam was en in hierdie geval die dogters van die koning (vgl Jer 41:10) moes versorg.

teruggebring het. ¹⁷ *Hulle het vertrek en oorgebly by Gerut-Kimham naby Betlehem, om van daar af verder te gaan en Egipte te bereik, ¹⁸ weg van die Galdeërs^j af; want hulle was bang vir hulle. Ismael, seun van Netanja, het immers vir Gedalja, seun van Agikam, vir wie die koning van Babel in die land aangestel het, neergevel.

42

¹ Al die bevelvoerders van die leërafdelings en Joganan, seun van Kareag, asook Jesanja,^k seun van Hosaja, en die hele volk, klein en groot, het nadergegaan ² en vir die profeet Jeremia gesê: “Laat ons smeekbede asseblief voor u neergelê word, en bid vir ons tot die HERE u God, vir hierdie hele oorblyfsel, want ons het as 'n klein klompie oorgebly uit baie,* soos u ons met u eie oë hier sien. ³ Laat die HERE u God aan ons bekend maak die pad waarop ons moet gaan, en wat ons te doen staan.” ⁴ Die profeet Jeremia het toe vir hulle gesê: “Ek het gehoor. Kyk, ek gaan tot die HERE julle God bid, soos julle versoek, en ek sal elke woord wat die HERE julle antwoord, aan julle bekend maak. Ek sal niks van julle weerhou nie.” ⁵ En hulle, hulle sê toe vir Jeremia: “Mag die HERE 'n ware en betroubare getuie teen ons wees* as ons nie presies optree volgens elke woord waarmee die HERE u God u na ons stuur nie! ⁶ Of dit nou goed of sleg is, na die stem van die HERE ons God, na wie ons u stuur, sal ons luister, sodat dit met ons goed kan gaan as ons luister na die stem van die HERE ons God.”

⁷ Ná tien dae het die woord van die HERE tot Jeremia gekom. ⁸ Hy het

* 41:17 -182 Kon 25:26

^j41:18 Galdeërs: Vgl voetnoot by Jer 41:3.

^k42:1 Jesanja: Die •Septuagint lui “Asarja”; vgl Jer 40:8; 43:2.

* 42:2 hierdie ... baie: Jes 4:3

* 42:5 Mag ... wees: Vgl Op 1:5; 3:14

Joganan, seun van Kareag, en al die bevelvoerders van die leërafdelings wat by hom was, en ook die hele volk, klein en groot, geroep ⁹ en vir hulle gesê: “So sê die HERE, die God van Israel na wie julle my gestuur het om julle smeekbede voor Hom neer te lê, ¹⁰ ‘*As julle inderdaad in hierdie land bly, sal Ek julle opbou en nie afbreek nie; Ek sal julle plant en nie uitruk nie, want Ek het berou oor die onheil wat Ek julle aangedoen het. ¹¹ Moenie bang wees vir die koning van Babel, vir wie julle so bevrees is nie! Moenie vir hom bang wees nie,’ is die uitspraak van die HERE, ‘want Ek is by julle om julle te verlos en julle uit sy hand te red. ¹² Ek sal aan julle barmhartigheid bewys, sodat ook hy julle barmhartig sal wees en julle na julle grond sal laat terugkeer. ¹³ Maar as julle sê, “Ons wil nie in hierdie land bly nie,” en, sonder om na die stem van die HERE julle God te luister, ¹⁴ *sê, “Nee, na Egipteland wil ons gaan, waar ons nie oorlog sal beleef of die geluid van ramshorings sal hoor, of broodgebrek sal ly nie; daar wil ons bly” ’ ’ — ¹⁵ nou dan, hoor daarom die woord van die HERE, oorblyfsel van Juda! So sê die HERE, Heerser oor alle magte, die God van Israel: “As julle vas van voorneme is^l om na Egipte te gaan, en julle gaan om as vreemdelinge^m daar te woon, ¹⁶ dan sal die swaard waarvoor julle bang is, julle daar in Egipteland inhaal. Die hongersnood waarvoor julle beangs is — daar in Egipte sal dit op julle hakke sit, en daar sal julle sterf. ¹⁷ Al die manne wat van voorneme is om na Egipte te gaan om daar as vreemdelinge te woon, sal deur die swaard, hongersnood en pessiëkte sterf. Daar sal nie vir hulle iemand wees wat ontvlug van of ontkom aan die onheil wat Ek

* **42:10** Deut 32:36; Jer 1:10; 18:7-8; 24:6

* **42:14-22** Vgl Jer 41:17

^l**42:15 van ... is:** Letterlik ‘julle gesigte (daarop) rig’.

^m**42:15 vreemdelinge:** Persone wat om politieke of ekonomiese redes hulle eie land verlaat het en tydelik in 'n ander land woon.

oor hulle sal bring nie.”¹⁸ *Ja, so sê die HERE, Heerser oor alle magte, die God van Israel: “Soos my toorn en woede oor die inwoners van Jerusalem losgebars het, so sal my woede oor julle uitbars wanneer julle na Egipte toe gaan. Julle sal 'n voorbeeld van verdoeming, 'n skrikbeeld, 'n vervloekingⁿ en 'n bespotting wees;* en julle sal hierdie plek nooit weer sien nie.”

¹⁹ “Die HERE het oor julle uitspraak gelewer, oorblyfsel van Juda, ‘Moenie na Egipte gaan nie!’ Julle moet goed besef dat ek julle vandag gewaarsku het;²⁰ want julle het julle eie lewens op die spel geplaas toe julle my na die HERE julle God gestuur het met die woorde, ‘Bid vir ons tot die HERE ons God! Alles wat die HERE ons God sê, dra dit presies so aan ons oor, en ons sal dit uitvoer.’²¹ Ek het dit vandag aan julle oorgedra, maar julle luister nie na die stem van die HERE julle God oor alles waarmee Hy my na julle gestuur het nie.²² Daarom, weet vir seker dat julle deur die swaard, hongersnood en pessiëkte sal sterf op die plek waarheen julle begeer om te gaan om daar as vreemdelinge te woon.”

43

¹ Net toe Jeremia klaar al die woorde van die HERE hulle God vir die hele volk gesê het — al hierdie woorde waarmee die HERE hulle God hom na hulle gestuur het —² *het Asarja, seun van Hosaja, en Joganan, seun van Kareag, en al die aanmatigende manne geantwoord. Hulle het vir Jeremia gesê: “Jy praat leuens! Die HERE ons God het jou nie gestuur

* **42:18** Deut 28:37; Jer 24:9; 29:18; 44:8,12

ⁿ**42:18 vervloeking:** Dit beteken dat die nasies die Judeërs in Egipte sal gebruik in 'n vervloeking “Mag dit met jou gaan soos met die oorblyfsel van Juda!”

* **42:18 Julle sal ... wees:** Jer 24:9

* **43:2** Jer 42:1; vgl Jer 40:8

om te sê, ‘Julle moenie na Egipte gaan om daar as vreemdelinge^o te gaan woon nie;’^{* 3} maar Barug, seun van Nerija,^{*} het jou teen ons opgestook om ons so oor te gee in die hand van die Galdeërs^p om ons dood te maak of ons in ballingskap na Babel weg te voer.”

⁴ * Joganan, seun van Kareag, en al die bevelvoerders van die leërafdelings en die hele volk het toe nie geluister na die stem van die HERE om in die land Juda te bly nie. ⁵ Joganan, seun van Kareag, en al die bevelvoerders van die leërafdelings het die hele oorblyfsel van Juda saamgeneem, hulle wat teruggekom het uit al die nasies waarheen hulle verdryf is om in die land Juda as vreemdelinge te woon — ⁶ * die manne, die vroue en kinders, die dogters van die koning, en al die mense wat Nebusaradan, die aanvoerder van die lyfwag, by Gedalja, seun van Agikam,^q seun van Safan, gelaat het, ook die profeet Jeremia en Barug, seun van Nerija. ⁷ Hulle het in Egipteland aangekom — want hulle het nie na die stem van die HERE geluister nie — en tot by Tagpanhes^r gevorder. ⁸ Die woord van die HERE het toe in Tagpanhes tot Jeremia gekom: ⁹ “Neem groot klippe, en, terwyl die Judese manne toekyk, steek

^o**43:2 vreemdelinge:** Persone wat om politieke of ekonomiese redes hulle eie land verlaat het en tydelik in ’n ander land woon. Hulle was geregtig op die beskerming van die plaaslike leiers.

* **43:2 Julle ... woon nie:** Jer 42:19

* **43:3 Barug ... Nerija:** Jer 32:12; 36:4-8; 45:1-2

^p**43:3 Galdeërs:** Die volksgroep wat oor Babel regeer het vanaf 625 vC.

* **43:4** Jer 42:13

* **43:6** Jer 41:10

^q**43:6 Gedalja ... Agikam:** Gedalja, die seun van Agikam, wat Jeremia beskerm het (vgl Jer 26:24) was, volgens ’n seëlafdruk wat by Lagis gevind is, hoof van die hofhouding in Sedekia se regering.

^r**43:7 Tagpanhes:** ’n Ou grensvesting oos van die Nyldelta, in Grieks bekend as Dafne.

dit weg in die klei by die steenvorms^s wat by die ingang na 'n gebou van die farao in Tagpanhes is. ¹⁰ Sê dan vir hulle, ‘So sê die HERE, Heerser oor alle magte, die God van Israel: “Kyk, Ek gaan my dienskneg, Nebukadnesar, koning van Babel, ontbied,* en Ek sal sy troon plaas op hierdie klippe wat Ek hier weggesteek het, en hy sal die mat vir sy troon^t daaroor uitrol.

¹¹ *Hy sal kom en Egipteland
verslaan.

Wie vir die dood bestem is,
sal uitgelewer word
aan die dood,
wie vir gevangenskap bestem is,
aan gevangenskap,
wie vir die swaard bestem is,
aan die swaard.

¹² *Hy sal^u 'n vuur aansteek
in die tempels van die gode
van Egipte.

Hy sal dit afbrand en hulle
wegvoer as gevangenes.

^s43:9 klei ... steenvorms: Daar is onsekerheid oor die betekenis van die •bronteks, en dit word verskillend vertaal.

* 43:10 Kyk ... ontbied: Jer 25:9; 27:6

^t43:10 mat ... troon: Daar is onsekerheid oor die betekenis van die bronteks. Word ook vertaal “koningstent”.

* 43:11 Jer 15:2; Op 13:10

* 43:12-13 Jer 46:25; Eseg 30:13

^u43:12 Hy sal: Die •Septuagint, •Peshitta en •Vulgaat word hier gevolg. Die bronteks lui “Ek sal”.

Hy sal Egipteland skoon pluk
soos 'n herder sy kleed skoon pluk
van luise,^v
en hy sal ongedeerd daarvandaan
wegtrek.

¹³Hy sal die klippilare van die
sontempel in Egipteland
stukkend breek;
die tempels van die gode van Egipte
sal hy afbrand.” ’ ’ ”

44

Onheil vir die Judeërs in Egipte

¹ Dit is die woord wat tot Jeremia gekom het vir al die Judeërs wat in Egipteland woon, wat in Migdol,^w Tagpanhes^x en Nof,^y en in die land Patros^z woon: ² “So sê die HERE, Heerser oor alle magte, die God van Israel, ‘Julle het self al die onheil beleef wat Ek oor Jerusalem en oor al die dorpe van Juda gebring het. Kyk, dit is vandag 'n puinhoop, met niemand wat daarin woon nie ³ vanweë die kwaad wat hulle gedoen het deur My te tart, deur offers te gaan verbrand en ander gode te dien wat

^v43:12 **Hy sal Egipteland ... luise:** Daar is onsekerheid oor die betekenis van die bronteks. Word ook vertaal “Hy sal hom met Egipteland omhul soos 'n herder hom met sy kleed omhul.”

^w44:1 **Migdol:** 'n Plek in die Nyldelta.

^x44:1 **Tagpanhes:** 'n Ou grensvesting oos van die Nyldelta, in Grieks bekend as Dafne.

^y44:1 **Nof:** Ook bekend as Memfis, die belangrikste stad in Benede-Egipte, 21 km suid van die huidige Kaïro.

^z44:1 **Patros:** 'n Naam vir Bo-Egipte.

hulle nie geken het nie, nie hulle nie, nie julle nie, en ook nie julle voorouers nie. ⁴*Ek het aanhoudend al my diensknegte, die profete, na julle gestuur om te sê: “Moet tog nie hierdie afstootlike ding doen wat Ek haat nie!” ⁵Maar hulle het nie geluister nie en nie gehoor gegee deur hulle van hulle boosheid te bekeer om nie vir ander gode offers te verbrand nie. ⁶My woede en my toorn het toe uitgebars en gebrand in die dorpe van Juda en die strate van Jerusalem, en dit het puinhope en woestenyne geword, soos dit vandag is.’

⁷“Daarom, so sê die HERE, die God wat Heerser is oor alle magte, die God van Israel, ‘Waarom doen julle julleself so 'n groot skade aan deur man en vrou, kind en suigeling uit Juda uit te roei, en so vir julle nie eers 'n oorblyfsel oor te laat nie? ⁸*Julle doen dit deur My te tart met die werk van julle hande, deur vir ander gode offers te verbrand in Egipteland, waarheen julle gekom het om as vreemdelinge^a te woon, sodat julle julleself sodoende uitroei en 'n vervloeking^b en bespotting word onder al die nasies van die wêreld. ⁹*Het julle die booshede van julle voorouers vergeet en die booshede van die konings van Juda en die booshede van hulle vroue, en julle eie booshede en die booshede van julle vroue wat hulle in die land Juda en in die strate van Jerusalem aangerig het? ¹⁰Tot vandag toe is hulle nie gebroke of bevrees nie, en volg hulle nie my wet en vaste voorskrifte wat Ek aan julle en julle voorouers voorgehou het nie.’

* 44:4-5 2 Kron 36:15; Jer 7:25-26; 25:4; 26:5

* 44:8,12 Deut 28:37; Jer 24:9; 29:18; 42:18

^a44:8 **vreemdelinge**: Persone wat om politieke of ekonomiese redes hulle eie land verlaat het en tydelik in 'n ander land woon. Hulle was geregtig op die beskerming van die plaaslike leiers.

^b44:8 **vervloeking**: Dit beteken dat die nasies die Judeërs in Egipte sal gebruik in 'n vervloeking “Mag dit met jou gaan soos met die Judeërs in Egipte!”

* 44:9 1 Kon 11:1,8

¹¹ “Daarom, so sê die HERE, Heerser oor alle magte, die God van Israel, ‘Kyk, Ek is vasbeslote om hulle kwaad aan te doen,^c om die hele Juda uit te roei. ¹² *Ek sal die oorblyfsel van Juda wegraap, hulle wat vasbeslote was om na Egipteland te gaan om daar as vreemdelinge te woon; hulle sal almal omkom. In Egipteland sal hulle val deur die swaard; van hongersal hulle omkom; van die kleinste tot die grootste sal deur die swaard en van hongersal hulle omkom. Hulle sal 'n voorbeeld van verdoeming, 'n skrikbeeld, 'n vervloeking en 'n bespotting word. ¹³ *Ek sal van hulle wat in Egipteland woon, rekenskap eis soos Ek dit van Jerusalem geëis het met die swaard, met hongersnood en met pessiëkte, ¹⁴ sodat nie een uit die oorblyfsel van Juda wat gegaan het om daar in Egipteland as vreemdelinge te woon, sal ontkom of ontvlug om te kan terugkeer na die land Juda nie, die land waarna hulle sal verlang om heen terug te gaan, om daar te gaan woon. Ja, hulle sal nie teruggaan nie, net 'n paar vlugtelingen.’ ”

¹⁵ Al die manne wat geweet het dat hulle vroue vir ander gode offers verbrand, en al die vroue wat daar gestaan het, 'n groot byeenkoms,^d ja, die hele volk wat in Egipteland in Patros gewoon het, het Jeremia geantwoord: ¹⁶ “Die woord wat jy aan ons in die Naam van die HERE verkondig het — ons gaan nie na jou luister nie. ¹⁷ *Trouens, ons sal alles wat ons met ons eie monde onderneem het, beslis doen: om offers te verbrand vir die koningin van die hemel^e en vir haar drankoffers uit

^c44:11 vasbeslote ... doen: Die Hebreeuse idioom lui “die gesig teen hulle rig ten kwade”.

* 44:12 Jer 42:15-17

* 44:13 Jer 43:11

^d44:15 vroue wat ... byeenkoms: Tydens so 'n byeenkoms het die mans gesit en die vroue buite die kring gestaan.

* 44:17-19 Jer 7:18; vgl Hos 2:4,7

^e44:17 koningin ... hemel: Dit verwys na Venus.

te giet soos ons gedoen het, ons en ons voorouers, ons konings en ons hoë amptenare, in die dorpe van Juda en die strate van Jerusalem. Toe was ons versadig met brood en het dit met ons goed gegaan; rampe het ons toe nie beleef nie. ¹⁸ Maar vandat ons opgehou het om vir die koningin van die hemel offers te verbrand en vir haar drankoffers uit te giet, het ons aan alles gebrek gehad en het ons deur die swaard en van hongersnood omgekom.”

¹⁹ Die vroue het gesê:^f “En toe ons vir die koningin van die hemel offers verbrand en vir haar drankoffers uitgegiet het, het ons miskien sonder die medewete van ons mans vir haar stervormige koekies gemaak om haar af te beeld,^g en vir haar drankoffers uitgegiet?”

²⁰ Toe het Jeremia aan die hele volk, die manne en vroue, ja, die hele volk wat besig was om hom te antwoord, gesê: ²¹ “Die offers wat julle verbrand het in die dorpe van Juda en die strate van Jerusalem, julle en julle voorouers, julle konings en julle hoë amptenare en die volk van die land,^h het die HERE nie daaraan gedink en het dit nie in sy gedagtes opgekom nie? ²² Die HERE kon dit nie meer verduur nie, vanweë julle bosedade, vanweë die afstootlike dinge wat julle gedoen het. Toe het julle land 'n puinhoop, 'n woesteny en 'n vervloeking geword, sonder inwoners, soos dit vandag is. ²³ * Juis vanweë die feit dat julle offers verbrand het, en dat julle teen die HERE gesondig en nie na die stem van die HERE geluister het nie, en nie sy wet, sy vaste voorskrifte en sy bepalings gevolg het nie;

^f44:19 Die ... gesê: Hierdie woorde kom nie in die •bronteks voor nie. Die •Septuagint word hier gevolg.

^g44:19 stervormige ... beeld: Dit was in die vorm van vyfpuntige Venussterre.

^h44:21 volk ... land: Dit verwys na die verteenwoordigers van die volksvergadering van die mense van Juda. Jerusalem was 'n stadstaat, en Juda het sy eie regering gehad. 'n Nakomeling van Dawid was wel koning oor albei die regerings.

* 44:23 Jer 40:3

ja, daarom het hierdie onheil julle getref soos dit vandag is.”

²⁴ Jeremia het toe vir die hele volk en vir al die vroue gesê: “Hoor die woord van die HERE, ganse Juda wat in Egipteland is!” ²⁵ So sê die HERE, Heerser oor alle magte, die God van Israel, ‘Julle en julle vroue, julle het met julle eie monde verklaar en dit met julle hande uitgevoer: “Ons sal beslis ons geloftes wat ons afgelê het, nakom om vir die koningin van die hemel offers te verbrand en vir haar drankoffers uit te giet.” Doen dan julle geloftes beslis gestand! Voer julle geloftes beslis uit!’

²⁶ Daarom, hoor die woord van die HERE, ganse Juda wat in Egipteland woon, ‘Kyk, Ek lê 'n eed af by my groot Naam;’ sê die HERE, ‘in die hele Egipteland sal my Naam nooit weer aangeroop word deur die mond van enige man van Juda wat sê, “So waar as my Heer, die HERE, leef!” nie.*

²⁷ Kyk, Ek waakⁱ oor hulle ten kwade en nie ten goede nie. Al die mans van Juda wat in Egipteland is, sal deur die swaard en hongersnood omkom, totdat hulle vernietig is. ²⁸ *En hulle wat aan die swaard ontkom, net 'n paar, sal uit Egipteland na die land Juda terugkeer. Die hele oorblyfsel van Juda wat na Egipteland gekom het om as vreemdelinge daar te woon, sal dan weet wie se woord standhou, myne of hulle s'n. ²⁹ En dit sal vir julle die teken wees,’ is die uitspraak van die HERE, ‘dat Ek van julle rekenskap eis op hierdie plek, sodat julle kan weet dat my woorde wat ten kwade teen julle gerig is, beslis sal standhou.’ ³⁰ *So sê die HERE: ‘Kyk, Ek gaan farao Hofra,^j koning van

* 44:24 ganse ... Egipteland is: Jer 43:7; 44:15

* 44:26 in die ... leef! nie: Eseg 20:39

ⁱ44:27 Ek waak: Kan ook vertaal word “Ek is bedag (daarop)”; vgl Jer 1:12,13; 31:28.

* 44:28 Jes 27:13; 44:14

* 44:30 Jer 46:26

^j44:30 farao Hofra Die heerser oor Egipte (589-570 vC) wat Sedekia aangespoor het om in 588 vC teen Nebukadnesar in opstand te kom.

Egipte, oorgee in die hand van sy vyande en in die hand van hulle wat sy lewe soek, soos Ek Sedekia, koning van Juda,^{*} oorgegee het in die hand van Nebukadresar,^k koning van Babel, sy vyand, wat sy lewe gesoek het.*' ”

45

Vermaning aan Barug

¹ Die woord wat die profeet Jeremia vir Barug, seun van Nerija,^{*} gesê het toe hy hierdie woorde^l uit die mond van Jeremia in 'n •boekrol geskryf het in die vierde regeringsjaar van Jojakim,^m seun van Josia, koning van Juda:^{*} ² “So sê die HERE, die God van Israel oor jou, Barug, ³ ‘Jy sê: “Wee my! Want die HERE het droefheid by my smart gevoeg. Ek is moeg van my gesug, en ek kry geen rus nie.” ’

⁴ “So moet jy vir hom sê, ‘So sê die HERE: “Kyk, wat Ek gebou het, gaan Ek afbreek, en wat Ek geplant het, gaan Ek uitruk — hierdie hele land.* ⁵ En jy, soek jy vir jouself groot dinge? Moet dit nie soek nie, want kyk, Ek gaan onheil bring oor alle mense,” is die uitspraak van die HERE.

*44:30 Sedekia ... Juda: 2 Kon 24:17 — 25:7; 2 Kron 36:10-21

^k44:30 Nebukadresar: Die naam beteken ‘Nebo, beskerm die erfgenaam!’ Hy was beter bekend as •Nebukadnesar, waarskynlik 'n spotnaam wat beteken ‘Nebo, beskerm die muil!’ aangesien hy geen nageslag gehad het nie. Tot by Jer 25:9 word hy Nebukadresar genoem, daarna tot by Jer 29:3 Nebukadnesar, en vanaf Jer 29:21 weer Nebukadresar tot aan die einde van die boek.

*44:30 soos ... gesoek het: Jer 39:5-7

*45:1 Barug ... Nerija: Jer 32:12; 36:4-8; 43:3,6

^l45:1 hierdie woorde: Dit verwys na die profesieë wat Jeremia op bevel van die HERE vir Barug gedikteer het; vgl Jer 36:4.

^m45:1 4de ... Jojakim: 605/4 vC; vgl Jer 25:1; 36:1.

*45:1 Jojakim ... Juda: 2 Kon 23:34 — 24:6; 2 Kron 36:4-8

*45:4 Kyk ... land: Jes 5:5; Jer 1:10

“Maar Ek sal jou lewe vir jou gee as buit,* op al die plekke waarheen jy sal gaan.” ’ ’ ”

46

Profesieë oor Egipte

¹ *Die woord van die HERE wat tot Jeremia, die profeet, gekom het oor die nasies.

² *Oor Egipte. Oor die leer van farao Neko, koning van Egipte,* wat by die Eufraatrivier, by Karkemis was,ⁿ en wat verslaan is deur Nebukadresar, koning van Babel,^o in die vierde regeringsjaar van Jojakim,^p seun van Josia, koning van Juda.*

³ “*Kry die klein- en grootskilde
gereed,
gaan nader vir die geveg!

* 45:5 jou lewe ... buit: Vgl Jer 21:9; 38:2; 39:18

* 46:1 Jer 25:13,15-25

* 46:2-26 Jes 19:1-25; Eseg 29:1 — 32:32

* 46:2 farao ... Egipte: 2 Kon 23:29,33-35; 24:7; 2 Kron 35:20

ⁿ46:2 Egipte ... was: Dit verwys na Egipte se militêre veldtogte teen die Babiloniërs vanaf 609 tot 605/4 vC.

^o46:2 Nebukadresar ... Babel: Die naam beteken ‘Nebo, beskerm die erfgenaam!’ Hy was beter bekend as Nebukadnesar, waarskynlik 'n spotnaam wat beteken ‘Nebo, beskerm die muil!’ aangesien hy geen nageslag gehad het nie. Tot by Jer 25:9 word hy Nebukadresar genoem, daarna tot by Jer 29:3 Nebukadnesar, en vanaf Jer 29:21 weer Nebukadresar tot aan die einde van die boek.

^p46:2 4de ... Jojakim: 605/4 vC; vgl Jer 25:1; 36:1; 45:1.

* 46:2 Jojakim ... Juda: 2 Kon 23:34 — 24:6; 2 Kron 36:4-8

* 46:3 Jer 51:11

⁴ Span die perde in,
en ruiters, klim op!
Neem plek in met die helms,
vryf die steekspiese blink,
trek die harnasse aan!

⁵ *Waarom sien Ek hulle
is verskrik?
Hulle val terug,
hulle helde word verpletter,
hulle slaan op die vlug,
hulle draai nie terug nie!
Daar is verskrikking aan alle
kante, ”*
is die uitspraak van die HERE.

⁶ “Die vinniges kan nie
wegkom nie,
die helde kan nie vrykom nie.
In die Noorde, langs
die Eufraatrivier,
het hulle gestruikel en geval.

⁷ *Wie is dit wat styg soos die Nyl,
soos wanneer die delastrome
sy waters donderend
laat afkom?

⁸ Egipte styg op soos die Nyl,
soos wanneer die delastrome

* 46:5 Am 2:14-15

* 46:5 verskrikking ... kante: Jer 6:25; 20:3,10

* 46:7-8 Vgl Jes 8:7-8; Jer 47:2

water donderend laat afkom.
Hy sê, 'Ek sal styg,
ek sal die aarde oordek;
ek wil stede en die inwoners
daarin tot niet maak.'
⁹ Trek op, perde!
Jaag soos besetenes, strydwaens!
Die helde moet optrek:
Kus^q en Put,^r wat skilde dra,
manne van Lud,^s wat die boog
span.
¹⁰ * Hierdie dag behoort
aan my Heer,
die HERE, Heerser
oor alle magte —
'n dag van wraak om Hom
te wreek op sy teenstanders.
Die swaard sal verslind
en versadig wees,
hom vol drink aan hulle bloed.
Ja, 'n offerfees is daar vir my Heer,
die HERE, Heerser
oor alle magte,
in 'n land in die noorde

^q46:9 **Kus:** Die naam van Nubië, 'n gebied suidoos van Egipte, vandag bekend as Soedan.

^r46:9 **Put:** Dit was 'n deel van Libië.

^s46:9 **Lud:** Daar is onsekerheid oor die ligging van Lud, êrens in Noord-Afrika.

* 46:10 Jes 34:6; Joël 1:15; Am 5:18; Sef 1:7; Luk 21:22

by die Eufraatrivier.

¹¹ “*Gaan op na Gilead
en kry balsem,
jongvrou, dogter van Egipte!*

Tevergeefs dat jy die medisyne
meer maak;
daar is geen herstel vir jou nie.

¹² Die nasies hoor van jou skande,
jou gejammer vul die aarde;
want helde struikel oor mekaar,
al twee val saam.”

¹³ *Dit is die woord wat die HERE gesê het vir die profeet Jeremia, oor die koms van Nebukadresar, koning van Babel, om Egipteland aan te val:

¹⁴ “*Maak dit bekend in Egipte,
laat dit hoor in Migdol!^t
Ja, laat dit hoor in Nof^u
en Tagpanhes!^v
Julle moet sê, ‘Neem jou plek in

*46:11 Jer 8:22

*46:11 jongvrou ... Egipte: Vgl Jes 47:1

*46:13-25 Jer 43:8-13

*46:14 Jer 44:1

^t46:14 Migdol: 'n Plek in die Nyldelta.

^u46:14 Nof: Ook bekend as Memfis, die belangrikste stad in Benede-Egipte; 21 km suid van die huidige Kaïro; vgl Jes 19:13.

^v46:14 Tagpanhes: 'n Ou grensvesting oos van die Nyldelta, in Grieks bekend as Dafne.

en wees voorbereid,
want rondom jou verslind
die swaard!’

¹⁵ Waarom is jou magtiges
weggevee?

Hulle bly nie staan nie,
want die HERE het hulle
omgestoot.

¹⁶ Hy laat baie struikel,
die een val selfs oor die ander.

Hulle sê,^w ‘Staan op!

Laat ons teruggaan na ons volk,
na ons geboorteland,
weg van die gewelddadige
swaard.’

¹⁷ Daar roep hulle uit,
‘Die farao, koning van Egipte,
is net 'n lawaaimaker!

Hy het die regte oomblik
laat verbygaan.’

¹⁸ “So waar as Ek leef,”
is die uitspraak van die Koning,
HERE, Heerser oor alle magte
is sy Naam,
“soos Tabor* bo die berge,

^w46:16 Hulle sê: Egipte se huurtroepe is hier aan die woord.

* 46:18 Tabor: Jos 19:22; Rig 4:6,12,24; 1 Sam 10:3; Ps 89:13

en soos Karmel* bo die see,
sal die een wees wat kom.

¹⁹ Kry jou bondel gereed
vir die ballingskap,
inwoner, dogter van Egipte!
Want Nof sal 'n woesteny word,
dit sal verwoes lê, sonder
inwoners.

²⁰ “Egipte is 'n baie mooi jong
koei,
'n blindevlieg^x uit die noorde
het gekom, het gekom.*

²¹ Selfs haar huurtroepe
in haar geledere
is soos vetgemaakte
bulkalwers;
maar ook hulle draai om,
vlug saam weg.
Hulle bly nie staan nie;
want die dag van hulle teenspoed
het vir hulle aangebreek,
die tyd wanneer met hulle
afgereken word.

²² Sy klink soos 'n slang
wat wegseil,

* **46:18 Karmel:** Jos 12:22; 1 Kon 18:19; 2 Kon 2:25

^x**46:20 blindevlieg:** Daar is onsekerheid oor die betekenis van die Hebreeuse woord wat “blindevlieg” vertaal is.

* **46:20 uit ... gekom:** Vgl Jer 1:14; 46:24

want met 'n leërmag ruk hulle op;
met byle kom hulle na haar
soos dié wat hout
bymeekaarmaak.

²³ Hulle kap haar bos af,
al is dit ondeurdringbaar,”
is die uitspraak van die HERE;
“want hulle is meer as sprinkane,
ontelbaar is hulle.

²⁴ Die dogter van Egipte
staan beskaamd,
sy is oorgegee in die hand
van 'n volk uit die noorde.”

²⁵ Die HERE, Heerser oor alle magte, die God van Israel, het gesê: “Kyk, Ek gaan rekenskap eis van Amon uit No,^{y*} van die farao, van Egipte, van haar gode, van haar konings — ja, van die farao en hulle wat op hom vertrou. ²⁶ Ek sal hulle oorgee in die hand van dié wat hulle lewens soek: in die hand van Nebukadresar, koning van Babel, en in die hand van sy dienaars. Daarna sal Egipte bewoon word soos in die verre verlede.” Dit is die uitspraak van die HERE.

²⁷ “*Maar jy, jy moenie bang
wees nie,
my dienskneg Jakob!

^y**46:25 Amon uit No:** Amon was aanvanklik die plaaslike god van Thebes wat hier No genoem word, maar het later 'n nasionale god geword.

***46:25 No:** Nah 3:8,10

***46:27-28** Jer 30:10-11

Moet jou nie laat afskrik nie,
Israel!
Want kyk, Ek gaan jou verlos
uit 'n ver plek,
jou nageslag uit die land
van hulle gevangenskap.
Jakob sal terugkeer;
hy sal stil en rustig wees,
en niemand sal hom verskrik nie.
²⁸ Jy, ja jy, moenie bang wees nie,
my dienskneg Jakob!”
is die uitspraak van die HERE,
“want Ek is by jou.
Ja, Ek sal 'n einde maak
aan al die nasies
waarheen Ek jou verdryf het;
net aan jou sal Ek
geen einde maak nie.
Ek sal jou matig straf,
maar jou beslis nie ongestraf
laat nie.”

47

Profesieë oor die Filistyne

¹ Die woord van die HERE wat tot Jeremia, die profeet, gekom het oor

die Filistyne,* voordat die farao* Gasa* verslaan het.^z

² So sê die HERE:

“Kyk, water gaan styg

uit die noorde,

en dit gaan 'n spruit

in vloed word.

Dit sal die land en alles daarop

oorstroom,

stede en die inwoners daarin.*

Mense sal om hulp roep;

al die inwoners van die land

sal huil

³ oor die stampgeluid

van sy hingste se hoewe,

oor die gedruis van sy strydwaens,

oor die gedreun van hulle wiele

— ouers draai nie om

na kinders nie,

omdat hulle hande slap hang —

⁴ oor die dag wat kom

om al die Filistyne te verdelg,

om elke helper van Tirus en Sidon

wat oorbly, uit te roei.”

* 47:1 Filistyne: Gen 10:14; Eseg 25:15-17

* 47:1 farao: 2 Kon 23:29,33-35; 24:7; 2 Kron 35:20

* 47:1 Gasa: Jos 13:2-3; Jer 25:20; Am 6:6-8; Sef 2:4-7

^z47:1 farao ... verslaan het: Waarskynlik in 609 vC.

* 47:2 Kyk ... daarin: Jer 46:6-8,24

Ja, die HERE verdelg die Filistyne,
die oorblyfsel van die eiland

Kaftor.^a

⁵ 'n Kaalgeskeerde plek verskyn

op die kop van Gasa;^b

Askelon is vernietig.

Oorblyfsel van hulle vlakte,^c

hoe lank nog gaan jy jou

stukkend kerf?^d

⁶ Helaas! Swaard van die HERE,

hoe lank nog sal jy nie rus hê nie?

Keer terug na jou skede;

kom tot rus en wees stil!

⁷ Hoe kan hy dan rus hê?

Die HERE het hom 'n opdrag gegee

teen Askelon en die kusstreek.

Daar het Hy hom aangestel.

^a47:4 die eiland Kaftor: Kreta, waarvandaan die Filistyne gekom het; vgl Am 9:7.

^b47:5 Kaalgeskeerde ... Gasa: 'n Teken van rou.

^c47:5 Oorblyfsel ... vlakte: Die •Septuagint lui “oorblyfsel van die Enakiete”; vgl Jos 11:22.

^d47:5 stukkend kerf: 'n Heidense rougebruik; vgl Hos 7:14.

Profesieë oor Moab

¹ Oor Moab.*

So sê die HERE, Heerser oor alle magte, die God van Israel:

“Wee Nebo,^e want dit word
verwoes.

Kirjatajim staan beskaamd,
dit word ingeneem.

Die toevlugsoord staan beskaamd,
is verslae.

² Daar is geen lofprysing meer
vir Moab nie;

in Hesbon word onheil
teen haar beplan;

‘Kom ons roei haar uit
onder die nasies!’

Ook jy, Madmen,
sal stilgemaak word;
die swaard is agter jou aan!

³ Daar klink 'n noodroep
uit Goronajim,

‘Verwoesting en totale
ineenstorting!’

* **48:1 Moab:** Gen 19:37; Rut 1:1-2; Jes 15:1 — 16:14; Eseg 25:8-11; Am 2:1-3; Sef 2:8-11

^e **48:1 Nebo:** 'n Stad aan die helling van die berg Nebo in Moab; vgl Num 32:3, 38; Jes 15:2.

⁴ Moab is verpletter;
sy geringes laat 'n noodroep hoor.

⁵ Ja, die opdraande na Lugit —
met 'n gehuil, met 'n gehuil,
gaan hulle daar op.

Ja, teen die afdraande
na Goronajim
word angskrete oor die
vernietiging gehoor.

⁶ Vlug! Ontkom net
met julle lewens!

Word soos 'n jenerwerstruik^f
in die woestyn!^g

⁷ Aangesien jy^h jou vertrouë stel
op jou dade,
en op jou voorrade,
sal ook jy ingeneem word.

En Kemosⁱ sal in ballingskap
uitgaan,
en sy priesters en bevelvoerders
saam met hom.*

⁸ Die verwoester kom

^f48:6 soos 'n jenerwerstruik: Die •Septuagint lui “soos 'n wilde esel”. Die •bronteks word ook vertaal “soos Aroër”.

^g48:6 woestyn: Verlate, deels onherbergsame gebied, met 'n skaarste aan plantegroei, maar waar kleinvee kon wei.

^h48:7 jy: Dit verwys na Moab.

ⁱ48:7 Kemos: Die hoofgod van die Moabiete; vgl Num 21:29; Rig 11:24.

* 48:7 En Kemos ... hom: Jer 49:3; Am 1:15

na elke dorp,
en geen dorp sal vrykom nie.
Die vallei sal ten gronde gaan,
die plato sal verwoes word,”
is wat die HERE gesê het.

⁹ Rig 'n gedenkteken op
vir Moab,^j
want hy raak heeltemal vervalle;^k
sy dorpe word 'n woesteny,
sonder iemand wat daarin
woon.

¹⁰ *Vervloek is hy wat die HERE
se werk met laksheid doen,
en vervloek is hy wat sy swaard
weerhou van bloed.

¹¹ Moab is rustig van sy jeug af;
hy is soos wyn,^l ongestoord
op sy droesem,
hy is nie oorgesink
van kruik tot kruik nie —

^j48:9 Rig ... Moab: Die Septuagint word hier gevolg. Daar is onsekerheid oor die betekenis van die bronteks. Word ook vertaal “gooi sout op Moab” of “gee vlerke aan Moab”.

^k48:9 raak ... vervalle: Die Septuagint en •Peshitta word hier gevolg. Die bronteks lui “sy gaan uit”, voorafgegaan deur 'n woord waarvan die betekenis onseker is.

* 48:10 Vgl Rig 5:23; 1 Kon 20:42

^l48:11 soos wyn: Hierdie woorde kom nie in die bronteks voor nie, maar word veronderstel.

in ballingskap het hy
nie gegaan nie.

Daarom behou hy sy smaak,
en sy geur verander nie.

¹²Daarom, “kyk, daar kom dae,”
is die uitspraak van die HERE,
“dat Ek keldermeesters na hom
sal stuur,
en hulle sal hom afgiet.
Sy kruike sal hulle leegmaak,
en sy houers verbrysel.

¹³Moab sal beskaamd staan
oor Kemos,
net soos die huis van Israel
beskaamd gestaan het oor Bet-El,
die bron van hulle vertroue.^m

¹⁴Hoe kan julle sê, ‘Ons is helde,
bekwame manne,
as dit kom by oorlogvoering?’

¹⁵Moab is verwoes,
die vyand het opgetrek
teen sy dorpe,ⁿ

^m**48:13 Bet-El ... vertroue:** Die naam Bet-El beteken ‘tuiste van God’ en verwys na 'n gedenksteen wat daar opgerig is (vgl Gen 28:22). Jerobeam het 'n goue kalf as godebeeld daar opgerig; vgl 1 Kon 12:28-29.

ⁿ**48:15 die vyand ... dorpe:** Daar is onsekerheid oor die betekenis van die bronteks, en dit word verskillend vertaal. Die bronteks lui “en haar dorpe, hy het opgetrek”.

en die keur van sy jong manne
het afgegaan
vir die slagting,”
is die uitspraak van die Koning;
HERE, Heerser oor alle magte
is sy Naam.

¹⁶ Die teenspoed van Moab
kom nader;
sy onheil is baie vinnig op pad.

¹⁷ * Betuig meegevoel met hom,
almal in sy omgewing,
almal wat sy naam ken!
Sê, ‘Hoe is die magtige septer
verbreek, die pragtige staf!’*

¹⁸ “Klim af van die eresetel,
en gaan sit op die dor aarde,
inwoner, dogter van Dibon!^o
Want die verwoester van Moab
trek teen jou op;
hy vernietig jou versterkte stede.

¹⁹ Gaan staan langs die pad
en kyk uit, inwoners van Aroër!^p

* **48:17** Eseg 26:17

* **48:17** Hoe ... staf: Jes 14:5

^o**48:18** Dibon: Waarskynlik dieselfde plek as Dimona in die Negev; vgl Jos 15:22.

^p**48:19** Aroër: Aroër was geleë waar die sogenaamde Koningspad oor die Arnon gaan; vgl Num 20:17. Dit was een van die belangrikste handelsroetes tussen Damaskus en die Golf van Akaba.

Vra hom uit wat vlug,
en haar wat vrykom,
en sê, ‘Wat het gebeur?’
²⁰ *Moab staan beskaamd;
ja, hy is verslae.
Huil en roep om hulp!
Maak dit bekend by die Arnon
dat Moab verwoes is!
²¹ Die oordeel het gekom
oor die land op die plato —
oor Golon, Jahas, en Mefaät;
²² oor Dibon, Nebo,
en Bet-Diblatajim;
²³ oor Kirjatajim, Bet-Gamul,
en Bet-Meon;
²⁴ oor Kerijot* en Bosra;^{q*}
oor al die dorpe van die land
Moab,
dié wat ver is
en dié wat naby is.
²⁵ *Die horing^r van Moab
is afgekap,
sy voorarm is gebreek,”

* 48:20 Num 21:13

* 48:24 Kerijot: Am 2:2

^q48:24 Bosra: Die hoofstad van Edom.

* 48:24 Bosra: Jer 49:13,22

* 48:25 Vgl Ps 75:11

^r48:25 horing: 'n Horing was die simbool van krag.

is die uitspraak van die HERE.

²⁶ “Maak hom dronk,
want teenoor die HERE
het hy hom groot gehou.
Laat Moab swelg in sy braaksel,^s
sodat ook hy uitgelag word.^t

²⁷ Of is Israel nie deur jou
uitgelag nie?
Of is hy tussen diewe betrap,
dat jy, so dikwels as jy
oor hom praat,
meewarig die kop skud?*

²⁸ *Verlaat die dorpe,
gaan woon in die rotsklowe,
inwoners van Moab!
Word soos 'n duif wat nesmaak
in die wande van 'n ravyn.

²⁹ Ons het gehoor
van die trots van Moab,
van die groot vermetelheid,
sy hoogmoed, sy trots,
sy grootdoenerigheid

* **48:26** Vgl Jer 25:27

^s**48:26 swelg ... braaksel:** Daar is onsekerheid oor die betekenis van die bronteks, en dit word verskillend vertaal.

^t**48:26 sodat ... word:** Jerusalem en Juda is uitgelag in 597 vC met die eerste wegvoering in ballingskap; vgl 2 Kon 24:8-12.

* **48:27 Of is hy ... skud:** Jer 2:26

* **48:28** Ps 55:7-8

en sy hooghartigheid.

³⁰ Ek self ken sy woedebuie,
maar dit is blote skyn.

Sy grootpraterij rig niks uit nie,”
is die uitspraak van die HERE.

³¹ Daarom — oor Moab huil ek,
namens die hele Moab
roep ek om hulp.

Oor die mense van Kir-Geres*
kla hulle.

³² Meer as oor Jaser,
huil ek oor jou,
wingerd van Sibma.

Jou ranke het die see^u oorgesteek;
tot by Jaser^{v*} het dit gestrek.

Op jou somervrugte
en jou druiwe-oes
het die verwoester toegesak.*

³³ “Vreugde en gejuig is
weggeneem
uit die vrugteboorde

* **48:31 Kir-Geres:** 2 Kon 3:25

^u**48:32 die see:** Die Dooie See.

^v**48:32 tot by Jaser:** Die bronteks lui “tot by die see van Jaser”. Twee Hebreëuse mss word hier gevolg; vgl ook Jes 16:8. Jaser was in die noorde van Moab geleë, ongeveer 35 km oos van die Dooie See.

* **48:32 Jaser:** Num 21:32

* **48:32 Op ... toegesak:** Joël 1:12

en uit die land van Moab.
 Aan wyn uit die parskuipe
 het Ek 'n einde gemaak.
 Die druiwetrappers trap nie.^w
 Die krete is nie vreugdekrete nie.
³⁴ Die hulpgeroep strek
 vanaf Gesbon^{x*} tot by Elale;^{*}
 tot by Jahas^{*} laat hulle
 hulle stemme hoor,
 van Soar af tot by Goranajim
 en Eglat-Selisija.
 Ja, ook die waters by Nimrim
 word 'n afgryslieke plek.
³⁵ *Ek maak 'n einde aan Moab,”
 is die uitspraak van die HERE,
 “aan hulle wat rook laat opstyg
 op die offerhoogtes,^y
 wat offers verbrand
 vir hulle gode.

^w**48:33 Die druiwetrappers trap nie:** 'n Hebreeuse fragment uit Kaïro, die Septuagint, die Peshitta, die •Targum en •Vulgaat word hier gevolg; vgl ook Jes 16:10. Die bronteks lui “Hy trap nie uit met vreugde nie.”

^x**48:34 Die hulpgeroep ... Gesbon:** Die bronteks lui “Vanaf die hulpgeroep van Gesbon”.

^{*}**48:34 Gesbon:** Num 21:25

^{*}**48:34 Elale:** Num 32:3

^{*}**48:34 Jahas:** Num 21:23

^{*}**48:35** Vgl Jer 11:12-13; 18:15

^y**48:35 offerhoogtes:** Heiligdomme op heuwels, waar daar geboue kon wees, maar soms net altare.

³⁶ Daarom, oor Moab kla my hart
soos fluite,
soos fluite kla my hart
oor die mense van Kir-Geres.

So is die wins wat hulle
gemaak het, daarmee heen.

³⁷ * Ja, elke kop is kaalgeskeer,
en elke baard is afgeskeer.

Op alle hande is snymerke,
en om die heupe rouklere.^z

³⁸ Op al die dakke van Moab
en op sy dorpspleine
is daar net roubeklag.

Want Ek het Moab gebreek
soos 'n kruik wat niemand
meer wil hê nie,”
is die uitspraak van die HERE.

³⁹ Hoe verslae is hy nie!

Hulle huil.

Hoe het Moab nie beskaamd

sy rug gedraai nie!

Moab het lagwekkend geword;

hy is 'n toonbeeld van verskrikking

vir almal rondom hom.

* 48:37 Lev 21:5; Jer 47:5

^z48:37 kaalgeskeer ... rouklere: Dit was tekens van rou. Die growwe rouklere was van swart bokhaar.

⁴⁰ *Want so sê die HERE:

“Kyk, soos 'n arend vlieg hy;
hy sprei sy vlerke uit oor Moab.

⁴¹ Keriot is ingeneem,
die bergvestings is verower;
die helde van Moab se harte
is op daardie dag
soos die hart van 'n vrou
in barensnood.

⁴² Moab word uitgedelg,
sodat dit geen volk meer is nie;
want teenoor die HERE
het hy hom groot gehou.

⁴³ *Verskrikking, 'n vanggat,
'n vangnet wag op julle,
inwoners van Moab,”
is die uitspraak van die HERE.

⁴⁴ “Wie vlug vir die geluid
van verskrikking,
val in die vanggat;
wie uitklim uit die vanggat,
word gevang in die vangnet.

Ja, Ek bring hierdie dinge^a
oor Moab —

* 48:40-41 Deut 28:49,52; Jer 49:22

* 48:43-44 Jes 24:17-18; Klaagl 3:47; Luk 21:35; Op 8:13

^a48:44 hierdie dinge: Die Septuagint en Peshitta word hier gevolg. Die bronteks lui “oor haar”.

die jaar waarin daar van hulle
rekenskap geëis word,^{*}
is die uitspraak van die HERE.

⁴⁵ “*In die skaduwees van Gesbon
staan vlugteling kragteloos,
want 'n vuur het uitgegaan
uit Gesbon,
'n vlam uit die huis^b
van Sihon.

Dit het die slape van Moab
verteer,
die skedel van die
rumoermakers.

⁴⁶ **Wee jou, Moab!
Die volk van Kemos is tot niet.
Ja, jou seuns is weggeneem
in gevangenskap,
jou dogters in ballingskap.

⁴⁷ *Maar Ek sal die lot van Moab
verander aan die einde
van die dae,^c”

* **48:44 die jaar ... geëis word:** Jer 11:23

* **48:45** Num 21:28; 24:17

^b**48:45 uit die huis:** Enkele Hebreuse mss word hier gevolg. Die bronteks lui “van tussen”.

* **48:46-47** Jer 46:26

* **48:46** Num 21:29

* **48:47** Vgl Jer 49:6,39

^c**48:47 aan ... dae:** Dit verwys nie na die eindtyd nie, maar na 'n tyd wanneer die gebeure afgeleef het.

is die uitspraak van die HERE.

Tot hiertoe die oordeel oor Moab.

49

Profesie oor die Ammoniete

¹ Oor die Ammoniete.*

So sê die HERE:

“Het Israel geen kinders nie?

Of het hy geen erfgenaam nie?

Waarom het Milkom^d dan Gilead^e

in besit geneem,

en woon sy volk in die dorpe?

² Daarom, kyk, daar kom dae,”

is die uitspraak van die HERE,

“wanneer Ek teen Rabba^{*}

van die Ammoniete

krygsgeskreeu sal laat opklink,

en dit sal 'n verwoeste puinhoop

word.

* **49:1 Oor die Ammoniete:** Gen 19:38; Deut 2:19; Eseg 25:1-7; Am 1:3-15; Sef 2:8-11

^d**49:1 Milkom:** Die •Septuagint, •Peshitta en •Vulgaat word hier en in Jer 49:3 gevolg. Die •bronteks lui “hulle koning” (in Hebreeus *malkam*). Milkom of Molek was die god van die Ammoniete; vgl 1 Kon 11:7; Jer 32:35.

^e**49:1 Gilead:** Die Septuagint word hier gevolg. Die bronteks lui “Gad”; vgl egter die verwysing na “sy dorpe”; vgl Jer 49:13.

* **49:2 Rabba:** Deut 3:11; Jos 13:25

Sy omliggende dorpies
sal afgebrand word,
en Israel sal dié wat hom sy besit
ontneem het, in besit neem,”
sê die HERE.

³ “Huil, Gesbon,
want Ai is verwoes!^f
Roep om hulp, dogters van Rabba!
Trek rouklere^g aan!
Rou en swerf rond tussen
die klipmure,
want Milkom gaan in ballingskap,
en sy priesters en
bevelvoerders
saam met hom.

⁴ *Waarom roem jy op jou valleie,
op die oorfloed water
in jou vallei,^h
afvallige dogter?
Sy is die een wat op haar skatte
vertrou en sê,
‘Wie sal tot by my kom?’

^f49:3 **Ai is verwoes:** Daar is onsekerheid oor die betekenis van die bronteks, want Ai was nooit Ammonitiese gebied nie. Die naam Ai beteken ‘puinhoop’.

^g49:3 **rouklere:** As teken van rou, is growwe klere van bokhaar aangetrek.

^{*}49:4 Vgl Jer 21:13

^h49:4 **jou valleie ... vallei:** Aan drie kante van Rabba, die hoofstad van die Ammoniete, was daar diep valleie met 'n sterk stroom water in die dal aan die suidekant.

⁵ Kyk, Ek gaan vrees oor jou bring,
vir almal rondom jou,”
is die uitspraak van my Heer,
die HERE, Heerser
oor alle magte.

“Julle sal verdryf word,
elkeen reguit vorentoe,
en niemand sal die vlugteling
byeenbring nie.

⁶ “Maar daarna sal Ek die lot van die Ammoniete verander,” is die uitspraak van die HERE.

Profesieë oor Edom

⁷ Oor Edom.*

So sê die HERE, Heerser oor alle magte:

“Is daar nie meer wysheid
in Teman nie?*

Is raad verlore

onder verstandiges?

Het hulle wysheid verrot?

⁸ Vlug, draai om, kruip diep weg,
inwoners van Dedan!ⁱ

* 49:6 Jer 46:25-26

* 49:7 Oor Edom: Gen 25:30; 36:1,8-9; Ps 137:7; Eseg 25:12-14; Am 1:11-12; Ob vs 1-21

* 49:7 Is daar nie ... Teman nie: Bar 3:22-23

ⁱ49:8 Dedan: 'n Oase 280 km noordwes van Medina.

Want Esau se teenspoed bring Ek
oor hom in die tyd wanneer
Ek van hom rekenskap eis.*

⁹* As druiweplukkers
na jou toe kom,
sal hulle nie 'n na-oes
laat oorbly nie?

As dit diewe in die nag is,
verniel hulle net tot
hulle genoeg het.

¹⁰ Maar Ek, Ek het Esau
kaalgestroop,
Ek het sy skuilplekke blootgelê;
as hy wil wegkruip, kan hy nie.
Sy nageslag is uitgedelg,
ook sy volksgenote en sy bure;
hy is nie meer daar nie.

¹¹* Laat jou vaderloses^j
maar agter,
Ék sal hulle aan die lewe hou;
en jou weduwees —
op My kan hulle vertrou!”

* **49:8 Want ... eis:** Miga 1:2-5

* **49:9-10** Vgl Ob vs 5-6

* **49:11** 1 Tim 5:5

^j**49:11 vaderloses:** Gewoonlik kinders wat hulle pa verloor het, en niemand het om hulle saak in die stadspoort te stel nie. Word ook vertaal “weeskinders”.

¹²* Ja, so sê die HERE: “Kyk, hulle wat nie veroordeel is om die beker te drink nie, moet dit wel drink. En jy, is jy die een wat ongestraf bly? Jy sal nie ongestraf bly nie, maar jy sal beslis drink. ¹³ Want by Myself lê Ek 'n eed af,” is die uitspraak van die HERE, “dat Bosra^k 'n skrikbeeld, 'n bespotting, 'n puinhoop en 'n vervloeking^l sal word, en al sy dorpe ewige puinhope sal wees.”

¹⁴* Ek het 'n boodskap gehoor
wat van die HERE af kom.
'n BoodsAPPER is onder die nasies
ingestuur:

“Kom byeen! Trek teen haar op!^m
Maak gereed vir die geveg!”

¹⁵ “Ja, kyk, gering maak Ek jou
onder die nasies;
verag deur die mense.

¹⁶ Die vrees wat jy inboesem,ⁿ
die verwaandheid van jou hart,
het jou mislei,

* **49:12** Jes 51:17; Jer 25:28-29

^k**49:13 Bosra:** Die hoofstad van Edom.

^l**49:13 vervloeking:** Dit beteken dat die nasies Bosra en die inwoners sal gebruik in 'n vervloeking “Mag dit met jou gaan soos met Bosra!”

* **49:14-16** Vgl Ob vs 1-4

^m**49:14 teen haar op:** Dit verwys na Bosra.

ⁿ**49:16 vrees ... inboesem:** Daar is onsekerheid oor die betekenis van die bronteks, en dit word verskillend vertaal.

jy wat tuis is in die rotsskeure,
wat die heuweltoppe beset.
Al maak jy jou nes so hoog
soos dié van 'n arend,
van daar af sal Ek jou afbring,^{*}
is die uitspraak van die HERE.

¹⁷ “*Edom sal 'n woesteny word;
elkeen wat by hom verbygaan
sal verslae wees en fluit
oor al sy wonde.

¹⁸ *Soos met die verwoesting
van Sodom en Gomorra
en hulle buurdorpe,^{*}
sê die HERE,
“sal niemand daar woon nie,
sal geen mens daar oorbly nie.

¹⁹ *^o“Kyk, soos wanneer 'n leeu
opkom uit die kreupelbos
by die Jordaan^{*}
na 'n weiplek aan
'n standhoudende stroom,
ja, so sal Ek hulle^o vinnig

* **49:16 jy wat ... afbring:** Jer 48:28; 51:53; Am 9:2; Hab 2:9

* **49:17-18** Jer 18:16; 19:8; 50:40

* **49:18** Vgl Jes 13:19

* **49:18 verwoesting ... buurdorpe:** Gen 19:23-24; Deut 29:22

* **49:19-21** Jer 50:44-46

* **49:19 kreupelbos ... Jordaan:** Jer 12:5

^o**49:19 hulle:** Die bronteks lui “hom”. Dit verwys na die inwoners van Edom.

daarvandaan laat weghardloop;
en wie daartoe verkies is,
sal Ek daar aanstel.
Want wie is soos Ek?
Wie kan My voor die gereg daag?*Wie is hierdie herder wat voor My
sal standhou?”

²⁰ Daarom, luister na die raadsbesluit
van die HERE wat Hy teen
Edom geneem het,
en na sy planne wat Hy teen
die inwoners van Teman
beraam:
Hulle sal hulle beslis wegsleep,
selfs die kleinste
van die kudde.
Oor hulle sal Hy beslis
hulle weiding laat verwoes.^p
²¹ *Van die geluid van hulle val
sal die aarde bewe.

Die hulpgeroep —
tot by die Rietsee^q sal die

* **49:19** Wie kan ... daag: Job 9:19; Wys 12:12

^p**49:20** Oor ... verwoes: Daar is onsekerheid oor die betekenis van die bronteks, en dit word verskillend vertaal.

* **49:21** Jer 50:46; Eseg 26:15

^q**49:21** Rietsee: Word ook vertaal “Skelfsee, Rooisee”. Die Hebreeuse woord *suf* beteken ‘palmiete’. Die Septuagint, gevolg deur die NT (vgl Hand 7:36; Heb 11:29), vertaal dit gewoonlik “•Rooisee”.

geluid daarvan gehoor word.

²² *Kyk, soos 'n arend
styg hy^f op en vlieg;
hy sprei sy vlerke uit oor Bosra.
Die helde van Edom se harte
is op daardie dag
soos die hart van 'n vrou
in barensnood.

Profesie oor Damaskus

²³ Oor Damaskus.*

“Hamat en Arpad^s staan beskaamd,
want hulle het slegte nuus gehoor.
Van kommer wieg hulle
heen en weer asof op die see
wat nie tot rus kan kom nie.

²⁴ *Damaskus se moed
begewe haar;^t
sy draai om om te vlug,

* 49:22 Jer 48:40

^f49:22 hy: Dit verwys waarskynlik na Nebukadnesar; vgl Jer 49:22.

* 49:23 Oor Damaskus: Jes 17:1-3; Am 1:3-5; Sag 9:1-2

^s49:23 Hamat en Arpad: Hamat, aan die Orontesrvier in suidelike Sirië, en Arpad, geleë in noordelike Sirië, word dikwels saam genoem as voorbeelde van stede wie se gode hulle nie kon beskerm teen Assirië se aanvalle nie; vgl 2 Kon 18:34; 19:13; Jes 10:9; 36:19; 37:13.

* 49:24 Vgl Jer 4:31

^t49:24 Damaskus ... haar: Die Hebreeuse idioom lui “Damaskus (se hande) het slap geword”.

paniek het haar in sy greep;
benoudheid en geboortepyne
het haar beetgepak soos vir 'n vrou
wat geboorte gee.

²⁵ Hoe is dit dan dat die beroemde
stad nie verlate is nie,
my vreugdevolle vesting?

²⁶ *Gevolgtlik sal haar jong manne
val op haar stadspleine,
en al haar krygsmanne sal omkom
op daardie dag,”
is die uitspraak van die HERE,
Heerser oor alle magte.

²⁷ “Ek sal 'n vuur aansteek
in die stadsmuur
van Damaskus;
dit sal die vestings^u
van Ben-Hadad^v verteer.”

Profesie oor die Arabiere

²⁸ * Oor Kedar^w en oor die koninkryke van Gasor,^x wat deur

* **49:26** Jer 50:30

^u**49:27 vestings:** Versterkte paleise of woonplekke van konings en die hoëlui.

^v**49:27 Ben-Hadad:** Die naam van verskillende Aramese konings.

* **49:28-33** Jes 21:13-17; Jer 25:23-24

^w**49:28 Kedar:** 'n Nomadiese stam in die Siries-Arabiese woestyn; vgl Jes 21:16.

^x**49:28 Gasor:** 'n Oase in die woestyn wat as sentrum vir verskillende nomadiese stamme gedien het.

Nebukadresar,^y die koning van Babel, verslaan is.

So sê die HERE:

“Maak julle gereed!

Trek op teen Kedar

en vernietig die mense

uit die ooste!^z

²⁹ Die vyand^a vat hulle tente

en kleinvee weg;

hulle tentdoeke, al hulle goed

en hulle kamele vat hulle

vir hulleself.

Hulle sal oor hulle uitroep,

‘Verskrikking aan alle kante!’^{*}

³⁰ “Vlug, bly aan die swerf!

Kruip diep weg, inwoners

van Gasor!”

is die uitspraak van die HERE.

“Want Nebukadresar,

^y**49:28 Nebukadresar:** Die naam beteken ‘Nebo, beskerm die erfgenaam!’ Hy was beter bekend as •Nebukadnesar, waarskynlik 'n spotnaam wat beteken ‘Nebo, beskerm die muil!’ aangesien hy geen nageslag gehad het nie. Tot by Jer 25:9 word hy Nebukadresar genoem, daarna tot by Jer 29:3 Nebukadnesar, en vanaf Jer 29:21 weer Nebukadresar tot aan die einde van die boek.

^z**49:28 mense ... ooste:** Woestynbewoners uit die gebiede oos van Palestina; vgl Gen 29:1; Jes 11:14; Eseg 25:4,10.

^a**49:29 vyand:** Letterlik ‘Hulle’. Dit verwys na die vyandige invalsmag van Nebukadnesar; vgl Jer 49:30.

^{*}**49:29 Verskrikking ... kante:** Jer 6:25; 20:3

koning van Babel,
het 'n besluit teen julle
geneem,
en 'n plan teen julle beraam.

³¹ “Maak julle gereed!

Trek op teen 'n sorgelose nasie
wat veilig woon,
wat nie poortdeure
of sluitbalke het nie,
wat alleen woon,”
is die uitspraak van die HERE.

³² “Hulle kamele sal oorlogsbuit
word,
en hulle menigte vee
geroofde goed.

Ek sal hulle in alle windrigtings
verstrooi,
hulle wat die slape
skoonskeer.^b

Van alle kante sal Ek vir hulle
teenspoed bring,”
is die uitspraak van die HERE.

³³ “*Gasor sal 'n lêplek
vir jakkalse word,
'n woesteny vir altyd.

Niemand sal daar woon nie,

^b49:32 **slape skoonskeer**: Dit was 'n gebruik by die Arabiere; vgl Jer 9:26.

* 49:33 Vgl Jer 9:11; 46:19

geen mens sal daar oorbly nie.”

Profesie oor Elam

³⁴ *Die woord van die HERE wat tot die profeet Jeremia gekom het oor Elam,^{c*} aan die begin van die regering van Sedekia,^d koning van Juda:

³⁵ “So sê die HERE,
Heerser oor alle magte,
‘Kyk, Ek gaan die boog van Elam
breek,
die kern van hulle mag.

³⁶ *Ek sal teen Elam
vier winde bring
van die vier eindes
van die hemel;
en hulle in al hierdie windrigtings
verstrooi.

Daar sal nie 'n nasie wees by wie
dié wat uit Elam verdryf is,
nie kom nie.

³⁷ Ek sal Elam verpletter
voor hulle vyande,
voor dié wat hulle lewens soek;
Ek sal onheil oor hulle bring —
my siedende toorn’ ”
is die uitspraak van die HERE.

* 49:34-38 Jer 25:25; Eseg 32:24-25

^c49:34 Elam: 'n Gebied in die suidweste van die huidige Iran.

* 49:34 Elam: Dan 8:2; Hand 2:9

^d49:34 begin ... Sedekia: Dit was ná die eerste val van Jerusalem in Maart 597 vC.

* 49:36 Op 7:1

“ Ek sal die swaard
agter hulle aanstuur,
totdat Ek hulle vernietig het.

³⁸ *Ek sal my troon in Elam neersit.

Van daar sal Ek koning
en bevelvoerders ombring, ’ ”
is die uitspraak van die HERE.

³⁹ “ Maar aan die einde
van die dae^e
sal Ek die lot van Elam
verander, ’ ”
is die uitspraak van die HERE.

50

Profesieë oor Babel

¹ *Dit is die woord wat die HERE deur die profeet Jeremia gespreek het oor Babel, oor die land van die Galdeërs:^f

² “Maak dit bekend onder die nasies;

laat hulle dit hoor!

Hou 'n banier omhoog;

laat hulle dit hoor!

Moet dit nie wegsteek nie!

Julle moet sê,

‘Babel is ingeneem!

* 49:38 Vgl Jer 43:10

^e49:39 aan ... dae: Dit verwys nie na die eindtyd nie, maar na 'n tyd wanneer die gebeure afgespeel het.

* 50:1 — 51:58 Jes 13:1 — 14:23; 21:1-10; 46:1-2; 47:1-15; Op 18:1-24

^f50:1 Galdeërs: Die volksgroep wat oor Babel regeer het vanaf 625 vC.

Bel^g staan beskaamd,
Marduk staan verslae.
Babel se^h afgode staan beskaamd,
haarⁱ afgodsbeelde staan verslae.’
³ *Want 'n nasie trek teen haar op
uit die noorde,
hy sal haar land 'n woesteny
maak;
daar sal geen inwoner in haar
wees nie.
Mense sowel as diere swerf rond,
hulle trek weg.

⁴ *“In daardie dae en in daardie tyd,”
is die uitspraak van die HERE,
“sal die Israeliete kom,
hulle en die Judeërs saam.
Terwyl hulle loop en huil,
sal hulle die HERE hulle God
soek.

⁵ Na Sion sal hulle die pad vra,
met hulle gesigte daarheen
gedraai.

^g50:2 **Bel**: Die amptitel van die Babiloniese hoofgod Marduk, en beteken ‘Heer’;
vgl Jer 51:4.

^h50:2 **Babel se**: Die •bronteks lui “haar”.

ⁱ50:2 **haar**: Dit verwys na Babel wat as 'n vrou voorgestel word; vgl Jer 50:12-13.

*50:3 Jer 51:48

*50:4 Jer 3:18; 31:9,18; Eseg 37:22; Sag 12:10

Hulle sal kom^j en hulleself
verbind aan die HERE
met 'n ewige verbond
wat nie vergeet sal word nie.*

⁶ *Verlore kleinvee was my volk;
hulle herders het hulle
laat afdwaal,
hulle op die berge laat verdwaal.
Van berg na heuwel
het hulle gegaan,
hulle het hulle rusplek vergeet.

⁷ *Almal wat hulle raakgeloop het,
het hulle verslind;
en hulle vyande het gesê,
'Ons is nie skuldig nie,
aangesien hulle teen die HERE
gesondig het,
teen Hom, die ware tuiste,
die hoop van hulle voorouers,
die HERE.'

⁸ “*Vlug uit Babel!
Gaan weg uit die land
van die Galdeërs!

^j50:5 Hulle sal kom: Die •Septuagint word hier gevolg. Die bronteks lui “Kom!”

* 50:5 met 'n ... word nie: Gen 17:7-8; Ps 105:8-11; Jer 32:40

* 50:6 Jes 53:6; Eseg 34:1; Matt 9:36; 10:6

* 50:7 Jer 2:3

* 50:8 Jes 48:20; Jer 51:6; Op 18:4

Wees soos bokramme

voor die kleinvee!

⁹ Want kyk, Ek maak hulle wakker

en laat hulle teen Babel optrek —

'n bondgenootskap

van groot nasies

uit 'n land in die noorde.

Hulle sal gevegslinies

teen haar opstel,

van daardie kant af^k

sal sy ingeneem word.

Hulle pyle is soos dié van 'n held

wat sukses behaal;^l

hy keer nie met leë hande

terug nie.

¹⁰ Galdeë sal oorlogsbuit word,

al sy buitmakers sal versadig

word,”

is die uitspraak van die HERE.

¹¹ “Ja, wees maar vrolik,

wees maar uitgelate,

plunderaars van my erfenis!

Ja, bokspring maar soos 'n verskalf

in groen gras,^m

^k50:9 van daardie ... af: Letterlik ‘van daar’; dit is uit die noorde.

^l50:9 held ... behaal: Talle Hebreeuse mss en van die vroeë vertalings word hier gevolg. Die bronteks lui “kinderlose held”.

^m50:11 in ... gras: Die Septuagint en •Vulgaat word hier gedeeltelik gevolg. Die bronteks lui “wat dors”.

runnik maar soos hingste!

¹² Julle moeder sal erg
beskaamd staan;
sy wat julle in die wêreld
gebring het, sal verleë wees.

Kyk, sy is die geringste
van die nasies,
'n woestyn, 'n droë land,
'n dor vlakke.

¹³ Vanweë die HERE se wrewel
sal sy nie bewoon word nie;
sy sal heeltemal verlate wees.
Elkeen wat by Babel verbygaan,
sal verslae wees en fluit
oor al haar wonde.*

¹⁴ “Stel die gevegslinies op
teen Babel aan alle kante —
almal wat die boog span!
Skiet op haar,
moenie 'n pyl spaar nie!
Want teen die HERE
het sy gesondig.

¹⁵ *Hef die krygsgeskreeu teen
haar aan van alle kante!
Sy gee oor,ⁿ haar torings val,

*50:13 Elkeen ... wonde: Jer 51:37; vgl Jer 19:8; 49:17

*50:15,29 Jes 59:18; Jer 51:6; Op 18:6

ⁿ50:15 Sy gee oor: Die Hebreeuse idioom lui “Sy gee haar hand.”

haar mure word afgebreek;
want dit is die wraak
van die HERE.

Wreek julle op haar!
Soos wat sy gedoen het,
doen dit aan haar.

¹⁶ Roei die saaiers in Babel uit,
ook dié wat die sekel vashou
in die oestyd.

Weens die gewelddadige swaard
sal elkeen van hulle
na sy volk draai,
en elkeen van hulle
na sy land toe vlug.

¹⁷ “Israel is 'n verwilderde skaap;
leeus het hom verdryf.
Eers het die koning van Assirië
hom verslind;*
en nou teen die einde
het Nebukadresar,^o
die koning van Babel,
aan sy bene geknaag.*”

*50:17 Eers ... verslind: 2 Kon 17:4-6

^o50:17 Nebukadresar: Die naam beteken ‘Nebo, beskerm die erfgenaam!’ Hy was beter bekend as •Nebukadnesar, waarskynlik 'n spotnaam wat beteken ‘Nebo, beskerm die muil!’ aangesien hy geen nageslag gehad het nie. Tot by Jer 25:9 word hy Nebukadresar genoem, daarna tot by Jer 29:3 Nebukadnesar, en vanaf Jer 29:21 weer Nebukadresar tot aan die einde van die boek.

*50:17 en nou ... geknaag: 2 Kon 24:10,14; Jer 51:34

¹⁸ *Daarom, so sê die HERE,
Heerser oor alle magte,
die God van Israel:

“Kyk, Ek gaan van die koning
van Babel en sy land
rekenskap eis,
soos wat Ek van die koning
van Assirië rekenskap
geëis het.*

¹⁹ *Ek sal Israel terugbring
na sy weiveld,
en hy sal op Karmel en Basan wei.
Op die bergland van Efraim
en in Gilead
sal hy versadig word.

²⁰ In daardie dae en in daardie tyd,”
is die uitspraak van die HERE,
“sal die sondeskuld van Israel
gesoek word,
maar dit sal nie daar wees nie,
ook die sondes van Juda,
maar dit sal nie gevind word nie.
Want Ek sal dié wat Ek
laat oorbly, vergewe.*

* 50:18 Vgl Jer 51:34

* 50:18 soos ... geëis het: Jes 10:12; 14:24-25

* 50:19 Jes 33:12; Eseg 34:13-14

* 50:20 Want ... vergewe: Jes 4:3

²¹ “Teen die land Meratajim,^p
trek daarteen op,^q
en teen die inwoners van Pekod!^r
Agtervolg hulle met doodslag
en die banvloek!^s”

is die uitspraak van die HERE.

“Doen alles wat Ek jou beveel!”

²² Daar is die rumoer van oorlog
in die land —
totale ineenstorting!

²³ *Hoe is die hamer
van die hele aarde
nie stukkend gekap
en verpletter nie!

Hoe het Babel nie 'n skrikbeeld
onder die nasies geword nie!

²⁴ “Ek het vir jou 'n strik gestel,
en jy is toe ook gevang, Babel;
maar jy het dit self nie besef nie.
Jy is betrap en ook gevange
geneem;

^p**50:21 Meratajim:** 'n Gebied by die monding van die Tigris en die Eufraat. Die naam Meratajim klink na die Hebreeuse woord vir ‘dubbele rebelsheid’.

^q**50:21 trek ... op:** 'n Enkele onbekende persoon word hier aangespreek — waarskynlik 'n koning van die aanvalsmagte.

^r**50:21 Pekod:** 'n Gebied in die ooste van Babilonië. Die naam Pekod klink na die Hebreeuse woord vir ‘rekenskap eis’.

^s**50:21 banvloek:** Dit beteken in hierdie geval dat alles volledig vernietig of doodgemaak moet word.

***50:23** Jer 51:8,20; 51:41

want met die HERE wou jy
kragte meet.”

²⁵ *Die HERE het sy voorraadkamer
oopgemaak
en die wapens van sy gramskap
uitgehaal.

Want daar is 'n taak vir my Heer,
die HERE, Heerser
oor alle magte,
in die land van die Galdeërs.

²⁶ “Dring dit binne van alle
kante af!

Maak sy graanskure oop!
Stapel die inwoners^t op
soos graanhope
en tref die land met die banvloek!
Daar moet vir die land^u
niks oorbly nie.

²⁷ Slaan al sy jong bulle dood,
hulle moet afgaan om geslag
te word.

Wee hulle!
Want hulle dag het gekom,
die tyd wanneer met hulle
afgereken word.

²⁸ Luister!

*50:25 Jes 13:5; Rom 9:22

^t50:26 die inwoners: Letterlik ‘haar’. Dit verwys na die land se bewoners.

^u50:26 die land: Letterlik ‘dit’.

Daar is vlugteling,
en hulle wat ontkom het
uit die land Babilonië;
hulle is daar om in Sion
die wraak te verkondig
van die HERE, ons God —
die wraak vir sy tempel.

²⁹ Roep die boogskutters op
na Babel,
almal wat die boog span!
Beleër haar reg rondom!
Daar moet geen wegkomkans
wees nie.

Vergeld haar in ooreenstemming
met haar dade;
alles wat sy gedoen het,
doen dit aan haar;^{*}
want teen die HERE
het sy vermetel opgetree,
teen die Heilige van Israel.

³⁰ *Daarom sal haar jong manne val
op haar stadspleine,
en al haar krygsmanne sal omkom
op daardie dag,”
is die uitspraak van die HERE.

* 50:29 Vergeld ... aan haar: Eks 21:25; Ps 28:4; Jer 51:6,24,56

* 50:30 Jer 49:26

³¹ “Dit is Ek teen jou,^v
vermetelete,”
is die uitspraak van my Heer,
die HERE, Heerser
oor alle magte.

“Want jou dag het gekom,
die tyd waarop Ek met jou
afreken.

³² Die vermetelete sal struikel
en val,
en niemand sal hom ophelp nie.
Ek sal 'n vuur in sy dorpe
aansteek,
en dit sal sy hele omgewing
verteer.*”

³³ So sê die HERE, Heerser oor alle magte:

“Die Israeliete word verdruk,
en die Judeërs saam met hulle.
Almal wat hulle weggevoer het,
hou hulle terug,
hulle weier om hulle te laat gaan.

³⁴ *Hulle lossers^w is sterk,

^v**50:31 jou:** Dit verwys na Babel, maar in hierdie verse word, anders as gewoonlik, nie vroulike vorme vir Babel gebruik nie.

***50:32 Ek ... verteer:** Jer 21:14

***50:34** Jes 41:14; Jer 51:10,36

^w**50:34 lossers:** Die lossers moes verarmde familieledes wat skuldslawe geword het, loskoop en aan hulle weer hulle grond teruggee; vgl Lev 25:25-26.

HERE, Heerser oor alle magte
is sy Naam.

Hy sal beslis hulle regstryd voer,
sodat Hy die aarde tot rus
kan bring,
maar onrus kan skep
vir die inwoners van Babel.

³⁵ “Trek die swaard
teen die Galdeërs,”
is die uitspraak van die HERE,
“teen die inwoners
van Babel,
en teen haar^x hoë amptenare
en wyse manne!

³⁶ *Trek die swaard
teen die orakelpriesters!
Hulle sal dwase word.
Trek die swaard teen haar helde!
Hulle sal verslae staan.

³⁷ Trek die swaard teen haar perde
en strydwaens,
teen die hele gemengde bevolking^y
in haar midde!
Hulle sal soos vroue word.*

^x50:35 haar: Dit verwys na Babel wat as 'n vrou voorgestel word; vgl Jer 50:42.

^{*}50:36 Jes 44:25

^y50:37 gemengde bevolking: Word ook vertaal “huurtroepe”.

^{*}50:37 Hulle ... word: Jer 51:30

Trek die swaard
teen haar voorraadkamers!

Dit sal geplunder word.

³⁸ *Trek die swaard

teen haar waters!^z

Dit moet opdroog!

Want dit is 'n land

van afgodsbeelde;

en deur dié drogbeelde

raak hulle waansinnig.

³⁹ *Daarom sal woestyndiere

saam met hiënas daar bly;

ook steenuile sal daarin bly.

Sy sal vir ewig nie weer

bewoon word nie,

van geslag tot geslag nooit weer

'n tuiste bied nie.

⁴⁰ *Soos ná die verwoesting

van Sodom en Gomorra

en hulle buurdorpe*

deur God,”

is die uitspraak van die HERE,

* **50:38** Jes 44:27; Jer 51:13,36,47,52; Op 16:2

^z**50:38 teen ... waters:** Twee mss van die Septuagint en die •Peshitta word hier gevolg. Die bronteks lui “droogte oor sy waters”. “Trek die swaard teen haar waters” beteken dat 'n militêre operasie uitgevoer word om die kanaalstelsel wat die stad beskerm en van water voorsien, droog te lê.

* **50:39** Jes 13:20; Op 18:2

* **50:40** Jer 49:18; 51:26,37

* **50:40 verwoesting ... buurdorpe:** Gen 19:23-24; Deut 29:22

“sal niemand daar woon nie,
sal geen mens daar oorbly nie.

⁴¹ “*Kyk, 'n volk kom uit die noorde,
'n groot nasie en talle konings.
Hulle is wakker gemaak
by die uithoeke van die aarde.

⁴² Boog en kromswaard
hou hulle gereed,
harteloos is hulle, en genadeloos.
Hulle klink soos die see wat dreun;
op perde ry hulle.
Hulle is manne

wat in 'n gevegslinie
opgestel is teen jou,
dogter van Babel.

⁴³ Die koning van Babel
het berig gekry oor hulle,
en sy moed het hom begewe.^a
Benoudheid het hom beetgepak,
angs soos wanneer 'n vrou
geboorte gee.

⁴⁴ *Kyk, soos wanneer 'n leeu
opkom uit die kreupelbos
by die Jordaan*

*50:41-43 Jer 6:22-24

^a50:43 sy ... begewe: Die Hebreeuse idioom lui “sy hande het slap geword”.

*50:44-46 Jer 49:19-21

*50:44 kreupelbos ... Jordaan: Jer 12:5

na 'n weiplek aan
'n standhoudende stroom,
ja, so sal Ek hulle^b vinnig
daarvandaan laat weghardloop;
en wie daartoe verkies is,
sal Ek daar aanstel.

Want wie is soos Ek?

Wie kan My voor die gereg daag?

Wie is hierdie herder wat voor My
sal standhou?”

⁴⁵ Daarom, luister na die raadsbesluit

van die HERE wat Hy
teen Babel geneem het,

en na sy planne wat Hy
teen die land van die Galdeërs
beraam het:

Hulle^c sal hulle beslis wegsleep,
selfs die kleinste
van die kudde.

Oor hulle sal Hy beslis
hulle weiding laat verwoes.^d

⁴⁶ Oor die uitroep “Babel is verower!”

bewe die aarde.

'n Hulpgeroep word
onder die nasies gehoor.

^b50:44 **hulle**: Die bronteks lui “hom”. Dit verwys na die inwoners van Babel.

^c50:45 **Hulle**: Dit verwys na die vyandelike invallers; vgl Jer 50:42.

^d50:45 **Oor ... verwoes**: Daar is onsekerheid oor die betekenis van die bronteks, en dit word verskillend vertaal.

51

¹ So sê die HERE:

“Kyk, Ek gaan teen Babel
en teen die inwoners
van Leb Qamai^e
'n vernietigende wind
laat opsteek.*

² Ek gaan teen Babel
vreemdes stuur;
hulle sal haar uitwan
en haar land kaal stroop.
Ja, hulle sal reg rondom haar
teen haar stelling inneem
op die dag van onheil.

³ Die boogskutter moet nie
sy boog kan span nie,
nie in sy harnas
orent kan kom nie.^f

Moenie haar jong manne
bejammer nie,
tref haar hele leër

^e**51:1 Leb Qamai:** Die naam beteken ‘die hart van my teenstanders’, maar dit is geheimskrif vir die naam Galdeë: Die elfde letter van die Hebreeuse alfabet is vervang met die elfde laaste letter, die tweede letter met die tweede laaste letter, en die derde letter met die derde laaste letter; vgl Jer 25:26.

^{*}**51:1 Ek ... opsteek:** Jer 4:11

^f**51:3 Die boogskutter ... kom nie:** Daar is onsekerheid oor die betekenis van die bronteks. Talle Hebreeuse mss en van die vroeë vertalings word hier gevolg.

met die banvloek!⁸

⁴ Deurboordes sal val in die land
van die Galdeërs,^h
en die swaar gewondes
in haar strate.

⁵ Want Israel en Juda
is nie weduwees nie,
nie sonder hulle God,
sonder die HERE,
Heerser oor alle magte, nie,
maar hulle landⁱ was vol skuld
voor die Heilige van Israel.”

⁶ *Vlug weg uit Babel,
laat elkeen sy eie lewe red!
Sorg dat julle nie omkom
weens haar sondeskuld nie.
Want dit is 'n tyd van wraak
vir die HERE;
ooreenkomstig wat sy verdien,
reken Hy met haar af.*

⁷ *Babel was 'n goue beker
in die hand van die HERE,

⁸**51:3 banvloek:** Dit beteken dat alles volledig vernietig of doodgemaak moet word; •Banvloek.

^h**51:4 Galdeërs:** Die volksgroep wat oor Babel regeer het vanaf 625 vC.

ⁱ**51:5 hulle land:** Dit kan verwys na die land van die Galdeërs of na Israel.

***51:6-9** Jer 50:8; Op 14:8; 17:2,4; 18:2-5

***51:6 Want ... af:** Eks 21:25; Ps 28:4; Jer 50:15,29; 51:24,56

***51:7** Jer 25:15-29; vgl Jes 51:17

'n beker wat die hele wêreld
dronk gemaak het.

Van haar wyn het die nasies
gedrink;

daarom het die nasies
waansinnig geraak.

⁸ Onverwags kom Babel tot 'n val,
stort sy ineen.

Huil oor haar,
kry balsem vir haar pyn!
Miskien kan sy genees word.*

^{9j*}“Ons wou Babel gesond maak,
maar sy kan nie genees word nie.

Verlaat haar!

Kom ons gaan elkeen
na sy eie land;
want tot aan die hemel
reik die oordeel oor haar,
en tot aan die wolke strek dit.”

^{10*} Die HERE het ons regte
weer na vore gebring.
Kom, laat ons in Sion vertel
van die daad van die HERE
ons God.

* 51:8 kry ... word: Vgl Jer 8:22; 46:11

^j51:9 Hierdie woorde word in die mond van Babel se bondgenote gelê.

* 51:9 Jer 50:16

* 51:10 Jer 50:34

¹¹ *Maak skerp die pyle!

Vul die kokers!

Die HERE het die gees

van die konings van Medië

aangevuur;

want sy plan is teen Babel gerig,

om haar te verwoes.

Ja, dit is die wraak van die HERE,

die wraak vir sy tempel.

¹² Rig by die stadsmuur van Babel

'n banier op!

Versterk die wagposte;

plaas wagte uit!

Kry dié wat in hinderlae lê,

gereed!

Ja, die HERE het sowel beplan

as uitgevoer

wat Hy vir die inwoners

van Babel gesê het.

¹³ * Jy wat langs baie waters

woon,^k

met baie skatte,

jou einde het aangebreek,

* **51:11** Jes 13:17

* **51:13** Jer 50:37-38; Op 17:1-15

^k**51:13** Jy ... **woon:** 'n Kanaalstelsel uit die Eufraat het die stad omring en van water voorsien.

jou lewendraad is geknip.¹

¹⁴ Die HERE, Heerser

oor alle magte,

het by Homself 'n eed afgelê:

“Ek maak jou vol mense,

soos met voetgangersprinkane —

hulle sal oorwinningskrete

oor jou aanhef.”

¹⁵ *Hy wat die aarde gemaak het

deur sy krag,

wat die wêreld gevestig het

deur sy wysheid,

en deur sy insig die hemel

oopgespan het —

¹⁶ in sy stem, wanneer Hy

dit laat hoor,

is daar die gedruis van water

in die hemel.

Hy laat stapelwolke opstyg

aan die einde van die aarde;

Hy maak weerligstrale

vir die reën;

Hy laat die wind vry

uit sy voorraadkamers.

¹**51:13 jou lewendraad is geknip:** Letterlik ‘die lengte van jou weefwerk’. Wanneer 'n mat klaar geweef is, word dit aan die bokant van die lengtedrade losgeknip om dit so van die weefstoel te verwyder. Dit is 'n metafoor vir sterf; vgl Jes 38:12.

***51:15-19** Vgl Jer 10:12-16

¹⁷ *Alle mense bewys hulleself
dom, sonder kennis.

Elke goudsmid staan beskaamd
oor sy afgodsbeelde,
want sy gietsels is bedrog —
daar is nie asem in hulle nie.

¹⁸ Hulle is nikswerd afgode,
bespotlike maaksels.

In die tyd wanneer daar met hulle
afgereken word,
gaan hulle tot niet.

¹⁹ Die erfdeel van Jakob*
is nie soos hulle nie;
want Hy is die Een wat alles vorm,
en Israel is die stam van sy erfenis —
die HERE, Heerser oor alle magte,
is sy Naam.

²⁰ “*Jy^m is vir My 'n knuppel,
'n krygswapen.

Met jou verbrysel Ek nasies;
met jou verwoes Ek koninkryke.

²¹ Met jou verbrysel Ek perde
en ruiters;
met jou verbrysel Ek strydwaens

*51:17 Jer 10:14; Rom 1:22

*51:19 Die erfdeel van Jakob: Num 18:20; Jer 10:16

*51:20 Jer 50:23

^m51:20 Jy: Medië word hier aangespreek; vgl Jer 51:11.

en bemanning.

²² Met jou verbrysel Ek mans

en vroue;

met jou verbrysel Ek ou mense

en jong mense;

met jou verbrysel Ek jong mans

en jong meisies.

²³ Met jou verbrysel Ek herders

en kuddes;

met jou verbrysel Ek landbouers

en trekdier;

en met jou verbrysel Ek

streeksgoewerneys

en landvoogde.

²⁴ “Ek vergeld Babel

en alle inwoners van Galdeë

al hulle boosheid wat hulle

voor julle oë in Sion

aangerig het,”

is die uitspraak van die HERE.

²⁵ “Kyk, dit is Ek teen jou,

berg van die verwoester,

verwoester van die hele

aarde!”ⁿ

is die uitspraak van die HERE.

ⁿ51:25 berg ... aarde: Babel word hier vergelyk met 'n bergvesting waar die Babiloniërs hulle geroofde skatte van oor die wêreld byeengebring het.

“Ek gaan my hand teen jou
uitstrek,
jou van die kranse laat afrol.
Ek gaan van jou 'n uitgebrande
berg maak,
²⁶ sodat daar uit jou nie
'n klip as hoeksteen
of 'n klip as fondamentsteen
geneem kan word nie.
Ja, 'n woesteny sal jy
vir altyd wees,^{*}”
is die uitspraak van die HERE.

²⁷ Hou 'n banier omhoog
in die land!
Blaas die ramshoring onder die
nasies!
Heilig nasies teen haar!^o
Roep die koninkryke van Ararat,
Minni en Askenas^p
teen haar op!
Stel 'n bevelvoerder^q
teen haar aan!

^{*}51:26 Ja ... wees: Jer 50:40

^o51:27 Heilig ... haar: Dit verwys na 'n vaste uitdrukking wat berus op die beskouing dat oorlogvoering 'n godsdienstige handeling is; vgl Jer 6:4.

^p51:27 Ararat ... Askenas: Drie koninkryke wat bondgenote van Medië was.

^q51:27 bevelvoerder: Dit dui 'n militêre amptenaar aan wat verantwoordelik was vir die monsterring en organisering van die troepe.

Laat perde optrek soos stekelrige
voetgangerssprinkane!^f

²⁸ Heilig nasies teen haar —
die konings verbonde
aan Medië,
hulle streeksgoewerneys,
al hulle landvoogde,
en elke land waaroor hulle
heerskappy voer.

²⁹ Die aarde skud en krimp ineen,
want die planne van die HERE
teen Babel word uitgevoer —
om die land van Babel 'n woesteny
te maak, sonder inwoners.

³⁰ *Die helde van Babel
het opgehou veg;
hulle sit in die bergvestings.
Hulle kragte is uitgeput;
hulle het geword soos vroue.
Haar wonings is aan die brand
gesteek,
haar sluitbalke is gebreek.

³¹ Hardlopers ontmoet mekaar
in die hardloop,
die een boodskapper die ander,

^f**51:27 stekelrige voetgangerssprinkane:** Daar is onsekerheid oor die vertaling van die •bronteks. Dit verwys waarskynlik na treksprinkane in die stadium voordat hulle begin vlieg.

***51:30** Jes 19:16; Jer 50:37; Nah 3:13

om aan die koning van Babel
berig te bring dat sy stad
aan alle kante ingeneem word:

³² “Die driwwe is oorgeneem!

Die biesies is aan die brand
gesteek!

Die krygsmanne is angsbevange!”

³³ Ja, so sê die HERE,
Heerser oor alle magte,

die God van Israel:

“Die dogter van Babel
is soos 'n dorsvloer
gereed om vasgetrap te word:^s

Nog net 'n rukkie,
dan breek die oestyd
vir haar aan.”

³⁴ “Nebukadresar,^t
koning van Babel,
het ons verswelg,
ons leeg gedrink,
ons soos 'n leë houer neergesit.

^s**51:33 dorsvloer ... te word:** Voor die oestyd word die dorsvloer hard en gelyk getrap.

^t**51:34 Nebukadresar:** Die naam beteken ‘Nebo, beskerm die erfgenaam!’ Hy was beter bekend as •Nebukadnesar, waarskynlik 'n spotnaam wat beteken ‘Nebo, beskerm die muil!’ aangesien hy geen nageslag gehad het nie. Tot by Jer 25:9 word hy Nebukadresar genoem, daarna tot by Jer 29:3 Nebukadnesar, en vanaf Jer 29:21 weer Nebukadresar tot aan die einde van die boek.

Hy het ons soos 'n seemonster
ingesluk;
hy het sy buik gevul met ons
as 'n lekkerny,
en ons uitgespoeg.

³⁵ Mag die geweld teen ons
en ons bloedverwante
rus op Babel!”
sê die inwoners van Sion.

“Mag my bloed rus
op die inwoners van Galdeë!”
sê Jerusalem.

³⁶ *Daarom, so sê die HERE:

“Kyk, Ek gaan jou regstryd
voer
en jou wraak voltrek.

Ek sal haar see^u drooglê
en haar bron^v laat opdroog.

³⁷ Babel sal klipstapels word,
'n lêplek vir woestynjakkalse,

***51:36** Op 16:12

^u**51:36 haar see:** Dit verwys na die kanaalstelsel wat deel was van Babel se verdedigingswerke; vgl Jer 50:38; 51:13.

^v**51:36 haar bron:** Dit verwys na die water wat hoër op in die Eufraat opgedam is.

'n skrikbeeld en die rede
vir^w 'n gefluit,^x

sonder inwoners.

³⁸ Saam brul hulle soos jong leeus;
hulle grom soos leeuwelpies.

³⁹ Wanneer hulle opgewerk is,
sit Ek vir hulle 'n feesmaal voor
en maak hulle dronk,
sodat hulle uitgelate raak.

Hulle sal 'n ewige slaap ingaan
en nie weer wakker word nie,”
is die uitspraak van die HERE.

⁴⁰ “Ek sal hulle soos lammers
neertrek vir die slagting,
soos skaap- en bokramme.

⁴¹ “*Hoe word Sjesjag^y
nie ingeneem,
die roem van die hele aarde
nie verower nie!

^w**51:37 die rede vir:** Hierdie woorde kom nie in die bronteks voor nie, maar word veronderstel.

^x**51:37 gefluit:** Verwys waarskynlik na die geloof dat bese geeste wat in ruïnes skuil, deur 'n gefluit of gesis afgeweer kan word. Dit kan moontlik ook verbasing uitdruk, of 'n spottende gebaar wees.

^{*}**51:41** Jer 50:23

^y**51:41 Sjesjag:** Dit is geheimskrif vir die naam Babel: Die tweede letter van die Hebreeuse alfabet (b) is telkens vervang met die tweede laaste letter (sj), en die twaalfde letter (l) met die twaalfde laaste letter (g); vgl bv Ps 25, waar die derde laaste letter (*sin*) ná Ps 25:20 egter uitgelaat is.

Hoe word Babel nie 'n skrikbeeld
onder die nasies nie!

⁴² Die see stoot oor Babel;
met die gedruis van sy golwe
is sy bedek.

⁴³ Haar stede word 'n woesteny,
'n droë land en 'n dor vlakte,
'n land waarin niemand
sal woon nie,
en waar geen mens
sal deurtrek nie.

⁴⁴ Ek sal van Bel^z rekenskap eis
in Babel,
en wat hy ingesluk het,
uit sy mond uithaal.
Na hom sal nasies
nie meer stroom nie;
selfs Babel se stadsmuur sal val.

⁴⁵ “*Gaan uit haar uit, my volk!
Red elkeen van julle sy eie lewe —
weg van die brandende toorn
van die HERE!

⁴⁶ Anders raak julle lafhartig^a
en bang
wanneer gerugte in die land

^z51:44 **Bel:** Die ampstitel van die Babiloniese hoofgod Marduk, en beteken ‘Heer’.

*51:45 Op 18:4

^a51:46 **raak ... lafhartig:** Die Hebreeuse idioom lui “raak julle hart sag”.

gehoor word.

Een gerug doen hierdie jaar

die rondte,

'n ander een die volgende jaar,

‘Daar is geweld in die land,

regeerder teen regeerder!’

⁴⁷ Daarom, kyk, daar kom dae

wanneer Ek rekenskap sal eis

van die afgodsbeelde

van Babel;

haar hele land sal beskaamd staan,

al haar gewondes

sal binne-in haar val.

⁴⁸ *Hemel en aarde, alles daarin,

sal oor Babel jubel;

want uit die noorde kom hulle

na haar — die verwoesters,”

is die uitspraak van die HERE.

⁴⁹ “*Ook Babel moet val

vir die gesneuweldes

van Israel,

soos gesneuweldes

van die hele aarde

ook vir Babel geval het.

⁵⁰ Julle wat aan die swaard

ontkom het, gaan weg!

Moenie bly staan nie!

*51:48 Op 18:20

*51:49 Op 18:24

Dink daar in die verte
aan die HERE!
Jerusalem sal in julle harte
opkom.”

⁵¹ “Ons staan beskaamd,
want ons moes bespotting
aanhoor;
vernedering het ons gesigte bedek.
Ja, vreemdes het in die gewyde
plekke van die huis
van die HERE ingegaan.”

⁵² “Daarom, kyk,
daar kom dae,”
is die uitspraak van die HERE,
“dat Ek oor haar afgodsbeelde
rekenskap sal eis;
dwarsoor haar hele grondgebied
sal gewondes kreun.

⁵³ Al sou Babel hemelhoog verrys,
al sou sy haar versterkte hoogte
ontoeanklik maak,
van My af sal verwoesters
na haar toe kom,”
is die uitspraak van die HERE.

⁵⁴ Daar klink 'n hulpgeroep op
uit Babel,

die geluid van totale ineenstorting
uit die land van die Galdeërs.

⁵⁵ Want die HERE gaan Babel

verwoes,

en die groot rumoer uit haar
laat verdwyn.

Die vyande se golwe^b sal dreun

soos magtige waters,

die geluid van hulle gedruis
sal weergalm.

⁵⁶ Ja, teen haar, teen Babel,

trek 'n verwoester op.

Haar helde word gevange geneem,

hulle boë word stukkend gebreek;

want 'n God van vergelding

is die HERE —

Hy sal ten volle vergeld.

⁵⁷ “Ek maak haar bevelvoerders,

haar wyses,

haar streeksgoewerneys,

haar landvoogde en haar helde

dronk.

Hulle sal 'n ewige slaap ingaan

en nie weer wakker

word nie,”

^b**51:55 Die ... golwe:** Die bronteks lui “hulle golwe”. Daar is onsekerheid oor die betekenis van die bronteks. Die beeld van die see wat Babel oorspoel (vgl Jer 51:42) word hier verklaar as die aanval deur vyandelike magte.

is die uitspraak van die Koning.
Die HERE, Heerser oor alle magte,
is sy Naam.

⁵⁸ So sê die HERE, Heerser oor alle magte:

“Die dik stadsmuur van Babel
sal heeltemal afgebreek word;
haar hoë poorte
sal afgebrand word.

Volke het hulle vermoei vir niks,
en nasies vir die vuur;
hulle het hulle afgesloof.”

⁵⁹ Dit is die saak wat die profeet Jeremia aan Seraja, seun van Nerija, seun van Magseja, opgedra het, toe hy saam met Sedekia, koning van Juda, in die vierde jaar van sy koningskap,^c na Babel gegaan het. Seraja was kwartiermeester.^d ⁶⁰ Jeremia het al die onheil wat Babel sou tref, al hierdie woorde wat oor Babel geskryf is, in een •boekrol neergeskryf.

⁶¹ Jeremia het vir Seraja gesê: “Wanneer jy in Babel kom, moet jy sorg dat jy al hierdie woorde hardop lees ⁶² en sê, ‘HERE, U het self oor hierdie plek gesê dat U dit sal vernietig, sodat daar nie meer inwoners sal wees nie, nie mens of dier nie, maar dat dit vir altyd 'n woesteny sal wees.’ ⁶³ *Wanneer jy hierdie boekrol dan klaar gelees het, moet jy 'n klip daaraan vasmaak, dit in die middel van die Eufraat gooi ⁶⁴ en sê, ‘Só sal Babel sink en nie weer opkom nie, vanweë die onheil wat Ek oor

^c**51:59 4de ... koningskap:** Gedurende 594 vC.

^d**51:59 Seraja, seun ... kwartiermeester:** Seraja was 'n broer van Barug; vgl Jer 32:12. Sedekia het na Babel gereis, waarskynlik om sy lojaliteit aan Nebukadnesar te betuig.

***51:63-64** Op 18:21

haar bring.’ ”

“Hulle het hulle afgesloof.” Tot daar was dit die woorde van Jeremia.^e

52

Verwoesting van Jerusalem

¹ *Sedekia* was een-en-twintig jaar oud toe hy koning geword het, en hy het elf jaar lank as koning geheers in Jerusalem. Sy moeder se naam was Gamutal, dogter van Jeremia, uit Libna. ² Hy het gedoen wat verkeerd is in die oë van die HERE, presies soos Jojakim* gedoen het. ³ Ja, vanweë die HERE se toorn het al hierdie dinge met Jerusalem en Juda gebeur, totdat Hy hulle uit sy teenwoordigheid verwerp het.

Sedekia het teen die koning van Babel in opstand gekom. ⁴ *In die negende jaar van Sedekia se^f regering, in die tiende maand,^g op die tiende van die maand, het Nebukadresar,^h koning van Babel, by

^e**51:64 Hulle ... Jeremia:** Deur die laaste woorde van Jeremia in Jer 51:58 te herhaal, wou Barug seker maak dat ander profesieë nie onder die naam van Jeremia bygevoeg word nie.

***52:1-34** 2 Kon 24:18 — 25:30; 2 Kron 36:11-21

***52:1 Sedekia:** 2 Kon 24:17 — 25:7; 2 Kron 36:10-21

***52:2 Jojakim:** 2 Kon 23:34 — 24:6; 2 Kron 36:4-8

***52:4-11** Jer 39:1-7

^f**52:4 Sedekia se:** Letterlik ‘sy’.

^g**52:4 9de jaar ... 10de maand:** Junie/Julie 588 vC. Jer 39:1 lui “negende maand”.

^h**52:4 Nebukadresar:** Die naam beteken ‘Nebo, beskerm die erfgenaam!’ Hy was beter bekend as •Nebukadnesar, waarskynlik 'n spotnaam wat beteken ‘Nebo, beskerm die muil!’ aangesien hy geen nageslag gehad het nie. Tot by Jer 25:9 word hy Nebukadresar genoem, daarna tot by Jer 29:3 Nebukadnesar, en vanaf Jer 29:21 weer Nebukadresar tot aan die einde van die boek.

Jerusalem aangekom, hy met sy hele leër, en dit beleër. Hy het beleëringswerke reg rondom die stadⁱ opgerig, ⁵ en so het die stad onder beleg gekom tot die elfde regeringsjaar van koning Sedekia.^j ⁶ Teen die negende dag van die vierde maand, toe die hongersnood in die stad op sy ergste was, en daar nie meer kos was vir die volk van die land^k nie, ⁷ is 'n bres in die stadsmuur geslaan. Al die krygsmanne het gevlug en in die nag met die pad deur die poort tussen die twee mure by die koning se tuin uit die stad gegaan, terwyl die Galdeërs^l oral om die stad was. Hulle het in die rigting van die Araba^m gegaan. ⁸ Maar die leër van die Galdeërs het die koning agternagesit. Hulle het Sedekia ingehaal op die vlaktes by Jerigo. Sy hele leër het verstrooi geraak, weg van hom af. ⁹ Hulle het die koning gevange geneem en hom opgeneem na die koning van Babel, na Ribla in die land Hamat, en hy het vonnisse oor hom uitgespreek. ¹⁰ Die koning van Babel het die seuns van Sedekia voor sy oë tereggestel.ⁿ Ook al die hoë amptenare van Juda het hy in Ribla tereggestel. ¹¹ *Sedekia se oë het hy verblind en hom met bronskettings geboei. Die koning van Babel het hom na Babel geneem en hom in 'n plek van bewaking gesit tot die dag van sy dood.

ⁱ52:4 reg ... stad: Die bronteks lui “teen haar rondom”.

^j52:5 11de ... Sedekia: 586 vC; vgl Jer 39:2.

^k52:6 volk ... land: Dit was mense uit die platteland wat voor die beleg na Jerusalem gevlug het.

^l52:7 Galdeërs: Die volksgroep wat oor Babel regeer het vanaf 625 vC; vgl 2 Kon 24:2; 25:13,25-26; Jer 21:4; 37:8.

^m52:7 die Araba: Dit verwys hier na die Jordaanvallei.

ⁿ52:10 tereggestel: Letterlik ‘geslag’.

*52:11 Eseg 12:13

Wegvoering in ballingskap

¹²In die vyfde maand, op die tiende van die maand^o — dit was in die negentiende regeringsjaar van koning Nebukadresar,^p koning van Babel — het Nebusaradan, die aanvoerder van die lyfwag,^q wat in diens van die koning van Babel gestaan het, in Jerusalem aangekom. ¹³Hy het die huis van die HERE, die paleis van die koning en al die huise in Jerusalem, ja, elke groot gebou, afgebrand. ¹⁴Die hele leër van die Galdeërs^r wat saam met die aanvoerder van die lyfwag was, het al die stadsmure van Jerusalem reg rondom afgebreek.

¹⁵Sommige van die armes van die volk en die res van die volk wat in die stad oorgebly het, asook die drosters wat na die koning van Babel oorgeloop het,^{*} en die res van die vakmanne, is deur Nebusaradan, die aanvoerder van die lyfwag, in ballingskap weggevoer. ¹⁶Sommige van die armes in die land is deur Nebusaradan, die aanvoerder van die lyfwag, agtergelaat as wingerdboere en landbouers.

¹⁷^{**}Die bronspilare wat in die huis van die HERE was, die verskuifbare staanders en die bronssee^s wat in die huis van die HERE was, het die Galdeërs stukkend gebreek, en al die brons na Babel weggedra. ¹⁸Die

^o52:12 10de ... maand: 2 Kon 25:8 lui “sewende dag van die maand”.

^p52:12 19de ... Nebukadresar: 586 vC.

^q52:12 aanvoerder ... lyfwag: Letterlik ‘hoof van die kokke’. Dit dui 'n vertroueling van die koning aan wat ook namens hom kon optree.

^r52:14 Galdeërs: Vgl voetnoot by Jer 52:7.

^{*}52:15 drosters ... oorgeloop het: Vgl Jer 37:13

^{*}52:17-23 1 Kon 7:15-51

^{*}52:17 Jer 27:19-20

^s52:17 bronssee: In 1 Kon 7:23; 2 Kron 4:2 “die •See” genoem; vgl Eks 30:17-21.

potte, skoppies,^t messe,^u offerbakke,^v skottels, en al die kopergereedskap waarmee die tempeldiens verrig is, het hulle gevat. ¹⁹ Die bakke, die vuurpanne, die offerbakke, die potte, die kandelare, die skottels en die komme,^w wat van suiwer goud of suiwer silwer was, het die aanvoerder van die lyfwag gevat. ²⁰ Wat betref die twee pilare, die een see en die twaalf bronsbeeste daaronder, die verskuifbare staanders wat koning Salomo vir die huis van die HERE gemaak het — die brons van al hierdie voorwerpe kon nie geweeg word nie. ²¹ Wat die pilare betref: Agttien el^x was die hoogte van een pilaar, en 'n lyn van veertien el het dit omspan; die wand se dikte^y was vier vingers; dit was hol. ²² Daar was 'n bronskapiteel bo-op, en die hoogte van een kapiteel was vyf el,^z met vlegwerk en granate op die kapiteel reg rondom, alles van brons. Dieselfde geld vir die tweede pilaar met sy granate. ²³ Daar was ses-en-negentig granate aan die kante.^a Die granate op die vlegwerk rondom was altesaam een honderd.

²⁴ Die aanvoerder van die lyfwag het die hoëpriester Seraja, Sefanja, die priester tweede in rang,^{*} en die drie deurwagters gevange geneem,

^t52:18 skoppies: Dit is gebruik om die altaar mee skoon te maak.

^u52:18 messe: Dit is gebruik om die lamppitte mee terug te sny.

^v52:18 offerbakke: Houers wat in die tempel gebruik is vir •drankoffers.

^w52:19 komme: Word ook vertaal “diep bakke”; vgl Eks 24:6.

^x52:21 18 el: Ongeveer 8,1 m; •Lengtemate.

^y52:21 die wand se dikte: Letterlik ‘sy dikte’.

^z52:22 5 el: Ongeveer 2,25 m.

^a52:23 aan die kante: Daar is onsekerheid oor die betekenis van die bronteks, en dit word verskillend vertaal. Die bronteks lui “na die wind”, en die •Septuagint vertaal dit “aan 'n kant”. Die 4 granate op die 4 hoeke van die kapiteel is dan nie ingesluit by die getal van 96 nie.

^{*}52:24 Sefanja ... rang: Jer 21:1

²⁵ en uit die stad ook nog 'n eunug^b wat oor die krygsmanne aangestel was, saam met sewe van die manne wat die koning bygestaan het^c en wat nog in die stad aangetref kon word, asook die sekretaris, die hoë amptenaar van die leër wat die oproep vir die volk van die land se krygsdiens hanteer het, en sestig man uit die volk van die land wat in die stad te vinde was. ²⁶ Nebusaradan, die aanvoerder van die lyfwag, het hulle gevange geneem en hulle na die koning van Babel in Ribla geneem. ²⁷ Die koning van Babel het hulle in Ribla, in die land Hamat, neergevel en doodgemaak.

So is Juda van sy grond af in ballingskap weggevoer.

²⁸ Dit is die getal mense wat deur Nebukadresar weggevoer is:

in die sewende jaar^d 3 023 Judeërs,

²⁹ en in die agtiende regeringsjaar van Nebukadresar,^e 832 persone uit Jerusalem.

³⁰ In die drie-en-twintigste regeringsjaar van Nebukadresar^f het Nebusaradan, die aanvoerder van die lyfwag, 745 Judeërs weggevoer. Al die persone saam was 4 600.

^b**52:25 eunug:** 'n Ontmande haremopsigter of hofamptenaar wat veral in 'n paleis werksaam was.

^c**52:25 die koning bygestaan het:** Die Hebreuse idioom lui “die gesig van die koning gesien het”. Dit verwys daarna dat hulle in die koning se teenwoordigheid was.

^d**52:28 7de jaar:** 597 vC; vgl die voetnoot by Jer 37:1.

^e**52:29 18de ... Nebukadresar:** 587 vC; vgl die voetnoot by Jer 32:1. Die wegvoering het waarskynlik in 587 begin en is in 586 in Nebukadresar se negentiende regeringsjaar voltooi; vgl Jer 52:12.

^f**52:30 23ste ... Nebukadresar:** 582/581 vC.

³¹ *In die sewe-en-dertigste jaar van die ballingskap van Jojagin,⁸ die koning van Juda,* in die twaalfde maand, op die vyf-en-twintigste van die maand, het Ewil-Merodak, die koning van Babel, in die jaar toe hy koning geword het, aan Jojagin, koning van Juda, 'n weldaad bewys^h en hom uit die gevangenis vrygelaat. ³² Hy het vriendelik met hom gepraat, hom 'n sitplek gegee hoër as die sitplekke van die konings wat saam met hom in Babel was ³³ en sy gevangenisklere vervang. Hy kon altyd, solank hy geleef het, aan die koning se tafel eet.ⁱ ³⁴ En wat sy lewensonderhoud betref: 'n Vaste lewensonderhoud is deur die koning van Babel aan hom gegee, soveel as wat hy elke dag nodig gehad het, tot die dag van sy dood, al sy lewensdae.

*52:31-34 Vgl Jer 22:24-26

⁸52:31 In ... van Jojagin: 560 vC.

*52:31 Jojagin ... Juda: 2 Kon 24:6,8-9; 2 Kron 36:8-10

^h52:31 aan Jojagin ... bewys: Letterlik 'die kop van Jojagin ... opgelig'.

ⁱ52:33 aan ... eet: Die bronteks lui "brood eet voor hom".